

SUKSESVOLLE EN MINDER SUKSESVOLLE AKADEMIESE PRESTEERDERS -

'N SIELKUNDIGE ONDERSOEK

deur

ADRIAAN GERHARDUS BOTHA



Proefskrif ingelewer vir die graad van
Doktor in Sielkunde
aan die Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. J.M. du Toit, M.Sc. (Stell.), Ph.D. (Kaapstad)

Januarie 1971

Hierdie ondersoek vorm deel van 'n navorsingsprojek oor "Die Hoog- en Laagbegaafde Student - 'n Sielkundige Onderzoek" wat deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing geldelik ondersteun is. Dié bystand van die Raad word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

DANKBETUIGINGS

Graag wil ek my opregte dank en waardering uitspreek teenoor instansies en persone wat die uitvoering van hierdie ondersoek moontlik gemaak het, t.w.:

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing vir 'n ad hoc-toekenning aan die Departement Sielkunde, Universiteit Stellenbosch vir 'n ondersoek oor "Die Hoog- en Laagbegaafde Student", waarvan hierdie ondersoek 'n onderafdeling is;

Prof. J.M. du Toit wat as promotor opgetree het en wie se leiding, belangstelling, aanmoediging en krities-wetenskaplike instelling hoog waardeur word;

Proff. A.B. van der Merwe en K.W. Heese wat as mede-eksaminatore opgetree het;

Mnr. R. McDodds vir die skryf van sekere rekenaarprogramme;

Mej. I.E. O'Connor en mnr. F.A. Botha vir administratiewe- en tegniese hulp;

Al die proefpersone vir hul samewerking;

Kollegas met wie vrugbare samesprekings gevoer is.

F.A. Botha

INHOUDSOPGAVE

| HOOFSTUK | INHOUD | BLADSY |
|---------------|--|--------|
| I | ALGEMENE INLEIDING EN LITERATUUROORSIG | |
| | Inleiding | 1- |
| | Literatuuroorsig: Algemeen | 7- |
| | Intellektuele faktore | 9- |
| | Nie-intellektuele faktore | 17- |
| | Vroeë universiteitsverlating | 51- |
| | Eksamenpunte as kriterium | 61- |
| II | DOELSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK | |
| | Doelstelling | 65- |
| | Metode van ondersoek | 66- |
| | Die monsters | 69- |
| | Die toetsbattery | 71- |
| | Die prosedure gevolg | 82- |
| III | 'N ONTLEDING VAN DIE SAMESTELLING VAN DIE TOTALE MONSTER | |
| | Dames en mans gesamentlik | 84- |
| | Finalejaar- en nagraadse studente | 85- |
| | Die belangrikste studierigtings | 86- |
| IV | Dames en mans apart | 86- |
| IV | DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE SUKSESGROEPE VAN DIE TOTALE MONSTER T.O.V. ENKELE INTELLEKTUELE FAKTORE | |
| | Verstandelike vermoë | 100- |
| | Begripvermoë | 107- |
| | Syfervermoë | 113- |
| V | DIE SKOOL- EN UNIVERSITEITSPRESTASIES VAN DIE SUKSESGROEPE | 120- |
| VI | DIE STERKTE VAN VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES EN ENKELE INTELLEKTUELE FAKTORE | |
| | Verstandelike vermoë | 149- |
| | Begripvermoë | 163- |
| | Syfervermoë | 166- |
| | Skoolprestasies | 167- |
| VII | DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE SUKSESGROEPE VAN DIE SUBMONSTER T.O.V. NIE-INTELLEKTUELE FAKTORE | |
| | Persoonlikheidseienskappe | 179- |
| | Suid-Afrikaanse- en Amerikaanse studente | 191- |
| | Studiehoudings en -metodes | 197- |
| | Aanpassing | 207- |
| VIII | DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES EN ENKELE NIE-INTELLEKTUELE FAKTORE | |
| | Persoonlikheidseienskappe | 211- |
| | Studiehoudings en -metodes | 256- |
| | Aanpassing | 264- |

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

| HOOFSTUK | INHOUD | BLADSY |
|----------|--|--------|
| IX | FAKTORONTLEDING EN INTERPRETASIE VAN NIE-INTELLEKTUELE FAKTORE | |
| | Submonster as geheel | 277- |
| | Suksesvolle- en minder suksesvolle groepe | 307- |
| X | DIE PERSOONLIKE ONDERHOUD | 330- |
| XI | SAMEVATTING EN OPSOMMING | 405- |
| | BIBLIOGRAFIE | 420- |
| | BYLAAG A: Toetsresultate (Submonsters) | 441- |
| | BYLAAG B: Toetsresultate (Totale monster) | 448- |
| | BYLAAG C tot F: Vorms gebruik | 508- |
| | BYLAAG G: Onderhoudsprosedure | 512- |
| | BYLAAG H: Kodestelsel vir onderhoude | 514- |
| | BYLAAG I: Voorbeeld van 'n onderhoud en die toepassing van die kodestelsel | 529- |

.....

HOOFTUK IALGEMENE INLEIDING EN LITERATUUROORSIGInleiding

Suksesvolle akademiese studie word gemeet in terme van eksamenpunte behaal, en of die kursus in die voorgeskrewe tyd voltooi is. Veral laasgenoemde is die opvallendste en ook die bekendste maatstaf van dosente, ouers, medestudente en die algemene publiek.

Die student wat 'n jaar moet herhaal, of selfs net slaag na aflegging van 'n hereksamen, is uiteraard 'n minder suksesvolle student as dié wat hul kursus sonder haakplek voltooi. Dit is juis hierdie druipelinge en hereksamenstudente wat daartoe aanleiding gegee het dat daar soveel aandag geskenk word aan die probleem van druiping aan universiteite. Veral die eerstejaarbevolking aan die universiteite het hierdeur skerp onder die soeklig gekom. Die erns van hierdie probleem word verder beklemtoon as daar gelet word op die nadelige gevolge daarvan:

Kosbare tyd en geld gaan daarmee verlore, nie alleen as gevolg van die verlengde studietydperk nie, maar ook weens die feit dat sulke studente eers 'n jaar, of jare later op die arbeidsmark kan meeding. Afgesien van die persoonlike verlies, word die staat ook skade berokken.

Behalwe die tydsfaktor en die finansiële aspek, is daar ook die sielkundige implikasies van persoonlike teleurstelling en frustrasie wat 'n verlamme en soms blywende uitwerking op die betrokke student het. Dit mag egter wees dat so 'n gebeurtenis tog 'n heilsame invloed het, maar dit kan ook swakker motivering en gevoelens van onsekerheid, onvermoë en minderwaardigheid as gevolg hê.

Ook diegene wat die naaste staan aan die onsuksesvolle student, soos bv. sy ouers, word hierdeur getref.

Alhoewel die student wat slaag, maar swak punte behaal of nie presteer volgens sy vermoëns nie, dikwels onopgemerk bly, is sy probleme net so belangrik. Al lê sy mislukking bv. nie 'n finansiële las op homself, sy ouers of die staat nie, is dit tog moontlik dat hy nooit werklike tevredenheid of selfverwesentliking ervaar nie weens sy onvermoë om maksimale prestasies te lewer.

Die oorsake vir onsuksesvolle- en minder suksesvolle studie word aan 'n verskeidenheid van faktore toegeskryf en die oplossing van die probleem word op allerlei wyses gesoek.

So word bv. beweer dat die gaping tussen die skool en die universiteit te groot geword het en dat dit op een of ander wyse oorbrug moet word. In hierdie verband word o.a. beweer dat:

daar veral 'n hersiening moet plaasvind van verouderde skoolleerplanne om tred te hou met nuwere ontwikkelinge en sodoende beter aan te sluit by universiteitsleerplanne;

daar gedink moet word aan die byvoeging van 'n ekstra studiejaar, óf by die skool, óf aan die universiteit;

leerlinge wat oor die nodige vermoëns beskik, reeds op skool in 'n ander stroom of baan geplaas moet word en dat hierdie differensiasie ook op universiteit voortgesit moet word;

die eksameneuwel en gejam na simbole op skool daarvoor verantwoordelik is dat voornemende universiteitstudente 'n persoonlikheids- en skolastiese agterstand het; nie selfstandig kan studeer op universiteit nie; nooit self leer dink het nie, en ontoereikende studiemetodes openbaar;

die matrikulasiëksamen nie meer aan sy doel as toelatingsvereiste tot die universiteit beantwoord nie en daar ook nog 'n universiteitstoelatingseksamen bygevoeg moet word as addisionele keuringsmaatreël;

die doseermetodes op skool en veral op universiteit nie altyd na wense is nie en dat die twyfelagtige metodiek van sommige

dosente grootliks bydra tot die swak akademiese prestasie van studente en dat hierdie toestand sou verhelp kon word indien dosente deeglik geskoold sou wees in algemene- en vakmetodiek en dat sodanige opleiding as vereiste behoort gestel te word by aanstellings, of dat die betrokke dosente verpligte kursusse in dié verband moet volg;

die opset aan 'n universiteit anders is as by 'n skool waar persoonlike kennis van, en kontak met elke leerling nog moontlik is, maar dat dit aan 'n universiteit moeiliker is weens groter getalle; sommige dosente hoofsaaklik ingestel is op navorsing terwyl doseerwerk en aanpassing van leerstof by die verskillende jaargange vir hulle siegs bysake is;

die aanpassing van die nuweling by die universiteitslewe gehelp kan word deur:

spesiale aandag te gee aan huisvesting en raadgewing aan eerstejaarstudente;

doeltreffende voorligtingsdienste reeds op skool te verskaf wat nie net bloot moet bestaan uit beroepsraadgewing of doellose toetsing nie;

gespesialiseerde voorligtingsdienste te verskaf op universiteit deur opgeleide voorligters;

reeds op skool aandag te gee aan selfstandige studie en kritiese denke.

Aan bogenoemde word daar alreeds aandag geskenk en in 'n mindere of meerdere mate reeds uitvoering gegee of oplossings gesoek:

Die waarde van doeltreffende huisvesting en oordeelkundige raadgewing moet seker nie onderskat word nie. Om hierdie rede het sommige universiteite alreeds oorgegaan tot die huisvesting van eerstejaars in afsonderlike koshuise waar hulle in groepe aan senior studenteraadgewers toegesê word. In hoeverre hierdie afsondering van die eerstejaargroep bydra tot beter aanpassing

van die student as hy in sy tweede en derde jaar na 'n seniorkoshuis oorgeplaas word, is nog nie vasgestel nie.

Gedurende sy eerste jaar is daar dan 'n redelike mate van toesig oor sy studies en ander bedrywighede. Die vraag moet egter nog ondersoek word of die nuutgevonde "vryheid", veral gedurende sy tweede jaar, vir baie studente nie juis nadelige gevolge het nie.

Al die provinsies beskik reeds oor skoolvoorligtingsdienste waarvan voornemende universiteitstudente gebruik kan maak. As daar egter gelet word op die tipe probleme waarmee eerstejaars nog na die universiteit kom sowel as hul eie menings en evaluering van voorligting op skool, dan ontstaan daar twyfel oor die doeltreffendheid daarvan.

Indien die doelstellings van ware voorligting en die toepassing daarvan in die praktyk nie nagekom kan word deur opgeleide en ervare persone nie, dan is dit nutteloos. Solank hierdie dienste net 'n toetsmasjien en 'n beroepsvoorligtingburo is, dan loon dit nie die tyd en geld wat daaraan bestee word nie.

Die meeste universiteite beskik reeds oor studentevoorligtingsdienste. Hierdie dienste vorm deel van die eerstejaarskema. Weens die groot omvang van die probleme waarmee studente na vore kom, het hierdie werkers uiters gespesialiseerd geraak. Slegs indien hierdie werk gedoen word deur persone met die regte opleiding en instelling, en mits daar voldoende personeelvoorsiening is, kan geoordeel word of studentevoorligtingsdienste aan die universiteite groot bydraes kan lewer om suksesvolle studie te bevorder. Ook behoort die verantwoordelike persone in hierdie dienste 'n voortou te neem i.v.m. spesifieke navorsing oor studenteprobleme. Tot dusver was daar 'n groot mate van onproduktiwiteit en slegs sporadiese pogings deur belangstellende persone wat dikwels nie direk betrokke is by studentevoorligtingsdienste nie. Die moontlikheid kan oorweeg word dat 'n navorsingskomitee, verteenwoordigend van studentevoorligters van alle universiteite, in die lewe geroep word om, moontlik saam met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, op 'n meer produktiewe en planmatige wyse navorsing te doen in verband met studentevoorligting. Op hierdie gebied het Suid-Afrika 'n

groot agterstand by oorsese lande. Prysenswaardige pogings is reeds deur individuele universiteite aangewend byvoorbeeld op die gebied van standaardisering van sielkundige meetmiddels vir gebruik met universiteitstudente, maar dit is nie genoegsaam nie.

Ook van die kant van onderwysdepartemente word daar pogings aangewend om die gaping tussen skool en universiteit te oorbrug en toekomstige studente akademies en persoonlik beter toe te rus vir die universiteit. So bv. eksperimenteer die Transvaalse Onderwysdepartement met 'n proef-matrikulasieskema. Die doel van hierdie proefskema is om die klem in die skool meer op die voorbereiding vir die eksamen as die eksamen self te laat val, beter kandidate vir universiteite te lewer en die skoliere beter as mens en burger toe te rus. Hierdie doelstellings word nagestreef deur die leerlinge meer self te laat deelneem aan hul onderwys deur bv. eie aantekeninge te maak en selfstandige navorsingskemas uit te werk. Die gebruik van handboeke en biblioteekgeriewe word hierdeur aangemoedig. Die bedoeling is dat die leerling hierdeur selfdisipline sal leer, en om vir homself te dink en te doen. Die benadering en metodes is baie dieselfde as wat op universiteit gevolg word. Die verwagting is dat hierdie nuwe benadering op skool 'n afname in die druipeyfer onder eerstejaars op universiteit as gevolg sal hê. Bevestiging hiervan al dan nie, sal egter eers gevind word nadat opvolgingsnavorsing van hierdie skoliere gedoen word as hulle na die universiteit gaan. Opvolgingswerk sal veral gedoen word ten opsigte van die lettere, wiskunde, natuurkunde, en ekonomiese- en biologiese wetenskappe.

n Ander benadering in verband met die probleem van onsuksesvolle studente is om op sielkundige wyse meetinstrumente te ontwerp waarvolgens n evaluering en voorspelling gemaak kan word aangaande die potensialiteite van die voornemende student en sy kanse op akademiese sukses. In noue samehang hiermee is daar ook die pogings wat aangewend word om op empiriese wyse dié faktore te isoleer wat kenmerkend is van die suksesvolle en minder suksesvolle student, óf dié faktore na te gaan wat n heilsame of nadelige invloed op akademiese studie uitoefen.

Bogenoemde benaderingswyses blyk veral uit die talle ondersoeke i.v.m. suksesvolle en onsuksesvolle studente, soos aangetoon in die hieropvolgende literatuurstudie.

Alhoewel hierdie ondersoek net beperk is tot studente wat aanbly op universiteit, word daar volledigheidshalwe aan die einde van die oorsig ook n kort opsomming van die onsuksesvolste groep gegee, t.w., dié studente wat om n verskeidenheid van (on)bekende redes die universiteit verlaat sonder om n graad of diploma te verwerf ("drop-outs"), hierna genoem "vroë universiteitsverlaters".

In die meeste ondersoeke i.v.m. suksesvolle en onsuksesvolle studente, word eksamenpunte as die enigste kriterium van akademiese sukses gebruik. Om hierdie rede word sekere aspekte van sodanige kriterium op pp. 61-64 bespreek.

LiteratuuroorsigAlgemeen:

Uit die literatuur blyk dit dat die bepaling van faktore wat 'n rol speel in suksesvolle- en onsuksesvolle studie alhoemeer die aandag geniet. Weens die omvang van die probleem is die ondersoeke en bevestigings egter so talryk dat 'n volledige weergawe hiervan onmoontlik is. Dit het veral betrekking op oorsese navorsing. In teenstelling hiermee is daar vergelykenderwys baie min navorsing in Suid-Afrika op hierdie gebied gedoen.

In die kronologiese verloop i.v.m. die voorspelling van akademiese prestasie en die bestudering van faktore wat suksesvolle en onsuksesvolle studie as gevolg het, kan daar drie benaderings onderskei word:

- (i) Die vroegste navorsing maak hoofsaaklik gebruik van intellektuele- en aanlegtoetse as voorspellers. Geleidelik het daar egter 'n verskuiwing plaasgevind namate gevind is dat sommige studente beter of swakker gevaar het as wat voorspel is.
- (ii) Om 'n verklaring te vind vir hierdie variasies in akademiese prestasies, is alhoemeer aandag geskenk aan die rol wat nie-intellektuele- of persoonlikheidseienskappe speel.
- (iii) Meer onlangs word die moontlikhede ook ondersoek van die interaksie tussen die student se persoonlikheidseienskappe en sy sosiale omgewing, soos bv. die eise wat 'n bepaalde inrigting stel en die doelstellings wat nagestreef word.

In die meeste ondersoeke is die gebruiklike navorsingspatroon dié van korrelasie- en regressieberekening. Voor universiteitstoelating word een of meer voorspellers aangewend om by benadering 'n verwagte kriteriumprestasie te verskaf. 'n Aanduiding van die doeltreffendheid van die betrokke voorspellers word verkry op grond van die voorspellingswaarde soos gevind d.m.v. 'n ondersoek met 'n groep ongeselekteerde eerstejaars.

Met weinig uitsondering het die meeste ondersoeke net te doen met voorspelling of evaluering van akademiese prestasie vir een geleentheid, soos bv. eerste semester- of eerstejaarpunte. Daar is

n gebrek aan longitudinale studies, d.w.s. ondersoek wat oor n aantal studiejare strek en wat die akademiese prestasies behaal by verskillende eksamengeleenthede in berekening bring. So n benadering sou bv. lig kan werp op die konstantheid van prestasie gedurende verskillende studiejare, sowel as die stabiliteit van voorspellers na tydsverloop. Indien daar dan veranderinge sou plaasvind vir verskillende studiejare, sal daar nuwe teoretiese vrae opduik aangaande die determinante wat verantwoordelik is vir dié veranderinge.

Dit het gebruiklik geword om die veranderlikes wat n rol speel in die voorspelling van akademiese sukses in twee kategorieë te verdeel:

- (a) Intellektuele faktore soos aanleg, prestasietoets-punte en eksamenpunte, en
- (b) Nie-intellektuele faktore soos persoonlikheidstrekke, aanpassing, belangstelling, motivering, studiehoudings en -gewoontes, ouderdom, geslag, omgewingsfaktore, ens.
D.w.s. alle ander faktore behalwe suiwer kognitiewe funksies.

Oor bogenoemde indeling is daar ook meningsverskil, veral t.o.v. die nie-intellektuele faktore. Een groep navorsers huldig bovermelde omskrywing, terwyl n ander groep die nie-intellektuele faktore slegs sien as persoonlikheidseienskappe.

Intellektuele en nie-intellektuele faktore kan gebruik word vir voorspellers sowel as kriteria en bied teoreties 9 moontlike voorspeller-kriterium-kombinasies. Fishman en Pasanella (1960) gee n opsomming van hierdie kombinasies en deel die ondersoek vanaf 1949 - 1959 daarvolgens in soos aangetoon in Tabel 1, p. 9.

TABEL 1

VOORSPELLER-KRITERIUM KOMBINASIES

| Kombinasies | Voorspellers | Kriteria | Getal ondersoeke | Persentasie ondersoeke |
|-------------|----------------|----------------|---------------------|---------------------------|
| 1 | Intellektueel | Intellektueel | 408 | 70% |
| 2 | Intellektueel | Nie-intellekt. | 2 | Minder as 1% |
| 3 | Intellektueel | Beide | 2 | Minder as 1% |
| 4 | Nie-intellekt. | Intellektueel | 64 | 11% |
| 5 | Nie-intellekt. | Nie-intellekt. | 17 | 3% |
| 6 | Nie-intellekt. | Beide | 9 | 2% |
| 7 | Beide | Intellektueel | 70 | 12% |
| 8 | Beide | Nie-intellekt. | 5 | 1% |
| 9 | Beide | Beide | 3 | Minder as 1% |
| | | | 580 | 99% |

Uit bostaande tabel blyk dat kombinasies 1, 4 en 7 in sowat 90% van die ondersoeke gebruik is, terwyl eksamenpunte ook die belangrikste intellektuele kriterium is. n Interessante verskynsel is egter die toenemende belangstelling in die gebruik van nie-intellektuele voorspellers en kriteria (kombinasies 2,3,4,5,6,7,8 en 9). Die neiging kan moontlik toegeskryf word aan die beskikbaarheid van n groter verskeidenheid van sielkundige toetse wat die moontlikheid om verskillende tipe voorspellers en kriteria te gebruik, as gevolg het.

Intellektuele faktore(a) Intelligensie

Intelligensie is verreweg die populêrste faktor wat bestudeer is in die vasstelling van verband met akademiese sukses. Alhoewel die neiging na 1930 alhoemeer is om aandag te skenk aan ander faktore as intelligensie, geniet die belangrikheid van intelligensie nog steeds die aandag van navorsers.

Boyce (1963) wys daarop dat Duitse sielkundiges reeds so vroeg



as 1880 gebruik gemaak het van geestesprosesse soos assosiasies, geheue en ook van reaksietyd as moontlike voorspellers van akademiese sukses. Van hierdie toetse is vir dieselfde doel gebruik aan die begin van hierdie eeu by die Columbia Universiteit, maar het laag gekorreleer met klasprestasies. Hierna is min gedoen om hierdie toetse in verband te bring met akademiese sukses.

Ongeveer dieselfde tyd ontwikkel Binet die eerste individuele intelligensieskaal en lê sodoende die fondament vir alle toekomstige werk op hierdie gebied. Alhoewel sy benadering 'n voorwaartse stap was na beter voorspelling van verstandelike vermoëns, is die individuele toepassing daarvan egter 'n beperking in grootskaalse gebruik.

Die ontwikkeling van groepverstandstoetse gedurende die Eerste Wêreldoorlog gee aanleiding tot die grootskaalse gebruik van algemene intelligensietoetse as plasingsinstrumente en voorspellers van akademiese sukses. So vind Johnson (1922) reeds so vroeg as 1917 'n verband van .63 tussen die Army Alpha en akademiese sukses, terwyl Bridges (1922), De Camp (1921), Louttit (1925), Van Wageningen (1920), Colvin (1921) en Ernst (1923) in die daaropvolgende vier jaar onderskeidelik 'n verband vind van .35, .41, .32, .39, .44 en .33. Die belowende resultate van soortgelyke navorsing het as gevolg 'n groot belangstelling in algemene intelligensietoetse as voorspellers van akademiese sukses. Benewens die Army Alpha word daar ook nou ander toetse ontwerp en gebruik, soos dié van Thurstone, Thorndike, Otis, Stanford-Binet, Terman, Miller Mental Abilities en andere.

Garrett (1949) gee 'n opsomming van 94 ondersoeke wat strek vanaf 1917 - 1947 en vind 'n mediaan korrelasie-koëffisiënt van .47 en 'n omvang van .17 tot .67. Volgens hom is hierdie bevinding in ooreenstemming met dié van Roberts (1922) en Mc Phail (1924) en die van Durflinger (1943) wat 'n mediaan korrelasie van .52 vir 47 ondersoeke vind en dié van Borow (1946) wat die gemiddelde korrelasie op .45 stel. Uit hierdie opsommings van ondersoeke blyk dit dat met veiligheid beweer kan word dat die mediaan korrelasie-koëffisiënt tussen intelligensie en akademiese prestasie vir Amerika in die

omgewing van .45 is.

Volgens Garrett (1949, p.110) is die probleem i.v.m. al die bogenoemde ondersoeke dat verskillende intelligensietoetse deur verskillende instansies gebruik is, en dit moeilik is om te onderskei of 'n bepaalde toets meer voorspellingswaarde het as 'n ander. Hy wys ook daarop dat die toetsprestasies behaal op dieselfde toets nie op uniforme wyse verstrekkend word nie. Sommige gebruik bv. rouppunte behaal, ander I.K., of persentielrange. Dit, sowel as die feit dat verskillende soorte studente bepaalde inrigtings bywoon, laat die vraag ontstaan of dieselfde tellings vergelykbare voorspellingswaarde het.

Tot 1949 skyn die volgende bevindings i.v.m. die verband tussen intelligensie en akademiese sukses van belang te wees (Garrett, 1949, pp. 110 - 112):

- (i) Uit die opsommings van ondersoeke blyk dit dat die mediaan korrelasie-koëffisiënt tussen intelligensie en akademiese prestasie vir Amerika in die omgewing van .45 is.
- (ii) Die I.K.-tellings van dames korreleer beter met kollegesukses as dié van mans.
- (iii) Die toetspunttellings behaal op The American Council on Education Psychological Examination korreleer hoër met kollege-gemiddelde as die toetstellings van ander toetse. Hierdie konstante hoër korrelasie kan moontlik toegeskryf word aan die samestelling van die toets. Die toetsopstellers het skynbaar 'n suksesvolle poging aangewend om differensiële sowel as verbale verstandelike vermoëns te meet.
- (iv) Die verband is hoër vir studente wat van dieselfde skool kom as vir dié wat van verskillende hoërskole kom, moontlik as gevolg van die verskillende wyses waarop intelligensietoetstellings aangedui word.
- (v) Ook is gevind dat skoliere van 'n bepaalde skool wat hul

studies voortsit aan 'n hoër inrigting wat met die skool skakel, se universiteitsprestasies hoër korreleer met intelligensietellings as wat die geval is met studente wat van verskillende skole kom. Dit is moontlik omdat die kollege- of universiteitspersoneel reeds beskik oor 'n evaluering van die voornemende student en hierdie vóórkennis kan die dosente se latere punte-toekenning beïnvloed.

- (vi) Daar is 'n nouer verband tussen die intelligensietoetstellings van studente met 'n hoë I.K. en akademiese prestasie as wat die geval is met diegene met 'n gemiddelde- of lae I.K. Dit sou daarop kan dui dat studente met 'n hoë I.K. oor die algemeen tog kan slaag ongeag van ander inwerkende faktore. By persone met 'n swakker intellektuele vermoë is daar sommige wat ander faktore in werking stel om akademies te presteer, terwyl ander dit nie doen nie. As gevolg hiervan word die voorspelling van akademiese sukses vir hierdie groep bemoeilik.
- (vii) Daar is 'n hoër verband gevind tussen I.K. en akademiese prestasie vir dié studente wat hulle kursusse in dieselfde departemente konsentreer as vir dié wat dit nie doen nie. Dit blyk veral in die geval van studente wat in hoogs-gespesialiseerde professies studeer in teenstelling met dié studente in 'n algemene rigting.
- (viii) Tussen intelligensie en prestasietoetse is daar 'n hoë verband, wat dui op die verwantskap tussen 'n persoon se vermoë om te leer en uiteindelijke prestasie.
- (ix) Vir studente wat deur dieselfde doel gemotiveer is, is die verband hoër tussen intelligensie en akademiese prestasie, as by dié waar dit nie die geval is nie.
- (x) As gevolg van seleksie, is dit veral die skolier wie se intelligensietelling in die boonste kwartiel val wat in Amerika na 'n kollege of universiteit gaan.
- (xi) Die intelligensietellings van studente met "low neuroses"

toon 'n hoër verband met akademiese prestasie as dié van studente met "high neuroses". Dieselfde geld ook vir studente met 'n hoë mate van selfvoorsiening en dominerend teenoor dié met 'n lae mate van selfvoorsiening en dominerend. Bevestiging van hierdie bevinding moet egter nog gevind word aangesien die betroubaarheid en geldigheid van persoonlikheidstoetse nog nie bo alle twyfel vasgestel is nie.

- (xii) Intelligensietoetse meet iets heeltemal verskillend van toetse oor emosionaliteit ("emotional tests") en die verband tussen hierdie toetse is, óf negatief, óf onbeduidend.
- (xiii) 'n Hoër verband kan verkry word tussen intelligensie en akademiese prestasie deur die samevoeging en verwerking van verskeie intelligensietellings behaal op verskillende intelligensietoetse tot een telling en dit dan met universiteitsprestasie te korreleer.
- (xiv) Volgens 'n beperkte getal ondersoeke is daar aanduidings dat intelligensietoetse wat reeds so vroeg as graad 4 toegepas is, kollege-sukses byna net so goed voorspel as dié wat gedurende die laaste skooljaar toegepas is.

(b) Aanlegtoetse

Weens die verskil in leerplanne en standaarde in Amerikaanse hoërskole het dit nodig geblyk om ook gebruik te maak van addisionele aanleg- en/of prestasietoetse vir seleksie- en plasingsdoeleindes. In hierdie verband word veral die Scholastic Aptitude Test (SAT), die American Council on Education Psychological Examination for College Freshmen (ACE) en die Ohio State University Psychological Examination (OSPE) die meeste gebruik. Volgens Fishman & Pasanella (1960), toon hierdie toetse 'n gemiddelde korrelasie-koëffisiënt van .47 met omvattende ("comprehensive") intellektuele kriteria.

Garrett(1949) som die bevindings op van 28 ondersoekte tot 1939 waar gebruik gemaak is van algemene aanlegtoetse om akademiese sukses te voorspel. Dit was veral die Yale Classification Test, die Minnesota College Aptitude Test, die College Entrance Examination Board Tests en die Stanford Aptitude Tests wat die meeste gebruik is in hierdie ondersoekte. Die mediaan korrelasie-koëffisiënt van hierdie ondersoekte word gestel op .43 met 'n omvang van .12 tot .56.

'n Interessante verskynsel wat blyk uit die resultate van hierdie ondersoekte is dat algemene aanlegtoetse skynbaar 'n beter voorspelling gee oor 'n langer termyn as vir 'n korter termyn kriterium, soos eerste-semester- of eerstejaarpunte. Uit die ondersoekte blyk dit ook dat hierdie toetse hoër korreleer met die akademiese prestasies van dames as wat die geval is by mans. Garrett beweer hiervolgens dat, ook soos by ander meetinstrumente gevind, die universiteitsprestasies van dames oor die algemeen beter voorspel kan word as dié van mans.

Pogings is ook aangewend om meetinstrumente te ontwerp om 'n student se aanleg in 'n spesifieke gebied vas te stel en daarvolgens die student se kans op verdere studie te voorspel. In hierdie verband is daar die ondersoekte van Cuff (1929), Crawford (1929), Fritz (1929), Douglass & Lovegreen (1934), Patterson (1933), Prescott & Garretson (1939) en Shimberg (1944). Hulle ondersoekte toon 'n mediaan korrelasie-koëffisiënt van .41 met 'n omvang van -.04 tot .65. Van belang is die bevindings van Shimberg wat met die Special Aptitude Test

onderstaande verband vind:

TABEL 2

DIE VERBAND TUSSEN S.A.T.-TELLINGS EN AKADEMIESE PRESTASIE

| N | Toets | r |
|------|-------------------------|-----|
| 3441 | SAT (Verbal) | .43 |
| 1537 | SAT (Verbal) | .45 |
| 2953 | SAT (Mathematics) | .39 |
| 1537 | SAT (Mathematics) | .58 |
| 2600 | SAT (Spatial relations) | .23 |
| 1537 | SAT (Spatial relations) | .32 |

(c) Prestasietoetse

In die meeste gevalle word prestasietoetse soos dié van die College Board Series, die Co-operative Tests, die Iowa Tests of Educational Development en andere, meer vir plasing- as vir seleksie-doeleindes gebruik.

Uit onderstaande tabel blyk dit dat daar weinig verskil is tussen die voorspellingswaarde van prestasietoetse en dié van aanlegtoetse soos hierbo genoem.

TABEL 3

DIE VERBAND TUSSEN PRESTASIE TOETSE EN AKADEMIESE PRESTASIE

| Getal ondersoeke | Voorspeller | Kriterium | Mediaan r |
|------------------|--|-----------------|-----------|
| 62 | Engels of leestoetse (Co-operative, Nelson-Denny) | Eerstejaarpunte | .47 |
| 19 | College Board English Composition Test | Eerstejaarpunte | .36 |
| 84 | Co-operative Tests in Social Studies or Natural Science (Iowa Tests) | Eerstejaarpunte | .45 |
| 18 | Co-operative Tests in Social Studies of Natural Science (Iowa Tests) | Na eerste jaar | .43 |

(Bogenoemde tabel is saamgestel uit gegewens verkry van Fishman & Pasanella (1960, p.300 - 301).

(d) Hoërskoolpunte

Van alle intellektuele voorspellers is hoërskoolpunte nie alleen die mees voor die hand liggende voorspeller nie, maar korreleer ook die

hoogste met universiteitsprestasies. Dit geld vir individuele ondersoeke sowel as vir opsommings van ondersoeke. Symonds (1929) vind reeds 'n gemiddelde korrelasie-koëffisiënt van .47 vir 28 ondersoeke wat hy opgesom het; Douglas (1931) 'n gemiddelde van .54 vir 67 ondersoeke wat voor 1931 gedoen is en Garrett (1949) 'n mediaan-korrelasie van .56 vir 32 ondersoeke voor 1949. Vir 263 ondersoeke gedurende die tydperk 1950-1960 vind Fishman & Pasanella (1960) 'n gemiddelde verband van .50 tussen hoërskoolpunte en eerstejaarpunte en vir 31 addisionele ondersoeke 'n gemiddelde verband van .48 met universiteitsprestasies na die eerste jaar.

(e) Kombinasies van intellektuele voorspellers

In 'n groot aantal ondersoeke is daar gebruik gemaak van 'n kombinasie van intellektuele voorspellers om universiteitsukses te voorspel. 'n Mediaan korrelasie-koëffisiënt van .62 met eerstejaarpunte is in 216 sulke ondersoeke gevind, en 'n verband van .65 met universiteitsprestasies na die eerstejaar in 11 ander ondersoeke (Fishman & Pasanella, 1960, p.301)

Volgens Fishman & Pasanella (1960), is 'n aanlegtoets plus hoërskoolpunte die mees algemene intellektuele voorspellingskombinasie. So bv. is in 181 ondersoeke gevind dat die byvoeging van een of meer intellektuele voorspellers saam met hoërskoolpunte, 'n gemiddelde toename van .11 in die meervoudige korrelasie-koëffisiënt as gevolg het. Dit het ook geblyk dat die gebruik van meer as twee intellektuele voorspellers saam met hoërskoolpunte, onprakties is en nie veel nut het nie.

In die V.S.A. is dit veral die College Board SAT wat met hoërskoolpunte gekombineer word. Vir hierdie kombinasie is daar 'n mediaan korrelasie-koëffisiënt van .61 in 147 ondersoeke gevind, en 'n verband van .64 in 24 ondersoeke waar daar van ander aanlegtoetse as die SAT gebruik gemaak is. (Fishman & Pasanella).

Nie-intellektuele faktore

In vergelyking met die navorsing i.v.m. intellektuele faktore en die grootskaalse toepassing van toetse vir die voorspelling van akademiese sukses, is daar op die gebied van nie-intellektuele faktore nie veel bereik nie. Fishman en Pasanella (1960, p. 304)

stel dit as volg: "... in the nonintellective-predictor area, we are so far from having arrived at such instruments that investigators can still afford the luxury of "trying out" one or another technique or idea."

Sedert 1940 kom daar meer as 1500 ondersoeke voor in die literatuur wat betrekking het op die voorspelling van akademiese sukses deur ander metings as intellektuele voorspellers (Davis, 1962). Terwyl bykans elke moontlike nie-kognitiewe veranderlike op een of ander tyd gekorreleer is met studenteprestasie, is die verband wat gevind is gewoonlik laag en die rigting van die verband geensins konstant van ondersoek tot ondersoek nie (Juola, 1963).

In die meeste van hierdie ondersoeke is gevind dat persoonlikheidsmetings selde van meer praktiese waarde is vir die voorspelling van akademiese sukses as wat reeds verkry word met intellektuele metinge (Stone en Foster, 1964). Op logiese gronde sou verwag word dat persoonlikheidsamestelling 'n belangrike faktor behoort te wees vir suksesvolle studie, maar die empiriese bewyse daarvoor was tot dusver baie skraal.

Die moontlikheid bestaan dat die sogenaamde intellektuele voorspellers wat gebruik word, toevallig ook gedeeltelike metings van nie-intellektuele funksies mag bevat (Fishman, 1960). As dit die geval is bv. met aanlegtoetse, sou dit moeilik wees om 'n persoonlikheidsstoets te vind wat nog meer kan byvoeg as wat reeds deur die sogenaamde "intellektuele" toetse gemeet word in soverre dit voorspelling van akademiese sukses aangaan (Stone en Foster, 1964).

Ook moet in gedagte gehou word dat die toetse wat gebruik word om nie-intellektuele aspekte soos aanpassing, belangstelling, houdings, waardes, ens. te meet, in die eerste plek ontwerp is vir ander doel-

eindes as vir die evaluering van akademiese sukses. Om hierdie rede is dit verstaanbaar dat hierdie nie-kognitiewe inventarisse, die geldigheid waarvan self as hoogs twyfelagtig beskou kan word selfs vir die doel waarvoor hulle ontwerp is, heeltemal onvanpas blyk te wees as voorspellers van akademiese sukses (Juola, 1963).

Die onderliggende idee by die navorsing i.v.m. die voorspellingsmoontlikhede van nie-intellektuele faktore is dat sommige studente beter daartoe in staat sal wees om hul vermoëns voordelig aan te wend in hul studie as ander weens bepaalde motiverings-, houdings- of persoonlikheidseienskappe. Dit kom daarop neer dat akademiese prestasies beter voorspel kan word d.m.v. intellektuele voorspellers vir diegene met fasiliterende persoonlikheidseienskappe as dié met belemmerende eienskappe.

Benewens nie-intellektuele faktore wat betrekking het op inherente eienskappe, is daar ook dié ondersoeke i.v.m. nie-intellektuele faktore wat ingaan op eksterne omstandighede wat voordelig of nadelig inwerk op die akademiese prestasie van die student.

Aangesien die ondersoeke i.v.m. nie-intellektuele faktore so talryk en uiteenlopend van aard is, geskied die verdere bespreking volgens die vernaamste faktore wat deur die meeste navorsers ondersoek is.

(a) Studiehoudings en -metodes

Opvoedkundiges en sielkundiges het nog altyd 'n sterk belangstelling getoon in die rol wat studiehoudings en -metodes speel in die bepaling van akademiese sukses. Hierdie opvatting word verder bevestig deur die besprekings wat voorligters voer met studente, die kursusse wat aangebied word oor effektiewe studie, sowel as die boeke wat oor studiegewoontes geskryf is (Brown, 1964).

Volgens Brown & Holtzman (1955) het daar vanaf 1926 tot 1955 reeds meer as 100 handleidings verskyn oor hoe om te studeer. Die nodige wetenskaplike bewyse waarop die meeste van hierdie sogenaamde studiereëls gegrond is, ontbreek egter. 'n Ontleding van individuele items van 38 van hierdie handleidings deur Laycock & Russel (1941), het aan die lig gebring dat daar weersprekings is in verband met die beste studietegnieke. 'n Aantal ondersoekers vind bv. dat suksesvolle studente onderskei kan word van swak presteerders op grond van spesifieke studiegewoontes, maar daar is nie ooreenstemming in hul bevindings oor watter metodes kenmerkend is van bepaalde groepe nie (Eurich, 1930; Johnson, 1937; Neel & Mathews, 1935; Ross & Klise, 1927; Weinland, 1930; White, 1931.) Van hierdie ondersoekers het ook nie intelligensie in aanmerking geneem nie. Cuff (1937) vind ook in 'n ondersoek met 1250 skoolkinders dat baie van die 75 mees algemeen aanbevole studiebeginsels meer deur swak leerlinge as deur superieure leerlinge gevolg word. Hierdie resultaat mag egter die gevolg wees van onakkurate rapportering deur die studente i.v.m. hul studiegewoontes.

Wren (1933) het baanbrekerswerk gedoen deur 'n studiegewoontesvraelys op te stel. Die vrae wat in die finale vraelys ingesluit is, het berus op 'n itemontleding van die response op 'n vraelys wat aan goeie- en swak presteerders met dieselfde I.K. en studiegebied gegee is.

Ten spyte van die empiriese grondslag waarop hierdie vraelys berus het, het daaropvolgende geldigheidsondersoeke deur Reeder (1935) en Gordon (1941) aangetoon dat daar slegs 'n lae verband bestaan tussen die tellings behaal op hierdie vraelys en skolastiese sukses. Wren & Humber (1941) vind later ook dat die oorspronklike vraelys van Wren hersien behoort te word en die geldigheid daarvan verder vasgestel

moet word.

Locke (1940) maak gebruik van 'n selfbeoordelingskaal, bestaande uit 56 bewerings, wat hy toepas op 8 studentegroepe. Korrelasiekoëffisiënte wat wissel van $-.07$ tot $.39$ (mediaan = $.28$) word gevind, wat net effens hoër is as dié van Wren. Dieselfde lae, maar statisties beduidende korrelasies tussen studiegewoontes en skolastiese sukses is gevind deur Brooks & Heston (1945); Schlessler & Young (1945); Michael & Reeder (1952), terwyl die ondersoeke van Eurich (1930); Brown (1941) en Schultz (1953) nog meer teleurstellend was.

Volgens Burgess (1956), Maher (1959) en Schutter & Maher (1956) toon studiegewoontes 'n positiewe verband met akademiese prestasie. Dieselfde bevindings is verkry deur Bonner (1957), Christensen (1956), Diener (1957) en Knaak (1957), alhoewel daar in hierdie vier ondersoeke nie behoorlik gekontroleer is vir aanleg nie. Jex & Merrill (1959) vind dat die hoeveelheid tyd wat aan studie spandeer word, nie 'n deurslaggewende faktor in akademiese prestasie is nie.

Bogenoemde bevindings dui daarop dat studiemetodes ("mechanics") wel van waarde kan wees in die voorspelling van akademiese prestasie. Geen lig word gewerp op geslagsverskille nie aangesien die proefpersone uit beide geslagte bestaan het.

Kenmerkend van bogenoemde ondersoeke is dat hulle grootliks daarop ingestel is om bloot die meganiese aspekte ("mechanics and skills") van die studieproses aan die lig te bring wat kan onderskei tussen goeie- en swak studente. Aangesien al die pogings nie ewe suksesvol was nie, het die vermoede alhoemeer posgevat dat dit eerder die konstante en hoogsgemotiveerde poging is wat deur die student aan die dag gelê word sowel as die houding t.o.v. universiteitstudie wat die belangrikste determinante is. Tiebout (1943) vind dan ook dat die lui-student sindroom van swak presteerders die openbaring is van persoonlikheidskenmerke soos: 'n behoefte om staat te maak op 'n sterk en onmiddellike motivering om te begin studeer; 'n neiging om kortstondige belangstellings te hê; 'n neiging om deur sterk hedonistiese beginsels beheer

te word; 'n dieperliggende studieprobleem. Verder vind hy ook dat: die kwaliteit van swak presteerders se geskrewe werk deurmekaar, oppervlakkig en ongeorganiseerd is; hulle 'n neiging tot lighartigheid toon oor mislukkings; hulle oor swak werk rasionaliseer; hulle geneig is om uit te stel en tog gedurig optimisties te wees dat hulle ten goede sal verander. Volgens Mathews & Toepfer (1936) blyk dit ook dat die verskil tussen goeie- en swak presteerders met dieselfde I.K., eerder toe te skryf is aan houding, instelling en motivering as aan studiegewoontes. Kerns (1957) vind dat daar by óórpresteerders die neiging is om 'n kollege om intellektuele redes by te woon en vir onderpresteerders om negatiewe redes soos bv. om weg te kom van die huis. Birney & Taylor (1959) het 'n vraelys opgestel om twee houdings t.o.v. studente se kollege-oriëntasie vas te stel: (a) sosiale oriëntasie, d.w.s. om vriende te maak en 'n goeie tyd te hê, en (b) skolastiese oriëntasie, d.w.s. meer intellektueel van aard en die strewe na kennis. Vir eerstejaars is daar geen verband gevind tussen genoemde houdings en akademiese prestasie nie, maar by senior studente is daar 'n verband gevind van .29 tussen skolastiese oriëntasie en akademiese prestasie. Ook McGauvran (1955) vind 'n lae positiewe verband tussen akademiese prestasie en 'n houding dat opvoeding van waarde is.

Die Brown-Holtzman Survey of Study Habits and Attitudes (SSHA)- (1955 en 1956) word beskou as een van die beste empiriese meetinstrumente i.v.m. studiemetodes en -houdings. Die vraelys is o.a. swaar gelaai met houdingsitems in teenstelling met die meer feitelike items in verband met studiemetodes soos aangetref in ander vraelyste. Die opstellers beweer dat die mate van inspanning en houding teenoor studie belangriker is as hoe daar gestudeer word. Hulle vind dan ook dat hierdie vraelys beter onderskei tussen óór- en onderpresteerders op grond van houdings as van studiemetodes. Later vind hulle ook 'n eenvoudige korrelasie-koëffisiënt van .70 met akademiese prestasie indien die tellings behaal op die vraelys en 'n bekwaamheidstoets gekombineer word. Geen verskille tussen geslagte is gevind nie. Ook Sie (1955) en Lum (1960) vind dat die vraelys 'n bydrae lewer om die verskille in

akademiese prestasie te verklaar. Ahman, Smith & Glock (1958) vind egter dat die SSHA saam met 'n battery intellektuele toetse geen noemenswaardige bydrae lewer nie, terwyl Anderson en Kuntz (1959) aantoon dat die SSHA nie onderskei tussen studente wat voorwaardelik toegelaat is en nie-voorwaardelike studente nie ("probationary and nonprobationary").

Chabazi (1958) se ondersoek met die Cornell Orientation Inventory wat studiegewoontes, motiverings- en aanpassings-items insluit, lewer geen bewyse dat genoemde aspekte 'n addisionele bydrae lewer in 'n meervoudige korrelasie saam met intellektuele voorspellers nie, maar dat studiegewoontes tog onderskei tussen oor- en onderpresteerders.

Volgens bogenoemde ondersoeke wil dit voorkom asof metings van studiemetodes en -houdings wel 'n bydrae kan lewer in die voorspelling van akademiese sukses, maar daar is nog geen afdoende bewys dat, óf metodes, óf houdings die grootste bydrae lewer nie.

'n Ander benadering is om onderwysers en maats se oordeel t.o.v. 'n skolier se studiegewoontes te gebruik. O'Leary (1955) en Norton (1959) het albei met hoërskoolgroepe gewerk. Eersgenoemde vind 'n verband van .63 tussen akademiese prestasie en die oordeel van onderwysers aangaande die proefpersone se werkgewoontes. Norton gebruik die oordeel van sowel onderwysers as dié van tydgenote van die leerlinge om vas te stel of hierdie beoordelings beter voorspellers is van akademiese prestasie as die resultate van aanlegtoetse. Sy bevindinge is as volg: (i) Onderwysers se beoordeling toon nie 'n sterker verband met akademiese prestasies as wat die geval is met aanlegtoetse nie. (ii) In die geval van seuns egter, toon die beoordeling van maats 'n hoër verband, en dié van onderwysers 'n negatiewe verband met akademiese prestasie. Die verskil tussen die beoordelings van die twee groepe beoordelaars is beduidend, maar nie in die geval van die meisies nie.

Volgens Lavin (1965), (p.68) kan die navorsing oor studiemetodes en -houdings as volg opgesom word:

- (i) Akademiese prestasie kan voorspel word met behulp van metings van studiemetodes.
- (ii) Positiewe houdings soos die strewe na kennis en 'n besef van die waarde van opvoeding toon 'n positiewe verband met akademiese prestasie.
- (iii) Slegs verdere navorsing sal moontlik aantoon of studiemetodes óf studiehoudings die beste voorspeller is vir akademiese prestasie.
- (iv) Alhoewel die bevindings dui op die bruikbaarheid van studiemetodes en studiehoudings as meetmiddels, is daar tog nog heelwat teenstrydighede wat verklaar moet word. Dit mag wees dat daar 'n interaksie is tussen die opset in 'n opvoedkundige inrigting en die eienskappe van die studente, en dat dít moontlik 'n uitwerking op die grootte van die verband tussen studiemetodes en -houdings en akademiese prestasie kan hê.
- (v) Volgens die bevindings is sowel studiemetodes as -houdings bruikbare voorspellers van akademiese sukses vir beide geslagte.
- (vi) Daar is bedenkinge teen die positiewe verband wat gevind is tussen die beoordeling van onderwysers en maats t.o.v. 'n proefpersoon se studiegewoontes en uiteindelijke akademiese prestasie.

Die probleem is dat dieselfde persoon wat die student se studiemetodes en -houdings beoordeel, ook bekend is met die student se akademiese prestasies. Indien die beoordelaar ook nog die mening toegedaan is dat goeie akademiese prestasies gepaard gaan met goeie studiemetodes en gesonde studiehoudings, kan daar nie peil getrek word op die verkreë verband nie.

Hierdie metode kan egter van waarde wees indien prestasietoetse as kriterium van akademiese prestasie gebruik word, aangesien die beoordelaar dan onbekend is met die toetstellings.

(b) Belangstellings

Volgens Lavin (1965, p.70) word belangstellings hoofsaaklik op drie wyses aangewend om akademiese prestasie te voorspel:

(i) Daar word nagegaan of spesifieke belangstellingsvelde verband hou met prestasie in ooreenstemmende vak- of studierigtings.

Volgens Cronbach (1949), Travers (1949), Collins (1955) en Hewer (1957) is daar wel 'n verband, terwyl Melton (1955) en Burgess (1956) vind dat daar geen verband is nie.

Uit bogenoemde ondersoeke blyk dit ook dat daar geen verband bestaan tussen die belangstellings van studente wat 'n professionele kursus volg en hul akademiese prestasies in dié rigting nie. 'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel is dat al sulke studente oor die algemeen reeds 'n hoë belangstelling moes gehad het om die kursus te volg, m.a.w. daar is min variansie in hul belangstellings en vandaar die swak verband met werklike prestasie. In ander gevalle waar daar egter nie spesialisasie plaasvind nie, toon belangstellings wel 'n verband met verwante studiegebiede.

(ii) 'n Ander benadering is om na te gaan of enige belangstelling as sodanig 'n verband toon met akademiese prestasie. In hierdie verband het Kerns (1957) en Knaak (1954) gevind dat onderpresteerders 'n groter belangstelling toon in sosiale bedrywigheede as in intellektuele bedrywigheede, terwyl dit net andersom is by óórpresteerders.

(iii) 'n Derde aanwending is waar daar meer gebruik gemaak word van abstrakte dimensies van belangstelling soos bv. die helderheid, of duidelikheid, of intensiteit van belangstelling. So vind Rust & Ryan (1954) dat óórpresteerders hoër belangstellings toon in beroepe met hoë prestige waarde. Hierdie bevinding kan moontlik ook 'n aanduiding wees van sosiale aspirasie-vlak. Cronbach (1949) vind weer 'n verband tussen akademiese prestasie en die intensiteit van belangstellings soos gemeet deur die Strong Belangstellingsvraelys. In hierdie geval dui die bevinding op die moontlike aanwesigheid van 'n motiveringsfaktor. Bloomberg (1955), Knaak (1954), McQuary (1954), Sherwood (1957), Weitz & Colver (1959) en Weitz, et al (1955) toon aan dat studente

wat sekerheid het i.v.m. 'n vak of kursus, hoër presteer as diegene by wie daar onsekerheid is. Uit laasgenoemde twee ondersoekte blyk dit ook dat daar verskille is tussen die twee geslagte, nl. dat die keuse van 'n hoofrigting 'n verband toon met akademiese prestasie in die geval van mans, maar nie by die dames nie. Moontlik het die verbintenis met 'n bepaalde kursus vir mans 'n ander sielkundige betekenis as vir dames.

(c) Prestasie-motivering

Ondersoeke in verband met prestasie-motivering handel oor die student se behoefte en begeerte om akademies goed te presteer en word nagegaan deur middel van projeksietegnieke en vraelyste. Die T.A.T en die Edwards Personal Preference Schedule is van die bekendste meet-instrumente wat vir dié doel gebruik word.

In tien ondersoeke waar projeksietegnieke gebruik is, is daar in vier gevalle 'n positiewe verband tussen prestasie-motivering en akademiese prestasie gevind (McClelland, 1953; Weiss & Groesbeck, 1959; Burgess, 1956; Chahbazi, 1956). In die eerste twee ondersoeke is 'n verband van .39 en .34 onderskeidelik gevind tussen akademiese prestasie en prestasie-motivering, soos gemeet deur die T.A.T. Sowel in Weiss & Groesbeck as in Chahbazi se ondersoeke het die byvoeging van prestasie-motivering saam met ander voorspellers, 'n meervoudige korrelasie-koëffisiënt van .63 as gevolg gehad. In ses ander ondersoeke is daar egter geen verband tussen prestasie-motivering en akademiese sukses gevind nie (Walter, 1957; Haber, 1957; Krumboltz & Farquhar, 1957; Parrish & Rethlingshafer, 1954; Mitchell, 1961; Hills, 1958).

Soos blyk uit die resultate van bogenoemde ondersoeke, is daar teenstrydige resultate d.m.v. projeksietegnieke verkry. 'n Faktor wat moontlik hiertoe kon bydra, is die lae betroubaarheid van 'n projeksietoets soos die T.A.T. (Krumboltz, 1957).

In die geval van vraelyste is die bevindings meer konstant en positief. Ses ondersoeke het almal 'n positiewe verband opgelewer tussen prestasie-motivering en akademiese prestasie (Bendig, 1958; Krug, 1959; Weiss & Groesbeck, 1959; Christensen, 1956; Cooper, 1956; Worrell, 1959). In die eerste drie ondersoeke is die nAch-skaal van die Edwards Personal Preference Schedule gebruik, terwyl aspirasie-peil as indeks van prestasie-motivering in die laaste drie ondersoeke gebruik is. Volgens bogenoemde ondersoeke wil dit voorkom asof vraelyste 'n beter meetmiddel is vir die bepaalde doel as wat die geval is met projeksietegnieke.

Die verband wat met projeksietegnieke en vraelyste gevind is,

is egter laag. Dit kom vreemd voor, aangesien prestasie-motivering op die oog af 'n sterker verband met akademiese prestasie behoort te hê. Behalwe dat daar tegniese redes hiervoor kan wees, soos byvoorbeeld i.v.m. betroubaarheid, is daar ook sekere teoretiese aspekte wat in ag geneem moet word. Die moontlikheid bestaan byvoorbeeld dat prestasie-motivering 'n multi-dimensionele konsep is, soos aangetoon deur Mitchell, (1961). Deur middel van faktorontleding vind hy ses faktore, waarvan net een, nl. akademiese motivering en doeltreffendheid ("academic motivation and efficiency") 'n verband met akademiese prestasie toon. Indien daar net gebruik gemaak word van dié dimensies van prestasie-motivering wat van belang is vir akademiese prestasie, behoort die voorspellingswaarde verhoog te word.

'n Ander moontlikheid vir die lae verband is dat die gebruik van geïsoleerde persoonlikheidseienskappe nie altyd die gewenste prosedure is nie. Die invloed van ander meewerkende faktore behoort nagegaan te word, soos aangetref in die ondersoeke van Atkinson (1957); Clark, Teevan & Riccuiti (1956); Martire (1956); McDavid (1959); Mitchell, (1959). Sulke faktore kan meewerk om die verband tussen akademiese prestasie en prestasie-motivering te verhoog of te verlaag. 'n Persoon wat bv. sterk gemotiveer is om te presteer, kan ook 'n sterk vrees vir mislukking hê. Hierdie vrees kan dan verlamvend inwerk op prestasie en sodoende meewerk dat daar 'n lae verband, of geen verband, tussen prestasie-motivering en akademiese prestasie gevind word.

(d) Aanpassing

Die M.M.P.I. word veral oorsee gebruik om die verband tussen aanpassing en akademiese prestasie te meet. Die ondersoeke van Hackett (1960) en Jensen (1958) toon aan dat die resultate behaal op die M.M.P.I. verband hou met akademiese prestasie. Eersgenoemde ondersoeker het bv. alle items geïsoleer wat tussen hoë en lae presteerders onderskei en daarna in 'n kruisvalidasie gevind dat die M.M.P.I.-tellings 'n verband van .61 met gemiddelde jaarpunt toon. Saam met 'n bekwaamheids-toets is 'n meervoudige korrelasie-koëffisiënt van .69 met jaarpunte gevind. Volgens Hackett is die volgende items kenmerkend van lae presteerders: emosionele labiliteit; 'n verdedigende houding by blootlegging van swakhede; bewondering van krag en mag; 'n gebrek aan warmte en aanvaarding van ander. Jensen vind weer dat die swak presteerders van 'n groep eerstejaars met lae vermoë, hoër tellings op die schizofrenia-, hypomania- en bedragsskale behaal het as die goeie presteerders.

In ander ondersoeke is daar egter nie 'n verband tussen akademiese prestasie en tellings behaal op die verskillende skale van die M.M.P.I. gevind nie. (Burgess, 1956; Frick, 1955; Frick & Kenner, 1956; Quinn, 1957; Gallese, 1959; Clark, 1953; Stone & Ganung, 1956).

'n Ander benadering is dié van Hoyt & Norman (1954) en Drake & Oetting (1957) wat gebruik gemaak het van profielpatrone i.p.v. tellings behaal op die verskillende skale. Eersgenoemde ondersoekers het nagegaan of die verband tussen eksamenpunte en vermoë hoër is vir studente met 'n "normale" profiel op die M.M.P.I. as vir studente met 'n "wan-aangepaste" profiel. Die ondersoekers het van die veronderstelling uitgegaan dat wanaanpassing die verband sal verlaag omdat dit, óf òòr- óf onderprestasie as gevolg sal hê. Hulle hipotese is bevestig, sowel as dié van Drake & Oetting dat spesifieke profiele op die M.M.P.I.-skale 'n verband met akademiese prestasie toon. Die ondersoek van Hoyt & Norman dui ook daarop dat, alhoewel spesifieke skale nie 'n verband met akademiese prestasie toon nie, die aanwesigheid van 'n tipe wanaanpassing (soos aangedui deur profiel-analise) moontlik in verband gebring kan word met verskille in prestasie.

(e) Angs

Volgens Lavin (1965, p.83) kan die navorsing in verband met die invloed wat angs op die graad van akademiese prestasie uitoefen, in drie kategorieë verdeel word:

- (i) Die rol wat algemene angs speel, soos meesal gemeet deur die Taylor Manifest Anxiety Scale.
- (ii) Die vasstelling van angs in spesifieke situasies, soos in 'n toets-situasie.
- (iii) Die verband tussen bogenoemde soorte angs en die doeltreffendheid van elkeen om akademiese prestasie te voorspel.

Dit blyk uit die ondersoeke van Spielberger & Katzenmeyer (1959); Klugh & Bendig (1955); Grooms & Endler (1960); Bendig (1957 en 1958); Mitchell (1959) dat algemene angsmetings nie van direkte belang is vir die voorspelling van akademiese prestasie nie, maar wel van waarde kan wees in meervoudige korrelasies aangesien dit die verband opstoot tussen aanleg en eksamenpunte (Klugh & Bendig, 1955; Grooms & Endler, 1960).

Carrier (1957), ondersoek die verband tussen persoonlikheids-eienskappe en eksamenprestasies in toestande waar spanning kunsmatig geskep is. Hy vind dat mans wat 'n sterk neiging toon om beïnvloed te word deur eksterne en interne prikkels en met lae stabiliteit t.o.v. senuspanning, negatief beïnvloed word deur spanningstoestande in 'n toetssituasie. Dit blyk ook dat damestudente meer deur spannings-toestande beïnvloed word as mans.

Smith & Rockett (1958) vind dat indien instruksies in 'n toets-situasie nie daarop gemik is om angs te verminder nie, dan presteer studente met lae angs beter as studente met 'n hoë mate van angs. Indien die instruksies egter bedoel is om spanning te verminder, dan is die prestasies van diegene met hoë angs weer beter as dié met lae angs. Sarason (1959 en 1961) vind dat toetsangslae, negatiewe korrelasies met aanleg en eksamenpunte toon, maar dat die verband met aanleg hoër is as met eksamenpunte. In sy 1959 ondersoek is die verband ook effens hoër in die geval van dames as by mans.

Alpert & Haber (1960) het 'n omvattende ondersoek ingestel om:

- (i) die verband tussen algemene angsskale soos die Taylor Manifest Anxiety Scale en spesifieke angsmetings (soos toetsangs) vas te stel en die relatiewe doeltreffendheid van elkeen vir die voorspelling van eksamenpunte te bepaal;
- (ii) die verband tussen angs en aanleg te bereken;
- (iii) vas te stel of angs bevorderlik is vir akademiese prestasie, al dan nie.

Hul bevindings met manstudente is dat daar nie 'n sterk verband is tussen algemene angs en meer spesifieke angs nie, en dat laasgenoemde ook 'n beter voorspeller is van akademiese prestasie as eersgenoemde. Indien spesifieke angstellings in 'n battery saam met aanlegtoetse gebruik word, dan is korrelasie-koëffisiënte wat wissel van .29 tot .58 gevind met akademiese prestasie in teenstelling met 'n verband van .27 tot .43 met aanlegtoetse alleen. Ook kom hulle tot die gevolgtrekking dat lae toetsangs 'n indirekte maatstaf is van lae prestasie-motivering in teenstelling met middelmatige toetsangs wat 'n aanduiding is van hoër motivering en daarmee gepaardgaande hoër akademiese prestasie. Indien die toetsangs egter te hoog is, kan dit nadelig op akademiese prestasies inwerk. Hiervolgens is daar die vermoede dat die verband tussen angs en akademiese prestasie kromlynig is.

In 'n evaluering van die waarde van angstellings as voorspellers van akademiese prestasie, beweer Lavin (1965, p.87) dat algemene angstellings op kollegevlak nie van veel waarde is in die voorspelling van akademiese prestasie nie, behalwe miskien in meervoudige korrelasies wanneer dit 'n invloed uitoefen saam met aanlegtoetse.

In teenstelling hiermee lewer toetsangs meer konstante resultate soos gevind in die negatiewe, alhoewel lae verband met eksamenpunte.

Volgens Lavin (1965, p.87) is daar verskeie moontlikhede waarom angs nie so hoog met akademiese prestasies korreleer nie en waarom daar soveel teenstrydige bevindinge is:

- (i) Dit kan wees dat angstellings nie reg aangewend word nie, veral in die geval van die moontlike kromlynige verband wat daar tussen angstellings en akademiese prestasies bestaan.
- (ii) In baie ondersoeke word daar ook nie ag geslaan op die moontlike verband wat angs met ander aspekte toon nie, soos bv. prestasie-motivering, of vrees om te misluk. Dit kan wees dat angs eerder die funksie vervul van 'n moderator, d.w.s. dit dien nie as 'n direkte voorspeller nie, maar eerder as 'n veranderlike wat die voorspellingswaarde van ander persoonlikheidsienskappe verhoog of verlaag.
- (iii) Duidelikheid behoort ook verkry te word oor die kausale verband van angs en in hoeverre daar wedersydse beïnvloeding is tussen prestasie en angs. Die vraag ontstaan bv. in watter mate swak prestasie deur angs veroorsaak word, óf dat angs 'n gevolg is van swak prestasie, en of daar nie 'n inwerking is van beide faktore nie.
- (iv) Dit is duidelik dat angs nie 'n eendimensionele konsep is nie. Tans word daar alreeds onderskei tussen algemene angs en toets-ang, maar dit is duidelik dat daar ook ander dimensies by betrokke is wat nog omskryf en ondersoek moet word. Phillips, Beeman, Hindsman & McGuire (1960) vind bv. dat sosiale verhoudings met maats 'n bron van angs kan wees wat prestasie beïnvloed.

(f) Introversie

Die introvert word gekenmerk deur skaamheid en 'n neiging tot onttrekking aan sosiale kontak, in teenstelling met die ekstravert wat meer gesellig van aard is en soek na sosiale kontak.

Al die ondersoeke toon 'n positiewe verband tussen introversie en akademiese prestasie (Travers, 1949; Bloomberg, 1955; Kerns, 1957; Birney & Taylor, 1959; Krug, 1959; Gebhart & Hoyt, 1958; Merrill & Murphy, 1959; Beach, 1960; Knaak, 1954; Phelps, 1957).

Volgens Lavin (1965, p.90) is daar sekere teoretiese verklarings vir die verband wat gevind is:

- (i) Dit kan wees dat die introvert meer tyd tot sy beskikking het vir studie as die ekstravert wat meer betrek is by sosiale aktiwiteite.
- (ii) Die verband kan egter ook meer ingewikkeld wees aangesien dit moontlik saamhang met die student se waardestelsel aangaande die belangrikheid van akademiese werk en in hoeverre sý siening 'n verband toon met die algemene opvatting daaromtrent binne die studentegemeenskap. Die student se waardesisteem mag bv. nie in ooreenstemming wees met dié van die groep nie en weens sy onttrekking aan sosiale bedrywighede, kan dit voorkom asof hy 'n introvert is. In so 'n geval behoort die moontlikheid van 'n verband tussen introversie en onafhanklikheid nagegaan te word.

(g) Selfbeeld

In die sielkunde word daar ook heelwat aandag bestee aan die teoretiese aspekte van die selfbeeld. Meer onlangs is daar ook navorsing in verband hiermee op die gebied van akademiese prestasie gedoen. Dit is veral die positiewe en negatiewe aspekte van die selfbeeld wat as van belang beskou word, soos bv. self-aanvaarding, 'n positiewe selfbeeld, eiewaarde, selfvertroue, self-insig, ens.

Uit die betrokke ondersoekte blyk dit dat 'n positiewe selfbeeld in verband staan met beter akademiese prestasie. Brim (1954) vind bv. dat studente met 'n hoër selfskatting van hul verstandelike vermoëns, akademies gemiddeld hoër presteer as studente van dieselfde verstandelike vermoë wat egter 'n laer selfskatting van hul verstandelike vermoëns gemaak het. Lum (1960) toon aan dat oërpresteerdere by damestudente groter selfvertroue toon as onderpresteerdere, terwyl Stevens (1956) by 'n groep verstandelik begaafde studente vind dat goeie presteerdere 'n goeie self-insig het van hul verstandelike vermoëns en 'n meer positiewe houding teenoor hulself openbaar.

Volgens Lavin (1965, p.92) is daar egter nog heelwat sake waarvoor duidelikheid verkry moet word betreffende navorsing i.v.m. die selfbeeld:

- (i) Tans word die selfbeeld op verskillende maniere ondersoek soos bv. deur die teenstrydighede tussen die ideale self en die werklike self na te gaan, of die persoon word gevra om te kontroleer of sekere eienskappe op hom van toepassing is en tot watter mate hy van homself hou.

Verdere ondersoek is nodig om die vergelykbaarheid van hierdie metodes vas te stel.

- (ii) Die vraag ontstaan ook of daar nie ander dimensies van die selfbeeld is wat van belang is vir akademiese prestasie nie. Dit is bv. belangrik om te weet in hoeverre 'n persoon se selfbeeld deur die response van ander persone beïnvloed word. Behou 'n persoon bv. 'n positiewe siening van homself ten spyte van 'n negatiewe evaluering deur ander? Sowel Schroder & Hunt (1957) as Bendig & Gluck (1956) vind dat daar 'n verskeidenheid

van response is op negatiewe evaluerings deur ander, en dat hierdie response n effek kan hê op toekomstige prestasies in die oplos van probleme.

Die vraag ontstaan ook of n persoon se selfbeeld verskil van situasie tot situasie en of dit konstant bly. Die mate van veranderlikheid van die selfbeeld sou dan in verband gebring kan word met differensiële prestasie in verskillende studiegebiede.

- (iii) Dit is ook nog nie duidelik waarom n sekere soort selfbeeld verband hou met die peil van akademiese prestasie nie. Brim (1954) vind bv. by persone met dieselfde verstandelike vermoë dat diegene met n hoër selfskatting, beter presteer as diegene met n laer selfskatting. Hierdie ondersoek kan ook daarop dui dat die selfbeeld moontlik dit is wat na vore kom in interaksie met ander mense en waarop ander reageer en beoordeelings maak. Om te illustreer: n Persoon se onderskatting van sy eie vermoëns word dikwels ook weerspieël in sy optrede. Dit mag dan wees dat ander persone hom hiervolgens as n persoon met beperkte vermoëns takseer en dit ook in hul optrede toon. Hierdie skynbare bevestiging van sy vermoede kan as gevolg hê dat die student nog swakker presteer as waartoe hy werklik in staat is.

Bogenoemde geval kan dui op die moontlike verband tussen die selfbeeld en prestasie-motivering. Hierdie feit blyk uit Martire (1956) se ondersoek toe hy n positiewe verband gevind het tussen prestasie-motivering en die mate van wanverhouding tussen die ideale en die werklike self, en wel dat hoe hoër die prestasie-motivering des te groter die teenstrydigheid tussen wat die persoon wens om te wees, en wat hy werklik is. Hieruit blyk ook dat sekere dimensies van die selfbeeld-konsep verband hou met ander veranderlikes wat van belang is in akademiese prestasie. Om hierdie rede is dit nodig om die verhoudings tussen die selfbeeld en ander voorspellers van akademiese prestasie na te gaan.

(iv) Dit is ook onduidelik of die selfbeeld deur vorige prestasie bepaal word, of andersom. Schulman (1956) het in 'n ondersoek met hoërskoolleerlinge die verandering in hul selfskatting van vermoëns oor 'n periode van vier jaar nagegaan. Toe hierdie selfskatting met hul prestasies op bekwaamheidstoetse vergelyk is, was daar by die senior leerlinge 'n groter ooreenstemming tussen die twee soorte tellings as by die juniors. Akademiese ervaring is dus gebruik ter wysiging van die self-konsep.

Dit wil egter nie sê dat die kenmerke van die selfbeeld uitsluitlik as determinante, of as die resultaat van sosiale ervaring gesien kan word nie. Die selfbeeld kom eerder tot stand in sosiale situasies en help om die koers van toekomstige ervaring te bepaal. Aangesien die selfbeeld so vatbaar is vir die invloed van vorige ervaring, is dit noodsaaklik dat die vasstelling van die selfbeeld die meting van akademiese prestasie voorafgaan anders sou dit onmoontlik wees om gebruik te maak van selfbeeldtellings as oorsaaklik belangrike voorspellers.

(h) Kognitiewe styl

Die vermoë van studente om standhoudende beoordelings in afgepaarde keuses te maak, toon volgens Gulliksen (1954) en medewerkers 'n kromlynige verband met akademiese prestasie, maar geen verband met aanleg nie.

Hills & Raine (1960) vind egter by 'n groep regte-studente geen bevestiging vir die verband tussen standhoudendheid van beoordelings en eksamenpunte nie. In hierdie ondersoek bestaan die vermoede dat die groep regte-studente om een of ander rede van Gulliksen se groep studente verskil het.

'n Moontlike verklaring vir die kromlynige verband wat Gulliksen gevind het, is dat studente wat konsekwent is in hul beoordelings, moontlik ietwat onbuigsaam is en dus minder daartoe in staat is om teenstrydighede i.v.m. intellektuele sake te hanteer, terwyl studente wat weer baie inkonsekwent in hul beoordelings is, moontlik intellektueel te onsistematies is om die materiaal waarmee hulle as studente te doen kry, te organiseer.

Messick & Frederiksen (1958) vind lae, maar beduidende korrelasies tussen tellings behaal op sekere skale van die Personality Research Inventory en toetstellings i.v.m. die skryf van verslae ("report writing tests"). Sekere kognitiewe eienskappe soos die vermoë om 'n oordeel te vel, het 'n verband getoon met persoonlikheidseienskappe soos verdraagsaamheid t.o.v. dubbelsinnighede en 'n voorkeur vir intellektuele take. Ten opsigte van laasgenoemde vind Field (1954) dat goeie presteerders hulself sien as persone wat intellektueel meer ondersoekend van aard is as swak presteerders.

Kognitiewe eienskappe, soos bogenoemde, kan moontlik bydra tot die voorspelling van akademiese prestasie.

(i) Verdedigende houding

Hackett (1960) het 'n skaal opgestel bestaande uit M.M.P.I.-items wat onderskei tussen hoë en lae presteerders. Hierdie items toon aan dat akademiese prestasie 'n verband toon met 'n faktor wat beskryf kan word as 'n verdedigende houding teenoor die openbaring van persoonlike swakhede.

Brown & Abeles (1960) ondersoek skyn oriëntasie ("facade orientation") met behulp van 'n woordeskattoets waarin sekere woorde voorkom wat nie bestaan nie. Hiermee probeer die ondersoekers vasstel of die eienskap om woorde te herken wat in werklikheid nie bestaan nie (d.w.s. die eienskap openbaar om 'n skyn te probeer handhaaf) 'n verband met akademiese prestasie toon. Daar is 'n negatiewe verband gevind. Ook is daar 'n verband gevind tussen hierdie skyntellings en dié behaal op 'n gewone woordeskattoets. Dit laat die vermoede ontstaan dat daar heelwaarskynlik geen verband tussen akademiese prestasie en skyntellings sou wees nie, indien aanleg konstant gehou is.

(j) Aggressie

In die ondersoeke van Messick & Frederiksen (1958); Bresee (1957); Stoner (1957); Shaw & Grub (1958); Shaw & Brown (1957) is daar 'n verband gevind tussen die mate van aggressie en akademiese prestasie. Slegs Shaw & Brown se ondersoek het betrekking op studente en hulle vind dat, soos in die ondersoek van Shaw & Grub met skoolkinders, swak presteerders met hoë intelligensie 'n beduidend hoër mate van vyandigheid toon as diegene wat goed presteer.

(k) Onafhanklikheid

Aan hierdie begrip word daar 'n verskeidenheid van betekenis geheg (French, 1953). So bv. word dit gesien as die behoefte om sonder hulp, eie beslissings te maak, probleme op te los en alternatiewe te kies. Dikwels word selfvoorsiening of outonomie as alternatiewe terme vir onafhanklikheid gebruik.

Volgens die ondersoeke van Weigand (1953), Burgess (1956), Gilmore (1951), Carrier (1957), Merrill & Murphy (1959) en Erb (1961) is daar 'n positiewe verband tussen onafhanklikheid en akademiese prestasie gevind.

Daar is egter bevindings wat dui op 'n verband tussen prestasie-motivering en onafhanklikheid (Douvan & Adelson, 1958; McClelland, 1953). Dit mag dus wees dat onafhanklikheid een van 'n aantal variante is wat saamgetrek word in 'n algemene prestasie-faktor.

(l) Dryfkrag

Die vermoë om te volhard met huidige take waarvan die beloning in die toekoms lê, is 'n vereiste vir suksesvolle studie. Die aan- of afwesigheid van hierdie eienskap behoort dan 'n verband met akademiese prestasie te toon. Sinonieme terme in dié verband is deursettingsvermoë, dryfkrag en volharding. Soms word kompulsiwiteit ook gebruik, alhoewel die konotasie hiervan meer dui op ongesonde onbuigsamheid wat nie 'n kenmerk is van dryfkrag nie.

Volgens die ondersoeke van Merrill & Murphy (1959), Krug (1959), Frederiksen & Mellville (1954) en Frederikson & Gilbert (1960), is daar 'n positiewe verband tussen dryfkrag en akademiese prestasie. Die vraag ontstaan egter of dryfkrag 'n onafhanklike bydrae lewer en of dit saam met ander veranderlikes 'n rol speel in prestasie.

(m) Multi-variant benadering

Die multi-variant benadering is 'n ander metode waarvolgens die verband tussen nie-intellektuele faktore en akademiese prestasie ondersoek word. 'n Groot aantal persoonlikheidsvariante i.p.v. net één of 'n paar word toegepas, die onderlinge verband word vasgestel en daardie persoonlikheidsdimensies word nagegaan wat op onafhanklike wyse 'n verband met akademiese prestasie toon. (Demos & Spolyar, 1961; Krug, 1959; Merrill & Murphy, 1959; Gebhart & Hoyt, 1958; Holland, 1959; Brown, 1960; Stern, 1958; Michael et al, 1959).

Bogenoemde ondersoeke sowel as talle ander, het so 'n groot verskeidenheid van metings en konsepte opgelewer, dat dit moeilik is om 'n omvattende opsomming van almal te gee en ook om sin te maak uit al die resultate.

Om hierdie probleme te oorbrug, het Lavin (1965, p.106 - 111) 'n sogenaamde "intuïtiewe" faktorontleding gedoen. Hy het alle veranderlikes opgesom wat 'n verband met akademiese prestasie toon en volgens ses onderliggende dimensies geklassifiseer, soos aangetoon in Tabel 4, p. 40. Die veranderlikes het in alle gevalle betrekking op die kenmerke van die goeie presteerder. By elke dimensie is ook die bevindings bygevoeg wat met enkelvariant studies verkry is. Sommige van laasgenoemde bevindings kon egter nie onder 'n bepaalde dimensie van die multi-variante tuisgebring word nie en word apart aangetoon.

Die verskillende dimensies kan as volg beskryf word:

Eerste dimensie: (Sosiale rypheid in studente-rol)

Die veranderlikes in hierdie dimensie het betrekking op die sosiale rypheid wat openbaar word in die rol as student.

Dit sluit in aspekte soos: besadigdheid, verantwoordelikheid, sosialisering, beter studiemetodes en -houdings, en 'n mindere mate van vyandigheid.

Die bevindings dui daarop dat sosiale rypheid 'n positiewe verband toon met akademiese prestasie.

TABEL 4

KLASSIFIKASIE VAN PERSOONLIKHEIDSV~~ER~~ANDERLIKES
(ENKEL- EN MULTIVARIANT STUDIES)
(Lavin)

| Dimensies | Items |
|--|---|
| I. Social Maturity in the Student Role | greater social presence; responsibility greater social maturity; greater socialization; restraint in social behavior; + better study habits and more positive attitudes toward school; + less hostility |
| II. Emotional Stability | higher morale; greater stability; greater freedom from neurotic orientation to study; + less test anxiety |
| III. Achievement Motivation Syndrome | + higher achievement motivation; higher activity level; more endurance |
| IV. Cognitive Style | greater curiosity; greater flexibility; greater originality; greater ability to visualize a configuration when moved; more relevant thinking in class; more class participation (quality and frequency); greater liking for thinking; less stereopathy; + greater flexibility in problem- solving |
| V. Achievement via Conformance | higher need for order; greater femininity; higher conformance |
| VI. Achievement via Independence | lower need for affiliation; greater independence; low conformity to peer group standards; moderate impulsivity (lack of constrictedness); + more independence and/or introversion; + greater independence in choice of vocational interests |
| Non-aligned Findings | + more positive self-image; + less defensiveness about re- vealing personal inadequacy; + greater interest in content areas of high achievement |

+ = Enkelvariant studies

Tweede dimensie: (Emosionele stabiliteit)

Hierdie dimensie dui op emosionele stabiliteit en word gekenmerk deur hoë moreel, 'n afwesigheid van neurotiese studie-oriëntering, sowel as 'n afwesigheid van toetsangs.

'n Hoë mate van emosionele stabiliteit word in verband gebring met hoë prestasies.

Derde dimensie: (Prestasie-motivering sindroom)

Hierdie sindroom sluit die volgende persoonlikheidskenmerke in: hoë prestasie-motivering, 'n hoë aktiwiteitsvlak en deursettingsvermoë.

Hierdie kenmerke toon 'n positiewe verband met prestasie.

Vierde dimensie: (Kognitiewe styl)

Persone wat intellektueel nuuskierig is, daarvan hou om te dink, wie se klaskamerdeelname in besprekings dikwels geskied en van hoë kwaliteit is, en intellektueel buigsaam is in probleemoplossing, presteer oor die algemeen hoër.

Vyfde dimensie: (Prestasie deur konformering)

Studente wat gekenmerk word deur 'n sterk behoefte aan ordelikeheid, onderworpenheid, (gewilligheid om te aanvaar), passiwiteit (hom te laat leer), en gehoorsaamheid presteer op 'n hoër vlak as dié studente wat laag op hierdie eienskappe toets.

Met uitsondering van ordelikeheid word die ander kenmerke gewoonlik geassosieer met vroulikheid. (Die benaming 'vroulikheid' dui in die geval van mans egter nie op 'verwyfdheid' nie, maar eerder op die eienskappe soos hierbo genoem en wat dikwels kenmerkend is van dames. Die gedragsvorme is m.a.w. van belang en nie die omvattende benaming daarvan nie.)

Sesde dimensie: (Prestasie deur onafhanklikheid)

Die student wat 'n hoë mate van onafhanklikheid en introversie toon, gematigde impulsiwiteit aan die dag lê en meer selfstandigheid toon in die keuse van beroepsbelangstellings, se kans om akademies goed te presteer, is beter.

Die vyfde en sesde dimensie toon albei 'n positiewe verband met akademiese prestasie alhoewel hulle skynbaar teenoorgesteldes is. Die feit dat albei dieselfde resultaat as gevolg het, nl. goeie prestasie, is wel moontlik omdat elke groep kenmerke in 'n unieke sosiale konteks kan voorkom. In verskillende inrigtings en/of departemente word verskillende verwagtinge van studente gekoester en dit kan meebring dat, óf konformiteit, óf onafhanklikheid beloon word, of andersom.

Enkele van die variante soos: die meer positiewe selfbeeld, die neiging om groter belangstelling te toon in die vakgebiede waarin goed presteer word, 'n groter duidelikheid i.v.m. beroepsbelangstellings, en 'n mindere mate van selfverdediging i.v.m. persoonlike tekortkominge, kan nie by een van die ses dimensies ingeskakel word nie, en word dus as 'n aparte groep genoem. Al die kenmerke toon 'n positiewe verband met akademiese prestasie.

Lavin meen dat alhoewel bogenoemde arbitrêre indeling in dimensies nog empiries bevestig moet word, dit nogtans 'n poging is om die andersins chaotiese aantal bevindings te sistematiseer.

(n) Omgewingsinvloede en spesifieke verhoudings

Soos reeds genoem op p.8, is daar twee opvattinge i.v.m. die aard van nie-intellektuele faktore, nl.:

1. dat dit slegs gesien moet word as persoonlikheidseienskappe, en
2. dat dit ook 'n verskeidenheid van ander nie-kognitiewe aspekte insluit, soos bv. omgewingsfaktore.

In die jongste tyd word daar dan ook alhoemeer aandag bestee aan die rol van omgewingsinvloede en die interaksie tussen individue as moontlike determinante van akademiese prestasie. Heelwat van die ondersoek is dan ook sosiologies van aard. Die bevindings word onder twee hoofde bespreek:

- (i) Demografiese en ekologiese veranderlikes, en
- (ii) Spesifieke verhoudings.

(i) Demografiese en ekologiese veranderlikes

Sosio-ekonomiese status: Dit behels 'n verskeidenheid van aspekte soos: die beroep, opleiding, inkomste, bywoning van 'n bepaalde opvoedingsinrigting en woonplek wat gebruik kan word as 'n aanduiding van die student se familiestatus. As gevolg hiervan word persone op verskillende wyses aan lewens-situasies blootgestel as gevolg waarvan daar dan 'n verskeidenheid van waardes, houdings en motiverings ontstaan wat 'n moontlike verband met akademiese prestasie kan toon.

Sosio-ekonomiese status toon 'n positiewe verband met intelligensie, en beide korreleer weer met akademiese prestasie (Crowley, 1959; Friedhof, 1955; Knief & Stroud, 1959; Miner, 1957; Mitchell, 1956; Noll, 1960; Pinneau & Jones, 1958). Al word die groepe gelyk gemaak t.o.v. intelligensie, toon sosio-ekonomiese status nog 'n lae verband met akademiese prestasie.

Rosen (1956) vind ook 'n verband tussen prestasie-motivering en sosio-ekonomiese status, nl. dat studente wat sterk gemotiveer is, uit die hoër statusgroepe kom. Indien studente egter gelyk gemaak word t.o.v. motivering, verdwyn die verband ook grootliks tussen sosio-ekonomiese status en akademiese prestasie.

Prestasie-waardes is 'n aspek van prestasie-motivering wat bydra tot 'n hoër vlak van beroeps-aspirasie. Dit sluit o.a. die volgende opvattinge in: dit is moontlik om die omgewing te manipuleer; dit is lonend om onmiddellike plesier op te offer vir meer langdurige doeleindes; dit is beter om affektiewe bande met die familie te verbreek indien dit mobiliteit sou strem (Rosen, 1956). Volgens Strodtbeck (1958) toon bogenoemde prestasie-waardes 'n verband met akademiese prestasie.

In die meeste ondersoeke is daar gevind dat sosio-ekonomiese status 'n verband met akademiese prestasie toon. (Bresee, 1957; Coster, 1959; Friedhoff, 1955; Gerritz, 1956; Gibboney, 1959; Knief & Stroud, 1959; Mc Knight, 1958; Mc Quarry, 1953; Mueller & Mueller, 1953, Noll, 1960; Ratchick, 1953; Rosen 1956; Travers, 1949). In sommige ondersoeke is daar egter 'n negatiewe verband gevind, veral op kollege-vlak en wanneer die studente uit die boonste sosio-ekonomiese groepe getrek is. (Boyce, 1956; Davis, 1956; Davis & Frederiksen, 1955; Mc Arthur, 1954 en 1960; Shuey, 1956).

Die verklaring vir die teenstrydige bevindinge kan moontlik gesoek word in die waarde- en persoonlikheidsverskille wat daar tussen die verkillende monsters bestaan het (Lavin, 1965, p. 128).

Die verband is positief tussen akademiese prestasie en sosio-ekonomiese status vir alle lae van die bevolking, behalwe vir die heel boonste groep waar 'n omgekeerde verband gevind is. Hierdie verskynsel word gevind in ondersoeke met skoliere afkomstig van publieke skole en privaatskole. Die groepe het oor dieselfde vermoë beskik. (Davis, 1956; Davis & Frederiksen, 1955; Mc Arthur, 1954). Die studente afkomstig van privaatskole en van 'n hoër sosio-ekonomiese groep het egter gemiddeld swakker presteer as dié afkomstig van publieke skole en 'n ietwat laer sosio-ekonomiese groep. Vir laasgenoemde groep beteken verdere studie 'n moontlike statusverhoging wat as ekstra motivering dien vir beter akademiese prestasie. Vir studente afkomstig van privaatskole is verdere studie moontlik net 'n geval van handhawing van 'n reeds-

verworwe statuspeil en is die behaal van 'n graad belangriker as 'n goeie studierekord.

Dit mag ook wees dat skoliere van privaatskole probleme ondervind i.v.m. aanpassing aangesien die opset by 'n kollege of universiteit minder gestruktueerd is as waaraan hulle op skool gewoond was.

'n Ander moontlikheid is dat middelklas ouers in die opvoedingsproses meer klem laat val op prestasie as sodanig, as die ouers van hoër sosio-ekonomiese groepe wat ander waardes beklemtoon.

Geslagsverskille: In die meeste ondersoeke word daar nie ingegaan op die verband tussen geslag en akademiese prestasie nie. In dié gevalle waar dit wel gedoen is, is gevind dat damestudente akademies oor die algemeen hoër as mans presteer. (Gerritz, 1956; Hoyt, 1959; Hughes 1953; Jackson, 1955; Northby, 1958; Shaw & McCuen, 1960). Ook presteer dames meer in ooreenstemming met hul verstandelike vermoë as mans.

Shaw & McCuen (1960) het nagegaan op watter spesifieke akademiese vlak onderprestasie reeds begin. Die skoolrekords van óór- en onderpresteerders met dieselfde verstandelike vermoë is ondersoek en vir die seuns is gevind dat ondersprestasie reeds so vroeg as graad III (st.I) 'n aanvang neem en algaande toeneem tot graad X (st.VIII) en dan afneem alhoewel die verskille nog beduidend is. By dogters begin die onderprestasie eers by graad VI (st.IV) en neem dan toe. Die aanvang van onderprestasie val hier ook saam met die begin van puberteit.

Dit mag wees dat akademiese sukses 'n ander betekenis het vir mans as vir dames. Vir die man is verdere studie in 'n groter mate 'n middel tot 'n doel as wat die geval is by dames. Weens die groter belangrikheid wat daar aan die toekomstige beroepsbeoefening van seuns geheg word, word daar allerweë ook groter druk op hulle uitgeoefen om skolasties goed te presteer. Té hoë verwagtinge en te veel druk kan dan bv. aanleiding gee tot onderprestasie.

Streek- en gemeenskapsverskille: Volgens Rossi (1961) se opsomming, presteer studente van Noordelike Amerika oor die algemeen beter as dié van die suide. Intelligensie is egter nie in berekening gebring nie.

Alhoewel daar aanduidings is dat stedelike studente beter presteer as landelike studente, is daar egter soveel ander faktore wat hiervoor verantwoordelik kan wees, dat die resultate nie sondermeer aanvaar kan word nie. (Shaw & Brown, 1957; Washburne, 1959; Sanders et al, 1955).

Godsdienstige agtergrond: Strodbeck (1958) en Gerritz (1956) vind dat joodse studente akademies beter presteer as nie-jode, maar hierdie verskille moet eerder toegeskryf word aan sosio- ekonomiese en waardestelsel verskille as wat dit die gevolg is van godsdienstige verskille. Die verskille kan egter ook geneties veroorsaak word.

Ouderdom: In ondersoek met laerskoolkinders, is teenstrydige bevindinge verkry oor die rol wat ouderdom in prestasie speel. (Carter, 1956; Stephany, 1956; Miller, 1957).

Die algemene verwagting is egter dat studente wat gemiddeld ouer is as hul klasmaats, laer sal presteer aangesien dit moontlik juis akademiese probleme is wat hul vordering vertraag het.

Grootte van hoërskool: Hoyt (1959) vind dat leerlinge afkomstig van kleiner hoërskole, swakker presteer op kollege as dié van groter hoërskole, alhoewel (Altman, 1959) nie so 'n verskil vind nie.

Indien daar wel 'n verband sou wees tussen latere akademiese prestasie en grootte van hoërskool, sou gespekuleer kon word dat kleiner hoërskole bv. swakker daaraan toe is t.o.v. uitrusting of gekwalifiseerde- of doeltreffende onderwysers. Aan die ander kant

weer, is dit moontlik dat té groot en oorbevolkte hoërskole n baie onpersoonlike atmosfeer het waarin daar nie na die belange en behoeftes van die individuele leerling omgesien word nie, of waar die aanwesigheid van heelwat swakker tipe kinders n nadelige uitwerking kan hê.

In hoeverre hierdie faktor n rol speel in Suid-Afrika, moet nog empiries bepaal word, veral waar dit die kleiner tipe hoërskool is wat die swaarste getref word deur n tekort aan behoorlik opgeleide onderwysers. Swak onderrig kan aanleiding gee tot skolastiese vertraging wat latere akademiese prestasie nadelig kan beïnvloed.

(ii) Spesifieke verhoudings

Student-student verhouding: In hierdie opsig is dit veral die sosiale aanvaarbaarheid van die student wat deur middel van sosiogramme nagegaan word. Die verband tussen populariteit en akademiese prestasie word dan vasgestel soos in die ondersoek van Johnson (1958) wat n positiewe verband tussen populariteit en akademiese prestasie gevind het. Aangesien hy nie intelligensie as faktor in berekening gebring het nie, sou die verkreë verband moontlik verdwyn het as dit gedoen is.

n Ander aspek wat ook soms ondersoek word, is die invloed van die waardestelsels van ewegroepe op individuele prestasie. Zumwinkle (1954) vind egter geen verband daartussen nie, maar vestig nogtans die aandag op die belangrikheid van die interaksie tussen kamermaats op prestasie as n toekomstige veld van ondersoek.

Euswell (1953) en Quay (1959) vind dat daar reeds op laerskool n verband bestaan tussen populariteit en skoolprestasie, maar sodra verstandelike vermoë in berekening gebring word, verdwyn die verband. Uit hierdie ondersoeke blyk dat sosiale aanvaarbaarheid waarskynlik eerder die resultaat as n determinant van akademiese prestasie is. Laerskoolkinders se oordeel word na alle waarskynlikheid sterk beïnvloed deur dié van onderwysers, m.a.w. ewegroepe se oordeel is eerder n weerspieëling van die onderwysers se verwagtinge. Skoliere wat dus aan die onderwysers se verwagtinge voldoen op grond van hoë prestasies

en sterk verstandelike vermoëns, is moontlik ook die populêrste by hul maats.

Op hoërskoolvlak is die bevindings egter meer gekompliseerd en uiteenlopend van aard. (Edminston & Rhoades, 1959; Ryan & Davie, 1958; Keisler, 1955). Coleman (1959 en 1961) se bevindings werp lig op die teenstrydige resultate, en toon dat die verband deur die aard van ewegroepnorme beïnvloed word. Hierdie norme word bepaal deur elke subgroep se waardestelsel waaraan die individu moet konformeer.

Dieselfde posisie kan op universiteit ontstaan, veral waar die student in 'n groter mate aan 'n verskeidenheid van subgroepnorme blootgestel word. Dit kan 'n nadelige uitwerking op die individu hê indien hierdie norme verskillend sou wees t.o.v. die prioriteit wat aan akademiese prestasie verleen word.

Student-dosent verhouding: Een van die moontlike redes waarom die verband tussen vermoë en akademiese prestasie nie so hoog is as wat verwag word nie, kan waarskynlik gesoek word in oordeelsfoute wat deur dosente by puntetoekenning gemaak word. (Ander aspekte in hierdie verband word bespreek op pp. 61 - 64.)

Die vermoede bestaan dat die puntetoekenning van dosente tot 'n mate 'n weerspieëling is van student-dosent verhouding. Kelley (1958) vind dat die gedragskenmerke van studente in so 'n mate inwerk op die verwagtinge wat dosente van hulle koester, dat dit die puntetoekenning beïnvloed. Sodoende het dit eksamenpunte as gevolg wat nie dieselfde verband met werklike vermoëns toon as wat objektiewe eksamens of prestasietoetse lewer nie. Hy toon ook verder aan dat dié studente aan wie hoër toetspunte toegeken is as wat hulle in 'n latere objektiewe kwartaaleksamen kon behaal, 'n hoër mate van kompulsiwiteit, insekuriteit en konformering toon. Dié studente beskik ook oor 'n swakker vermoë as diegene wat deur dosente in klastoetse verkeerd ge-evalueer is.

'n Ander moontlikheid om die invloed van student-dosent verhoudings na te gaan, is om die mate van kongruensie vas te stel wat tussen die

roldefinisies van die student en die dosent bestaan, en dit te gebruik vir die voorspelling van akademiese prestasie (Lavin, 1965, p.138). Younglich (1955) het wel 'n ondersoek ingestel na die sg. "ideale" student en die "ideale" dosent, maar nie die mate van kongruensie tussen die twee rolle gebruik om akademiese prestasie te voorspel nie. Uit sy ondersoek blyk dit egter dat daar groter ooreenstemming is oor die definisies van die studente-rol as dié van die dosent. Eersgenoemde rol sluit kenmerke in van: ywer, volwassenheid, samewerking, intelligensie, betroubaarheid en integriteit, terwyl die ideale dosente-rol gekenmerk word deur: begrip, vermoë om te kommunikeer, rypheid en stimulering.

Daar is heelwat navorsing i.v.m. verhoudings op skoolvlak gedoen. (Battle, 1957; Carter, 1953; Siegel, 1956; Moss, 1955; Getzels & Jackson, 1961; Malpass, 1953; Davidson & Lang, 1960; Baker & Doyle, 1959; Ryans, 1961; Rosenfeld & Zander, 1961; Christensen, 1960; Stringer, 1959). Uit hierdie ondersoeke blyk:

dat skolier-onderwyser waardes, houdings en verwagtings 'n direkte verband met skoolprestasies toon:

dat daar veral op laerskool 'n verband is tussen die onderwyser en die leerling se gedrag;

dat die onderwyser se gedrag en optrede 'n invloed op die kind se skoolprestasies uitoefen.

Familieverhoudings: Die ondersoeke i.v.m. familiefaktore en akademiese prestasie kan in twee kategorieë ingedeel word:

1. Dié wat handel oor demografiese aspekte soos: die getal kinders in die familie, die rangorde van geboorte, geslag en ouderdomsverskille tussen kinders (Bernstein, 1958; Nisbet, Hunt, 1961; Weitz & Wilkinson, 1957; Schoonover, 1959; Brim, 1958).
2. Dié wat ingaan op familie-interaksie veral m.b.t. die houdings van familielede en die invloed daarvan op kinders en studente

se akademiese prestasies. (Strodtbeck, 1958; Gilmore, 1951; Kimball, 1953; Tibbetts, 1955; Drews, 1957; Fliegler, 1957). Laasgenoemde vind bv. dat daar veral vier kenmerkende huislike omstandighede is wat onderprestasie by begaafde kinders in die hand werk:

1. 'n neutrale en onbelangstellende siening i.v.m. onderwys deur ouers;
2. óórangstige, óórbesorgde, sorgelose, of wispelturige ouers;
3. lou en onverskillige ouers;
4. 'n gebrek aan 'n gees van samewerking in die familie.

Fliegler beweer dat bogenoemde huislike omstandighede aanleiding gee tot: 'n wantroue in mense; 'n negatiewe houding teenoor die leer-situasie en 'n verlaging van aspirasiepeil.

Alhoewel die bevindinge van uiteenlopende aard is, blyk dit tog dat die huislike lewe 'n belangrike faktor is in akademiese prestasie. Suksesvolle studente kom waarskynlik uit 'n familie wat gekenmerk word deur hartlikheid en belangstelling, waar die kind 'n redelike mate van medeseggenskap het in die neem van besluite, en waar daar 'n neiging is tot ooreenstemming t.o.v. kwessies van belang.

Vroeë universiteitsverlating ("drop-out")

Oor die algemeen speel dieselfde faktore 'n rol by swak presteerders as by diegene wat na 'n korter of langer verblyf aan die universiteit hul studie staak en die universiteit verlaat ("drop-outs").

In sommige gevalle is daar by die verlaters egter sekere faktore wat alleenlik op hulle van toepassing is en 'n deurslaggewende rol speel, soos bv. gebrek aan geld; vroeë huwelike; verkeerde studierigting; daar word afgesien van universiteitsopleiding vir 'n professie; meer persoonlike sake soos siektes, ongelukke, bepaalde huislike omstandighede en 'n gebrek aan verstandelike vermoë. Volgens Rose (1965) moet daar ook 'n onderskeid gemaak word tussen vrywillige verlating en diegene wat nie 'n graad kan verwerf nie. Eersgenoemde gevalle wat ten spyte van goeie prestasies die universiteit verlaat, verskil t.o.v. hul motiewe van laasgenoemde groep.

Net soos in die geval van onderprestasie en minder suksesvolle studie, is daar 'n groot getal ondersoeke wat oor vroeë universiteitsverlaters handel. Aangesien hierdie ondersoek nie spesifiek oor dié bepaalde groep gaan nie, sal kortliks volstaan word met die jongste beskikbare opsomming van Saenger-Ceha (1970) oor dié bepaalde verskynsel.

1. Belangrikheid: Benewens die ekonomiese verlies t.o.v. geld en mannekragpotensiaal, is daar ook die meer humanistiese oorwegings: vroeë verlating is 'n aanduiding van wanfunksionering wat gedeeltelik aan sielkundige moeilikhede toegeskryf kan word (Levenson, 1965).

Die probleme waarvoor die student professionele hulp wil verkry, kan volgens Querido (1951) in drie groepe verdeel word:

- probleme met studie as sodanig;
- moeilikhede i.v.m. interpersoonlike verhoudings;
- seksuele moeilikhede.

Hierdie drie probleme word deels veroorsaak deur die moeilikheid wat die student ondervind om sy balans in 'n nuwe omgewing te vind.

Die feit dat daar aan universiteite tans in 'n groter mate voor-

siening gemaak word vir die diagnosering en behandeling van sielkundige probleme, dui op die belangrikheid daarvan vir die student en die universiteit.

Aangesien vroeë verlating 'n funksie is van die interaksie tussen student en die akademiese omgewing, word daar ook alhoemeer aandag geskenk aan leerplanne, onderrigmetodes, ens. as moontlike bydraende faktore.

Veral in Amerika word heelwat navorsing i.v.m. vroeë universiteitsverlating gedoen. 'n Moontlike bykomstige rede hiervoor is die feit dat studente in die V.S.A. nie outomaties tot kolleges of universiteite toegelaat word na suksesvolle aflegging van die skoolleindeksamen nie. Toelating word alleenlik verkry op grond van skoolrekords, toelatings-eksamens en onderhoude. Die voorspellingswaarde van hierdie keuringsmetodes is dus van groot belang.

2. Omvang van die probleem: Volgens Iffert (1956) se ondersoek in die V.S.A. vir die Amerikaanse Departement van Onderwys, het 60.5% van 'n monster van 13,700 studente oor 'n tydperk van vier jaar hul studie gestaak. In die daaropvolgende tien jaar het 60% van die verlaters egter weer hul studies hervat en gegraduateer. Dit beteken dat 76% (d.w.s. die oorspronklike 40% wat nie tou opgegooi het nie en 36% van die oorspronklike verlaters) uiteindelik hul studies voltooi het. Iffert vind ook dat die eerste jaar van na-skoolse studie die grootste getal verlaters oplewer.

Volgens die Hollandse Buro van Statistiek word daar in Holland dieselfde probleem ondervind. Uit 'n ontleding van studente wat gedurende 1954-1957 vir die eerste keer aan 'n universiteit ingeskryf het, kon bv. in die sosiaal-wetenskaplike rigting ongeveer 40% mans en 50% dames selfs na ag jaar studie nie die kandidaatseksamen slaag nie. (Hierdie eksamen kan normaalweg na drie of vier jaar afgelê word en is 'n voorvereiste vir doktorsale studie.) Met uitsondering van regsstudente kon die meerderheid van studente hul kandidaatseksamen eers na vier jaar studie slaag.

3. Veelvuldige redes vir vroeë verlating: Benewens 'n gebrek aan verstandelike vermoëns, of onvoldoende skolastiese voorbereiding vir universiteitstudie, is daar die afgelope tyd alhoemeer aandag geskenk aan 'n groot getal heterogene veranderlikes wat, óf alleen, óf in samewerking met mekaar aanleiding gee tot vroeë universiteitsverlating.

Elliot, Voss & Wendling (1966) onderskei bv. tussen: die onvrywillige verlaters (a.g.v. ongelukke, geldelike probleme, ens.); dié groep wat nie in staat is om die werk te bemeester nie a.g.v. 'n lae I.K., swak leesvermoë of studiegewoontes; en die bevoegde groep wat staak a.g.v. gedragsprobleme, swak klasbywoning en sielkundige redes.

Halladay & Andrew (1958) vind dat 36% van 'n groep vroeë verlaters heeltemal bevredigend presteer het voor verlating, terwyl Koelsche (1956) vind dat 25% van 'n toevallige monster van 180 verlaters uit die boonste 20% van die hoërskool kom. Ook Slater (1957) vind dat om aan te bly op universiteit, geen verband toon met punte behaal in toelatingseksamens vir universiteit nie. Dieselfde bevinding is verkry wanneer skoolpunte as voorspeller gebruik is. Meesal is egter gevind dat die vroeë verlaters oor die algemeen laer skoolpunte behaal het as diegene wat aangebly het op universiteit.

4. Nie-intellektuele faktore: Afsiesien van intellektuele faktore is daar 'n groot getal nie-intellektuele faktore wat 'n rol speel in vroeë universiteitsverlating:

(a) Omgewing: Volgens Astin (1964) se ondersoek met 6,600 begaafde studente, kom die uiteindelijke verlaters uit die laer sosio-ekonomiese vlakke. Saunders & Boyd (1955) vind ook dat studente afkomstig uit die stede, nie beter presteer as diegene uit landelike gebiede nie.

Uit die ondersoeke van Warriner et al. (1966); Carter & McGinnes (1952) blyk dit dat vroeë verlaters se ouers dikwels ook onsuksesvol op universiteit was, m.a.w. die bestaan van 'n model en 'n omgewing (klimaat) met sekere houdings, waardes en verwagtinge, toon 'n verband met akademiese sukses. In die middelklas sosiale groep is houding

teenoor prestasie en mededinging; 'n beklemtoning van intellektuele bekwaamheid en 'n neiging tot hoër sosiale mobiliteit moontlik die onderliggende oorsaaklike veranderlikes wat sal bepaal of 'n student sal aanbly op universiteit, al dan nie. Die ondersoek van Smith (1965) toon aan dat goeie akademiese presteerders oor die algemeen meer godsdienstig en besorg is oor kulturele aspirasies en naastediens as ten opsigte van status, geld en 'n gemaksgtige lewe.

Die universiteitsmilieu is ook van belang. Studente uit die laer sosiale klasse mag verwerp word, of voel hulle word verwerp, deur studente afkomstig uit die middelklas en dit kan 'n negatiewe uitwerking hê op die voortsetting van hul studies. (Vervoort, 1959).

Dit is ook gevind dat jonger studente oor die algemeen suksesvoller is as ouer studente en hul kursusse gouer voltooi.

(b) Sielkundige faktore: Terwyl 'n student se verstandelike vermoë en sy omgewing slegs binne perke moontlik beïnvloed kan word, is sielkundige faktore meer aan beïnvloeding onderworpe. 'n Aantal sielkundige faktore is in ondersoeke gebruik om na te gaan of hulle 'n verband met vroeë universiteitsverlating toon:

(i) Motivering: Volgens McClelland et al. (1953) is prestasie-motivering 'n belangrike aspek i.v.m. akademiese sukses. Die bevindings verkry met vroeë verlaters is egter van teenstrydige aard, soos ook gevind in die geval van suksesvolle en minder suksesvolle studente (p. 26). Die redes vir die teleurstellende verband tussen prestasie-motivering en vroeë universiteitsverlating, is waarskynlik dieselfde soos bespreek op p. 27.

(ii) Belangstelling: Daar is nie veel Amerikaanse studies wat handel oor belangstellings en vroeë verlaters nie. Dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die meeste van die ondersoeke oor vroeë universiteitsverlating oor kollegestudente handel. Hierdie studente ontvang 'n meer algemene as gespesialiseerde opleiding.

Abel (1966) vind egter dat hoe groter die mate van onseker-

heid by studente t.o.v. hul akademiese- en beroepsdoelstellings, des te meer van hulle slaag nie daarin om hul kursusse te voltooi nie. Greenfield (1964) vind ook by eerstejaar ingenieurstudente dat diegene wat hul studies staak, dit doen omdat hulle o.a. nie genoegsame belangstelling in die vakrigting getoon het nie.

(iii) Aspirasies: Aspirasie toon 'n verband met die behoefte aan prestasie. Die begrip aspirasie moet egter onderskei word van die populêre betekenis soos die strewe na 'n goeie betrekking, geld, prestige, 'n goeie huwelik, ens. Aspirasie word gedefinieer in terme van die wanverhouding wat daar bestaan tussen werklike prestasie gelewer in die uitvoer van 'n taak en die prestasie wat die persoon gemeen het om te bereik.

Tuel & Wursten (1965) vind geen verband tussen aspirasie en prestasie nie, terwyl Worrel (1959) aantoon dat 'n groot getal vroeë verlaters aangetref word in 'n groep studente wat onrealistiese hoë aspirasies koester en 'n groot wanverhouding tussen verwagte prestasie en werklike prestasie toon.

(iv) Onvolwassenheid: In dié ondersoek waar motivering en aspirasie as spesifieke persoonlikheidsveranderlikes nagegaan is as moontlike faktore wat vroeë verlating tot gevolg het, word onvolwassenheid ook as faktor genoem. Aspekte soos impulsiwiteit, gebrekkige kontrole, onverantwoordelikheid, 'n minder selfkritiese houding, selfgesentreerdheid, sorgeloosheid, selfgelding en hooghartigheid wat almal op onvolwassenheid dui, word by vroeë verlaters aangetref. (Saranoff & Raphael, 1955; Grace, 1957; Jones, 1964; Astin, 1964). Holland (1960) vind weer dat goeie presteerders verantwoordelik, stil en onderworpe is.

(v) Afhanklikheid - Onafhanklikheid: Onafhanklikheid is 'n kenmerk van volwassenheid en sluit die vermoë in om bv. selfstandig te studeer. Grace (1957) vind dat afhanklikheid 'n verband toon met vroeë universiteitsverlating, terwyl Chickering (1964) die verkryging van onafhanklikheid as 'n belangrike doelstelling van verdere studie beskou en verder beweer dat akademiese kriteria nie genoegsaam is om studente vir selfstandige studie te keur nie.

In teenstelling met Amerikaanse studente is die posisie in Holland bv. dat die student groter vryheid geniet t.o.v. klasbywoning, naslaanwerk, wanneer om te studeer en eksamen af te lê, ens.

In die jongste tyd word daar egter bedenkinge geopper t.o.v. die waarde en voortreflikhede van so n stelsel van akademiese vryheid. (Bot, 1965; Silleviss, 1956; Snijders, 1957; Vervoort, 1959). Deur hierdie ondersoekers word daar o.a. gewys op die groot gaping tussen studente en dosente, en hoedat daar teen sosiale isolasie gewaak moet word.

Stellwag (1965) wys dan ook daarop dat die oorgang vanaf die skool met sy gerigte voorligting en leiding, tot die universiteit met bykans algehele vryheid, vir baie studente te moeilik is. Gewoonlik weet hierdie studente dan nie hoe om die nuutgevonde vryheid te benut nie. In die sestigerjare het baie universiteite in Holland dan begin met studievoorligting. Sowel Meuwese & Crombag (1964) as Gras & Holleman (1966) vind dat daar tog aanduidings is dat studievoorligting positiewe bydraes kan lewer.

(vi) Selfgelding en houdings t.o.v. gesag: Uit die ondersoeke van Chambers et al. (1965); Holland (1960); Grace (1957) en Astin (1964) blyk dit dat vroeë universiteitsverlaters o.a. gekenmerk word deur: groter aggressiwiteit; meer teenstand teen gesag en beheer; groter selfgelding en n ongeneentheid om te konformeer.

(vii) Aanpassing: Ondersoeke in hierdie verband handel oor: aanpassing as geheel, of oor verskillende manifestasies van aanpassing en die wyse waarop die individu homself sien en die wyse waarop hy by sy sosiale omgewing aanpas.

Aanpassing as geheel: Aanpassing as geheel word gemeet m.b.v. projeksietoetse en toetse van meer gestruktureerde aard. Volgens Stein (1963) is daar wel n verband gevind tussen akademiese prestasie en die tellings behaal op bogenoemde toetse, soos aangetoon in die ondersoeke van Berger & Sutker (1956); Thompson (1951); Blechner & Carter (1956); Sopchack (1958); Barry & Jones (1959); Stone & Ganung (1956);

Yeomans & Lundin (1957). Die resultate behaal met projeksietoetse is egter minder konstant en differensiërend van aard as dié van gestruktueerde toetse.

Alhoewel Stein beweer dat bogenoemde ondersoeke van min waarde is aangesien die presiese aard van die student se moeilikhede nie daaruit vasgestel kan word nie, is daar egter ander ondersoeke wat wel lig hierop werp. So bv. vind Yeomans & Lundin (1957) dat swak presteerders oor die algemeen nie alleen swakker aangepas is as goeie presteerders nie, maar ook dat daar verskille gevind is tussen die twee groepe op sekere skale van die M.M.P.I.

In 'n oorsig van die literatuur i.v.m. die verband tussen neurotisme en akademiese sukses, vind Tuel & Wursten (1965) dat hulle nie sondermeer kan beweer dat daar 'n verband bestaan tussen neurotisme en akademiese prestasie nie, en veral nie in die geval van vroeë universiteitsverlaters. Die afwesigheid van verband kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat sekere tipes van neurotiese trekke, die persoon juis dryf tot uiterste pogings, terwyl ander trekke weer belemmerend inwerk. (Mac Lachlan & Burnett, 1954).

Na aanleiding van bogenoemde ondersoek beweer Stein (op cit.) dat dit nie alleen belangrik is om meer inligting in te win i.v.m. die student se probleme nie, maar ook i.v.m. sy houding t.o.v. die probleme en die manier waarop hy dit die hoof bied. Terugtrekking (d.w.s. verlating) skyn een van vele maniere te wees om op moeilikhede te reageer.

Selfkonsep: Die agting wat 'n persoon vir homself het (self-aanvaarding) kan as 'n aspek van aanpassing beskou word. Shaw & Alves (1963) toon aan dat swak presteerders oor die algemeen 'n meer negatiewe selfkonsep omtrent hulself het as goeie presteerders. In sommige gevalle skyn 'n negatiewe selfkonsep akademiese prestasie te belemmer, terwyl 'n negatiewe selfkonsep waarskynlik weer in ander gevalle die gevolg is van swak akademiese prestasie. (Tuel & Wursten, 1965). Hier is dus sprake van 'n moontlike wederkerige beïnvloeding.

'n Negatiewe selfkonsep kan moontlik ook sy oorsprong hê in die wyse waarop die persoon grootgemaak is, soos in die geval van 'n streng ouer wat altyd sy afkeuring te kenne gee en eerder die klem op mislukkings laat val as op dit wat bereik is. Selfs sosiale faktore soos 'n swak agtergrond kan in 'n klasbewuste gemeenskap 'n negatiewe selfkonsep tot gevolg hê.

Berger (1961) vind dat studente wat in 'n hoër mate bereid is om hul beperkinge te aanvaar, oor die algemeen ook beter eksamenpunte behaal. Onderpresteerders, daarenteen, is net gencig om die goeie in hulself te sien en blyke te gee van 'n ge-idealiseerde selfbeeld wat nie in ooreenstemming is met die werklikheid nie. Hulle stel hoër standaarde aan hulself en glo dat hulle goed kan presteer met weinig inspanning. Ook wil hulle nie die risiko loop om foute te begaan, teleurgestel te word, of swak te presteer nie. Dit is voor die hand liggend dat genoemde sienings ook nie bevorderlik kan wees vir goeie studiegewoontes nie en daartoe aanleiding gee om mislukkings eerder na buite te projekteer as om dit aan gebrekkige inspanning toe te skryf.

Lum (1960) vind ook 'n verband tussen selfvertroue en akademiese prestasie by 'n groep damestudente. Oorpresteerders neig tot groter selfvertroue en toon 'n groter vermoë om onder selfopgelegde druk te werk, terwyl onderpresteerders meer geneig is om uit te stel en op eksterne druk staat te maak om werkopdragte te voltooi. Laasgenoemdes staan ook meer krities teenoor die opvoedkundige metodiek en -filosofie. Onderpresteerders is waarskynlik nie in staat om hul beperkinge te aanvaar en ouerlike eise t.o.v. prestasie te internaliseer nie, maar is van eksterne druk afhanklik.

'n Positiewe selfkonsep en 'n beperkte teenstrydigheid tussen die werklike self en die ideale self, kan moontlik in verband gebring word met goeie studiegewoontes en gevolglik ook akademiese prestasie.

Sosiale aanpassing: 'n Gebrek aan sosiale aanpassing en 'n onvermoë om by die universiteitsatmosfeer aan te pas, kan ook in verband gebring word met vroeë verlating. Hierdie verband kan moontlik ver-

klaar word op grond van 'n diepliggende onvermoë om met ander mense te meng, óf dat 'n bepaalde agtergrond sommige studente se aanpassing meer bemoeilik as vir diegene wie se huislike agtergrond en waardes meer in ooreenstemming is met die akademiese opset. (Gibbs, 1965; Alfert, 1966).

Skygbaar is daar egter 'n verskil tussen kulture t.o.v. die voorkeur om alleen te wees, al dan nie, soos blyk uit Van Parreren & Schutte-Poen (1964) se ondersoek in Holland. Hulle vind dat studente wat verkies om alleen te studeer sonder eksterne stimulering, beter presteer en hul kursus gouer voltooi.

5. Identifikasie met ouers: Die huislike opvoeding speel heel moontlik 'n belangrike rol in die student se aanpassing. Om dié rede het 'n aantal ondersoekers die verband tussen ouer-kind verhoudings en vroeë universiteitsverlating nagegaan. Daar is veral aandag geskenk aan die wyse waarop die student homself met sy ouers identifiseer, omdat die mate van identifikasie waarskynlik 'n verband het met die selfkonsep en aanpassing by die omgewing.

Uit die ondersoeke van Shaw & White (1965); Heilbrun (1962) en Longstreth et al. (1964) blyk dat identifikasie met die ouers 'n positiewe verband met akademiese prestasie toon. Presteerders, in vergelyking met swak presteerders, identifiseer hulself nie alleen meer met hul ouers nie, maar ook in 'n groter mate met die ouer van dieselfde geslag. Uit al drie ondersoeke blyk ook dat ouerlike waardes, gedrag, en die internalisering van ouerlike voorskrifte 'n belangrike rol speel in die persoonlikheidsontwikkeling van die kind.

Van belang is ook die ideale wat deur ouers aan hul kinders voor-gehou word en watter van hierdie ideale geinternaliseer word. Shore & Leiman (1965) vind dat akademiese bekwaamheid, al dan nie, deur die ouers van goeie presteerders as bates of laste vir akademiese studie beskou word, in vergelyking met die siening van onderpresteerders se ouers dat dit persoonlikheidstrekke en sosiale vermoëns is. Ouerlike verwagtinge kan dus moontlik 'n belangrike rol speel i.v.m. latere

akademiese probleme. Die ondersoek van Wyer (1965) toon aan dat self-aanvaarding en ouerlike aanvaarding 'n verband toon met akademiese doeltreffendheid, wat ook in die geval van seuns kan beteken dat hulle dié eienskappe wat goeie prestasie as gevolg het, hulle eie gemaak het op grond van die waarneming daarvan by hul vaders.

In die geval van suksesvolle studente is ook gevind dat die identifikasie met die ouer eg is en dat daar ware internalisering is van die ouerlike waardes i.v.m. akademiese sukses. (Levenson, Stockhamer & Feiner, 1967; Congdon, 1964).

6. Interaksie tussen omgewing en persoonlikheid: Dit is vanselfsprekend dat vroeë universiteitsverlating die gevolg is van die interaksie van 'n aantal faktore. Stern (1962) beweer dat dieselfde persoonlikheidsveranderlikes, soos bv. hoë mate van afhanklikheid en 'n behoefte aan konformiteit 'n bate kan wees in 'n bepaalde omgewing, maar 'n las in 'n ander omgewing. Hy toon aan dat daar op verskillende wyses 'n interaksie is tussen persoonlikheidsveranderlikes en akademiese sukses, afhangende van die eise en verwagtinge van 'n bepaalde inrigting.

Cattell (1955) en Drevdahl (1956) toon bv. aan dat skeppendheid net gedeeltelik met akademiese sukses oorvleuel. Die skeppende persoon is intelligent, emosioneel ryp, selfvoorsiener, gespanne, onsosiaal, bedruk, impulsief en minder onderworpe aan groepstandaarde. Dit mag gebeur dat sommige inrigtings eerder die student verkies wat konformeer as die skeppende nie-konformeerder. Die kwessie van selfhandhawing en konformiteit in verskillende akademiese omgewings, behoort verder ondersoek te word.

Die verskille in milieu en ideologie tussen inrigtings is 'n moontlike rede waarom daar soms verskille gevind word tussen ondersoeke by verskillende inrigtings.

Eksamenpunte as kriterium

Met weinig uitsondering is eksamenpunte die tradisionele kriterium vir akademiese sukses. Soms word daar oorsê ook in 'n mindere mate van prestasietoetstellings gebruik gemaak.

Volgens Nichols (1966) is daar egter 'n algemene ontevredenheid met die gebruik van eksamenpunte as kriterium, aangesien die student wat die hoogste punte behaal, nie noodwendig in die latere lewe die nuttigste is of die grootste bydrae lewer nie.

Die vraag ontstaan dus of hierdie kriterium nog aan sy doel beantwoord (Lavin, 1965, p.14; Fishman, 1958; Dyer, 1960). Die feit bly dat eksamenpunte belangrik is vir diegene wat studente moet selekteer, en as gevolg hiervan word goeie eksamenpunte op skool sterk beklemtoon en ook by verdere studie as einddoel gestel. Aangesien studie ook as 'n oorgangs- en voorbereidingstydperk gesien kan word, ontstaan die vraag in hoeverre daar 'n verband bestaan tussen verskillende studenteprestasies en latere prestasies as volwassenes m.b.t. beroepssukses, beroepsprestasie, 'n kritiese houding of skeppendheid.

Soms word ander kriteria gebruik ter aanvulling van, of as plaasvervangers vir eksamenpunte, soos intellektuele weetgierigheid (Brown, 1960); aanvaarding op universiteit (Buckton & Doppelt, 1955); beroepskeuse van goeie en swak studente (Melton, 1955), en die kwaliteit van verbale ekspressie van graadstudente (Webb, 1956).

Hoyt (1965) beweer dat daar min verband is tussen bv. kollegepunte en prestasies na kollege, terwyl Holland & Richards (1965) ook meen dat 'n student se buitemuurse prestasies meer in ooreenstemming met sy prestasies na graduering mag wees as wat die geval sou wees met akademiese prestasie. So bv. vind Mackinnon (1960) dat sommige skeppende wetenskaplikes en argitekte as studente baie gemiddeld geprester het, en Holland (1960) dat dié faktore wat 'n aanduiding is van goeie prestasie by studente met 'n hoë intelligensie, negatief korreleer met skeppendheid. Hierdie bevindings dui daarop dat hoë eksamenpunte op sigself nie genoegsame aanduiding is om diegene uit te ken wat skeppende bydraes na universiteit sal lewer nie. Ander

aspekte van studentegedrag behoort dus ook in berekening gebring te word. Stalnaker (1965) sê in sy bespreking van die Amerikaanse "National Merit Scholarship" seleksieprogram: "We want to find students who will succeed in college, but - much more important - will also use their college education in some socially desirable, productive way after graduation. How relevant are grades to this goal? Do you inquire of your accountant, your physician, or your lawyer the grades he received in college? Predicting grades has little social significance." (p. 134)

Soos blyk uit die talle ondersoeke i.v.m. intellektuele en nie-intellektuele voorspellers is die verband daarvan laag met akademiese prestasie. Meesal word die onbevredigende verband toegeskryf aan gebrekkige meetinstrumente. Min aandag is egter bestee aan die moontlikheid dat die lae korrelasies ook veroorsaak kan word deur onkontroleerbare faktore wat inwerk en aanleiding gee tot variasies by eksamenpunte (Baker & Doyle, 1959; Bendig, 1953; Fishman, 1958; Kelly, 1958).

Ten spyte van eerlike pogings om die beoordeling van studente so billik en objektief moontlik te laat geskied, moet daar tog gewys word op faktore en praktyke wat die betroubaarheid en geldigheid van eksamenpunte nadelig beïnvloed, soos bv.:

- (i) Die toekenning van 'n indrukspunt gebaseer op 'n enkele toetsgeleentheid, mondelinge eksamen of werkstuk.
- (ii) Die onvermoë van sommige dosente om duidelike, weldeurdagte eksamenvrae te formuleer.
- (iii) Die stel van vrae oor onbelangrike gedeeltes van die werk om die studente te verwar en vas te vra.
- (iv) Die aandrang op blote reproduksie van feite, sonder dat daar ook 'n beroep gedoen word op insig, redeneervermoë en gesonde oordeel.
- (v) Geen, of te min erkenning vir selfstandige studie en -naslaanwerk of oorspronklikheid.
- (vi) Die feit dat die nasien van toetse soms gelaat word in die hande van onervare juniors en assistente.

- (vii) Verskillende dosente meet dikwels met verskillende maatstawwe soos blyk uit die manier van toetsing deur middel van lang vrae, kort vrae, of 'n kombinasie daarvan.
- (viii) Studente het verskillende dosente wie se beklemtoning verskillend kan wees.
- (ix) Sommige dosente kan ook meer toegeeflik wees met die toekenning van punte as ander.
- (x) Die moontlikheid van implisiete subjektiewe kriteria by puntetoekenning is ook nie uitgesluit nie, soos bv. dat die dosent beïnvloed kan word deur sekere eienskappe van die student, soos bv. sosiale status en geslag (Carter, 1953).
- (xi) Die feit dat alle studente nie dieselfde kursus of vak-kombinasie neem nie, sowel as die moontlikheid dat alle kursusse nie noodwendig ewe moeilik is nie.
- (xii) Die verskil in vermoë tussen studente om hulle verbaal uit te druk.

Weens die moontlike inwerking van bogenoemde faktore word die vergelykbaarheid van eksamenpunte bemoeilik. Dat daar tog aandag gegee word aan die moontlikheid om eksamenpunte te kontroleer, blyk uit Fishman (1958) se voorstel vir die gebruik van standaard prestasietoetse. Hierdeur sou groter objektiwiteit verkry kan word, maar daar sal tog nog probleme ontstaan om voorsiening te maak vir die verskeidenheid van vakkombinasies. Hierdie toetse sou hoogstens as bykomstige inligting kon dien, maar nie as enigste maatstaf nie, anders sou die dosent of onderwyser as teoretiese belangrike faktor uitgeskakel word. In 'n sekere mate is 'n eksamenpunt ook die resultaat van 'n interaksie tussen student en dosent (Carter, 1953).

Ten spyte van diegene wat voorstanders is van ander intellektuele en nie-intellektuele maatstawwe vir akademiese prestasie, is dit op hierdie stadium te betwyfel of die tradisionele eksamenpunte as kriterium vervang sal word (Heist & Webster, 1960; Thistlethwaite, 1963; Sanford, 1956; Yonge, 1965). Brown (1960) het in hierdie verband ook aangetoon dat sulke nuwe kriteria wel aanvaar kan word, maar dat daar nog baie

probleme op die gebied van kriteriumbetroubaarheid is wat opgelos moet word: "The prospect of newer and better criteria is exciting, as it offers fresh possibilities for relating the role of the college to the total development of the individual. However in terms of selection and guided-admission procedures, it raises a host of new problems - including that of whether or not it is defensible to select for college on other than intellectual grounds. At the technical level, it is likely that non-intellectual predictors will really come into their own when non-intellectual criteria are available for them to aim at. On the other hand, this implies the independent designation of predictor and criterion instruments or procedures in the non-intellectual domain, and this designation has not yet been made (Fishman & Passanella, 1960, p. 306). An attempt to deal with conflicting interests and difficult technical problems in the criterion area was made by Fishman. Many additional attempts are needed."

.....

HOOFSTUK IIDOELSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEKA. DOELSTELLING

Die doel van hierdie ondersoek is om na te gaan watter faktore n rol speel in, en n bydrae lewer tot suksesvolle en minder suksesvolle studie by universiteitstudente oor hul volle graadtermyn. Die volgende is veral ondersoek:

(a) of daar beduidende verskille bestaan tussen suksesvolle- en minder suksesvolle finalejaarstudente t.o.v.:

- (i) verstandelike vermoë,
- (ii) laer- en hoërskoolprestasies,
- (iii) wetenskaplike- en letterkundige begrip,
- (iv) syfervermoë,
- (v) aanpassing,
- (vi) studiehoudings en -metodes,
- (vii) persoonlikheidseienskappe,
- (viii) aanvullende persoonlike inligting soos verskaf deur die studente self,
- (ix) psigo-fisiologiese metings;^{*}

(b) die sterkte van enige moontlike betekenisvolle verband tussen bogenoemde veranderlikes en suksesvolle- en minder suksesvolle akademiese studie;

(c) of daar faktore geïsoleer kan word wat verantwoordelik is vir die verskil in akademiese prestasie tussen suksesvolle- en minder suksesvolle finalejaarstudente.

Variante (a): (i), (ii), (iii) en (iv) se bydraes tot suksesvolle studie is bepaal na aanleiding van die prestasies van n monster van 1339 finalejaarstudente, terwyl variante (a): (v), (vi), (vii), (viii) en (ix) in besonder nagegaan is by n groep suksesvolle studente (65) en minder suksesvolle studente (60) getrek uit die oorspronklike monster van 1339 finalejaarstudente.

* In hierdie ondersoek word die psigo-fisiologiese metings buite rekening gelaat, aangesien dit in afsonderlike ondersoeke i.v.m. die submonster behandel is.

B. METODE VAN ONDERSOEK

Aan die begin van 1964 is daar 'n aanvang gemaak met die huidige ondersoek. Hierdie ondersoek vorm 'n onderdeel van 'n groter projek i.v.m. "Die Hoog- en Laagbegaafde Student - 'n Sielkundige Onderzoek" wat onderneem is deur die Departement Sielkunde van die Universiteit van Stellenbosch met behulp van 'n ad hoc-toekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Anders as die meeste plaaslike en oorsese ondersoeke i.v.m. die akademiese vordering van universiteitstudente, word daar in hierdie ondersoek van finalejaar- in plaas van eerstejaarstudente gebruikgemaak. Die hoofredes hiervoor was:

- (a) Sodoende kan daar 'n deurlopende beeld van akademiese vordering verkry word. In die meeste ondersoeke van hierdie aard word akademiese sukses bepaal volgens punte behaal aan die einde van die eerste semester, of die einde van die eerste studiejaar. Baie nuwelinge aan die universiteit maak aan die begin 'n moeilike tyd deur om hulself aan te pas by die nuwe omstandighede. In sommige gevalle duur dit weke of maande waarin hulle selfs traumatiese ervarings kon gehad het. Dit is baie moontlik dat so 'n tydperk 'n negatiewe invloed op akademiese prestasie kan hê. Gedurende hierdie periode probeer hulle om antwoorde op hul probleme te vind d.m.v. probeer-en-tref metodes, die raad van ouer en meer ervare maats te soek, of deur ouers, departementshoofde, dosente en voorligters te raadpleeg. Sommige studente slaag dan ook daarin om hul probleme te bowe te kom. Die gevolge van hierdie veranderinge word nie noodwendig in die student se eerste semester- of eerstejaar-punte weerspieël nie.

In die tweede semester of tweedejaar is daar soms 'n verbetering van toetspunte, maar die student is reeds as 'n swak presteerder of onsuksesvolle student geklassifiseer ten tye van die bepaalde ondersoek gedurende die eerste semester of eerste studiejaar.

Dieselfde geld vir studente wat aanvanklik goed presteer en as sodanig geklassifiseer word, maar na die eerste semester of -jaar gerus raak of probleme ondervind en dikwels as gevolg hiervan onsuksesvolle studente en swak presteerders word.

Bogenoemde redes beklemtoon die wenslikheid om akademiese prestasies oor 'n langer tydperk te neem.

- (b) Finalejaarstudente kan moontlik 'n beter oordeel vel oor akademiese-, aanpassings- en persoonlikheidsprobleme as onervare eerstejaarstudente.
- (c) Uit hierdie ondersoek mag daar moontlike tendense te voorskyn kom wat van waarde mag wees vir voorligting aan latere voornemende studente.
- (d) Om na te gaan of die akademiese rekords van finalejaarstudente beter is as dié van eerstejaars waaroor daar soveel verontrusting is.

Uit hierdie groep finalejaarstudente moes voorts vasgestel word watter as suksesvolle studente beskou word en watter nie.

Aan die benaming "suksesvolle student" kan verskillende betekenis geheg word. Dit kan o.a. die volgende insluit:

- die student wat deurgaans werk van 'n hoër gehalte lewer;
- die student wat presteer volgens sy vermoë;
- die student wat daarin slaag om sy kursus in die voorgeskrewe tyd te voltooi, afgesien daarvan of hy volgens sy vermoëns presteer, al dan nie;
- die student wat ten spyte van een of meer herhalings of hereksamens tog ook uiteindelik daarin slaag om sy kursus te voltooi en 'n graad of diploma te verwerf, selfs al sou hy dubbel die tyd neem wat vir die kursus bedoel is;
- die student wat ten spyte van aanvanklike mislukking, wel suksesvol is na verandering van kursus.

Uit bogenoemde is dit egter duidelik dat daar ook gepraat kan word van "meer suksesvol" en "minder suksesvol", afhangende van die kategorie waarin die student val. Selfs by 'n groep finalejaar-studente is daar dus 'n wisselende mate van sukses en kan daar gedink word in terme van grade van sukses.

Om hierdie rede is daar in hierdie ondersoek gebruikgemaak van 'n sogenaamde "sukseskontinuum", d.w.s. waar studente in rangorde geplaas word volgens sukseskategorieë. Die kategorie-indeling is gedoen deur die mate van sukses te bepaal met inagneming van:

- (a) die voltooiing van die kursus in die voorgeskrewe tyd al dan nie;
- (b) die eksamenprestasies behaal soos bv. cum laude, onderskeiding, slaag, herhaal;
- (c) die feit of die vereiste jaarkursusse by die eerste eksamen-geleentheid, of by wyse van hereksamens geslaag is;
- (d) die ekstra vakke wat geneem is bo en behalwe die voorgeskrewe getal vakke van die bepaalde kursus.

Op grond van bogenoemde oorwegings is die volgende indeling gebruik:

Suksesvolle studente (S-groep)

1. Slaag cum laude plus ekstra vakke. (S_i -groep)
2. Slaag cum laude sonder ekstra vakke. (S_{ii} -groep)
3. Slaag met onderskeiding in een of meer vakke plus ekstra vakke. (S_{iii} -groep)
4. Slaag plus ekstra vakke. (S_{iv} -groep)
5. Slaag (S_v -groep)
6. Slaag na een of meer hereksamens, maar nog in die voorgeskrewe tyd. (S_{vi} -groep)

Minder suksesvolle studente (MS-groep)

7. Slaag na herhaling van een jaar. (MS_i -groep)
8. Slaag na herhaling van twee of meer jaar. (MS_{ii} -groep)

(a) Die monsters

Die eerste deel van die ondersoek is gedoen met alle finalejaarstudente (1339) vir wie daar reeds sekere gegewens beskikbaar was, soos bv. skoolprestasies, universiteitsprestasies en resultate van sielkundige toetse. Die rol van intellektuele faktore in akademiese prestasie is by hierdie groep nagegaan op grond van bogenoemde gegewens.

Daar is egter ook die rol van nie-intellektuele faktore wat moes nagegaan word. Dit sou meebring dat verdere toetse, vraelyste en onderhoude gereël moes word om die addisionele inligting te verkry. Uit 'n praktiese oogpunt gesien, was dit egter onmoontlik om die hele monster hierby te betrek, en daarom is die tweede deel van die ondersoek gedoen met submonsters getrek uit die oorspronklike groot monster.

(i) Samestelling van die groot monster

Die groot monster het bestaan uit 1339 senior studente wat in 1964 aan die Universiteit van Stellenbosch gestudeer het en besig was met 'n finalejaarkursus. Studente van wie daar geen skoolrekords en/of resultate van sielkundige toetse beskikbaar was nie, is nie in die monster ingesluit nie. Selfs by die gekose monster is daar in sommige gevalle ontbrekende gegewens van een of ander aard.

In die monster is die volgende studente ingesluit:

714 finalejaarstudente besig met 'n B-graad;

266 honneurs-, magister- en doktorstudente;

179 studente reeds in besit van 'n graad, maar besig met 'n nagraadse diploma;

180 nie-graadstudente besig met 'n diplomakursus.

1339

Tabel 6, p. 90, toon die samestelling van die groot monster volgens kursusse en geslagte en ingedeel volgens die sukseskontinuum soos beskryf op p. 68. 'n Verdere ontleding van die samestelling van die groot monster word in hoofstuk III p. 84, gedoen.

(ii) Samestelling van die submonsters

Uit die oorspronklike monster van 1339 studente wat hierbo beskryf is, is daar twee submonsters getrek, nl. 'n suksesvolle groep (65) en 'n minder suksesvolle groep (60) volgens die kriteria "suksesvol" en "minder suksesvol" soos beskryf op p. 68 .

Aangesien hierdie deel van die ondersoek eers in 1965 'n aanvang geneem het, was baie van die 1339 proefpersone waarmee in 1964 'n aanvang gemaak is, nie meer op Stellenbosch nie en is die verdere ondersoek i.v.m. nie-intellektuele faktore beperk tot diegene wat nog beskikbaar was en aangevul deur finalejaarstudente van 1965.

Die samestelling van die twee submonsters volgens kursus en geslag word aangetoon in Tabel 5 .

TABEL 5

SAMESTELLINGS VAN SUBMONSTERS VOLGENS SUKSESKONTINUUM, KURSUS EN GESLAG

| Kursus | Suksesvolle groep (S-groep) | | | | | | Minder suksesvolle groep (MS-groep) | |
|------------------------|--|------|---------------------------|------|----------------------|------|-------------------------------------|------|
| | Slaag cum laude, met onderskeidings, of ekstra vakke | | Slaag in voorgeskrewe tyd | | Slaag na hereksamens | | Herhaal een of meer jaar | |
| | Dames | Mans | Dames | Mans | Dames | Mans | Dames | Mans |
| B.A. | 4 | 2 | 5 | 1 | | 3 | 5 | 5 |
| B.A. Regte | | 1 | | 1 | | 1 | | 10 |
| B.A. Adm. | | 3 | | | | | | 3 |
| B.A. Handel | | | | | 2 | | | 3 |
| B.A. Hons. | 1 | 5 | | 1 | 1 | | | 1 |
| B.A. Maatsk. | | | | | | | 3 | |
| B.A. Lig. Opv. | | | 2 | 1 | | | | |
| B.Comm. | | | 1 | | | 2 | 1 | 2 |
| B.Sc. | | | 3 | 1 | 1 | 2 | 4 | 11 |
| B.Sc. Dieetk. | | | | | | | 2 | |
| B.Sc. Hons. | | 8 | 2 | 2 | 1 | | | 3 |
| M.Sc. | | 1 | | | | | | |
| M.Sc. Bosb. en Landbou | | | | | | | | 1 |
| B.Sc. Landb. | | | | | | | | 3 |
| M.Sc. Voed. teg. | | | | | | 1 | | |
| B.Sc. Lig. Opv. | | | | | | | | 1 |
| Huish. Dipl. | | | 4 | | 1 | | 1 | |
| S.O.D. | | 1 | | | | | 1 | |
| TOTAAL : | 5 | 21 | 17 | 7 | 6 | 9 | 17 | 43 |
| | | | | 65 | | | | 60 |

(b) Die toetsbattery en ander gegewens(i) Die groot monster

As doel is gestel om alle beskikbare skoolprestasies, universiteitsprestasies en resultate van sielkundige toetse vir elke proefpersoon in te samel en te verwerk. Hierdie inligting is verkry van kumulatiewe verslagkaarte, universiteitsrekords en die leërs van die Buro vir Studentevoorigting. In sommige gevalle ontbreek daar sekere gegewens veral as gevolg van ontbrekende of swak voltooide kumulatiewe verslagkaarte, of omdat die student by sy aankoms aan die universiteit om een of ander rede nie die verpligte reeks sielkundige toetse van die Buro vir Studentevoorigting afgelê het nie.

Benewens die laerskool-, hoërskool- en universiteitsrekord is gebruik gemaak van die toetsresultate van die volgende gestandaardiseerde sielkundige toetse:

Intelligensie: Die verbale-, nie-verbale- en totale I.K. is bepaal volgens die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets van die Nasionale Buro.

Begripvermoë: Natuurwetenskaplike-, Letterkundige- en Totale begripvermoë is vasgestel d.m.v. die B-toets van die Universiteit van Stellenbosch. Hierdie toets is volledig beskryf deur Hartman.

Die toets bestaan uit nege afdelings, waarvan vyf in Afrikaans en vier in Engels opgestel is. Die inhoud dek 'n wye gebied en sluit vier stukke in wat handel oor natuurwetenskaplike onderwerpe en vyf wat letterkundig van aard is.

Van die toetsling word verwag om die stukke deur te lees en dan 'n aantal vrae daaroor te beantwoord. Die inhoud hoef nie memoriseer te word nie en die toetsling kan by die beantwoording weer die betrokke stuk raadpleeg. Die vrae wat van die veelvuldige-keuse-tipe is, is hoofsaaklik bedoel om vas te stel of die toetsling die inhoud, betekenis en strekking begryp het.

Rekenvermoë: Die N-toets van die Universiteit van Stellenbosch is opgestel met die doel om syfervermoë te meet. Net soos die B-toets

vorm dit deel van die toetsbattery wat toegepas word op alle eerste-jaarstudente by die aanvang van hul akademiese kursus.

Die N-toets bestaan uit drie afdelings:

Afdeling I toets die student se vaardigheid in die hantering van die vier hoofbewerkings: optel, aftrek, deel en vermenigvuldig.

Afdeling II bestaan uit probleme.

Afdeling III bestaan uit reprodktiewe vrae en is gebaseer op gegewens in 'n paragraaf wat die proefpersoon eers moet lees en daarna moet toepas. Die doel van hierdie afdeling is om die proefpersoon se vermoë te toets om nuwe stof in wiskunde selfstandig te kan lees, bestudeer en toepas.

Vir elke afdeling word 'n aparte telling aangegee sowel as 'n totale telling vir die drie afdelings gesamentlik.

Aanpassing: Die toetsresultate van die Aanpassingsvraelys van die Nasionale Buro was ook beskikbaar vir die totale monster. Aangesien die ondersoek i.v.m. nie-intellektuele faktore slegs beperk is tot die twee submonsters, is die toetsresultate van die Aanpassingsvraelys net gebruik by die twee submonsters en nie by die totale monster nie waar alleenlik die intellektuele faktore nagegaan is.

(ii) Die submonsters

Om 'n meer uitgebreide en diepgaande studie te maak i.v.m. nie-intellektuele faktore wat moontlik ook suksesvolle studie bepaal, is daar benewens die beskikbare aanpassingstellings ook addisionele gegewens ingewin i.v.m. persoonlikheidseienskappe, studiehoudings en -metodes, waardes,^x biografiese gegewens en psigo-fisiologiese metings.^x

Bogenoemde inligting i.v.m. nie-intellektuele faktore is verkry deur die toepassing van die volgende meetinstrumente:

^x Hierdie metings word nie in hierdie ondersoek in berekening gebring nie. Afsonderlike verslae word gelewer oor die psigo-fisiologiese metings en ook addisionele verslae oor waardes.

Aanpassing: Die Aanpassingsvraelys van die Nasionale Buro dek tien aanpassingsvelde en deurgaans het 'n hoë telling 'n ongunstige betekenis ten opsigte van die proefpersoon se aanpassing. Benewens die tellings behaal op die tien velde, is daar ook 'n totale aanpassingstelling vir die velde gesamentlik, sowel as 'n X-telling wat 'n aanduiding gee van die erns waarmee die toetsling die vraelys beantwoord het. Die volgende aanpassingsvelde word gedek, soos beskryf in die Handleiding van die vraelys (1952):

Selfvertroue: Dit handel oor die toetsling se gevoel van vertroue in sy werklike of vermeende vermoëns. Die onderliggende faktor by hierdie veld is daardie gelukkige gevoel van selfvertroue en gebrek aan selfbewustheid wat kenmerkend is van die handelswyse en optrede van die goedaangepaste individu.

Gevoel van eiewaarde: Dit handel oor die toetsling se gevoel van eiewaarde t.o.v. sy werklike of vermeende persoonlike gebreke of ongunstige omstandighede, veral wanneer hy in 'n situasie geplaas word waar hy minder suksesvol presteer as ander, en het tot grondslag die gevoel van tevredenheid wat by die goed aangepaste individu ontstaan a.g.v. 'n erkenning van sy swakhede sowel as 'n rasonele bedgrip van dit waartoe hy in staat is.

Gevoel van vryheid: Dit handel oor die houding van die toetsling teenoor beperkings of vermeende beperkings op sy persoonlike vryheid. Ten grondslag hiervan lê die gevoel van gelukkigheid en tevredenheid wat ontstaan a.g.v. innerlike dissipline en die aanvaarding van die noodsaaklikheid van 'n redelike mate van gesag en ordening in die samelewing

Gevoel van aanvaarding en erkenning: Dit handel oor die toetsling se innerlike gevoel van aanvaarding en erkenning deur spesifieke persone - bv. ouers en of maats. Die onderliggende faktor is die gevoel van geluk en veiligheid wat by die individu ontstaan a.g.v. die liefde, waardering, erkenning en beskerming wat hy geniet van diegene om hom.

Sosiale verhoudings: Dit handel oor die toetsling se neiging tot oormatige teruggetrokkenheid t.o.v. sosiale verhoudings.

Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid: Dit handel oor verskeie simptome van nerveusiteit.

Morele inslag: Dit gee 'n aanduiding van die toetsling se houding t.o.v. die standaarde van gedrag wat deur die maatskappy aanvaar word.

Huislike verhoudings: Dit handel oor die toetsling se houding en gevoel teenoor sy huis, en nie soseer oor die huislike verhoudings nie.

Skoolverhoudings: Dit handel oor die kind se houding teenoor sy onderwyser en ander leerlinge.

Emosionaliteit: Dit handel oor die algemene emosionele toestand van die toetsling en gee 'n aanduiding van emosionele rytheid of onstabiliteit.

Persoonlikheidsfaktore: Die doel van die "Sixteen Personality Factor Questionnaire" (16 P.F.-toets) van Cattell is om die vernaamste persoonlikheidsfaktore te meet. Die vraelys dek 'n wye veld van persoonlikheidsdimensies wat deur die opsteller op 'n noukeurige wyse d.m.v. omvattende faktorontledingstudies vasgestel is.

Daar is drie vorms beskikbaar: vorms A en B elk met 187 items met 10 - 13 items per faktor en 'n vereenvoudigde vorm C met 'n totaal van 105 items. Die vorms kan, óf alleen, óf gesamentlik, óf twee-twee gekombineerd gebruik word.

Die items handel hoofsaaklik oor belangstellings, voorkeure en selfsiening van gedrag. Die antwoorde word in driekeusige vorm aangebied.

Die sestien persoonlikheidsfaktore word deur die opstellers op drieërlei wyse aangedui d.m.v.:

n "Universal Index" (U.I.)-nommer wat strek vanaf U.I. 1 tot U.I. 19 en waarvan nommers 4, 10 en 11 uitgelaat is aangesien hierdie drie faktore volgens Cattell nie duidelik uitkom in persoonlikheidsvraelyste nie;

n Alfabetletter, t.w.: A, B, C, E, F, G, H, I, L, M, N, O, Q1, Q2, Q3, Q4, waarvan D, J, K uitgelaat is wat ooreenstem met nommers 4, 10 en 11. Alfabetletters Q1, Q2, Q3 en Q4 is bygevoeg omdat hierdie vier faktore in questionnaire-response gevind word in teenstelling met D, J en K wat weer slegs in beoordelings gevind word;

Twee soorte faktorname, nl.: tegniese benaminge vir gebruik deur professionele sielkundiges, en eenvoudiger beskrywende benaminge vir interpretasiedoeleindes aan leke.

Elkeen van die persoonlikheidsdimensies word in bipolarêre vorm beskryf d.m.v. n reeks gedragsvorme, of trekke, gerangskik in dalende volgorde volgens sterkte van belading. (X)

Hoë tellings behaal in n bepaalde faktor dui op die plus pool en lae tellings op die minus pool. (X)

Die sestien persoonlikheidsfaktore wat deur die toets gemeet word, is die volgende:

Faktor A. U.I. 1

Cyclothymia, A+

(Hartlik, gesellig)

Gemoedelik, gemaklik, onbesorgd

Ko-operatief

Gee aandag aan mense

Teerhartig, sagaardig

Vertrouend

Aanpasbaar

Hartlik

Schizothymia, A-

(Afsydig, strak)

Aggressief, hebsugtig, krities

Dwarstrekkerig

Koel en afsydig

Hardvogtig, nougeset

Suspisies

Onbuigsaam

Koud

Faktor B. U.I. 2Algemene intelligensie, B+

(Slim)

Konsensieus

Volhardend

Intellektueel, ontwikkelend

Verstandelik gebrekkig, B-

(Dom)

Traag

Gooi maklik tou op

Onontwikkelend

Faktor C. U.I. 3Emosionele stabiliteit,
of Ego-sterkte, C+

(Ryp, kalm)

Emosioneel ryp

Emosioneel stabiel

Kalm, flegmaties

Realistiese lewensuitkyk

Afwesigheid van neurotiese moegheid

Rustig, bedaard

Emosionaliteit, C-

(Emosioneel, onryp, onstabiel)

Gebrek aan frustrasie-toleransie

Veranderlikheid

Algemene emosionaliteit

Ontwykend t.o.v. geskilpunte

en persoonlike beslissings

Aanwesigheid van neurotiese

moegheid

Kwellend

Faktor E. U.I. 5Dominansie of oorheersing, E+

(Aggressief, mededingend)

Aanmatigend, selfversekerd

Selfstandig

Hardvogtig, streng

Plegtig

Onkonvensioneel

Gedug, hard en taai

Aandagsoekend

Submissie of onderwerping, E-

(Sagaardig)

Onderwerpend

Afhanklik

Teerhartig, sagaardig

Vol uitdrukking

Konvensioneel

Maklik ontsteld

Selfgenoegsaam

Faktor F. U.I. 6Surgency, F+

(Entoesiasties, onbesorgd)

Praterig

Opgewek

Bedaard, onbesorgd

Openhartig, ekspressief

Lewendig, wakker

Desurgency, F-

(Bedruk, stemmig, ernstig)

Stil, introspektief

Bedruk

Besorgd, peinsend

Swygsaam, selfvergenoegd

Dooierig, traag

Faktor G. U.I. 7Karakter of super-ego sterkte, G+

(Konsensieus, volhardend)
 Volhardend, vasbeslote
 Verantwoordelik
 Konsekwente geordenheid
 Konsensieus
 Beleefd, bedagsaam teenoor andere

Afwesigheid van standvastige innerlike standaarde, G-

(Onverskillig, onbetroubaar)
 Onbestendig, trek kop uit
 Onverantwoordelik, ligsinnig
 Ontspanne
 Onbetroubaar
 Obstruktief, onbedagsaam

Faktor H. U.I. 8Parmia, H+

(Avontuurlik, dikvellig)
 Avontuurlik, hou daarvan om mense te ontmoet
 Aktief, openlike belangstelling in teenoorgestelde geslag
 Responsief, hartlik
 Vriendelik
 Impulsief, ligsinnig
 Emosionele en artistiese belangstelling
 Sorgvry, sien nie gevaartekens

Threctia, H-

(Skaam, beskroomd)
 Skaam, teruggetrokke
 Stil, teruggetrokke in teenwoordigheid van teenoorgestelde geslag
 Afsydig, koel
 Verbitterd
 Beheersd, konsensieus
 Beperkte belangstellings
 Versigtig, sien gevaartekens gou

Faktor I. U.I. 9Premsia, I+

(Sensitief, verwyf)
 Veeleisend, ongeduldig, subjektief
 Afhanklik, hulpsoekend
 Goedhartig, sageerdig
 Artisties uitsoekerig, aanstellerig
 Verbeeldingryk
 Handel volgens sensitiewe intuïsie
 Aandagsoekend, ligsinnig
 Hipochondries, beangs

Harria, I-

(Moeilik, taai, realisties)
 Realisties, verwag weinig
 Selfstandig, aanvaar verantwoordelikheid
 Hard, sinies
 Nie kunstig, maar goeie smaak
 Prakties, nugter
 Handel volgens praktiese, logiese bewyse
 Selfgenoegsaam
 Onbewus van fisiese gebreke

Faktor L. U.I. 12

Protensie (Paranoïde neigings), L+

(Wantrouig, jaloers)

Jaloers

Selfgenoegsaam

Suspisieus

Teruggetrokke, peinsend

Tiranniek

Hardvogtig

Prikkelbaar

Ontspanne sekuriteit, L-

(Aanvaardend, aanpasbaar)

Aanvaardend

Na buite gerig

Goed van vertrouwe

Openhartig, bereid om te waag

Begrypend, permissief, verdraagsaam

Saghartig

Bedaard, blymoedig

Faktor M. U.I. 13

Autia, M+

(Boheems, introvert, verstrooid)

Onkonvensioneel, gaan op in homself

Belangstelling in kuns, teorie en basiese opvattinge
Verbeeldingryk, skeppend

Ligsinnig, onrype praktiese oordeel

Gewoonlik opgewek, maar soms histeriese ommeswaai om moed op te gee

Praxernia, M-

(Prakties, konvensioneel)

Konvensioneel, attent op praktiese behoeftes

Belangstelling beperk tot sake van onmiddellike belang
Geen spontane skeppendheid

Gesonde, realistiese, betroubare praktiese oordeel

Ernstig, besorgd of bekommerd, maar baie bestendig

Faktor N. U.I. 14

Uitgeslape, N+

(Gesofistikeerd, beskaafd)

Verfynd, sosiaal wakker

Presies en berekend

Afsydig, emosioneel gedissiplineerd

Esteties kieskeurig

Self-insig

Toon insig t.o.v. andere

Ambisieus, moontlike insekuriteit

Opportunisties, soek kort paaie

Naïef, N-

(Ongekunsteld, pretensieloos)

Sosiaal lomp en natuurlik

Vaag en sentimenteel

Hartlik, gesellig, spontaan

Eenvoudige smake

Geen self-insig

Onbedrewe om motiewe te ontleed

Neem dinge soos dit kom

Glo in aanvaarde waardes

Faktor O. U.I. 15Skuldgevoelneigings, O+

(Skroomvallig, onveilig)
 Bekommerd, angstig
 Bedruk
 Sensitief, teer, maklik ontsteld
 Sterk pilgsbesef
 Presies, puntenerig
 Hipocondries
 Fobie-simptome
 Buiurig, eensaam, peinsend

Gevoel van oortuigde toereikendheid, O-

(Volselfvertroue, selfversekerd)
 Selfversekerd
 Opgewek, buigsaam
 Hardvogtig, kalm
 Opportunisties
 Traak-my-nie-agtig
 Baie lewenskragtig
 Geen vrese
 Geneig tot eenvoudige, ongekompliseerde optrede

Faktor Q1. U.I. 16Radikalisme, Q1+

(By hierdie faktor sowel as by faktore Q2, Q3 en Q4 gee Cattell nie soveel besonderhede as by die voorafgaande 12 faktore nie.)

Konserwatisme, Q1-Faktor Q2. U.I. 17Selfgenoegsaamheid, Q2+Groepsafhanklikheid, Q2-Faktor Q3. U.I. 18Hoë selfsentiment, Q3+

(Beheersd, strenge wilskrag)

Lae selfsentiment, Q3-

(Onbeheersd, laks)

Faktor Q4. U.I. 19Hoë ergiese spanning, Q4+

(Gespanne, prikkelbaar)

Lae ergiese spanning, Q4-

(Flegmaties, bedaard, rustig)

Vir die doel van hierdie ondersoek is die vraelys in Afrikaans vertaal. Vorms A en B is toegepas omdat elke faktor dan deur meer items gedek word. Aangesien daar nog nie Suid-Afrikaanse norms vir hierdie vraelys beskikbaar is nie, is die Amerikaanse norms gebruik wanneer van die tienpuntstandaardskaal gebruik gemaak is. Ander berekeninge soos bv. gemiddeldes, beduidenheid van verskille en korrelasiekoëffisiënte is gedoen met die roupunte behaal, soos ook deur die opstellers van die vraelys aanbeveel word.

Studiehoudings en -gewoontes: Die "Brown-Holtzman Survey of Study Habits and Attitudes" is 'n vraelys wat handel oor studiehoudings en -gewoontes. Dit word beskou as 'n geldige en betroubare meetinstrument om te onderskei tussen goeie en swak studiehoudings en -gewoontes van studente.

Hierdie vraelys bestaande uit 75 items is deur Bruwer in Afrikaans ⁽¹⁹⁵⁷⁾ vertaal en gebruik om vas te stel of daar enige verband bestaan tussen studiehoudings en -metodes en akademiese prestasie. Hy vind dat hierdie vraelys nie alleen aanpasbaar is by Suid-Afrikaanse toestande nie, maar dat dit ook 'n geldige meetmiddel is om die akademiese prestasie van eerstejaarstudente te voorspel. Volgens hom speel die faktore wat hierdie vraelys meet 'n betekenisvolle rol in die bepaling van akademiese prestasie, alhoewel dit nie beskou kan word as die enigste of belangrikste faktor in die bepaling van akademiese sukses nie.

Hy het ook die moontlikheid ondersoek of alle items in die vraelys ewe goed onderskei tussen studente wat slaag en druip. Indien nie, is die vraelys onnodig lank en kan dit verkort word om die toepassing makliker en gouer te laat geskied. Op grond van 'n item-ontleding het hy die vraelys tot 50 items verkort. Verder is die vraelys vereenvoudig deur gebruikmaking van 'n twee-punt antwoord-skaal i.p.v. 'n vyfpuntskaal, en deur slegs een antwoordsleutel vir albei geslagte te gebruik. Hiervolgens is daar nie meer 'n statisties-bedeutende verskil tussen die twee geslagte nie. Hy vind ook dat bogenoemde prosedure die vraelys se geldigheid verhoog.

Op grond van bogenoemde bevindinge is besluit om gebruik te maak van Bruwer se verkorte en gewysigde vorm van die Brown-Holtzman-toets. Die tellings soos behaal op die onverkorte toets is ook vir berekeningdoeleindes gebruik.

Die vraelys verskaf aparte tellings vir studiehoudings en -gewoontes, sowel as 'n totale telling vir die twee afdelings gesamentlik.

Persoonlike onderhoud: Alhoewel gestandaardiseerde vraelyste, soos bogenoemde, nuttige inligting verskaf, handig en gou is om toe te pas en na te sien, is dit foutief om sondermeer aan te neem dat dit allesomvattende en geldige meetinstrumente is. Die opstel en standaardisering van 'n vraelys stel nie alleen hoë eise aan die opstellers t.o.v. onderlegdheid, omvattendheid en insig nie, maar daar is ook die noodsaaklike statistiese vereistes van geldigheid en betroubaarheid waaraan voldoen moet word en ernstige probleme i.v.m. interpretasie.

By die beantwoording van so 'n vraelys duik daar egter ook probleme op. So bv. sal die betroubaarheid van die antwoorde, soos verskaf deur die proefpersone, o.a. bepaal word deur motivering, eerlikheid, samewerking en opvoedingsvlak. Ook hou baie proefpersone nie daarvan om gedwonge keuses te maak nie, veral waar die antwoord in die vorm van beperkte meervoudige keuses gestel word. Afgesien van 'n skewe beeld wat deur sulke antwoorde geskep kan word, is daar ook die moontlikheid dat proefpersone 'n verdraaide beeld van hulself kan probeer skep om 'n gunstige indruk te maak.

Die doel van die onderhoud in hierdie ondersoek was nie alleen om sommige van bogenoemde probleme te probeer uitskakel nie, maar ook om:

die proefpersone die geleentheid te bied om sake van meer persoonlike belang en aard te opper en daarop uit te brei in 'n atmosfeer van aanvaarding en begryping;

tyd te bespaar en nie onnodige eise aan die proefpersone te stel, deur benewens die ander vraelyste, nog 'n vraelys te laat invul nie;

afgesien van die meer persoonlike kleur wat daardeur aan die ondersoek verleen word, ook die algemene gesindheid teenoor die ondersoek vas te stel en die onderhoud ook te gebruik ter motivering van verdere samewerking.

Die onderhoud is volgens 'n standaardprosedure gevoer en die resultate daarvan verwerk en as aanvullende inligting gebruik.

(c) Prosedure gevolg(i) Die totale monster t.o.v. die rol van intellektuele faktore.

Vir elk van die 1339 proefpersone is 'n leër aangelê met die inligting soos aangeteken op Bylaes C en D. Aangesien 894 studente eers die finale eksamen in November 1964 afgelê het, was die eksamenresultate van hierdie groep eers beskikbaar in Desember 1964. Van hierdie groep was daar ook nog diegene wat gedurende Februarie 1965 her-eksamens moes doen en hulle finale uitslag was eers later beskikbaar.

Die toetsresultate, skool- en universiteitsprestasies is gekodifiseer en op ponskaarte aangebring vir statistiese verwerkings met 'n I.B.M.-rekenaar.

(ii) Die submonsters t.o.v. die rol van nie-intellektuele faktore.

Uit die totale monster is twee submonsters getrek: 'n suksesvolle groep en 'n minder suksesvolle groep volgens die kriteria uiteengesit op p. 68. Aan hierdie studente is elk 'n brief gerig waarin die doel van die ondersoek kortliks gestel is. Verder is hulle samewerking gevra met die ondersoek en is hulle ook meegedeel dat daar met hulle in verbinding getree sal word om te reël vir 'n onderhoud.

Die reaksie van die studente was besonder goed, want van die 165 persone wat genader is, het 163 uiteindelik aan hierdie fase van die ondersoek deelgeneem. Daar was selfs gevalle waar studente hulself uit eie beweging kom aanmeld het. Slegs 2 studente wat genader is, het reguit gesê dat hulle nie in so 'n ondersoek belangstel nie.

Al die proefpersone het die indruk geskep van samewerking en belangstelling. Hieruit kan dan afgelei word dat die motivering goed was en dat daar in 'n hoër mate peil getrek kan word op die egtheid van die resultate.

Die onderhoude is volgens 'n standaardprosedure gevoer wat as volg vasgestel is: Nadat besluit is watter inligting verlang word, is 'n tentatiewe onderhoudprosedure opgestel en met ander kollegas bespreek.

Hierdie prosedure is op 10 studente uitgetoets en herevalueer. Na geringe wysigings, is die standaardprosedure gevolg soos aangetoon in Bylaag C pp. 512-513.

Die onderhoud is in ongeveer 40 minute afgehandel. n Band-opname is hiervan gemaak en die inhoud daarvan is daarna getranskribeer. Elke getranskribeerde onderhoud is daarna ontleed t.o.v. die gelewerde response. Hierdie response is dan ingedeel volgens bepaalde kategorieë (Bylaag H, pp512-). Die gegewens wat hiervolgens verkry is, is gekodifiseer en op ponskaarte aangebring ten einde berekeninge te bespoedig.

Cattell beweer dat Faktor F die belangrikste komponent is in ekstraversie. Hiervolgens is die A-groep dan meer praterig, opgewek, rustig, onbekommerd en rondborstig van geaardheid as die S.A.-groep.

Faktor M: Die A-groep is gemiddeld meer onkonvensioneel, verbeeldingryk, ligsinnig en onvolwasse in praktiese oordeel as die S.A.-groep. Ook toon die A-groep 'n groter mate van subjektiwiteit sowel as 'n intense innerlike lewe. Cattell beweer dat alhoewel hierdie persone op die oog af opgewek en onverantwoordelik is t.o.v. praktiese sake, daar aanduidings is van hoë innerlike spanning. Ten spyte van minagting van praktiese oorwegings, is daar weer tye van kinderlike afhanklikheid.

Faktor N: Die S.A.-groep is beduidend meer gesofistikeerd as die A-groep. Hierbenewens is die S.A.-groep vindingryker, meer vatbaar vir oortuiging en meer attent op maniere, sosiale verpligtinge en die sosiale reaksies van andere.

Cattell beweer ook dat hoë tellings, soos behaal deur die S.A.-groep, 'n aanduiding is van een of ander vorm van intellektuele-opvoedkundige ontwikkeling.

Alhoewel die elemente van hierdie faktor op die oog af lyk soos 'n reeks van sosiaal-verworwe vaardighede, beweer Cattell dat daar kliniese aanduidings is dat hierdie eienskappe meer in verband gebring kan word met verstandelike wakkerheid en doeltreffendheid.

Faktor Q4: Volgens die resultate behaal, is die S.A.-groep meer geneig tot irrasionele bekommernis, gespannenheid, irriteerbaarheid, angs en verwarring as die A-groep. Aangesien die A-groep sowel as die S.A.-groep se prestasies nog op die 5de stien val en dus as gemiddeld beskou moet word, is daar waarskynlik 'n baie klein graadverskil tussen die twee groepe t.o.v. bogenoemde eienskappe.

Opmerkings

Daar kan twyfel bestaan oor die betroubaarheid van die verkreeë persoonlikheidsverskille tussen die twee groepe. Dit is dus belangrik dat daar nie oormatige waarde aan die resultate geheg, of verregaande afleidings na aanleiding daarvan gemaak word nie. Die belangrikste rede hiervoor is waarskynlik die feit dat die oorspronklike vraelys in Engels opgestel is en dit uiteraard onmoontlik is om 'n ekwivalente Afrikaanse weergawe d.m.v. 'n vertaling te verkry. Die A-groep en die S.A.-groep word dus vergelyk op grond van prestasies behaal op twee nie-identiese meetinstrumente.

Dit mag bv. ook wees dat die twee groepe nie verteenwoordigend is van die Suid-Afrikaanse- en/of Amerikaanse studentebevolking nie.

Die feit dat daar verskille tussen hierdie twee groepe studente kan bestaan, is teoreties moontlik. Daar sou gespekuleer kan word dat die oorsprong van hierdie verskille moontlik geleë is in die wyse van opvoeding en as gevolg van kulturele- en omgewingsinvloede. Hierdie faktore kan aanleiding gee tot verskille in lewens- en wêreldbeskouing wat veroorsaak dat daar verskillend op identiese prikkels gereageer word. Vandaar dan die verkreeë verskille.

'n Meer omvattende en vir die doel beplande ondersoek sou egter nodig wees vir 'n bevestiging van die genoemde bevindings.

TABEL 82

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN 'N GROEP SUID-AFRIKAANSE EN 'N GROEPAMERIKAANSE STUDENTE T.O.V. PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE

(16 P.F.)

| Persoonlikheids- eienskappe | Suid-Afrikaanse studente N=125 | | | Amerikaanse studente N=165 | | | t |
|--------------------------------|-----------------------------------|-----|--------|-------------------------------|-----|--------|----------|
| | Roupunte | | | Roupunte | | | |
| | \bar{X} | Sa | Stiene | \bar{X} | Sa | Stiene | |
| Faktor A | 18.1 | 6.5 | 5 | 19.0 | 6.4 | 5 | 1.161 |
| Faktor B | 19.2 | 2.4 | 6 | 17.6 | 2.7 | 5 | 5.253*** |
| Faktor C | 33.5 | 6.6 | 6 | 32.2 | 6.0 | 5 | 1.708 |
| Faktor E | 19.1 | 6.0 | 4 | 23.1 | 6.2 | 5 | 5.472*** |
| Faktor F | 26.5 | 8.0 | 5 | 28.4 | 6.7 | 5 | 2.125* |
| Faktor G | 24.9 | 4.7 | 5 | 24.5 | 4.6 | 5 | .716 |
| Faktor H | 23.4 | 9.7 | 5 | 24.0 | 9.6 | 5 | .518 |
| Faktor I | 20.3 | 5.0 | 4 | 23.7 | 5.2 | 5 | 5.566*** |
| Faktor L | 19.0 | 5.9 | 7 | 16.1 | 4.9 | 6 | 4.411*** |
| Faktor M | 20.8 | 6.8 | 5 | 22.8 | 5.5 | 5 | 2.664** |
| Faktor N | 21.8 | 4.4 | 6 | 20.2 | 4.0 | 5 | 3.154** |
| Faktor O | 21.8 | 7.6 | 5 | 22.1 | 6.5 | 6 | .350 |
| Faktor Q1 | 18.5 | 4.9 | 5 | 18.5 | 4.3 | 5 | .000 |
| Faktor Q2 | 19.9 | 5.3 | 6 | 19.0 | 4.9 | 6 | 1.463 |
| Faktor Q3 | 22.1 | 5.8 | 7 | 19.8 | 4.6 | 5 | 3.615*** |
| Faktor Q4 | 24.2 | 8.5 | 5 | 26.2 | 7.8 | 5 | 2.033* |


. = Beduidend op 5% peil

.. = Beduidend op 1% peil

... = Beduidend op .1% peil

DIAGRAM IV

ROUPUNTE BEHAAL OP DIE 16 P.F.-TOETS DEUR S.A.- EN V.S.A.-STUDENTE



B. Die beduidendheid van verskille t.o.v. studiehoudings en studiemetodes soos gemeet deur die Brown-Holtzman vraelys.

Die gemiddeldes, standaardafwykings en die beduidendheid van verskille tussen die verskillende groepe word aangetoon in TABELLE 83-89, pp. 199 - 205. Die gemiddelde tellings van die S- en MS-groep word ook diagrammaties voorgestel op p. 206.

(a) Die vollengte vraelys

Die gemiddelde tellings van die S-groep is beduidend hoër as dié van die MS-groep (Tabel 83 , p. 199). Die S-groep toon dus oor die algemeen beter studiehoudings en -metodes as die MS-groep.

As die gemiddelde tellings van die onderverdelings van die S-groep onderling vergelyk word, dan blyk dit dat dit veral die Si-groep is wat beduidend hoër tellings as die Sii- en Siii- groep behaal (Tabelle 84 en 85 ,pp. 200,201). Tussen die Sii- en Siii-groep is geen beduidende verskille gevind nie (Tabel 86 , p.202).

Bogenoemde bevindings dui daarop dat daar wel nog verskille bestaan t.o.v. studiehoudings en -metodes selfs tussen suksesvolle studente. Volgens die resultate behaal, is dit juis sommige van die studente wat akademies die beste presteer wat oor die algemeen ook die beste studiehoudings en -metodes openbaar. Hierdie bevinding weerlê die bewering dat goeie akademiese presteerders soms juis van die swakste studiehoudings en -metodes openbaar.

Indien die onderverdelings van die S-groep met die MS-groep vergelyk word, dan verskil die Si- en Sii-groep beduidend van die MS-groep, maar tussen die Siii- en MS-groep is daar geen beduidende verskille gevind nie. (Tabelle 87-89 pp.203-205). Laasgenoemde bevinding is eintlik te wagte as in ag geneem word dat die Siii-groep akademies nie veel van die MS-groep verskil nie. Die swakker akademiese prestasies van hierdie twee groepe kan moontlik n gevolg wees van swak studiehoudings en -metodes.

(b) Die verkorte vraelys

Die resultate en gevolgtrekkings i.v.m. die vollengte vraelys geld in breë trekke ook vir die tellings behaal op die verkorte vraelys ten opsigte van studiehoudings. (Tabelle 83-89, pp. 199-205). In die geval van studiemetodes is daar net beduidende verskille gevind tussen die S- en MS-groep (Tabel 83, p. 199) en die Si- en MS-groep (Tabel 87, p.203), m.a.w. beduidende verskille tussen uiterste groepe van akademiese presteerders.

Volgens die resultate blyk dit dat daar met die verkorte vraelys en die vollengte vraelys grootliks dieselfde resultate verkry is, met dié verskil egter dat die vollengte vraelys fyner diskrimineer tussen meer homogene groepe t.o.v. studiemetodes. Soiets kan moontlik toegeskryf word aan die groter getal items van die vollengte vraelys, óf daaraan dat die reduksieproses nie reg aan al die items van die vollengte vraelys laat geskied het nie.

TABEL 83

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE S- EN MS-GROEP

T.O.V.

STUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES

| Studiehoudings en Studiemetodes | Verkorte vraelys | | | | t | Vollengte vraelys | | | | t |
|---------------------------------------|-------------------|------|--------------------|------|----------------------|-------------------|-------|--------------------|------|----------------------|
| | S-groep N = 65 | | MS-groep N = 60 | | | S-groep N = 65 | | MS-groep N = 60 | | |
| | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | |
| Studiehoudings | 20.35 | 4.19 | 17.35 | 4.98 | 3.630 ^{***} | 19.41 | 5.84 | 15.35 | 6.40 | 3.690 ^{***} |
| Studiemetodes | 17.20 | 3.61 | 15.88 | 3.68 | 2.039 [*] | 21.28 | 5.85 | 17.03 | 5.02 | 4.165 ^{***} |
| Houdings + Metodes | 37.55 | 6.99 | 33.23 | 7.57 | 3.310 ^{**} | 40.69 | 10.73 | 32.38 | 9.85 | 4.518 ^{***} |

. = Beduidend op 5% peil

.. = Beduidend op 1% peil

... = Beduidend op .1% peil

TABEL 84

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE Si- en Sii- GROEPT.O.V.STUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES

| Studiehoudings en Studiemetodes | Verkorte vraelys | | | | t | Vollengte vraelys | | | | t |
|---------------------------------------|--------------------|------|---------------------|------|-------|--------------------|------|---------------------|-------|--------|
| | Si-groep N = 26 | | Sii-groep N = 24 | | | Si-groep N = 26 | | Sii-groep N = 24 | | |
| | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | |
| Studiehoudings | 21.35 | 3.20 | 20.54 | 4.29 | .778 | 21.65 | 4.94 | 18.59 | 6.03 | 1.961 |
| Studiemetodes | 18.15 | 2.94 | 16.96 | 3.99 | 1.202 | 23.54 | 5.25 | 20.70 | 5.99 | 1.734 |
| Houdings + Metodes | 39.50 | 4.99 | 37.50 | 7.78 | 1.072 | 45.19 | 9.18 | 39.29 | 10.82 | 2.072* |

. = Beduidend op 5% peil

.. = Beduidend op 1% peil

... = Beduidend op .1% peil

TABEL 85

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE Si- EN Siii-GROEP

T.O.V.

STUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES

| Studiehoudings en Studiemetodes | Verkorte vraelys | | | | t | Vollengte vraelys | | | | t |
|---------------------------------------|--------------------|------|----------------------|------|--------------------|--------------------|------|----------------------|-------|---------------------|
| | Si-groep N = 26 | | Siii-groep N = 15 | | | Si-groep N = 26 | | Siii-groep N = 15 | | |
| | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | |
| Studiehoudings | 21.35 | 3.20 | 18.26 | 5.01 | 2.172 [*] | 21.65 | 4.94 | 16.90 | 5.96 | 2.164 [*] |
| Studiemetodes | 18.15 | 2.94 | 16.00 | 3.82 | 1.885 | 23.54 | 5.25 | 18.23 | 5.49 | 2.873 ^{**} |
| Houdings + Metodes | 39.50 | 4.99 | 34.26 | 7.81 | 2.339 [*] | 45.19 | 9.18 | 35.13 | 10.46 | 3.102 ^{**} |

. = Beduidend op 5% peil

.. = Beduidend op 1% peil

... = Beduidend op .1% peil

TABEL 86

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE Sii- EN Siii-GROEPT.O.V.STUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES

| Studiehoudings en Studiemetodes | Verkorte vraelys | | | | t | Vollengte vraelys | | | | t |
|---------------------------------------|---------------------|------|----------------------|------|-------|---------------------|-------|----------------------|-------|-------|
| | Sii-groep N = 24 | | Siii-groep N = 15 | | | Sii-groep N = 24 | | Siii-groep N = 15 | | |
| | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | |
| Studiehoudings | 20.54 | 4.29 | 18.26 | 5.01 | 1.460 | 18.59 | 6.03 | 16.90 | 5.96 | .854 |
| Studiemetodes | 16.96 | 3.99 | 16.00 | 3.82 | .743 | 20.70 | 5.99 | 18.23 | 5.49 | 1.211 |
| Houdings + Metodes | 37.50 | 7.78 | 34.26 | 7.81 | 1.263 | 39.29 | 10.82 | 35.13 | 10.46 | 1.194 |

. = Beduidend op 5% peil

.. = Beduidend op 1% peil

... = Beduidend op .1% peil

TABEL 87

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE Si- EN MS-GROEP

T.O.V.

STUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES

| Studiehoudings en Studiemetodes | Verkorte vraelys | | | | t | Vollengte vraelys | | | | t |
|---------------------------------------|--------------------|------|--------------------|------|----------------------|--------------------|------|--------------------|------|----------------------|
| | Si-groep N = 26 | | MS-groep N = 60 | | | Si-groep N = 26 | | MS-groep N = 60 | | |
| | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | |
| Studiehoudings | 21.35 | 3.20 | 17.35 | 4.98 | 4.487 ^{***} | 21.65 | 4.94 | 15.35 | 6.40 | 4.939 ^{***} |
| Studiemetodes | 18.15 | 2.94 | 15.88 | 3.68 | 3.042 ^{**} | 23.54 | 5.25 | 17.03 | 5.02 | 5.127 ^{***} |
| Houdings + Metodes | 39.50 | 4.99 | 33.23 | 7.57 | 4.533 ^{***} | 45.19 | 9.18 | 32.38 | 9.85 | 5.812 ^{***} |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

TABEL 88

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE Sii- EN MS-GROEP

T.O.V.

STUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES

| Studiehoudings en Studiemetodes | Verkorte vraelys | | | | t | Vollengte vraelys | | | | t |
|---------------------------------------|---------------------|------|--------------------|------|---------|---------------------|-------|--------------------|------|---------|
| | Sii-groep N = 24 | | MS-groep N = 60 | | | Sii-groep N = 24 | | MS-groep N = 60 | | |
| | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | |
| Studiehoudings | 20.54 | 4.29 | 17.35 | 4.98 | 2.937** | 18.59 | 6.03 | 15.35 | 6.40 | 2.170* |
| Studiemetodes | 16.96 | 3.99 | 15.88 | 3.68 | 1.134 | 20.70 | 5.99 | 17.03 | 5.02 | 2.507* |
| Houdings + Metodes | 37.50 | 7.78 | 33.23 | 7.57 | 2.292* | 39.29 | 10.82 | 32.38 | 9.85 | 2.715** |

- ..= Beduidend op 5% peil
- ...= Beduidend op 1% peil
-= Beduidend op .1% peil

TABEL 89

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE Siii- EN MS-GROEPT.O.V.STUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES

| Studiehoudings en Studiemetodes | Verkorte vraelys | | | | t | Vollengte vraelys | | | | t |
|---------------------------------------|----------------------|------|--------------------|------|------|----------------------|-------|--------------------|------|------|
| | Siii-groep N = 15 | | MS-groep N = 60 | | | Siii-groep N = 15 | | MS-groep N = 60 | | |
| | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | |
| Studiehoudings | 18.26 | 5.01 | 17.35 | 4.98 | .631 | 16.90 | 5.96 | 15.35 | 6.40 | .878 |
| Studiemetodes | 16.00 | 3.82 | 15.88 | 3.68 | .110 | 18.23 | 5.49 | 17.03 | 5.02 | .769 |
| Houdings + Metodes | 34.26 | 7.81 | 33.23 | 7.57 | .460 | 35.13 | 10.46 | 32.38 | 9.85 | .922 |


. = Beduidend op 5% peil

.. = Beduidend op 1% peil

... = Beduidend op .1% peil

DIAGRAM V

PUNTE BEHAAL OP DIE VOLLENGTE- EN VERKORTE STUDIEHOUDINGS- EN-METODES VRAELYS



C. Die beduidendheid van verskille t.o.v. aanpassing soos gemeet deur die N.B. Aanpassingsvraelys.

Die gemiddeldes en standaardafwykings van die groepe word aangetoon in Tabel 90 , p. 208 . Die gemiddelde tellings van die S- en MS-groepe word ook diagrammaties voorgestel op p. 210.

Die beduidendheid van verskille tussen die groepe word aangetoon in Tabel 91 , p. 209 .

Uit laasgenoemde tabel blyk dit dat daar geen beduidende verskille tussen die verskillende groepe t.o.v. enige aanpassingsveld gevind is nie. Die verskillende groepe toon dus 'n ooreenkoms in hul aanpassing en hieruit volg dat nie een groep met 'n bepaalde agterstand of 'n remmende aanpassingsfaktor t.o.v. 'n ander groep te doen gehad het nie.

Daar moet egter op gewys word dat aanpassing nie staties van aard is nie. Dit is bv. moontlik dat 'n andersins goedaangepaste persoon later 'n tydelike of permanente terugslag kan ervaar wat ten tyde van die beantwoording van die vraelys nie bestaan het nie, óf dat daar by 'n wanaangepaste persoon 'n verandering ten goede ingetree het.

Hierdie veranderinge word dan nie in die oorspronklik aanpassingstelligings weerspieël wat by 'n enkele toetsgeleentheid bepaal is nie.

Positiewe of negatiewe veranderinge sou moontlik ook 'n tydelike of permanente invloed op akademiese prestasies kon uitoefen. Sulke veranderinge word dan nie weerspieël in korrelasieberekeninge waar gebruik gemaak word van die oorspronklike aanpassingstelligings en die latere akademiese prestasies nie.

.....

TABEL 90

DIE GEMIDDELDES EN STANDAARDAFWYKINGS VAN DIE SUKSES GROEPESOOS BEHAAL OP DIE N.B. AANPASSINGSVRAELYS

| Aanpassingsvelde van die Aanpassingsvraelys | Si-groep N = 26 | | Sii-groep N = 24 | | Siii-groep N = 15 | | S-groep N = 65 | | MS-groep N = 60 | |
|--|--------------------|-------|---------------------|-------|----------------------|-------|-------------------|-------|--------------------|-------|
| | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa | \bar{X} | Sa |
| Selfvertroue | 7.15 | 3.81 | 8.29 | 4.19 | 8.93 | 2.46 | 7.97 | 3.73 | 8.32 | 3.59 |
| Gevoel van eie- waarde | 5.15 | 4.12 | 5.00 | 3.90 | 5.21 | 4.37 | 5.11 | 4.03 | 4.87 | 3.20 |
| Gevoel van vry- heid | 1.46 | 2.14 | 1.38 | 1.66 | 2.21 | 1.31 | 1.59 | 1.82 | 2.26 | 2.76 |
| Gevoel van aan- vaarding en erken- ning | 2.73 | 2.72 | 2.71 | 2.51 | 3.86 | 4.35 | 2.97 | 3.06 | 2.54 | 2.39 |
| Sosiale ver- houdings | 3.96 | 2.74 | 4.79 | 2.62 | 5.50 | 2.44 | 4.61 | 2.66 | 4.74 | 2.58 |
| Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | 4.73 | 2.92 | 6.04 | 2.88 | 5.14 | 3.11 | 5.31 | 2.96 | 4.65 | 2.33 |
| Morele inslag | 2.12 | 1.88 | 2.25 | 2.59 | 3.00 | 1.80 | 2.36 | 2.16 | 2.09 | 1.67 |
| Huislike verhoudings | 1.89 | 1.99 | 2.00 | 1.87 | 2.50 | 1.83 | 2.06 | 1.89 | 2.20 | 2.44 |
| Skoolverhoudings | 2.77 | 1.90 | 3.08 | 2.73 | 4.00 | 2.86 | 3.16 | 2.46 | 3.09 | 1.85 |
| Emosionaliteit | 5.19 | 3.06 | 6.00 | 3.78 | 5.00 | 2.96 | 5.45 | 3.30 | 5.22 | 2.89 |
| Totale telling | 37.08 | 17.97 | 41.25 | 19.50 | 45.36 | 19.00 | 40.45 | 18.75 | 40.04 | 14.23 |
| X-telling | 2.04 | 1.56 | 2.71 | 1.63 | 1.93 | 1.49 | 2.27 | 1.59 | 2.46 | 1.73 |


TABEL 91

DIE BEDUIDENDHEID VAN VERSKILLE TUSSEN DIE SUKSESGROEPET.O.V.AANPASSING

| Aanpassingsvelde van die Aanpassingsvraelys | Groepe | | | | | | |
|--|-----------------|------------------|-------------------|----------------|-----------------|------------------|---------------|
| | Si en Sii | Si en Siii | Sii en Siii | Si en MS | Sii en MS | Siii en MS | S en MS |
| | G.V.=48 | G.V.=39 | G.V.=37 | G.V.=84 | G.V.=82 | G.V.=73 | G.V.=123 |
| | t | t | t | t | t | t | t |
| Selfvertroue | 1.003 | 1.781 | .591 | 1.300 | .023 | .749 | .513 |
| Gevoel van eie- waarde | .136 | .042 | .152 | .310 | .143 | .276 | .359 |
| Gevoel van vry- heid | .161 | 1.376 | 1.720 | 1.417 | 1.748 | .088 | 1.518 |
| Gevoel van aan- vaarding en erken- ning | .031 | .882 | .905 | .311 | .282 | 1.095 | .862 |
| Sosiale verhoudings | 1.096 | 1.821 | .839 | 1.216 | .080 | 1.024 | .273 |
| Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | 1.597 | .409 | .884 | .127 | 1.086 | .557 | 1.364 |
| Morele inslag | .209 | 1.461 | 1.049 | .051 | .273 | 1.706 | .754 |
| Huislike verhoudings | .211 | .984 | .807 | .624 | .404 | .501 | .346 |
| Skoolverhoudings | .468 | 1.449 | .970 | .721 | .016 | 1.129 | .159 |
| Emosionaliteit | .828 | .193 | .906 | .042 | .899 | .251 | .405 |
| Totale telling | .787 | 1.340 | .636 | .737 | .276 | .979 | .138 |
| X-telling | 1.483 | .217 | 1.501 | 1.100 | .601 | 1.153 | .639 |

DIAGRAM VI

TELLINGS BEHAAL OP DIE N.B. AANPASSINGSVRAELYS DEUR DIE S- EN MS-GROEP



HOOFSTUK VIII

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIE EN ENKELE NIE-INTELLEKTUELE FAKTORE

Die verband is bereken tussen:

- A. Akademiese prestasie en persoonlikheidseienskappe soos gemeet deur die 16 P.F.-toets.
- B. Akademiese prestasie en studiehoudings en studiemetodes soos gemeet deur die Brown-Holtzman vraelys oor studiehoudings en -gewoontes.
- C. Akademiese prestasie en aanpassingsfaktore soos gemeet deur die N.B. Aanpassingsvraelys.

As maatstaf van akademiese prestasie is die volgende akademiese prestasies gebruik:

- 1. Die gemiddelde predikaat van alle vakke van die eerste jaar.
- 2. Die gemiddelde eksamensyfer van alle vakke van die eerste jaar.
- 3. Die gemiddelde predikaat van alle vakke van die finale jaar.
- 4. Die gemiddelde eksamensyfer van alle vakke van die finale jaar.
- 5. Die gemiddelde van alle predikate van alle vakke van alle studiejaar.
- 6. Die gemiddelde eksamensyfer en predikaat van alle vakke van alle studiejaar.
- 7. Die gemiddelde van alle eksamensyfers van alle vakke van alle studiejaar.

Om die verband tussen bogenoemde akademiese prestasies en nie-intellektuele variante vas te stel, is die korrelasie-koëffisiënte bereken vir:

- 1. Die submonster as geheel.
- 2. (a) Die suksesvolle groep (S-groep), d.w.s. dié studente van die submonster as geheel wat hul kursus in die voorgeskrewe tyd geslaag het.
(b) Die minder suksesvolle groep (MS-groep), d.w.s. dié

studente van die submonster as geheel wat hul kursus nie in die voorgeskrewe tyd kon voltooi nie en een of meer jaar moes herhaal.

3. Die suksesgroepe binne die suksesvolle groep (S-groep) t.w.:

(a) Dié studente wat hul kursus cum laude, of met onderskeiding, of met ekstra vakke geslaag het (Si-groep).

(b) Dié studente wat slaag, d.w.s. sonder onderskeiding of met ekstra vakke, maar ook sonder om n hereksamen te doen (Sii-groep)

(c) Dié studente wat wel in die voorgeskrewe tyd slaag, maar eers na een of meer hereksamens (Siii-groep).

Berekeninge vir 2(a), (b) en 3(a), (b), (c) is bygevoeg om n meer gedifferensieerde beeld te verkry van die verband tussen die veranderlikes aangesien baie ondersoekes juis n gebrek toon aan hierdie verdere ondersoek van verband. Dieselfde oorwegings geld hier as in die geval van intellektuele faktore, soos bespreek op p. 150.

Vir die berekening van die korrelasie-koëffisiënte is dieselfde prosedure gevolg soos beskryf vir die intellektuele faktore op p.

A. Die verband tussen akademiese prestasies en persoonlikheids-
eienskappe soos gemeet deur die 16 P.F.-toets.

Die korrelasie-koëffisiënte tussen akademiese prestasies en persoonlikheidseienskappe word in die volgende tabelle aangetoon:

Die submonster as geheel: Tabel 92, p. 221.

Die S- en MS-groep van die submonster: Tabelle 93,94, pp.222-223.

Die onderverdelings van die S-groep: Tabelle 95-110, pp.224-254.

(In laasgenoemde tabelle word die resultate van die submonster as geheel en van die S- en MS-groep volledigheidshalwe weer aangetoon.)

Bespreking van tabelle

Algemeen

Uit Tabel 92 , p.221 blyk dit dat slegs faktore A (Na-buitlewend vs Teruggetrokkenheid), B (Meer intelligent vs Minder intelligent), C (Emosionele stabiliteit vs Emosionaliteit), F (Onbesorgdheid vs Stemmigheid), I (Sensitiwiteit vs Realisme) en Q2 (Selfgenoegsaamheid vs Groepafhanklikheid) beduidende korrelasies toon met akademiese prestasies vir die submonster as geheel.

Die faktore, gerangskik volgens die getal beduidende korrelasies gevind met akademiese prestasies, is as volg: Faktor B = 7, Faktor Q2 = 6, Faktor A = 5, Faktor C = 4, Faktor F = 3 en Faktor I = 2 .

Vermelde rangskikking vestig nie alleen die aandag op die tipe persoonlikheidseienskap wat 'n verband toon met akademiese prestasies nie, maar is ook 'n moontlike aanduiding van die mate van belangrikheid van elke faktor in akademiese prestasie.

Volgens Tabel 92 , p.221 toon elkeen van die sewe akademiese prestasies 'n beduidende verband met minstens drie of meer persoonlikheids- eienskappe soos blyk uit die volgende rangskikking van akademiese

prestasies en die getal persoonlikheidsfaktore wat beduidend daarmee

korreleer:

Gemiddelde klaspredikaat finale jaar = 5

Gemiddeld van alle klaspredikate = 5

Gemiddeld van alle klaspredikate +
eksamensyfers = 5

Gemiddelde klaspredikaat eerste jaar = 3

Gemiddelde eksamensyfer eerste jaar = 3

Gemiddelde eksamensyfer finale jaar = 3

Gemiddeld van alle eksamensyfers = 3

Volgens bogenoemde rangskikking blyk dit dat die klaspredikaat (jaarsyfer) oor die algemeen met meer faktore 'n verband toon as in die geval van eksamensyfers.

Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat 'n predikaat (jaarsyfer) saamgestel is uit werkprestasies wat oor 'n lang tydperk strek en opgebou is uit 'n verskeidenheid van take by verskillende geleenthede, terwyl 'n eksamensyfer net geld vir 'n enkele geleentheid. Die moontlikheid bestaan dus dat bepaalde persoonlikheidsienskappe eerder 'n verband sal toon met, en waarskynlik ook 'n invloed sal uitoefen op 'n langtermyn en volgehoue aktiwiteit soos bv. studie, as wat die geval sal wees by 'n meer kortstondige aktiwiteit soos die voorbereiding en skryf van 'n eksamen.

Sodra die totale monster onderverdeel word in 'n suksesvolle groep (Tabel 93 , p222) en 'n minder suksesvolle groep (Tabel 94 , p223), word die volgende verskynsels aangetref:

(a) Behalwe faktore A, B, C, F, I en Q2, soos hierbo genoem, is daar nou ook ander faktore wat 'n beduidende verband toon met een of ander akademiese prestasie, soos in die geval van faktore E (Dominansie vs Submissie), G (Konsensieus vs Onverskillig), H (Avontuurlik vs Skaam), M (Onkonvensioneel vs Konvensioneel), O (Skroomvallig vs Selfversekerd), Q1 (Radikalisme vs Konserwatisme) en Q4 (Gespanne vs Ontspanne).

(b) By faktor E word daar vir suksesvolle studente (Tabel 93 , p.222) 'n positiewe verband gevind, terwyl die minder suksesvolle studente (Tabel 94 , p. 223) 'n negatiewe verband toon. (By faktore B, O, Q1 en Q4 is daar ook die neiging tot 'n positiewe verband by een groep teenoor die negatiewe verband by 'n ander groep. In hierdie gevalle is die verkreeë verband egter onbeduidend).

Hierdie verskynsel kan die beste verduidelik word na aanleiding van 'n voorbeeld waar 'n bepaalde faktor byvoorbeeld positief korreleer met akademiese prestasies vir die suksesvolle groep, maar negatief in die geval van die minder suksesvolle groep.

Dit sou foutief wees om sondermeer hieruit af te lei dat goeie akademiese prestasies verband hou met die positiewe pool van die bepaalde faktor en swak akademiese prestasies met die negatiewe pool.


Eintlik beteken die positiewe verband vir die S-groep dat sommige van hulle beste akademiese presteerders ook die hoogste tellings behaal het op hierdie faktor, d.w.s. met die positiewe pool en dat sommige van die swakste presteerders van die S-groep lae tellings behaal het op hierdie faktor en dus 'n verband toon met die negatiewe pool.

Die negatiewe verband wat gevind is by die MS-groep dui daarop dat sommige van die "beste" presteerders van hierdie groep se akademiese prestasies 'n verband toon met die negatiewe pool van die faktor, d.w.s. met dieselfde eienskappe as sommige van die swakste presteerders van die S-groep. Verder ook toon die akademiese prestasies van sommige van die heel swakste presteerders van die MS-groep 'n verband met die positiewe pool, d.w.s. met dieselfde eienskappe waarmee die beste prestasies van sommige van die S-groep positief saamgegaan het.

Hierdie skynbare teenstrydighede is egter verklaarbaar.
'n Grafiese voorstelling van die verkreeë verband sou as volg lyk:

DIAGRAM VII

DIAGRAMMATIESE VOORSTELLING VAN VERBAND



Positiëwe verband

Negatiëwe verband

Po. en Neg. verband

Verduideliking: Die voorstelling is gebaseer op die werklike

prestasies en verband wat gevind is tussen akademiese prestasies en

Faktor E vir die S-groep en die MS-groep. Die lengte van die kolomme

stel die omvang voor van 1 standaardafwyking bo en onder die gemiddeld.

Akademiese prestasies sowel as punte behaal op hierdie faktor word

aangedui volgens 'n tienpuntskaal.

Voorstelling A: Die prestasies en verband vir die S- en MS-groep word apart aangetoon.

Voorstelling B: Die twee veranderlikes is apart op 'n kontinuum geplaas vir die S- en MS-groep gesamentlik.

Uit die grafiese voorstelling van die verkreeë verband is dit duidelik dat die swakste akademiese prestasies van die S-groep ongeveer dieselfde is as die beste akademiese prestasies van die MS-groep en beteken eintlik dat swak of swakker akademiese prestasies verband hou met die negatiewe pool van hierdie faktor.

Ook is dit duidelik dat uiterstes van akademiese prestasie verband het met die positiewe pool, sodat 'n kromlynige verband tussen die twee veranderlikes as geheel gevind word.

'n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel is dat dit hier, 'n geval kan wees van identiese persoonlikheidstrekke wat in verskillende konteks funksioneer: by die suksesvolle groep het dit 'n heilsame uitwerking op akademiese prestasie in teenstelling met die remmende invloed by die minder suksesvolle groep. Om te illustreer: Selfversekerdheid, veggees, onafhanklikheid, indien realisties en gegrond op besondere vermoë, kan bydra tot sukses, terwyl dieselfde eienskappe by 'n minder-begaafde persoon eintlik neerkom op 'n soort dom-astrantheid en onrealisties kan wees.

Verdere voorbeelde in verband met bogenoemde sal by die betrokke faktore bespreek word.

In die hieropvolgende bespreking word die verband wat elke faktor toon met akademiese prestasies in besonderhede bespreek vir:

- die submonster as geheel;
- die S- en MS-groep, en
- die onderverdelings van die S-groep.

In alle gevalle is die beskrywings van die negatiewe en positiewe pole van die faktore volgens Cattell et al (1957) se uiteensetting in die handleiding van die 16 P.F.-toets.

By die interpretasie van resultate behaal op die 16 P.F.-toets is dit belangrik om op die volgende te let:


1. Elkeen van die persoonlikheidsdimensies word in bipolêre vorm beskryf d.m.v. 'n reeks gedragsvorme, of trekke, gerangskik in dalende volgorde (Cattell, 1957, pp. 10-11). Die getal trekke per faktor wissel van 1 - 8.

Hoë tellings behaal in 'n bepaalde faktor dui op die plus pool en lae lae tellings op die minus pool.


Indien vorms A en B van die toets gekombineer word, dan word elke faktor deur ⁺ 23 items gemeet. Dit is onduidelik hoeveel items per trek daar is en op watter trek(ke) 'n telling betrekking het. Dit hou die probleem en gevaar in dat indien 'n persoon bv. 'n lae telling op 'n bepaalde faktor behaal het, dit nie sondermeer beteken dat al die trekke van die minus pool by die persoon aanwesig is nie. Hoewel die persoon meer in daardie rigting mag neig, moet daar gewaak word teen absolute oordele.

2. (a) Indien die verband bereken word tussen bv. akademiese prestasie en tellings behaal op die 16 P.F.-toets van twee groepe studente, kan dit gebeur dat beide groepe se prestasies bv. 'n positiewe verband toon, en dat daar eintlik nie 'n verskil is tussen die twee groepe in die wyse waarop die variante saamhang nie. So 'n gevolgtrekking is slegs moontlik indien vooraf vasgestel is dat die verspreiding vir elke groep in die betrokke faktor ewe ver strek.

(b) Dit is wel ook moontlik dat die verband nie noodwendig dieselfde betekenis vir die twee groepe het nie. Die diagramme op die volgende bladsy illustreer so 'n moontlikheid.



n Positiewe verband: Die bopunt en onderpunt van die verspreiding sou wel beskryf kan word in terme van die plus pool en die minus pool.




Ook n positiewe verband: Hoewel die onderpunt van die verspreiding nader aan die negatiewe pool kom as die bopunt, sou die onderpunt beswaarlik beskryf kan word in terme van die trekke van die minus pool.

3.(a) Dit is ook moontlik dat n positiewe verband by een groep gevind word en n negatiewe verband by n ander groep (soos in sommige gevalle gevind in hierdie ondersoek.) n Moontlike verklaring vir hierdie verskynsel word bespreek op pp. 215 - 217. So n verklaring is slegs moontlik indien vooraf vasgestel is hoever die verspreiding vir elke groep strek. Die verspreidings van die groepe in hierdie ondersoek word aangetoon op pp. 220a,b. Die wyse van verspreiding regverdig die verklaring en betekenis van verband soos bespreek op pp. 215 - 217.

(b) Dit is wel moontlik dat n positiewe verband vir een groep en n negatiewe verband vir n ander groep verkry kan word, maar dat die verklaring en betekenis daarvan egter verskillend is van dié hierbo genoem.

Onderstaande diagram dien ter illustrasie:



Die verkreë verband beteken nie noodwendig:


- (i) dat enige lede van Groep I laag val op die faktor nie;
- (ii) dat die swakste akademiese prestasies van Groep I en dié van Groep II (gemark S) beide 'n verband toon met die trekke van die minus pool nie;
- (iii) dat die beste akademiese prestasies van een groep en die swakste akademiese prestasies van 'n ander groep beide 'n verband toon met dieselfde pool nie.

Al die bogenoemde voorbeelde beklemtoon die feit dat verklarings en afleidings wat alleenlik gebaseer is op 'n korrelasie-koëffisiënt, misleidend kan wees indien die verspreiding van die veranderlikes nie in ag geneem word nie.


VERSPREIDINGS: 16 P.F.-TOETS

(Faktore A - I)


Faktor A




Faktor B




Faktor C




Faktor E




Faktor F




Faktor G



Faktor H




Faktor I




VERSPREIDINGS: 16 P.F.-TOETS

(Faktore L - Q4)


Faktor L




Faktor M




Faktor N




Faktor O




Faktor Q1




Faktor Q2



Faktor Q3



Faktor Q4



TABEL 92

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES EN DIE PERSOONLIKHEIDSKATORE VAN DIE 16 P.F.-TOETS VIR DIE SUBMONSTER AS GEHEEL

N = 125

| Persoonlikheidskatore | Gem.predikaat eerste jaar | Gem.eks.syfer eerste jaar | Gem.predikaat finale jaar | Gem.eks.syfer finale jaar | Gem.van alle predikate | Gem.alle eks. syfers + pred. | Gem.van alle eks.syfers |
|-----------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|------------------------|------------------------------|-------------------------|
| Faktor A | -.262** | -.194* | -.105 | -.082 | -.192* | -.206* | -.203* |
| Faktor B | .293** | .245** | .329*** | .292** | .309*** | .328*** | .315*** |
| Faktor C | -.131 | -.067 | -.197* | -.217* | -.206* | -.188* | -.154 |
| Faktor E | .065 | .055 | .014 | .157 | .024 | .022 | .033 |
| Faktor F | -.122 | -.048 | -.229* | -.086 | -.179* | -.180* | -.141 |
| Faktor G | -.060 | -.078 | .085 | .007 | -.020 | -.026 | -.050 |
| Faktor H | -.017 | -.003 | -.063 | -.026 | -.038 | -.049 | -.019 |
| Faktor I | .110 | .084 | .177* | .193* | .168 | .171 | .134 |
| Faktor L | -.089 | -.125 | -.068 | .051 | -.084 | -.088 | -.096 |
| Faktor M | .067 | .045 | .162 | .125 | .125 | .122 | .100 |
| Faktor N | -.020 | -.078 | -.020 | .030 | -.047 | -.062 | -.065 |
| Faktor O | .108 | .074 | .168 | .117 | .165 | .151 | .104 |
| Faktor Q1 | .096 | .021 | .058 | .117 | .090 | .064 | .055 |
| Faktor Q2 | .237** | .224* | .216* | .139 | .214* | .218* | .203* |
| Faktor Q3 | .001 | .014 | .001 | -.047 | -.020 | -.029 | -.023 |
| Faktor Q4 | .038 | -.031 | .143 | .095 | .082 | .057 | .019 |

. = Beduidend op 5% peil

.. = Beduidend op 1% peil

... = Beduidend op .1% peil

TABEL 93

DIE VERBAND TUSSEN AKADEEMIESE PRESTASIES EN DIE PERSOONLIKHEIDSFAKTORE VAN DIE 16 P.F.-TOETS VIR DIE SUKSESVOLLE GROEP

N = 65

| Persoonlikheidsfaktore | Gem.predikaat eerste jaar | Gem.eks.syfer eerste jaar | Gem.predikaat finale jaar | Gem.eks.syfer finale jaar | Gem.van alle predikate | Gem.alle eks. syfers + pred. | Gem.van alle eks.syfers |
|------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|------------------------|------------------------------|-------------------------|
| Faktor A | -.376** | -.241 | -.148 | -.347** | -.306* | -.343** | -.367** |
| Faktor B | .360** | .360** | .225 | .277* | .291* | .296* | .265* |
| Faktor C | -.067 | -.082 | -.154 | -.168 | -.134 | -.155 | -.161 |
| Faktor E | .343** | .281* | .452*** | .437*** | .348** | .363** | .361** |
| Faktor F | -.148 | -.083 | -.247* | -.146 | -.221 | -.233 | -.186 |
| Faktor G | -.245* | -.271* | .061 | -.210 | -.127 | -.137 | -.174 |
| Faktor H | .026 | .001 | .021 | .033 | .017 | -.012 | .018 |
| Faktor I | .022 | .119 | -.024 | -.061 | .000 | -.006 | -.032 |
| Faktor L | -.141 | -.165 | .030 | .086 | -.033 | -.017 | .018 |
| Faktor M | .057 | .062 | .112 | .139 | .079 | .080 | .080 |
| Faktor N | .031 | -.041 | .138 | .082 | .041 | .037 | .039 |
| Faktor O | -.079 | -.051 | -.067 | -.021 | -.040 | -.035 | -.059 |
| Faktor Q1 | .137 | .065 | .123 | .182 | .144 | .139 | .149 |
| Faktor Q2 | .273* | .263* | .263* | .274* | .258* | .285* | .272* |
| Faktor Q3 | -.004 | -.050 | .061 | .012 | .033 | .015 | .011 |
| Faktor Q4 | -.071 | -.116 | .127 | .056 | -.018 | -.030 | -.047 |

* = Beduidend op 5% peil

** = Beduidend op 1% peil

*** = Beduidend op .1% peil

TABEL 94

DIE VERBAND TUSSEN AKADEEMIESE PRESTASIES EN DIE PERSOONLIKHEIDSFAKTORE VAN DIE 16 P.F.-TOETS VIR DIE MINDER SUKSESVOLLE GROEP

N = 60

| Persoonlikheidsfaktore | Gem.predikaat eerste jaar | Gem.eks.syfer eerste jaar | Gem.predikaat finale jaar | Gem.eks.syfer finale jaar | Gem.van alle predikate | Gem.alle eks. syfers + pred. | Gem.van alle eks.syfers |
|------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|---------------------------|------------------------|------------------------------|-------------------------|
| Faktor A | -.233 | -.220 | -.120 | .094 | -.190 | -.249 | -.229 |
| Faktor B | -.088 | -.182 | .155 | .015 | -.035 | -.007 | -.018 |
| Faktor C | -.171 | .026 | -.224 | -.240 | -.375** | -.290* | -.132 |
| Faktor E | -.170 | -.079 | -.345** | -.069 | -.336** | -.332** | -.216 |
| Faktor F | -.152 | -.032 | -.352** | -.174 | -.312* | -.355** | -.280 |
| Faktor G | -.005 | -.045 | -.018 | .084 | -.086 | -.151 | -.220 |
| Faktor H | -.121 | -.048 | -.241 | -.116 | -.248 | -.276* | -.199 |
| Faktor I | -.021 | -.233 | .168 | .226 | .165 | .147 | -.017 |
| Faktor L | .017 | -.064 | -.171 | .043 | -.135 | -.190 | -.230 |
| Faktor M | .026 | -.042 | .268* | .136 | .228 | .228 | .121 |
| Faktor N | .067 | -.003 | -.025 | .192 | .032 | .011 | .021 |
| Faktor O | .232 | .086 | .163 | .105 | .404** | .337** | .148 |
| Faktor Q1 | -.108 | -.201 | -.190 | -.190 | -.209 | -.346** | .064 |
| Faktor Q2 | .182 | .165 | .157 | -.062 | .154 | .153 | .132 |
| Faktor Q3 | -.044 | .054 | -.103 | -.243 | -.219 | -.246 | -.207 |
| Faktor Q4 | .183 | .020 | .183 | .156 | .315* | .236 | .069 |

. = Beduidend op 5% peil .. = Beduidend op 1% peil ... = Beduidend op .1% peil

Faktor A : Na-buite-lewend vs Teruggetrokkenheid

TABEL 95

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSAKTOR A VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | -.492* | -.375* | -.122 | -.376** | -.233 | -.262** |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.307 | -.175 | -.130 | -.241 | -.220 | -.194* |
| Gem.predikaat finale jaar | -.206 | .177 | -.342 | -.148 | -.120 | -.105 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.393* | -.446* | -.260 | -.347** | .094 | -.082 |
| Gem.van alle predikate | -.420* | -.235 | -.016 | -.306* | -.190 | -.192* |
| Gem.alle eks.syfer+pred. | -.433 | -.418 | -.030 | -.343** | -.249 | -.206* |
| Gem.van alle eks.syfers | -.439* | -.479* | -.117 | -.367** | -.229 | -.203* |

. = Beduidend op 5% peil
 .. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 95 toon hierdie faktor 'n beduidende negatiewe verband met akademiese prestasies vir die submonster as geheel. Dit beteken dat sommige van die studente wat akademiese goed presteer, gekenmerk word deur 'n afsydige, strakke en koue houding gepaard met 'n vermyding van sosiale kontak. Ook is hierdie studente meer aggressief, toon 'n meer kritiese houding (alhoewel hulleself gevoelig is vir kritiek), is eiesinnig, vermy kompromie d.w.s. is hard en onbuigsaam, en is geneig om wantrouig te wees. Hulle hou van boeke en intellektuele

take en verkies om alleen te werk. In hulle werk is hulle metodies, en presies en pligsgetrou in die uitvoer van take aan hulle opgedra.

As bogenoemde eienskappe in oënskou geneem word, is dit duidelik dat almal in 'n meerdere of mindere mate bevorderlik is vir suksesvolle akademiese studie en -prestasie.

In teenstelling hiermee, toon sommige van die swakker presteerders se akademiese prestasies 'n verband met die eienskappe van die teenoorgestelde pool van Faktor A. Hierdie studente is hartliker, sorgeloos, genaakbaar en meer sosiaal van aard. Ook is hulle minder bang vir kritiek, maar moontlik minder betroubaar en presies in werk waar noukeurigheid vereis word en in die nakoming van verpligtinge.

Alhoewel daar geen statistiese beduidende verskil is tussen die gemiddelde prestasies van die S- en MS-groep t.o.v. hierdie faktor nie (Tabel 75 , p. 183), toon 'n verdere ontleding van die korrelasiekoëffisiënte (Tabel 95 , p. 224) dat hierdie faktor 'n beduidende negatiewe verband toon met die akademiese prestasies van die S-groep, maar onbeduidend korreleer in die geval van die MS-groep. Binne die S-groep is dit veral by die studente wat slaag en diegene wat cum laude, met onderskeiding, of met ekstra vakke slaag waar daar 'n beduidende negatiewe verband gevind is. Hiervolgens toon hierdie faktor in 'n meerdere mate 'n verband met die akademiese prestasies van sommige van die beste presteerders van die S-groep as in die geval van die hereksamen- en MS-groep.

Faktor B: Meer intelligent vs Minder intelligent

TABEL 96

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES
EN
PERSOONLIKHEIDSAKTOR B VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|---|-------|------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke | Slaag | Hereksamen | | | |
| | N= 26 | N= 24 | N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | .020 | .184 | .475 | .360** | -.088 | .293** |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | .188 | .234 | .280 | .360** | -.182 | .245** |
| Gem.predikaat finale jaar | -.100 | -.184 | .190 | .225 | .155 | .329*** |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.042 | .027 | .151 | .277* | .015 | .292** |
| Gem.van alle predikate | -.070 | .039 | .531* | .291* | -.035 | .309*** |
| Gem.alle eks.syfers+pred. | .000 | -.013 | .366 | .296* | -.007 | .328*** |
| Gem.van alle eks.syfers | .043 | -.070 | .055 | .265* | -.018 | .315*** |

- . = Beduidend op 5% peil
 .. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

Soos voorheen aangetoon (Tabel 75 , p.183), is daar statisties beduidende verskille gevind tussen die gemiddelde prestasies van die verskillende suksesgroepe t.o.v. hierdie faktor, en wel dat die S-groep hoër tellings as die MS-groep behaal het. Volgens Cattell toon hierdie faktor 'n middelmatige neiging vir die meer intelligente persoon om ietwat meer moreel, deursettingsvermoë en belangstelling aan die dag te lê as in die geval van die minder intelligente persoon.

Volgens die korrelasie-koëffisiënte wat gevind is vir die submonster as geheel (Tabel 96 , p.226), blyk dit dat genoemde eienskappe wel 'n beduidende verband met akademiese prestasies toon. Dit is egter opvallend dat daar slegs by die S-groep 'n beduidende positiewe verband gevind is tussen hierdie faktor (insluitende moraal, deursettingsvermoë en belangstelling) en akademiese prestasies, maar by die MS-groep is daar geen beduidende verband gevind nie en die neiging is eerder ook negatief, en nietig klein.

By die onderafdelings van die S-groep toon hierdie faktor 'n sterker verband met akademiese prestasies binne die hereksamengroep as wat die geval is by die slaaggroep en die groep wat cum laude, met onderskeiding, of met ekstra vakke slaag. Hierdie verband by die slaaggroep is gevind ten spyte van die feit dat daar geen beduidende verskil tussen die gemiddelde prestasies van die verskillende suksesgroepe t.o.v. hierdie faktor gevind is nie. Die vraag ontstaan dus waarom pligsbesef, deursettingsvermoë en belangstelling juis by die hereksamengroep positief en beduidend met akademiese prestasie korreleer en nie binne die ander groepe nie.

Cattell wys daarop dat die items van hierdie faktor slegs die kragaspek van intelligensie meet en nie die spoedfaktor in ag neem nie. Om hierdie rede sal daar nie noodwendig 'n hoë verband bestaan met die tellings van 'n verstandstoets wat wel die spoedfaktor in ag neem nie. Hy doen dan ook aan die hand dat dit soms nodig sal wees om gebruik te maak van 'n langer en erkende verstandstoets. Indien daar in hierdie ondersoek van die S.A.G.T.-tellings gebruik gemaak word, dan behaal die hereksamengroep gemiddeld die laagste telling (108.867) in teenstelling met die hoër tellings van die cum laude-, onderskeidings-, ekstra vakke groep (124.923), die slaaggroep (122.708) en selfs die MS-groep (113.632).

Ten spyte egter van die hereksamengroep se laer gemiddelde I.K. presteer hulle akademies beter as die MS-groep (herhalers) met 'n hoër gemiddelde I.K. Hierdie beter akademiese prestasies is waar-

skynlik beïnvloed deur nie-intellektuele faktore soos pligsbesef, deursettingsvermoë en belangstelling. Indien dit wel die geval is, dan sou die verkreë verband tussen hierdie eienskappe en akademiese prestasie wel moontlik wees.

Met inagneming van die verband wat gevind is en die lae gemiddelde verstandsvermoë van die hereksamensgroep, volg ook die moontlikheid dat hoe laer die verstandelike vermoë, des te belangriker is die rol wat nie-intellektuele faktore speel in suksesvolle prestasies.

Faktor C: Emosionele stabiliteit vs Emosionaliteit

TABEL 97

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSFAKTOR C VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | -.176 | .169 | .545* | -.067 | -.171 | -.131 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.286 | .326 | .524* | -.082 | .026 | -.067 |
| Gem.predikaat finale jaar | -.189 | -.034 | .214 | -.154 | -.224 | -.197* |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.142 | -.083 | .083 | -.168 | -.240 | -.217* |
| Gem.van alle predikate | -.184 | .146 | .402 | -.134 | -.375** | -.206* |
| Gem.alle eks. syfer+pred. | -.181 | .078 | .401 | -.155 | -.290* | -.188* |
| Gem.van alle eks.syfers | -.196 | .101 | .283 | -.161 | -.132 | -.154 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Hierdie faktor toon, met uitsondering van gemiddelde eerstejaar predikaat en -eksamensyfer, 'n beduidende negatiewe korrelasie met akademiese prestasies vir die submonster as geheel (Tabel 97).

Hoewel daar geen beduidende verskil is tussen die gemiddelde prestasies in hierdie faktor by die verskillende groepe nie (Tabel 76-81, p.184-), is daar wel 'n verskil in die wyse waarop hierdie faktor korreleer met akademiese prestasies by die verskillende

groepe. So bv. toon die akademiese prestasies van die MS-groep 'n negatiewe verband met hierdie faktor in teenstelling met die positiewe verband wat by die hereksamengroep gevind is.

Die positiewe verband by die hereksamengroep beteken dat hoër akademiese prestasies by hierdie groep in sommige gevalle 'n verband toon met emosionele rypheid en emosionele stabiliteit. Hierdie persone is ook kalmer, flegmaties, realisties en toon 'n afwesigheid van neurotiese moegheid. Die positiewe verband dui egter ook daarop dat daar 'n verband bestaan binne hierdie groep tussen swak akademiese prestasies en emosionele onrypheid en emosionele onstabiliteit, 'n gebrek aan frustrasie-toleransie, veranderlikheid van houdings en algemene emosionaliteit. Daarbenewens is hierdie persone ontwykend t.o.v. geskilspunte en om persoonlike beslissings onder die oë te sien, geneig tot kwellinge en lei hulle aan neurotiese moegheid. Ook raak hulle makliker gegrief deur mense en dinge, en is ontevrede met die wêreldtoestand, hul familie, lewensbeperkings en eie gesondheid. Hulle toon ook 'n neiging tot neurotiese response in die vorm van fobies, psigo-somatiese- en slaapverstorings, histeriese en obsessionele gedrag.

Die negatiewe verband wat gevind is by die MS-groep, dui daarop sommige van die beter presteerders van hierdie groep se akademiese prestasies 'n verband toon met emosionele onrypheid en -onstabiliteit, soos beskryf in die vorige paragraaf. Daar moet egter in gedagte gehou word dat hierdie "beter" groep se akademiese prestasies groot ooreenkoms toon met die swakker presteerders van die hereksamengroep. Eintlik is hier 'n bevestiging van die feit dat swak akademiese prestasies in sommige gevalle 'n verband toon met emosionele onrypheid en -onstabiliteit.

Die negatiewe verband beteken egter ook dat sommige van die swakste prestasies van die MS-groep 'n verband toon met die positiewe pool van hierdie faktor, d.w.s. met emosionele stabiliteit. 'n Verklaring vir hierdie skynbare ongerymdheid is dat dit hier moontlik weer 'n geval is waar die aanwesigheid van sekere eienskappe eerder belemmerend inwerk en dus eintlik 'n negatiewe invloed uitoefen, soos bv. oormatige kalmte en 'n flegmatiese houding.

Faktor E: Dominansie vs Submissie

TABEL 98

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSFAKTOR E VAN DIE 16 P.F.--TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | .150 | .201 | .318 | .343** | -.170 | .065 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | .170 | -.032 | .329 | .281* | -.079 | .055 |
| Gem.predikaat finale jaar | .344 | .347 | .239 | .452*** | -.345** | .014 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .234 | .463 | .475 | .437*** | -.069 | .157 |
| Gem.van alle predikate | .193 | .212 | .137 | .348** | -.336** | .024 |
| Gem.alle eks.syfer+pred. | .178 | .279 | .346 | .363** | -.332** | .022 |
| Gem.van alle eks.syfers | .162 | .293 | .521* | .361** | -.216 | .033 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 98 is daar geen beduidende verband gevind tussen hierdie faktor en akademiese prestasies vir die submonster as geheel nie.

Nadat die submonster egter verdeel is in 'n suksesvolle- (S-groep) en 'n minder suksesvolle groep (MS-groep), toon hierdie faktor 'n duidelike verskil in die wyse waarop dit korreleer met die akademiese prestasies van die twee groepe. In die geval van die S-groep is daar

beduidende positiewe korrelasies gevind met universiteitsprestasies, in teenstelling met beduidende negatiewe korrelasies by die MS-groep.

As daar gelet word op die lae gemiddelde tellings wat die submonster as geheel, sowel as die verskillende subgroepe in hierdie faktor behaal het (Tabel 75 , p. 183), dan dui dit daarop dat hierdie groep finalejaarstudente oor die algemeen meer neig tot die negatiewe pool van Faktor E. Hiervolgens is hulle oor die algemeen meer onderdanig, saggeaard, nederig, afhanklik, konvensioneel, selfvoldaan en geneig om maklik ontsteld te raak.

Ten spyte daarvan dat die S-groep, net soos die MS-groep lae tellings behaal, beteken die positiewe verband in die geval van die S-groep nogtans dat sommige van die beter studente van hierdie groep se akademiese prestasies saamgaan met die positiewe aspekte van die faktor. Dit sluit eienskappe in soos: 'n sterker neiging tot aggressiwiteit, mededinging, selfversekerdheid, onafhanklike gesindheid, fermheid, erns, onkonvensionaliteit, onbuigzaamheid en 'n soeke na aandag. Hierdie positiewe verband beteken egter ook dat van die swakker akademiese prestasies van sommige van die S-groep 'n verband toon met die negatiewe pool van Faktor E, soos beskryf in die vorige paragraaf.

Die MS-groep se akademiese prestasies korreleer egter beduidend negatief met Faktor E. Hierdie negatiewe verband beteken dat die akademiese prestasies van sommige van die MS-groep se beste presteerders verband hou met die negatiewe pool van hierdie faktor, en sommige van hulle swakste presteerders se akademiese prestasies met die positiewe pool.

Hier is skynbaar 'n ongerymdheid, soos ook gevind by Faktor C, nl. dat die akademiese prestasies van sommige van die beste presteerders van die S-groep gepaard gaan met dieselfde persoonlikheidstrekke as dié van sommige van die swakste presteerders van die MS-groep.

Moontlik is dit hier ook weer 'n geval van identiese trekke wat verskillend funksioneer by die twee groepe: op een groep het hierdie

eienskappe 'n heilsame uitwerking, terwyl dit remmend inwerk by die ander groep. Om te illustreer:

Die eienskap van selfversekerdheid speel heelwaarskynlik 'n totaal verskillende rol by die suksesvolle student as by die minder suksesvolle student. By eersgenoemde is dit moontlik 'n ingesteldheid voortspruitend uit ware selfkennis en ervaring wat 'n positiewe bydrae tot doelgerigtheid en vasberadenheid lewer - beide noodsaaklike vereistes vir suksesvolle studie en prestasie. By die minder suksesvolle student kan sogenaamde selfversekerdheid tot uiting kom in domstrantheid, of in 'n koppige, onbuigsame, selfvoldane houding - almal eienskappe wat grootliks hul oorsprong het in 'n onrealistiese siening van homself en sy vermeende vermoëns. By hierdie groep kan selfversekerdheid ook dien as dekmantel vir gevoelens van minderwaardigheid en ontoereikendheid. Hierdie soort selfversekerdheid, voortspruitend uit bogenoemde moontlikhede, sal waarskynlik nie voordelig inwerk op akademiese studie en -prestasie nie.

Faktor F: Entoesiasties, onbesorgd vs Bedruk, stemmig, ernstig

TABEL 99

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES

EN

PERSOONLIKHEIDSAKTOR F VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|---|---------|------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke | Slaag | Hereksamen | | | |
| | N= 26 | N= 24 | N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | -.133 | -.452* | .612* | -.148 | -.152 | -.122 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.049 | -.250 | .519* | -.083 | -.032 | -.048 |
| Gem.predikaat finale jaar | -.154 | -.359 | -.382 | -.247* | -.352** | -.229* |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.184 | -.231 | .271 | -.146 | -.174 | -.086 |
| Gem.van alle predikate | -.134 | -.473* | .170 | -.221 | -.312* | -.179* |
| Gem.alle eks.syfer+pred. | -.169 | -.525** | .213 | -.233 | -.355** | -.180* |
| Gem.van alle eks.syfers | -.124 | -.422* | .265 | -.186 | -.280 | -.141 |

. = Beduidend op 5% peil

.. = Beduidend op 1% peil

... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 99 toon Faktor F beduidende negatiewe korrelasies met akademiese prestasies van die submonster as geheel, die S-groep, die MS-groep en die slaaggroep. Slegs die hereksamengroep toon beduidende positiewe korrelasies.

Die negatiewe verband beteken dat sommige van die beter akademiese prestasies n verband toon met eienskappe soos: introversie, bedruktheid, stemmigheid, selfvoldaanheid en erns.

Van die swakker akademiese prestasies toon weer 'n verband met ekstraversie, onbesorgdheid, spraaksaamheid, ekspressiwiteit en openhartigheid. Volgens Cattell hang hierdie eienskappe ook saam met die feit dat hierdie persone oor die algemeen 'n makliker, minder strawwe omgewing het wat meer optimisme in die hand werk, of dat hulle 'n meer onbesorgde houding het a.g.v. minder veeleisende aspirasies.

Volgens die beduidende positiewe korrelasies van die hereksamengroep toon van hierdie groep se beste akademiese prestasies dan 'n verband met dieselfde eienskappe as wat gevind is by sommige van die swakste akademiese presteerders van al die ander groepe, soos beskryf in die vorige paragraaf.

'n Positiewe verband, soos gevind by die hereksamengroep, skyn teenstrydig te wees met die algemene bevinding by die ander groepe. As egter in ag geneem word dat hierdie beduidende positiewe verband by die hereksamengroep net gevind is met eerstejaarpunte toe swak akademiese prestasies juis daartoe bygedra het dat hierdie groep hereksamens moes doen, dan kom dit eintlik daarop neer dat dit oor die algemeen swak akademiese prestasies is wat 'n verband met ekstraversie, onbesorgdheid, spraaksaamheid, ekspressiwiteit en openhartigheid toon. In hierdie lig gesien, strook hierdie bevinding met wat gevind is i.v.m. swak akademiese prestasie by die ander groepe.

Faktor G: Konsensieus, volhardend vs Onverskillig, onbetroubaar

TABEL 100

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSFAKTOR G VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|----------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | -.244 | .188 | -.575* | -.245* | -.005 | -.060 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.469* | .323 | -.536* | -.271* | -.045 | -.078 |
| Gem.predikaat finale jaar | .123 | .501* | .504 | .061 | -.018 | .085 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.085 | -.028 | -.241 | -.210 | .084 | .007 |
| Gem.van alle predikate | -.119 | .315 | -.253 | -.127 | -.086 | -.020 |
| Gem.alle eks.syferst+pred. | -.198 | .444* | -.303 | -.137 | -.151 | -.026 |
| Gem.van alle eks.syfers | -.285 | .379 | -.217 | -.174 | -.220 | -.050 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 100 toon Faktor G geen beduidende verband met die akademiese prestasies van die submonster as geheel nie. Dieselfde geld ook vir die MS-groep.

By die S-groep as geheel is daar in twee gevalle 'n beduidende negatiewe verband gevind. Sodra die S-groep in verdere suksesgroepe onderverdeel word, is daar die verskynsel dat twee van die onderverdelings, t.w. die heel beste groep (dié wat cum laude, met onderskeidings, of met ekstra vakke slaag) en die heel swakste groep

(die hereksamengroep) n beduidende negatiewe verband toon, terwyl daar in die geval van die slaaggroep n beduidende positiewe verband gevind is.

Die positiewe verband wat by die slaaggroep gevind is, skyn logies te wees. Dit is te wagte dat goeie akademiese prestasies n verband sal toon met eienskappe soos: volharding, vasberadenheid, pligsgetrouheid, verantwoordelikheid, bestendigheid, ordelikheid, konsentrasievermoë en emosionele rypheid, en dat swakker akademiese prestasies weer n verband toon met n afwesigheid van ferme innerlike standaarde, onverskilligheid, onbetroubaarheid, wispelturigheid, ontspannenheid, veeleisendheid, ongeduld en traagheid.

Die negatiewe verband wat egter by die cum laude-, onderskeiding-, ekstra vakke-groep en die hereksamengroep gevind is, dui op n teenoorgestelde verband met die eienskappe wat in die vorige paragraaf beskryf is. Sommige van die beste en die swakste akademiese prestasies toon hiervolgens, teen die verwagting in, n verband met eienskappe wat teenstrydig is met dié gevind by die slaaggroep.

Dit is moontlik dat bepaalde "negatiewe" eienskappe soos ontspannendheid, veeleisendheid en ongeduld verskillend van aard is by die goeie en swak presteerders, en as gevolg hiervan in die een geval bevorderlik is vir goeie akademiese prestasie en nié in die ander geval nie.

Dit kan ook wees dat oormatige pligsgetrouheid en vasberadenheid tot oormatige spanning lei by groepe moontlik reeds hoog op die G-skaal. Effens laer op die skaal beteken gladnie noodwendig onverskilligheid en onbetroubaarheid nie - stiene bly dalk steeds bo 6 - miskien slegs minder krampagtige konsensieusheid.

Faktor H: Avontuurlik vs Skaam, teruggetrokke

TABEL 101

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES
EN
PERSOONLIKHEIDSAKTOR H VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| | Gem.predikaat eerste jaar | -.060 | .057 | | | |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.141 | -.122 | .308 | .001 | -.048 | -.003 |
| Gem.predikaat finale jaar | .023 | -.127 | .160 | .021 | -.241 | -.063 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.023 | .038 | -.016 | .033 | -.116 | -.026 |
| Gem.van alle predikate | -.064 | -.028 | -.088 | .017 | -.248 | -.038 |
| Gem.alle eks.syfer+pred. | -.122 | -.153 | .087 | -.012 | -.276* | -.049 |
| Gem.van alle eks.syfers | -.107 | -.106 | .265 | .018 | -.199 | -.019 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 101 is daar geen beduidende verband gevind tussen hierdie faktor en die akademiese prestasies van die submonster as geheel nie. Dieselfde geld vir die S-groep en die onderverdelings daarvan. In die geval van die MS-groep is slegs negatiewe korrelasies gevind waarvan net een beduidend is.

Volgens Cattell is faktor H konstitusioneel van aard aangesien dit in verband staan met outonadiese reaktiwiteit. Hierdie faktor

is dan ook van erflike oorsprong.

Die H+ -eienskappe dui op geen, of min inhibisie t.o.v. omgewingsbedreiging wat weer aanleiding gee tot 'n neiging om te waag.

Die H- -eienskappe dui op neigings tot terugtrekking (schizothyme neigings) a.g.v. 'n óórreaktiewe simpatiese sensustelsel.

Die verkreë negatiewe verband beteken dat sommige van die beter presteerders van die MS-groep se akademiese prestasies 'n verband toon met skugterheid, teruggetrokkenheid, afsydigheid, versigtigheid en 'n onvermoë om kontak met die werklikheid te behou. Hierteenoor toon sommige van die swakste presteerders se akademiese prestasies 'n verband met avontuurlustigheid, dikvelligheid, impulsiwiteit, gemoedelikheid en onbesorgdheid, m.a.w. weinig inhibisie t.o.v. omgewingsbedreigings.

Dit wil vóórkom of al bogenoemde eienskappe, hetsy van die positiewe pool, of die negatiewe pool, in verband gebring kan word met swak akademiese prestasies op grond van die verkreë verband met die oorwegende swak akademiese prestasies van 'n groep minder suksesvolle studente.

Faktor I: Sensitief vs Realisties

TABEL 102

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES
EN
PERSOONLIKHEIDSFAKTOR I VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|----------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | -.265 | -.163 | .263 | .022 | -.021 | .110 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.032 | -.212 | .441 | .119 | -.233 | .084 |
| Gem.predikaat finale jaar | -.214 | .025 | -.589* | -.024 | .168 | .177* |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.433 | .040 | -.015 | -.061 | .226 | .193* |
| Gem.van alle predikate | -.287 | -.161 | .053 | .000 | .165 | .168 |
| Gem.alle eks.syferst+pred. | -.298 | -.241 | .083 | -.006 | .147 | .171 |
| Gem.van alle eks.syfers | -.327 | -.237 | .043 | -.032 | -.017 | .134 |

- = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 102 toon hierdie faktor beduidende positiewe, maar lae korrelasies met die akademiese prestasies van die submonster as geheel, maar nie by die S- of MS-groep nie. Sommige van die goeie akademiese prestasies toon dus 'n verband met eienskappe soos: sensitiwiteit, afhanklikheid, saggeaardheid, verbeeldingrykheid, geaffekteerdheid, intuïtiewe handeling, 'n soeke na aandag, oppervlakkigheid en hipokondriese neigings.

In teenstelling hiermee toon sommige van die swakker akademiese

prestasies dan weer 'n verband met: 'n realistiese (en byna siniese) lewensuitkyk, selfvertroue, 'n verantwoordelikeheidsin en selfvoorsiening.

By die onderverdelings van die S-groep is hoofsaaklik negatiewe korrelasies gevind, alhoewel net een daarvan by die hereksamengroep statisties beduidend en terselfdertyd besonder hoog is. Die negatiewe korrelasies dui daarop dat sommige van die beste en die swakste presteerders van die hereksamengroep se akademiese prestasies 'n verband toon met die teenoorgestelde eienskappe soos gevind vir goeie en swak akademiese prestasies, soos beskryf in die vorige paragraaf.

'n Negatiewe verband tussen hierdie faktor en akademiese prestasies skyn ook meer verstaanbaar te wees as 'n positiewe verband. So bv. wil dit voorkom asof 'n verband tussen goeie akademiese prestasies en eienskappe soos selfvertroue, 'n verantwoordelikeheidsin en selfvoorsiening meer sinvol en waarskynlik is, as wanneer hierdie eienskappe 'n verband met swak prestasies sou toon.

Faktor L: Paranoïde neigings vs Ontspanne sekuriteitTABEL 103DIE VERBAND TUSSEN AKADEEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSFAKTOR L VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | -.090 | -.238 | -.302 | -.141 | .017 | -.089 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.281 | .015 | -.309 | -.165 | -.064 | -.125 |
| Gem.predikaat finale jaar | .313 | -.243 | -.108 | .030 | -.171 | -.068 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .230 | .095 | .028 | .086 | .043 | .051 |
| Gem.van alle predikate | .113 | -.345 | -.080 | -.033 | -.135 | -.084 |
| Gem.alle eks.syfer+pred. | .039 | -.126 | -.057 | -.017 | -.190 | -.088 |
| Gem.van alle eks.syfers | -.013 | .157 | .037 | .018 | -.230 | -.096 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 103 korreleer hierdie faktor laag en onbeduidend met akademiese prestasies vir sowel die submonster as geheel, die S- en MS-groep, en die onderverdelings van die S-groep.

Faktor M: Onkonvensioneel vs Konvensioneel

TABEL 104

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSFAKTOR M VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|------------------------------|--|----------------|---------------------|-------------------------------|-------------------|-----------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| | Gem.predikaat eerste jaar | .026 | -.153 | | | |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | .170 | -.487* | -.030 | .062 | -.042 | .045 |
| Gem.predikaat finale jaar | .193 | -.165 | -.445 | .112 | .268* | .162 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .127 | .058 | -.201 | .139 | .136 | .125 |
| Gem.van alle predikate | .083 | -.183 | -.116 | .079 | .228 | .125 |
| Gem.alle eks. syfer+pred. | .095 | -.210 | -.263 | .080 | .228 | .122 |
| Gem.van alle eks.syfers | .126 | -.286 | -.344 | .080 | .121 | .100 |

- = Beduidend op 5% peil
- = Beduidend op 1% peil
- = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 104 korreleer Faktor M positief, maar onbeduidend, met die akademiese prestasies van die submonster as geheel. Dieselfde geld vir die S-groep en die MS-groep, behalwe in een geval by die MS-groep waar die gemiddelde finalejaar predikaat 'n beduidende positiewe verband met hierdie faktor toon.

Uit Tabel 104 blyk ook dat die verband by die slaaggroep en die hereksamengroep van die S-groep hoofsaaklik negatief is, alhoewel

onbeduidend, behalwe in een geval, t.w. 'n beduidende negatiewe verband by die slaaggroep tussen gemiddelde eksamensyfer vir die eerste jaar en Faktor M.

Volgens die verkreë positiewe en negatiewe verband, kom dit daarop neer dat swak akademiese prestasie (dit sluit in die swakste prestasies van die slaaggroep en die beste prestasies van die MS-groep-eintlik ook swak prestasies) 'n verband toon met onkonvensionaliteit, introversie en verstrooidheid. Hierteenoor toon sowel van die beste as die swakste akademiese prestasies van die slaaggroep en MS-groep onderskeidelik, 'n verband met konvensionaliteit, betroubare en praktiese oordeel, erns, bestendigheid en geen spontane kreatiwiteit.

Hierdie verskynsel dat goeie en swak akademiese prestasies 'n verband toon met dieselfde eienskappe, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat sommige van die elemente van die negatiewe pool waarskynlik in verskillende mate by die slaaggroep en die MS-groep aanwezig is. Die verkreë verband beteken dus nie dat alle elemente van die bepaalde faktor noodwendig in dieselfde mate betrokke is nie. So bv. is dit moontlik dat 'n element soos gebrek aan spontane kreatiwiteit by die MS-groep juis van deurslaggewende aard kan wees, terwyl dit by die slaaggroep nie die geval is, en waarskynlik deur ander elemente soos erns, bestendigheid en 'n betroubare en praktiese oordeel, oorheers word.

Faktor N: Sofistikasie vs Ongekunsteldheid

TABEL 105

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES

EN

PERSOONLIKHEIDSAKTOR N VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | -.066 | .206 | -.002 | .031 | .067 | -.020 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.168 | .076 | .135 | -.041 | -.003 | -.078 |
| Gem.predikaat finale jaar | -.018 | .458* | .187 | .138 | -.025 | -.020 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .104 | .096 | .131 | .082 | .192 | .030 |
| Gem.van alle predikate | -.062 | .335 | .128 | .041 | .032 | -.047 |
| Gem.alle eks.syfer+pred. | -.071 | .308 | .077 | .037 | .011 | -.062 |
| Gem.van alle eks.syfers | -.080 | .257 | .338 | .039 | .021 | -.065 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 105 toon Faktor N geen beduidende verband met die akademiese prestasies van die submonster as geheel, die S-groep, of die MS-groep nie. By die slaaggroep is daar hoofsaaklik positiewe korrelasies gevind, alhoewel net een daarvan beduidend is.

Die verkreeë verband in bogenoemde geval beteken dat sommige van die beste presteerders van die slaaggroep se akademiese prestasies 'n verband toon met sofistikasie en verfyndheid in teenstelling met

sommige van die swakker presteerders wie se akademiese prestasies
n verband toon met ongekunsteldheid en pretensieloosheid.

Dit is twyfelagtig of hierdie enkele beduidende verband by 'n
klein subgroep, dit enigsins regverdig om betekenisvolle afleidings
m.b.t. suksesvolle- en minder suksesvolle studente in die algemeen
te maak.

Faktor 0: Skuldgevoelneigings vs Gevoelens van oortuigde toereikenheid

TABEL 106

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES

EN

PERSOONLIKHEIDSFAKTOR 0 VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | .088 | -.279 | -.419 | -.079 | .232 | .108 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | .103 | -.247 | -.440 | -.051 | .086 | .074 |
| Gem.predikaat finale jaar | .073 | -.230 | -.195 | -.067 | .163 | .168 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .015 | -.060 | -.097 | -.021 | .105 | .117 |
| Gem.van alle predikate | .034 | -.165 | -.519 | -.040 | .404** | .165 |
| Gem.alle eks.syfer+pred. | .023 | -.152 | -.542* | -.035 | .337** | .151 |
| Gem.van alle eks.syfers | .002 | -.273 | -.400 | -.059 | .148 | .104 |

- . = Beduidend op 5% peil
 .. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 106 is daar 'n positiewe, maar onbeduidende verband gevind tussen Faktor 0 en die akademiese prestasies van die submonster as geheel.

By die twee subgroepe is daar 'n opmerklike verskil, nl. die deurgaans negatiewe, maar onbeduidende verband by die S-groep, teenoor die deurgaans positiewe, en in sommige gevalle, beduidende verband by die MS-groep. Twee van die onderafdelings van die S-groep, t.w.

die slaaggroep en die hereksamengroep toon in alle gevalle ook 'n negatiewe verband, alhoewel slegs beduidend in een geval by die hereksamengroep.

Hierdie verskynsel van positiewe korrelasies by die een groep en negatiewe korrelasies by die ander groep, is meer opmerklik as in ag geneem word dat daar geen statisties beduidende verskil gevind is tussen die gemiddelde prestasies van die verskillende groepe op hierdie faktor nie (Tabel ⁷⁵⁻81, p. ¹⁸³⁻189).

Dit blyk dat daar slegs een geval is waar hierdie faktor beduidend korreleer met akademiese prestasie vir sowel 'n suksesvolle groep (hereksamengroep) as 'n minder suksesvolle groep, en wel in die geval van gemiddelde predikaat + gemiddelde eksamensyfers. Onderstaande bespreking van die verkreë verband het slegs betrekking op hierdie gevalle.

Daar is 'n mate van ooreenkoms tussen die akademiese prestasies van die swakste presteerders van die hereksamengroep en die beste presteerders van die MS-groep. Hierdie twee soorte akademiese prestasies is eintlik swak en onbevredigend. Volgens die korrelasies wat gevind is, is daar 'n verband tussen sommige van hierdie swak prestasies en die positiewe pool van Faktor 0. Persone by wie hierdie eienskappe aanwesig is, word oëvermoeid deur opwindende gebeure, slaap sleg a.g.v. bekommernis, en is nie in staat om die daaglikse eise van die lewe die hoof te bied nie. Hierdie persone raak maklik neerslagtig en berouvol, en is geneig tot piëteit. Soms is daar hipokondriese en neurastheniese simptome, met fobies en vrese prominent.

Soos ook by ander faktore gevind, beteken die verkreë verband dat sommige van die beste presteerders van die suksesvolle groep en sommige van die heel swakste presteerders van die MS-groep se akademiese prestasies 'n verband toon met die negatiewe pool van hierdie faktor. Dit sluit in eienskappe soos selfvertroue en 'n meer opgeruimde en onbekommerde houding. Hier is dit moontlik weer 'n geval waar dieselfde eienskappe 'n teenoorgestelde uitwerking en oorsprong kan hê. So bv. kan die selfvertroue en onbekommerde houding van die suksesvolle student totaal verskillend wees van dié van die minder suksesvolle student.

Faktor Q1: Radikalisme vs Konserwatisme

TABEL 107

DIE VERBAND TUSSEN AKADEEMIESE PRESTASIES

EN

PERSOONLIKHEIDSFAKTOR Q1 VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Gem laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | .165 | .227 | -.118 | .137 | -.108 | .096 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | .214 | -.005 | -.395 | .065 | -.201 | .021 |
| Gem.predikaat finale jaar | .107 | -.173 | .679** | .123 | -.190 | .058 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .222 | .017 | .423 | .182 | -.190 | .117 |
| Gem.van alle predikate | .185 | .149 | .165 | .144 | -.209 | .090 |
| Gem.alle eks.syfers+pred. | .200 | .114 | .215 | .139 | -.346** | .064 |
| Gem.van alle eks.syfers | .246 | .040 | .262 | .149 | -.390** | .055 |

- . = Beduidend op 5% peil
 .. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 107 toon hierdie faktor geen verband met die akademiese prestasies van die submonster as geheel nie.

Alhoewel daar geen beduidende verskille gevind is tussen die gemiddelde prestasies van die verskillende suksesgroepe in hierdie faktor nie (Tabel 75 , p.183), toon die S-groep se akademiese prestasies oor die algemeen 'n positiewe, alhoewel onbeduidende, verband met hierdie faktor, in teenstelling met die deurgaans negatiewe, en in twee gevalle, beduidende verband van die MS-groep.

Cattell beweer dat Faktor Q1 meer behels as net 'n aantal verworwe radikale politieke en godsdienstige houdings. Dit spruit eerder voort uit temperaments- of algemene persoonlikheidstrekke. Daar is, volgens hom, ook aanduidings dat die persoon met hoër tellings op hierdie faktor, 'n beter ingeligte persoon is en meer geneig is om probleme te wil oplos. Hulle toon ook groter wetenskaplike belangstelling, 'n neiging tot analitiese denke en verkies leeswerk bo klasonderrig.

Volgens die verkreë positiewe verband, toon sommige van die beste akademiese prestasies van die S-groep 'n verband met bogenoemde eienskappe, terwyl sommige van die swakker akademiese prestasies weer 'n verband toon met meer konserwatiewe eienskappe.

Die negatiewe verband wat by die MS-groep gevind is, impliseer egter dat sommige van die swakste akademiese prestasies van hierdie groep 'n verband toon met dieselfde eienskappe waarmee sommige van die beter prestasies van die S-groep korreleer.

Dit is moontlik dat sterk neigings tot radikalisme, veral as dit in verband staan met akademiese aangeleenthede, in verband gebring kan word met akademiese prestasies.

Faktor Q2: Selfgenoegsaamheid vs Groepsafhanklikheid

TABEL 108

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSFAKTOR Q2 VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | .387 | .220 | .047 | .273* | .182 | .237** |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | .417* | .164 | .003 | .263* | .165 | .224 |
| Gem.predikaat finale jaar | .380 | .022 | .112 | .263* | .157 | .216* |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .334 | .396 | -.231 | .274* | -.062 | .139 |
| Gem.van alle predikate | .396* | .112 | .275 | .258* | .154 | .214 |
| Gem.alle eks.syferstpred. | .429* | .317 | .060 | .285* | .153 | .218* |
| Gem.van alle eks.syfers | .417* | .363 | -.221 | .272* | .132 | .203 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Uit Tabel 108 blyk dat Faktor Q2, met uitsondering van Faktor B (p.226), die grootste getal beduidende korrelasies met akademiese prestasies toon.

Beduidende korrelasies is gevind in sommige gevalle van die submonster as geheel en deurgaans by die S-groep, maar nie in n enkele geval by die MS-groep nie. Dit blyk ook by die S-groep dat slegs een onderverdeling beduidende korrelasies toon, tw. dié studente

wat cum laude, of met onderskeidings, of met ekstra vakke slaag. Onderstaande bespreking het net op bovermelde groep betrekking.

Eienskappe soos vasberadenheid, vindingrykheid en die vermoë om selfstandige beslissings te maak, toon in sommige gevalle 'n verband met goeie akademiese prestasies, terwyl sommige van die swakker akademiese prestasies weer 'n verband toon met groepafhanklikheid, d.w.s. hulle word makliker beïnvloed deur, en toon 'n groter afhanklik- van die goed- of afkeuring van die groep.

Volgens Cattell is hierdie faktor een van die belangrikste faktore by introversie.

Dit kan wees dat die aanwesigheid van hierdie faktor 'n bepalende rol speel in die geval van akademiese prestasies.

Faktor Q3: Hoë selfsentiment vs Lae Selfsentiment

TABEL 109

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSAKTOR Q3 VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|------------------------------|--|--------------------|-------------------------|-----------------------------------|-----------------------|---------------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| | Gem.predikaat eerste jaar | -.158 | .068 | | | |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.227 | .058 | -.170 | -.050 | .054 | .014 |
| Gem.predikaat finale jaar | .050 | -.202 | .290 | .061 | -.103 | .001 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.009 | -.170 | -.084 | .012 | -.243 | -.047 |
| Gem.van alle predikate | -.055 | .015 | -.171 | .033 | -.219 | -.020 |
| Gem.alle eks. syfer+pred. | -.086 | -.042 | -.179 | .015 | -.246 | -.029 |
| Gem.van alle eks.syfers | -.106 | -.005 | -.165 | .011 | -.207 | -.023 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 109 toon hierdie faktor geen statisties beduidende verband met akademiese prestasies by enige groep nie.

Faktor Q4: Hoë ergiese spanning vs Lae ergiese spanning

TABEL 110

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENPERSOONLIKHEIDSAKTOR Q4 VAN DIE 16 P.F.-TOETS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N= 65 | MS-groep N= 60 | Submonster as geheel N= 125 |
|---------------------------|--|----------------|---------------------|----------------------------|-------------------|--------------------------------|
| | Cum laude Ondersk.'s Ekstra vakke N= 26 | Slaag N= 24 | Hereksamen N= 15 | | | |
| Gem.predikaat eerste jaar | .011 | -.356 | .013 | -.071 | .183 | .038 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.036 | -.399 | -.143 | -.116 | .020 | -.031 |
| Gem.predikaat finale jaar | .304 | .184 | -.253 | .127 | .183 | .143 |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .121 | .015 | .087 | .056 | .156 | .095 |
| Gem.van alle predikate | .107 | -.220 | -.266 | -.018 | .315* | .082 |
| Gem.alle eks.syferstpred. | .063 | -.188 | -.312 | -.030 | .236 | .057 |
| Gem.van alle eks.syfers | .026 | -.236 | -.229 | -.047 | .069 | .019 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 110 is daar vir die submonster as geheel, sowel as vir die S-groep en die onderafdelings daarvan, geen beduidende verband gevind tussen hierdie faktor en akademiese prestasies nie. Die MS-groep toon deurgaans 'n positiewe verband, alhoewel net statisties beduidend in een geval.

Volgens die positiewe verband toon die akademiese prestasies van sommige van die beter presteerders van die MS-groep 'n verband met

eienskappe van gespannenheid en prikkelbaarheid, terwyl daar in die geval van sommige van die swakker presteerders van die MS-groep weer 'n verband gevind is tussen swak akademiese prestasies en eienskappe soos kalmte en bedaardheid.

Cattell beweer dat lae tellings op hierdie faktor in die geval van skoolwerk die onderskeid aantoon tussen óórpresteerders en onderpresteerders. As hierdie bevinding van toepassing gemaak word op die verkreë verband by die MS-groep, dan beteken dit dat beter akademiese prestasies (moontlike óórprestasies) 'n verband hou met irrasionele bekommernis, gespannenheid, prikkelbaarheid, angstigtheid en verwardheid, teenoor die swakker akademiese prestasies (moontlike onderprestasies) wat 'n verband toon met 'n meer flegmatiese houding, beheersdheid, kalmte en bedaardheid, miskien òòr-gerustheid.

B. Die verband tussen akademiese prestasies en studiehoudings en studiemetodes soos gemeet deur die Brown-Holtzman vraelys.

Die korrelasie-koëffisiënte tussen akademiese prestasies en studiehoudings en studiegewoontes word in die volgende tabelle aangetoon:

Die submonster as geheel: Tabel 111, p. 259.

Die S- en MS-groep van die submonster: Tabel 112, p.260.

Die onderverdelings van die S-groep: Tabelle 113-115, pp.261-263

In al die gevalle word die verband aangetoon vir sowel die verkorte vraelys as die onverkorte vraelys.

Bespreking van tabelle

Uit Tabel 111, p. 259 blyk dit dat tellings in die vraelys 'n beduidende positiewe verband toon met die akademiese prestasies van die submonster as geheel, d.w.s. goeie akademiese prestasies gaan gepaard met goeie studiehoudings en -metodes en swak akademiese prestasies met swak studiehoudings en -metodes, soos deur die vraelys gemeet.

Die hoogste korrelasies is gevind met, óf die finalejaarpunte, óf met punte wat oor meer as een jaar strek. Die rede hiervoor is moontlik omdat die vraelys gedurende die finale jaar toegepas is en die vrae deur die student in verband gebring word met akademiese gebeure en houdings van die bepaalde tydperk.

Ook is die korrelasies oor die algemeen hoër met gemiddelde klaspredikaat as met eksamensyfer, vir sowel die eerste- as die finale jaar. Hierdie verskynsel is waarskynlik toe te skryf aan die feit dat die items van die vraelys hoofsaaklik handel oor studiehoudings en -metodes soos geopenbaar in die student se jaarwerk en minder te doen het met een enkele geleentheid soos eksamen-aflê.

In die verkorte vorm van die vraelys word aparte tellings vir studiehoudings en metodes aangegee. Vir die onverkorte vraelys is die items op dieselfde wyse geskei en aparte berekeninge gedoen vir houdings en metodes. Volgens die verkreë resultate toon studiehoudings

by die verkorte vorm van die vraelys 'n hoër korrelasie met akademiese prestasies as wat die geval is met studiemetodes. In die geval van die onverkorte toets toon studiemetodes egter weer 'n geringe hoër verband met akademiese prestasies, maar nie in so 'n mate dat dit die indruk skep dat studiemetodes van groter belang is as studiehoudings nie.

Bogenoemde bevindings weerlê die algemene opvatting dat alleenlik studiemetodes so 'n belangrike rol speel in studie en dat opknapping in studiemetodes voldoende remediëring in die hand werk om akademiese prestasies te verbeter, of dat swak studiemetodes een van die belangrikste oorsake is van druiping of van swak akademiese prestasie aan die universiteit. In die praktyk blyk dit ook dat goeie akademiese presteerders nie noodwendig die "korrekte" of "beste" studiemetodes gebruik nie.

Die belangrike rol wat studiehoudings en gesindhede by suksesvolle en minder suksesvolle akademiese studie speel, word sterk deur die verkreeë resultate beklemtoon. Alhoewel dit duidelik is dat sowel houdings as metodes gesamentlik 'n invloed uitoefen, moet die rol wat houdings speel, nie onderskat of uit die oog verloor word nie.

Sodra die submonster verdeel word in 'n suksesvolle en 'n minder suksesvolle groep (Tabel 112, p. 260), dan is dit opvallend dat daar by die S-groep deurgaans positiewe korrelasies aangevref word in teenstelling met die negatiewe korrelasies van die MS-groep, behalwe in die geval van die gemiddelde predikaat en eksamensyfer van die finale jaar.

Uit 'n verdere ontleding van die resultate van die verskillende suksesgroepe (Tabelle 113-115, pp. 261-²⁶³), is die ooreenkoms tussen die hereksamen- en MS-groep opmerklik, veral as daar gelet word op die neiging tot negatiewe korrelasies. Hiervolgens kan moontlik afgelei word dat studiehoudings en -metodes grootliks dieselfde rol speel in akademiese prestasies by hierdie twee groepe, óf aangesien die akademiese prestasies van die twee groepe in 'n groot mate dieselfde is, het dit die ooreenstemmende verband as gevolg.

Dit is ook opmerklik dat daar selfs by die groep wat akademies

baie goed presteer (slaag cum laude, met onderskeidings, of met ekstra vakke - Tabel 113, p. 261 - n sterk verband gevind is tussen akademiese prestasies en studiehoudings en studiemetodes. Selfs binne hierdie groep goeie presteerders, toon goeie en swak studiehoudings en studiemetodes dus ook nog n verband met verskillende grade van goeie akademiese prestasies, d.w.s. dat selfs by die beste studente studiehoudings en studiemetodes nog n verskil maak.

As die korrelasie-koëffisiënte van die verskillende suksesgroepe vergelyk word t.o.v. eerste jaar en finale jaar, blyk dit dat daar by die slaaggroep (Tabel 114 , p.262) n konstante neiging is tot positiewe korrelasies, terwyl die cum laude, onderskeidings-, ekstra vakke groep (Tabel 113 , p. 261), die hereksamengroep (Tabel 115 ,p.263) en MS-groep (Tabel 112 , p. 260) n ooreenkoms toon, te wete, dieselfde neiging tot n negatiewe verband in die eerste jaar wat verander tot n positiewe verband in die finale jaar. Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan die wisseling in akademiese prestasies van hierdie groepe in teenstelling met die meer konstante akademiese prestasies van die slaaggroep.

Volgens hierdie ondersoek blyk dit ook dat hoër korrelasie-koëffisiënte met die onverkorte vraelys as met die verkorte vorm daarvan verkry word. Dit kan moontlik wees omdat die verkorte vorm gebaseer is op resultate verkry van eerstejaarstudente en dus nie noodwendig van toepassing is op die siening van finalejaarstudente nie, óf dat daar in die reduksieproses van die vollengte vraelys sekere items verlore gegaan het wat skynbaar tog van belang is en wel diskrimineer tussen goeie en swak studiehoudings en -metodes by studente en ook verband hou met goeie en swak akademiese prestasies. Volgens hierdie ondersoek blyk die vollengte vraelys dus n meer geldige meetinstrument te wees.

TABEL 111DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENSTUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES VIR DIE SUBMONSTER AS GEHEEL (N = 125)

| Akademiese prestasies | Verkorte toets | | | Onverkorte toets | | |
|-------------------------------|----------------|---------|---------|------------------|---------|---------|
| | Houdings | Metodes | Totaal | Houdings | Metodes | Totaal |
| Gem. predikaat eerste jaar | .191* | .125 | .181* | .327*** | .351*** | .386*** |
| Gem. eks. syfer eerste jaar | .226* | .039 | .161 | .304*** | .313*** | .335*** |
| Gem. predikaat finale jaar | .410*** | .340*** | .426*** | .513*** | .551*** | .586*** |
| Gem. eks. syfer finale jaar | .366*** | .296*** | .374*** | .423*** | .470*** | .493*** |
| Gem. van alle predikate | .316*** | .242** | .319*** | .447*** | .492*** | .523*** |
| Gem. alle eks. syfers + pred. | .338*** | .236** | .330*** | .432*** | .477*** | .524*** |
| Gem. van alle eks. syfers | .335*** | .211* | .316*** | .494*** | .454*** | .489*** |

- . = Beduidend op 5% peil
 .. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

TABEL 112

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES

EN

STUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES VIR DIE S- EN MS-GROEP

(S-groep: N = 65)

(MS-groep: N = 60)

| Akademiese prestasies | Verkorte toets | | | | | | Onverkorte toets | | | | | |
|-------------------------------|----------------|----------|---------|----------|---------|----------|------------------|----------|---------|----------|---------|----------|
| | Houdings | | Metodes | | Totaal | | Houdings | | Metodes | | Totaal | |
| | S-groep | MS-groep | S-groep | MS-groep | S-groep | MS-groep | S-groep | MS-groep | S-groep | MS-groep | S-groep | MS-groep |
| Gem. predikaat eerste jaar | .123 | -.110 | .169 | -.219 | .162 | -.175 | .332** | .001 | .346** | -.046 | .383** | -.018 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | .140 | -.021 | .026 | -.241 | .096 | -.128 | .323** | -.018 | .189 | .101 | .268* | .012 |
| Gem. predikaat finale jaar | .345*** | .232 | .329** | .261* | .376** | .280* | .495*** | .352** | .540*** | .309* | .569*** | .364** |
| Gem.eks.syfer finale jaar | .268* | .194 | .285* | .190 | .308* | .218 | .424*** | .219 | .444*** | .181 | .460*** | .237 |
| Gem. van alle predikate | .251* | -.015 | .286* | -.087 | .301 | -.052 | .421*** | .209 | .443*** | .199 | .499*** | .171 |
| Gem. alle eks. syfers + pred. | .262* | .002 | .266* | -.091 | .296* | -.042 | .463*** | .165 | .442*** | .175 | .487*** | .181 |
| Gem. van alle eks. syfers | .261* | -.026 | .224 | -.119 | .273* | -.074 | .444*** | .171 | .377** | .128 | .425*** | .129 |

. = Beduidend op 5% peil
 .. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

TABEL 113DIE VERBAND TUSSEN AKADEEMIESE PRESTASIESENSTUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES VIR DIE ONDERVERDELINGS VAN DIE S-GROEP

(Slaag cum laude, met onderskeidings of ekstra vakke: N = 26)

| Akademiese prestasies | Verkorte toets | | | Onverkorte toets | | |
|-------------------------------|----------------|---------|--------|------------------|---------|--------|
| | Houdings | Metodes | Totaal | Houdings | Metodes | Totaal |
| Gem. predikaat eerste jaar | -.031 | .126 | .057 | .300 | .211 | .279 |
| Gem. eks. syfer eerste jaar | -.123 | -.248 | -.222 | .116 | -.136 | -.024 |
| Gem. predikaat finale jaar | .292 | .348 | .397* | .518** | .607*** | .582** |
| Gem. eks. syfer finale jaar | .222 | .327 | .339 | .503** | .521** | .551** |
| Gem. van alle predikate | .115 | .251 | .226 | .375 | .432* | .407* |
| Gem. alle eks. syfers + pred. | .062 | .170 | .144 | .367 | .310 | .355 |
| Gem. van alle eks. syfers | .017 | .088 | .067 | .315 | .256 | .280 |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

TABEL 114DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENSTUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES VIR DIE ONDERVERDELINGS VAN DIE S-GROEP

(Slaaggroep: N = 24)

| Akademiese prestasies | Verkorte toets | | | Onverkorte toets | | |
|-------------------------------|----------------|---------|--------|------------------|---------|--------|
| | Houdings | Metodes | Totaal | Houdings | Metodes | Totaal |
| Gem. predikaat eerste jaar | .089 | .254 | .186 | .273 | .321 | .393 |
| Gem. eks. syfer eerste jaar | .284 | .211 | .265 | .460* | .324 | .414* |
| Gem. predikaat finale jaar | .045 | .124 | .089 | .188 | .368 | .339 |
| Gem. eks. syfer finale jaar | .177 | .272 | .238 | .316 | .340 | .328 |
| Gem. van alle predikate | .136 | .288 | .229 | .346 | .407* | .490* |
| Gem. alle eks. syfers + pred. | .243 | .344 | .316 | .533** | .495* | .594** |
| Gem. van alle eks. syfers | .352 | .321 | .360 | .564** | .459* | .528** |

- . = Beduidend op 5% peil
 .. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

TABEL 115DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIESENSTUDIEHOUDINGS EN STUDIEMETODES VIR DIE ONDERVERDELINGS VAN DIE S-GROEP

(Hereksamengroep: N = 15)

| Akademiese prestasies | Verkorte toets | | | Onverkorte toets | | |
|-------------------------------|----------------|---------|--------|------------------|---------|--------|
| | Houdings | Metodes | Totaal | Houdings | Metodes | Totaal |
| Gem. predikaat eerste jaar | -.385 | -.610* | -.546* | -.341 | -.363 | -.314 |
| Gem.eks.syfer eerste jaar | -.321 | -.585* | -.492 | -.197 | -.312 | -.257 |
| Gem. predikaat finale jaar | .586* | .296 | .520* | .577* | .239 | .527* |
| Gem.eks.syfer finale jaar | -.058 | -.299 | -.183 | -.245 | -.383 | -.378 |
| Gem. van alle predikate | -.074 | -.310 | -.199 | -.129 | -.227 | -.024 |
| Gem. alle eks. syfers + pred. | -.059 | -.374 | -.221 | .007 | -.416 | -.184 |
| Gem. van alle eks. syfers | -.033 | -.374 | -.204 | -.019 | -.423 | -.333 |

. = Beduidend op 5% peil
 .. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

C. Die verband tussen akademiese prestasies en aanpassingsfaktore soos gemeet deur die N.B. Aanpassingsvraelys.

Die korrelasie-koëffisiënte tussen akademiese prestasies en aanpassingsfaktore vir die submonster as geheel, die S-groep en die MS-groep van die submonster, en die onderverdelings van die S-groep, word in Tabela 116-126, p.p. 266-276 aangetoon.

Bespreking van tabelle

By die submonster as geheel is daar net een beduidende verband gevind, t.w., 'n negatiewe verband tussen akademiese prestasies (die gemiddelde predikaat van die finale jaar) en aanpassingsveld 3 (gevoel van persoonlike vryheid), (Tabel 118, p. 268).

Hiervolgens toon sommige van die goeie akademiese prestasies 'n verband met 'n gevoel van gelukkigheid en tevredenheid wat ontstaan a.g.v. innerlike dissipline en die aanvaarding van die noodsaaklikheid van 'n redelike mate van gesag en ordening in die samelewing. Hierteenoor toon sommige van die swak akademiese prestasies weer 'n verband met houdings van beperkings of vermeende beperkings op persoonlike vryheid.

As die submonster in 'n suksesvolle groep (S-groep) en 'n minder suksesvolle groep (MS-groep) verdeel word, is daar in die geval van die S-groep geen verband tussen enige aanpassingsveld en akademiese prestasies gevind nie.

By die MS-groep is daar egter 'n positiewe verband gevind tussen aanpassingsveld 10 (Emosionaliteit) en akademiese prestasies, (Tabel 125 p.275). Die mate waarin hierdie studente akademies presteer, toon 'n verband met die mate van emosionele onrypheid.

By die onderverdelings van die S-groep is daar net in die geval van die hereksamengroep beduidende korrelasies gevind tussen akademiese prestasies en aanpassingsvelde 3 (Gevoel van persoonlike vryheid), 5 (Teruggetrokkenheid) en 8 (Huislike verhoudings), Tabela 118, 120, 123, p.p. 268, 270, 273

Ten opsigte van aldrie die betrokke aanpassingsvelde toon die mate van akademiese prestasie van die hereksamengroep 'n verband met die mate van persoonlike vryheid, die mate van teruggetrokkenheid en die mate van aanpassing in gesinsverhoudings.

Die hereksamengroep is uit die aard van die saak eintlik swak akademiese presteerders. Die verband wat sulke akademiese prestasies met die betrokke velde toon, is begryplik en voorsienbaar. Dit is bv. moontlik dat die aanwesigheid, of die inwerking van hierdie nie-intellektuele variante op 'n subtiële wyse kan meewerk tot hierdie groep se onbevredigende akademiese prestasies.

TABEL 116

DIE VERBAND TUSSEN AKADEMIESE PRESTASIES

EN

AANPASSINGSVELD 1 (Selfvertroue) VAN DIE AANPASSINGSVRAELYS

| Akademiese prestasies | Onderverdelings van S-groep | | | S-groep as geheel N = 65 | MS-groep N = 60 | Submonster as geheel N = 125 |
|-----------------------------|---|-----------------|----------------------|-----------------------------|--------------------|---------------------------------|
| | Cum laude Onderskeidings Ekstra vakke N = 26 | Slaag N = 24 | Hereksamen N = 15 | | | |
| Gem. predikaat eerste jaar | .165 | -.138 | .353 | -.058 | .021 | -.058 |
| Gem. eks. syfer eerste jaar | .116 | -.125 | .417 | -.053 | .044 | -.044 |
| Gem. predikaat finale jaar | .011 | .103 | .049 | -.091 | .023 | -.065 |
| 28 | .216 | .131 | -.101 | .003 | -.117 | -.133 | .045 | .163 | -.672 | .140 |

Dorspronklike (Nuwe volgorde)

| | I | IV | II | X | III | V | IX | VI | VIII | VII |
|--|---|----|----|---|-----|---|----|----|------|-----|
|--|---|----|----|---|-----|---|----|----|------|-----|

A. INTERPRETASIE VAN GEROTEERDE FAKTORE: SUBMONSTER AS GEHEEL

TABEL 138

FAKTOR I: ANGSFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR I

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|--------------------|--|----------|
| 2 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van eiewaarde | .361 |
| 4 | " | Gevoel van aanvaarding en erkenning | .291 |
| 6 | " | Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | .520 |
| 10 | " | Emosionaliteit | .519 |
| 13 | 16 P.F.: Faktor C | Emosionele stabiliteit | -.752 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | -.304 |
| 18 | " : Faktor I | Emosionele sensitiwiteit | .277 |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | .382 |
| 20 | " : Faktor M | Konvensionaliteit | .288 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid vir skuldgevoelens | .797 |
| 25 | " : Faktor Q3 | Selfbeheersing | -.688 |
| 26 | " : Faktor Q4 | Gespannenheid | .808 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | -.248 |
| 28 | | Akademiese prestasie | .148 |

Volgens die variante wat hier saamgroepeer, is daar 'n duidelike onderliggende Angsfaktor aanwesig. Elkeen van bovermelde variante (Tabel 138) dra in mindere of meerdere mate daartoe by, of is manifestasies wat dui op die aanwesigheid van angs. In hierdie verband is dit veral bepaalde faktore van die 16 P.F.-toets wat die ver naamste bewyse daarvoor lewer, terwyl die betrokke velde van die N.B. Aanpassingsvraelys daarby aansluit en ooreenstemmende sowel as bevestigende inligting bied.

Indien slegs die 16 P.F.-variante inaggeneem word, stem die resultate van hierdie ondersoek ooreen met Cattell se bevinding dat Angs 'n produk is van:

- Faktor C: Emosionaliteit, onrypheid, onstabiliteit
 Faktor H: Skaamheid, beskroomdheid
 Faktor L: Wantrouigheid, jaloesie, insekuriteit
 Faktor O: Gebrekkige selfvertroue, insekuriteit
 Faktor Q3: Onbeheersdheid, gebrekkige wilskrag, swak self-sentiment ontwikkeling
 Faktor Q4: Gespannenheid, prikkelbaarheid

Genoemde bevindings van Cattell berus op 'n verdere toepassing van faktorontleding op die interkorrelasies tussen die reeds verkreë 16 primêre persoonlikheidsfaktore. Op dié wyse het hy hoër-orde (of tweede orde) faktore gevind wat hy "organizers of primary factors" noem en waarvan die invloed en samestelling breër is as dié van die primêre faktore. Volgens hom is Angs ("Anxiety") een van die belangrikste tweede orde faktore.

Cattell maak ook van 'n eenvoudige formule gebruik om 'n totale Angstelling, bestaande uit bogenoemde faktore, te bereken. Al die stientellings van die betrokke faktore word saamgetel nadat elkeen eers met 'n bepaalde gewig vermenigvuldig is. Indien die geweegde totaal meer as 45 is, dan is dit 'n aanduiding van meer as gemiddelde angs. 'n Geweegde totaal van meer as 60 plaas die groep of individu in die histeriese angs-groep.

Die formule is in hierdie ondersoek ook toegepas op die gemiddelde stiene soos behaal deur die proefpersone van die submonster as geheel (Tabel 82) sowel as op die suksesvolle groep (Tabel 75) en die minder suksesvolle groep van die submonster (Tabel 75).

TABEL 139

ANGSFAKTOR: GEWEEGDE STIENTELLINGS - SUBMONSTER AS GEHEEL

| Faktor | Gem. stiene | Gewig | Geweegde totaal |
|---------------------------|-------------|-------|-----------------|
| C | 5.86 | 1 | 5.86 |
| H | 5.36 | 1 | 5.36 |
| L | 6.48 | 1 | 6.48 |
| O | 5.38 | 2 | 10.76 |
| Q3 | 6.53 | 2 | 13.06 |
| Q4 | 4.76 | 2 | 9.52 |
| Geweegde totaal tellings: | | | 51.04 |

TABEL 140

ANGSFAKTOR: GEWEEGDE STIENTELLINGS - SUKSESVOLLE GROEP

| Faktor | Gem. stiene | Gewig | Geweegde totaal |
|---------------------------|-------------|-------|-----------------|
| C | 5.63 | 1 | 5.63 |
| H | 5.41 | 1 | 5.41 |
| L | 6.41 | 1 | 6.41 |
| O | 5.72 | 2 | 11.44 |
| Q3 | 6.53 | 2 | 13.06 |
| Q4 | 4.83 | 2 | 9.66 |
| Geweegde totaal tellings: | | | 51.61 |

TABEL 141

ANGSFAKTOR: GEWEEGDE STIENTELLINGS - MINDER SUKSESVOLLE GROEP

| Faktor | Gem.stiene | Gewig | Geweegde totaal |
|---------------------------|------------|-------|-----------------|
| C | 6.11 | 1 | 6.11 |
| H | 5.31 | 1 | 5.31 |
| L | 6.55 | 1 | 6.55 |
| O | 5.01 | 2 | 10.02 |
| Q3 | 6.53 | 2 | 13.06 |
| Q4 | 4.68 | 2 | 9.36 |
| Geweegde totaal tellings: | | | 50.41 |

Volgens Cattell sou die verkreeë geweege totaal tellings van die submonster as geheel (51.04), die suksesvolle groep (51.61) en die minder suksesvolle groep (50.41) in al drie gevalle 'n aanduiding van meer as gemiddelde angs wees. 'n Hoë mate van angs is dus nie noodwendig 'n kenmerkende eienskap wat bv. net by suksesvolle studente en nie by minder suksesvolle studente aangetref word nie, en andersom.

Die Angsfaktor, soos gevind in hierdie ondersoek, word gekenmerk deur 'n hoë mate van innerlike spanning (variante 26 en 6), emosionaliteit (variante 10 en 13), insekureit (variant 22) en onvoldoende selfbeheersing (variant 25). Volgens Cattell kan dit wees dat die innerlike spanning veroorsaak word deur 'n simpaties-oorheersende senu-

stelsel wat sulke persone besonder reaktief maak op bedreiging ("Threctia = threat-reactive"). Bogenoemde gespannenheid sou moontlik selfs vererger kon word deur, of gepaard gaan met wanaanpassings en spanningsituasies.

So bv. sou hierdie spanningstoestand verhoog kon word deur, of gepaard gaan met 'n gebrekkige gevoel van eiewaarde t.o.v. werklike of vermeende persoonlike gebreke of ongunstige omstandighede, veral wanneer sulke gespanne persone in situasies geplaas word waar hulle minder suksesvol as ander presteer (variant 2). So 'n situasie kan bv. op sosiale gebied geskep word weens 'n gebrekkige self-sentiment, d.w.s. die afwesigheid van 'n duidelike en vaste patroon van sosiaal-aanvaarde gedrag (variant 25). Dit mag verdere gevoelens van insekriteit, bekommernis en bedruktheid as gevolg hê wat die reeds hoë mate van innerlike spanning nog verder verhoog (variant 22).

As verdere reaksie op genoemde spanningsituasies en -frustrasies, soek hierdie persone na aandag, simpatie en erkenning, of maak gebruik van kompenserende gedrag sowel as om allerhande motiewe in die handelinge van ander persone te projekteer (variant 4).

Soos aangetoon in Tabel 138, toon akademiese prestasie (variant 28) 'n lae, onbeduidende belading met hierdie Angsfaktor. Dit beteken dat hierdie soort angs nie 'n beduidende verband met suksesvolle- en minder suksesvolle studie toon nie. Die moontlikheid dat dit wel in individuele gevalle 'n rol kan speel, is egter nie uitgesluit nie. Dit is ook denkbaar dat die aanwesigheid van angs by een persoon moontlik 'n belemmerende invloed op akademiese prestasie kan uitoefen, terwyl dit by 'n ander persoon gladnie die geval is nie, of selfs kan bydra tot beter prestasie.

Dit blyk egter dat hierdie faktor gepaard gaan met minder gunstige studiehoudings (variant 27). Studiehouding is 'n aspek van motivering en meer spesifiek studiemotivering. As daar by die student iets aan laasgenoemde skort, sal dit onvermydelike en nadelige gevolge op akademiese prestasie hê.

TABEL 142

FAKTOR II: DOMINANSIE-SUBMISSIEFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR II

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|--------------------|--------------------------------|----------|
| 3 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van persoonlike vryheid | -.291 |
| 7 | " | Morele inslag | -.301 |
| 14 | 16 P.F.: Faktor E | Dominansie | -.638 |
| 15 | " : Faktor F | Entoesiasme | -.302 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | -.494 |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | -.326 |
| 21 | " : Faktor N | Sofistikasie | -.500 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid skuldgevoelens | .204 |
| 23 | " : Faktor Q1 | Radikalisme | -.589 |
| 28 | | Akademiese prestasie | .002 |

Die beduidende beladings dui op 'n Dominansie-Submissiefaktor.

Dit stem ooreen met Maslow en Allport se Dominansiefaktor, soos aantref by mense en diere.

Volgens Cattell, word dominansie beskou as 'n dinamiese disposisie van die persoonlikheid en gekenmerk deur 'n aanmatigende, onafhanklike, astrante en koppige houding (variant 14). Dit word ook duidelik deur Cattell gestel dat Dominansie (variant 14) nie dieselfde is as die outoritêre houding nie. "One clear difference is that whereas some writers' conceptions of the authoritarian personality describe a dominant person who kicks those beneath and bows to those above, the high dispositional dominant individual as revealed by the E factor, leads those below and kicks those above him ! He expects a high level of individual independence for everyone."

Die faktor behels ook vindingrykheid, buigsaamheid, oorreedbaarheid en die nakoming van sosiale verpligtinge en -reaksies teenoor andere (variant 21).

Die mate van radikalisme-konserwatisme wat aanwesig is, gaan dieper as bloot verworwe politieke en godsdienstige houdings (variant 23). Dit spruit eerder voort uit bepaalde temperamentstrekke. Volgens Cattell toon hierdie variant ook verband met sekere eksterne kriteria. So bv. is daar aanduidings dat die Q1+ persoon (radikalisme) beter ingelig is, meer geneig is om te eksperimenteer met probleemoplossings, minder geneig is om te moraliseer, meer belangstelling toon in analitiese denke, geneig is om gewoontes en tradisies te verwerp, belangstelling daarin toon om mense te lei en te oordeel.

Variant 17 dui op stoutmoedigheid, spontaneïteit en onvatbaarheid vir inhibisie.

Soos blyk uit Tabel 142, toon al bogenoemde variante negatiewe beladings met Faktor II en dit dui dus op submissie, die teenoorgestelde pool. Kenmerkend van submissie is: beskeidenheid en afhanklikheid (variant 14), skaamheid (variant 17), naïwiteit (variant 21) en konserwatisme (variant 23).

Hierdie faktor is onbeduidend belaaï met akademiese prestasie.

TABEL 143

FAKTOR III: ALGEMENE AANPASSINGSFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR III

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|--------------------|--|----------|
| 1 | Aanpassingsvraelys | Selfvertroue | -.205 |
| 2 | " | Gevoel van eiewaarde | -.640 |
| 3 | " | Gevoel van persoonlike vryheid | -.572 |
| 4. | " | Gevoel van aanvaarding en erkenning | -.583 |
| 6 | " | Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | -.415 |
| 7. | " | Morele inslag | -.327 |
| 8 | " | Huislike verhoudings | -.573 |
| 9 | " | Skoolverhoudings | -.592 |
| 10 | " | Emosionaliteit | -.450 |
| 13 | 16 P.F.: Faktor C | Emosionele stabiliteit | .277 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid skuldgevoelens | -.223 |
| 23 | " : Faktor Q1 | Radikalisme | -.252 |
| 26 | " : Faktor Q4 | Gespannenheid | -.247 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | .225 |
| 28 | | Akademieprestasie | .059 |

Met uitsondering van veld 5, toon al die ander nege velde van die Aanpassingsvraelys beladings van .2 en hoër met faktor III. Volgens die aard van die Aanpassingsvraelys, kan hierdie faktor dan as 'n algemene aanpassingsfaktor beskou word wat twee gebiede dek, t.w. persoonlike- en sosiale aanpassing. Dié afdelings van die 16 P.F.-toets wat ook met hierdie faktor belaa is, is van dieselfde aard as die ooreenstemmende velde van die Aanpassingsvraelys en lewer aanvullende inligting i.v.m. hierdie faktor. Aangesien aanpassing grootliks deur houdings en gesindhede bepaal word, is die belading van studiehoudings (variant 27) met hierdie faktor ook verklaarbaar.

Die algemene aanpassingsfaktor is egter onbeduidend met akademiese prestasie belaa.

TABEL 144

FAKTOR IV: STUDIEHOUDINGSFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR IV

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|-------------------|----------------------|----------|
| 12 | 16 P.F.: Faktor B | Intelligensie | -.236 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | -.204 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | -.607 |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.597 |

Slegs variante 27 en 28 toon beduidende beladings met hierdie faktor en in 'n mindere mate ook variante 12 en 24.

Volgens die aard van hierdie variante, kan almal in verband met studie gebring word. Studiehoudings (variant 27) toon die hoogste belading wat in 'n mindere mate aangevul word deur eienskappe van: selfvoorsiening, vindingrykheid, vasberadenheid en die vermoë om eie besluite te neem (variant 24); sowel as verstandelike vermoë met die daarmee gepaardgaande pliggetrouheid en deursettingsvermoë (variant 12), soos deur Cattell bevind.

Die feit dat akademiese prestasie ook beduidend belaa is met hierdie faktor, toon nie alleen 'n logiese samevoeging met bogenoemde aspekte nie, maar is ook 'n beklemtoning van die belangrike rol wat houdings en gesindhede in akademiese prestasie speel.

Hierdie spesifieke studiehoudingsfaktor is moontlik slegs 'n aspek van motivering wat meer omvattend van aard is.

TABEL 145

FAKTOR V: DEURSETTINGSVERMOEFAKTOR
BEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR V

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|--------------------|--|----------|
| 6 | Aanpassingsvraelys | Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | .247 |
| 10 | " | Emosionaliteit | .206 |
| 15 | 16 P.F.: Faktor F | Entoesiasme | -.235 |
| 16 | " : Faktor G | Pliggetrouheid | .639 |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | .368 |
| 25 | " : Faktor Q3 | Selfbeheersing | .254 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | .227 |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.089 |

Dié faktor is die hoogste belaaï met variant 16 wat 'n aanduiding is van selfbeheersde gedrag, lewenskragtigheid en 'n vermoë om te volhard. Ander elemente van hierdie variant is: vasberadenheid, 'n verantwoordelikeïdsin, emosionele rypheid, geordenheid, pliggetrouheid, en bedagsaamheid teenoor mense.

Volgens Cattell is deursettingsvermoë betrokke by die suksesvolle volvoering van 'n verskeidenheid van take waar volharding, 'n afwesigheid van weifeling en georganiseerde denke vereis word. Hy beweer verder dat persone wat oor hierdie eienskap beskik, hulself ook sien as: beskermers van goeie sedes en gewoontes; dat hulle konsentrasievermoë besit; daarin belangstel om mense te ontleed; versigtig is in hul optrede en meer van doeltreffende mense hou.

Selfs dié variante wat laag belaaï is met hierdie faktor, verleen verdere bevestiging. So bv. bestaan variant 25 uit elemente van: wilskrag, selfbeheersing en pliggetrouheid, terwyl studiehoudings (variant 27) heeltemal versoenbaar is met deursettingsvermoë. Variante 6, 10 en 15 dui op die mate van innerlike spanning. Hierdie spanning kan bv. geskep word deur die aanwesigheid van die wil om sake deur te voer, óf dit kan gesien word as 'n vereiste, binne perke, om sukses in 'n taak te behaal.

Die faktor toon n onbeduidende belading met akademiese prestasie.
Dit gaan nietemin gepaard met gunstige studiehoudings.

FAKTORE VI, VII, VIII, IX: INTROVERSIE-EKSTRAVERSIE 1, 2, 3, 4

Voordat bogenoemde faktore afsonderlik bespreek word, moet eers daarop gewys word dat hierdie faktore komponente is van Introversie-Ekstraversie, soos gevind deur Cattell. Soos reeds vermeld op p. 291 het hy vasgestel dat die 16 P.F.-toets ook tweede-orde faktore bevat. Benewens Angs (Faktor I in hierdie ondersoek) is Introversie=Ekstraversie n ander belangrike tweede-orde faktor wat volgens Cattell saamgestel is uit die volgende elemente:

- Faktor A: Sosialiteit
- Faktor F: Entoesiasme
- Faktor H: Avontuurlustigheid
- Faktor M: Konvensionaliteit
- Faktor Q1: Radikalisme
- Faktor Q2: Selfgenoegsaamheid

Net soos in die geval van die Angsfaktor (p.291) is dit, volgens Cattell, ook moontlik om n totale Introversietelling te bereken deur die stientellings van bogenoemde faktore van die 16 P.F.-toets elkeen met n bepaalde gewig te vermenigvuldig en saam te tel. n Geweegde totaalstelling groter as 45 is n aanduiding van meer as gemiddelde introversie, volgens Amerikaanse norme.

Die formule is toegepas op die gemiddelde stiene soos behaal deur die submonster as geheel (Tabel 82), sowel as op die suksesvolle groep (Tabel 75) en die minder suksesvolle groep (Tabel 75) van die submonster.

Soos blyk uit Tabelle 146-148, p.300, sou die verkreeë geweegde totaalstellings van die submonster (46.07), die suksesvolle groep (46.62) en die minder suksesvolle groep (45.52) in aldrie gevalle n aanduiding van meer as gemiddelde introversie wees, in vergelyking met die Amerikaanse norme.

TABEL 146

INTROVERSIE: GEWEEGDE STIENTELLINGS - SUBMONSTER AS GEHEEL

| Faktor | Gem. stiene | Gewig | Geweegde totaal |
|---------------------------|-------------|-------|-----------------|
| A | 5.22 | 2 | 10.44 |
| F | 4.89 | 2 | 9.78 |
| H | 5.36 | 1 | 5.36 |
| M | 4.52 | 2 | 9.04 |
| Q1 | 5.49 | 1 | 5.49 |
| Q2 | 5.96 | 1 | 5.96 |
| Geweegde totaal tellings: | | | 46.07 |

TABEL 147

INTROVERSIE: GEWEEGDE STIENTELLINGS - SUKSESVOLLE GROEP

| Faktor | Gem. stiene | Gewig | Geweegde totaal |
|---------------------------|-------------|-------|-----------------|
| A | 5.21 | 2 | 10.42 |
| F | 4.83 | 2 | 9.66 |
| H | 5.41 | 1 | 5.41 |
| M | 4.64 | 2 | 9.28 |
| Q1 | 5.73 | 1 | 5.73 |
| Q2 | 6.12 | 1 | 6.12 |
| Geweegde totaal tellings: | | | 46.62 |

TABEL 148

INTROVERSIE: GEWEEGDE STIENTELLINGS- MINDER SUKSESVOLLE GROEP

| Faktor | Gem. stiene | Gewig | Geweegde totaal |
|---------------------------|-------------|-------|-----------------|
| A | 5.23 | 2 | 10.46 |
| F | 4.96 | 2 | 9.92 |
| H | 5.31 | 1 | 5.31 |
| M | 4.40 | 2 | 8.80 |
| Q1 | 5.23 | 1 | 5.23 |
| Q2 | 5.80 | 1 | 5.80 |
| Geweegde totaal tellings: | | | 45.52 |

Anders as in die geval van die Angsfaktor waar al die komponente in een omvattende faktor saamgetrek word, is in hierdie ondersoek gevind dat die komponente van die Introversie-Ekstraversiefaktor versprei is in Faktore VI, VII en IX. Faktor VIII toon die hoogste beladings met bepaalde velde van die Aanpassingsvraelys, maar pas ook in by die breë Introversie-Ekstraversiefaktor.

Alhoewel Introversie-Ekstraversie (I-E) dan nie duidelik na vore kom as selfstandige faktor in hierdie ondersoek nie, is die feit dat die komponente daarvan as selfstandige faktore geïsoleer is, genoegsame rede om die aanwesigheid van 'n Introversie-Ekstraversiefaktor te vermoed.

Die verskillende komponente (Faktore VI, VII, VIII, IX) van Introversie-Ekstraversie sal na verwys word as I-E₁, I-E₂, I-E₃ en I-E₄. Die numeriese rangskikking is nie in volgorde van belangrikheid nie.

TABEL 149

FAKTOR VI: I-E₁ FAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR VI

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|-------------------|--------------------------------|----------|
| 12 | 16 P.F.: Faktor B | Intelligensie | .225 |
| 13 | " : Faktor C | Emosionele stabiliteit | -.257 |
| 18 | " : Faktor I | Emosionele sensitiwiteit | .605 |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | .214 |
| 20 | " : Faktor M | Konvensionaliteit | .695 |
| 21 | " : Faktor N | Sofistikasie | -.344 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid vir skuldgevoelens | .214 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | .317 |
| 26 | " : Faktor Q4 | Gespannenheid | .248 |
| 28 | | Akademiese prestasie | .099 |

Hierdie faktor toon die hoogste beladings met variant 20 (Konvensionaliteit) en variant 18 (Emosionele sensitiwiteit). Variant 20 word deur Cattell as die belangrikste element van die tweede-orde Introversie-Ekstraversiefaktor beskou.

Kenmerkend van variante 18 en 20 is die praktiese, realistiese benadering en selfstandigheidsgevoel teenoor groter emosionele sensitiwiteit, subjektiwiteit, onkonvensionaliteit, verbeeldingrykheid en afhanklikheidsgevoelens.

Selfs variante 21 (Sofistikasie) en 24 (Selfgenoegsaamheid) wat beladings van .3 op hierdie faktor toon, sluit goed aan by variante 18 en 20. Variant 21 dui bv. op 'n ingesteldheid t.o.v. sosiale verpligtinge en die sosiale reaksies van mense en variant 24 op die mate van sosiale groepafhanklikheid.

Hierdie faktor is onbeduidend belaaï met akademiese prestasie

TABEL 150

FAKTOR VII: I-E₂FAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR VII

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|--------------------|-------------------------------------|----------|
| 4 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van aanvaarding en erkenning | .268 |
| 15 | 16 P.F.: Faktor F | Entoesiasme | .618 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | .276 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | -.231 |
| 28 | | Akademie se prestasie | -.093 |

Slegs variant 15 is beduidend belaaï met hierdie faktor.

Volgens Cattell is hierdie variant een van die belangrikste komponente van die tweede-orde Introversie-Ekstraversiefaktor. Faktor VII dui op die mate van entoesiasme, gemoedelikheid, na buite gekeertheid en ekspressiwiteit, teenoor groter soberheid, erns, berekendheid en swygsaamheid. Hierdie elemente het moontlik te doen met die mate van sosiale inhibisie.

Hierdie faktor is onbeduidend belaaï met akademiese prestasie.

TABEL 151

FAKTOR VIII: I-E₃FAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR VIII

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|--------------------|-----------------------|----------|
| 1 | Aanpassingsvraelys | Selfvertroue | -.698 |
| 5 | " | Sosiale verhoudings | -.766 |
| 9 | " | Skoolverhoudings | -.306 |
| 10 | " | Emosionaliteit | -.290 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | .232 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | .387 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | -.216 |
| 28 | | Akademie se prestasie | .058 |

Dié faktor toon die hoogste beladings met variant 1 (Selfvertroue) en variant 5 (Sosiale verhoudings). Beide variante is velde van die Aanpassingsvraelys, maar sluit aan by die Introversie-Ekstraversiefaktor soos gevind met die 16 P.F.-toets.

Ook dié variante wat 'n laer belading as .4 op hierdie faktor het, verleen bevestiging aan die aanwesigheid van 'n sosialiteitsfaktor. Hierdie variante behels: avontuurlustigheid en vrymoedigheid om mense te ontmoet, teenoor skaamheid en teruggetrokkenheid (variant 17); skoolverhoudings (variant 9); sosialiteit (variant 14) en selfgenoegsaamheid teenoor sosiale groepafhanklikheid (variant 24).

Akademiese prestasie toon 'n onbeduidende belading op hierdie faktor

TABEL 152

FAKTOR IX: I-E₄FAKTOR
BEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR IX

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|--------------------|-------------------------------|----------|
| 5 | Aanpassingsvraelys | Sosiale verhoudings | .205 |
| 6 | " | Simptome van senuweeagtigheid | -.212 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | -.584 |
| 15 | " : Faktor F | Entoesiasme | -.207 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | -.345 |
| 23 | " : Faktor Q1 | Radikalisme | .250 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | .411 |
| 28 | | Akademiese prestasie | .132 |

Variant 11 (Sosialiteit) en variant 24 (Selfgenoegsaamheid) toon beduidende beladings op hierdie faktor. Volgens Cattell, is beide variante belangrike komponente van Introversie-Ekstraversie.

Faktor IX sluit in elemente van: hartlikheid, sosialiteit en sosiale groepafhanklikheid teenoor hooghartigheid, afsydigheid en selfgenoegsaamheid.

Selfs dié variante met 'n laer belading as .4, verleen bevestiging aan die aanwesigheid van hierdie faktor. So bv. is variant 5 (Sosiale verhoudings) 'n aanduiding van die neiging tot oormatige teruggetrektheid, terwyl variant 15 (Entoesiasme), volgens Cattell, een van die belangrikste dimensies van Introversie-Ekstraversie is en dui op die mate van onbesorgdheid, opgewektheid en ongeinhibeerdheid teenoor groter bedaardheid, nougesetheid, erns en swygzaamheid. Variant 17 (Avontuurlustigheid) dui op die mate van moed, spontaneïteit en onvatbaarheid vir inhibisie teenoor skaamheid en vatbaarheid vir bedreiging. In hierdie faktor is daar ook 'n mate van gespannenheid aanwesig wat saamgaan met, of vererger kan word deur wanaanpassings (variant 6).

Akademiese prestasie toon 'n geringe, maar onbeduidende belading op hierdie faktor.

TABEL 153

FAKTOR X: VERSTANDSFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR X

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading |
|-------------|--------------------|--------------------------------|----------|
| 1 | Aanpassingsvraelys | Selfvertroue | -.237 |
| 3 | " | Gevoel van persoonlike vryheid | -.235 |
| 7 | " | Morele inslag | -.205 |
| 12 | 16 P.F.: Faktor B | Intelligensie | .502 |
| 28 | | Akademiese prestasie | .174 |

Dié faktor is die swaarste belaaï met variant 12 (Intelligensie) en moet weens die aard van die items as 'n verstandsfaktor beskou word.

Cattell wys daarop dat die resultate behaal op faktor B (variant 12), nie noodwendig hoog met dié van 'n ander intelligensietoets sal korreleer nie. Die rede hiervoor is dat die B-faktor 'n kragtoets en nie 'n tydtoets is nie en eerder "crystallized" as "fluid" algemene vermoë meet.

Volgens Vernon, kom Cattell se siening daarop neer dat die algemene faktor (g) wat gevind word na die interkorrelasie van die resultate van verskillende batterye toetse, eintlik 'n samesmelting is van twee komponente: "fluid" - (Gf) en "crystallized" - (Gc) intelligensie. Eersgenoemde het betrekking op die invloed van biologiese faktore op intellektuele ontwikkeling, terwyl Gc die resultaat is van bekwaamhede en konsepte wat tot stand gebring word deur kulturele druk, onderwys en ervaring. Gc-intelligensie word ook meer beïnvloed deur persoonlikheidsstrekke as wat die geval is met Gf-intelligensie.

Volgens Cattell gaan variant 12 ook saam met pliggetrouheid, volharding en belangstelling, alhoewel die belading met genoemde eienskappe redelik laag is.

In hierdie ondersoek is daar bevestiging gevind vir die feit dat die verstandsfaktor ook belaaï is met nie-intellektuele faktore, soos byvoorbeeld velde 1 en 3 (variante 1 en 2) van die Aanpassingsvraelys. Hierdie variante dui op selfvertroue (variant 1) en innerlike dissipline (variant 3).

Na verwagting behoort die verstandsfaktor 'n hoër verband met akademiese prestasie te toon as wat wel gevind is (.174). Die onbeduidende lae verband kan moontlik die gevolg wees van die homogeniteit van die monster t.o.v. verstandelike vermoëns, óf van die inwerking van onbekende en verskillende persoonlikheidsfaktore, of daarvan dat die getal items (26 in vorms A + B) waaruit Cattell se Faktor B (Intelligensie) saamgestel is, te beperk is en die items moontlik nie genoegsame diskriminasiewaarde besit nie.

B. INTERPRETASIE VAN GEROTEERDE FAKTORE: SUKSESVOLLE GROEP (S-GROEP)
EN MINDER SUKSESVOLLE GROEP (MS-GROEP)

Faktorontledings vir die S-groep en die MS-groep is ook afsonderlik op die interkorrelasies van die reedsvermelde 28 variante toegepas (Tabel 129, p. 281). Die interkorrelasies, faktormatryse en geroteerde faktore van die twee groepe word in Tabelle 127, 128, p.p. 279-280; Tabelle 132-137, p.p. 284-289, aangetoon.

Die geroteerde faktore is geïdentifiseer en waar moontlik, is dieselfde nommers aan dieselfde faktore vir die S- en MS-groep toegeken. Om hierdie rede word twee geroteerde faktormatryse vir sowel die S-groep as die MS-groep aangegee: die eerste tabel van elke groep (Tabelle 133 en 136) toon die oorspronklike volgorde aan van die faktore na rotasie, en die tweede tabel van elke groep (Tabelle 134 en 137) toon die gewysigde rangskikking aan waar dieselfde nommer aan ooreenstemmende faktore by die twee groepe toegeken is. Bykomende of "nuwe" faktore wat by die S- en MS-groep gevind is, word met 'n nommer sowel as 'n alfabetletter aangedui.


Op p. 309 is 'n diagrammatiese voorstelling van die geïdentifiseerde faktore van die S- en MS-groepe sowel as die verkreë faktore van die submonster as geheel wat die ooreenstemmende- en bykomende faktore aantoon. Uit hierdie diagram blyk dit dat:

- (a) faktore I, II, III en IV van die S- en MS-groep ooreenstem met faktore I (Angs), VI ($I-E_1$), VIII ($I-E_3$) en X (Verstandsfaktor) respektiewelik van die submonster as geheel;
- (b) faktor V van die S-groep ooreenstem met faktor III (Aanpassing) van die submonster, maar by die MS-groep as drie aparte faktore (V_a , V_b en V_c) identifiseer word;
- (c) faktor VI net by die S-groep aangetref word en ooreenstemmend is met faktor IX ($I-E_4$) van die submonster;

- (d) faktor VII van die MS-groep in ooreenstemming is met faktor V (Deursettingsvermoë) van die submonster as geheel, maar by die S-groep is hierdie faktor (VIIa) eerder 'n samestelling van faktore V (Deursettingsvermoë) en VII (I-E₃) soos gevind by die submonster as geheel;
- (e) faktor VIIIa slegs by die MS-groep gevind word en 'n samestelling is van faktore VII (I-E₂) en II (Dominansie-Submissie) van die submonster as geheel;
- (f) faktor VIIIb net by die S-groep aangetref word en 'n element bevat van faktor II (Dominansie-Submissie) van die submonster as geheel;
- (g) faktor IXa by sowel die S-groep as die MS-groep aangetref word en nie by die submonster as geheel nie, maar moontlik ook 'n element is van faktor II (Dominansie-Submissie) soos gevind by die submonster as geheel;
- (h) studiehoudings (faktor IV) wat wel by die submonster as geheel gevind is, kon nie by die S- of MS-groep geïdentifiseer word nie.

DIAGRAM VIII

FAKTORE GEVIND NA ROTASIE



TABEL 154

FAKTOR I: ANGSFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR I

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading | |
|-------------|--------------------|--|----------|----------|
| | | | S-groep | MS-groep |
| 1 | Aanpassingsvraelys | Selfvertroue | | .210 |
| 2 | " | Gevoel van eiewaarde | .305 | .591 |
| 4 | " | Gevoel van aanvaarding en erkenning | .406 | .307 |
| 6 | " | Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | .635 | .735 |
| 8 | " | Huislike verhoudings | - | .312 |
| 10 | " | Emosionaliteit | .589 | .638 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | - | .232 |
| 13 | " : Faktor C | Emosionele stabiliteit | -.763 | -.710 |
| 14 | " : Faktor E | Dominansie | .205 | - |
| 16 | " : Faktor G | Pliggetrouheid | .210 | - |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | - | -.323 |
| 18 | " : Faktor I | Emosionele sensitiwiteit | - | .306 |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | .500 | .435 |
| 20 | " : Faktor M | Konvensionaliteit | .372 | .218 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid skuldgevoelens | .881 | .719 |
| 25 | " : Faktor Q3 | Selfbeheersing | -.517 | -.720 |
| 26 | " : Faktor Q4 | Gespannenheid | .853 | .888 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | -.199 | -.436 |
| 28 | | Akademiese prestasie | .022 | .216 |

Volgens die beladings kan 'n Angsfaktor by beide groepe identifiseer word wat ooreenstem met Faktor I soos gevind by die submonster as geheel (p. 290).

In die geval van die MS-groep, laai hierdie faktor hoër met Eiewaarde (variant 2), Studiehoudings (variant 27) en Akademiese prestasie (variant 28) as wat die geval is by die S-groep. Indien slegs Studiehoudings en Akademiese prestasie inaggeneem word, dui

hierdie bevinding daarop dat daar binne die MS-groep wel 'n lae verband tussen hierdie soort Angs en die mate van sukses, sowel as die houding teenoor studie bestaan.

Die berekende totale Angstelling (p. 292) van sowel die S-groep as die MS-groep, is groter as 45 wat in beide gevalle op meer as gemiddelde Angs dui. 'n Hoër mate van Angs is dus nie noodwendig 'n kenmerkende eienskap wat bv. net by suksesvolle studente en nie by minder suksesvolle studente aangetref word nie, en andersom.

Van belang is wel, dat die akademiese prestasie en studie-houdings van die S- en MS-groep, verskillende beladings toon met dieselfde mate van Angs.

Die moontlikheid is nie uitgesluit dat die aanwesigheid van hierdie soort Angs by een persoon 'n belemmerende invloed op akademiese prestasie kan uitoefen, terwyl dit by 'n ander persoon met dieselfde mate van Angs gladnie die geval is nie, en moontlik tot beter prestasie kan bydra.

TABEL 155

FAKTOR II: I-E₁ FAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR II

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading | |
|-------------|--------------------|----------------------------|----------|----------|
| | | | S-groep | MS-groep |
| 2 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van eiewaarde | .233 | - |
| 8 | " | Huislike verhoudings | - | .223 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | .419 | - |
| 12 | " : Faktor B | Intelligensie | .205 | - |
| 13 | " : Faktor C | Emosionele stabiliteit | - | -.321 |
| 14 | " : Faktor E | Dominansie | .292 | - |
| 15 | " : Faktor F | Entoesiasme | - | -.246 |
| 18 | " : Faktor I | Emosionele sensitiwiteit | .766 | .706 |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | - | .393 |
| 20 | " : Faktor M | Konvensionaliteit | .488 | .795 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid skuldgevoelens | - | .230 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | - | .360 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | -.268 | - |
| 28 | | Akademieprestasie | -.028 | .131 |

Dié faktor is die hoogste belaaï met variant 18 (Emosionele sensitiwiteit) en variant 20 (Konvensionaliteit) by sowel die S-groep en die MS-groep, en toon hiervolgens ooreenkoms met Faktor VI (p.302) soos geïdentifiseer by die submonster. Die beladings verskil egter by die S- en MS-groep in dié opsig dat variant 18 by die S-groep die hoogste belading toon, in teenstelling met variant 20 by die MS-groep.

Hierdie klemverskuiwing van beladings by die twee groepe word verder weerspieël in die verskil wat aangetref word tussen die ander variante wat by die twee groepe beladings op hierdie faktor toon. Op grond van hierdie verskille, wil dit voorkom asof hierdie faktor, soos gevind by die MS-groep, meer in ooreenstemming is met die oorspronklike faktor soos gevind by die submonster as wat die geval is by die S-groep.

Dit kan dus tentatief gestel word dat dit moontlik 'n bykomende faktor is by die S-groep, maar tog met ooreenstemmende elemente soos gevind by die MS-groep en die submonster.

Dit is ook opmerklik dat hierdie faktor by die S-groep 'n negatiewe belading met Studiehoudings toon, alhoewel laag.

TABEL 156

FAKTOR III: I-E₃ FAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR III

| Variant no | Toets | Beskrywing | Belading | |
|------------|--------------------|----------------------|----------|----------|
| | | | S-groep | MS-groep |
| 1 | Aanpassingsvraelys | Selfvertroue | .723 | .783 |
| 2 | " | Gevoel van eiewaarde | .226 | - |
| 5 | " | Sosiale verhoudings | .820 | .811 |
| 7 | " | Morele inslag | .289 | - |
| 9 | " | Skoolverhoudings | .429 | - |
| 10 | " | Emosionaliteit | .236 | .237 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | -.283 | -.272 |
| 14 | " : Faktor E | Dominansie | -.339 | - |
| 15 | " : Faktor F | Entoesiasme | - | -.418 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | -.670 | -.442 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Radikalisme | .239 | .387 |
| 25 | " : Faktor Q3 | Selfbeheersing | -.443 | - |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | -.519 | - |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.077 | -.101 |

Faktor III stem in hoofsaak ooreen met Faktor VIII (I-E₃), soos geïdentifiseer by die submonster as geheel (p.303).

By die S- en MS-groep, toon Selfvertroue (variant 1), Teruggetrokkenheid (variant 5), en Avontuurlustigheid (variant 17) die hoogste beladings met hierdie faktor, soos ook die geval is met die ooreenstemmende faktor by die submonster as geheel.

In die geval van die S-groep, laai Skoolverhoudings (variant 9), Selfbeheersing (variant 25) en Studiehoudings (variant 27) ook beduidend met Faktor III, terwyl Entoesiasme (variant 15), wat volgens Cattell een van die belangrikste komponente van Introversie-Ekstraversie is, ook 'n beduidende belading met Faktor III by die MS-groep toon.

Alhoewel Faktor III dus in hoofsaak dieselfde beladings by die S- en MS-groep toon, is dit tog opmerklik dat die faktor by die S-groep meer elemente insluit en ook beduidend negatief met Studiehoudings belaa is.

TABEL 157

FAKTOR IV: VERSTANDSFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR IV

| Variant no | Toets | Beskrywing | Belading | |
|------------|--------------------|--------------------------------|----------|----------|
| | | | S-groep | MS-groep |
| 1 | Aanpassingsvraelys | Selfvertroue | - | .218 |
| 3 | " | Gevoel van persoonlike vryheid | -.246 | - |
| 7 | " | Morele inslag | -.449 | - |
| 12 | 16 P.F.: Faktor B | Intelligensie | .686 | -.775 |
| 16 | " : Faktor G | Pliggetrouheid | -.323 | - |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | -.215 | - |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | -.504 | - |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | - | -.229 |
| 28 | " | Akademiese prestasie | .118 | .003 |

By sowel die S-groep as die MS-groep, kan 'n Verstandsfaktor onderskei word wat ooreenstem met Faktor X soos gevind by die submonster as geheel (p. 305).

Variant 12 (Intelligensie) toon die hoogste belading by beide groepe, maar die nie-intellektuele variante wat 'n belading met hierdie faktor by die S- en MS-groep toon, is verskillend. By die S-groep is dit veral morele inslag (variant 7), ontspanne sekuriteit

(variant 19) en in 'n mindere mate pliggetrouheid (variant 16), 'n gevoel van persoonlike vryheid (variant 3) en avontuurlustigheid (variant 17) wat met Faktor IV laai. By die MS-groep is dit weer selfgenoegsaamheid (variant 24) en selfvertroue (variant 1) wat 'n lae belading met die Verstandsfaktor toon.

Die feit dat nie-intellektuele variante ook beladings met die verstandsfaktor toon en dat hierdie variante verskillend is vir die S- en MS-groepe, kan moontlik verklaar word op grond daarvan:

- (a) dat intellektuele vermoë 'n funksie is van die hele persoonlikheid, en
- (b) dat die inwerking van nie-intellektuele faktore, en wel bepaalde samevoegings daarvan, óf 'n beperkende, óf 'n fasiliterende uitwerking op die doeltreffende funksionering van verstandelike vermoë kan hê.

TABEL 158

FAKTOR V: AANPASSINGSFAKTOR
BEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR V

| Variant no | Toets | Beskrywing | Belading S-groep |
|------------|--------------------|--|------------------|
| 1 | Aanpassingsvraelys | Selfvertroue | .251 |
| 2 | " | Gevoel van eiewaarde | .729 |
| 3 | " | Gevoel van persoonlike vryheid | .721 |
| 4 | " | Gevoel van aanvaarding en erkenning | .520 |
| 6 | " | Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | .377 |
| 8 | " | Huislike verhoudings | .627 |
| 9 | " | Skoolverhoudings | .472 |
| 10 | " | Emosionaliteit | .450 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | -.240 |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.087 |

Die Aanpassingsfaktor wat net by die S-groep geïdentifiseer word, toon 'n opvallende ooreenkoms met die Aanpassingsfaktor (Faktor IV)

soos gevind by die submonster as geheel (p. 297).

Slegs die velde van die Aanpassingsvraelys toon beduidende beladings met Faktor V. Hierdie faktor toon ook 'n lae belading met studiehoudings.

TABEL 159

FAKTOR Va: AANPASSINGSFAKTOR₁BEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR Va

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading MS-groep |
|-------------|--------------------|--------------------------------|-------------------|
| 3 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van persoonlike vryheid | .723 |
| 7 | " | Morele inslag | .252 |
| 8 | " | Huislike verhoudings | .672 |
| 9 | " | Skoolverhoudings | .409 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | .252 |
| 13 | " :Faktor C | Emosionele stabiliteit | -.201 |
| 19 | " :Faktor I | Paranoïede neigings | .227 |
| 23 | " :Faktor Q1 | Vatbaarheid skuldgevoelens | .257 |
| 26 | " :Faktor Q4 | Gespannenheid | .202 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | -.253 |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.117 |

TABEL 160

FAKTOR Vb: AANPASSINGSFAKTOR₂BEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR Vb

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading MS-groep |
|-------------|--------------------|--|-------------------|
| 2 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van eiewaarde | -.524 |
| 4 | " | Gevoel van aanvaarding en erkenning | -.757 |
| 6 | " | Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | -.212 |
| 8 | " | Huislike verhoudings | -.252 |
| 9 | " | Skoolverhoudings | -.385 |
| 10 | " | Emosionaliteit | -.255 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | .326 |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.131 |

TABEL 161

FAKTOR Vc: AANPASSINGSFAKTOR₃
BEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR Vc

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading MS-groep |
|-------------|--------------------|--------------------------------|-------------------|
| 3 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van persoonlike vryheid | -.308 |
| 7 | " | Morele inslag | -.683 |
| 9 | " | Skoolverhoudings | -.204 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | .313 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid skuldgevoelens | -.216 |
| 23 | " : Faktor Q1 | Radikalisme | -.303 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | -.256 |
| 28 | | Akademiese prestasie | .045 |

Anders as in die geval van die S-groep waar daar net een aanpassingsfaktor geïdentifiseer kon word (Faktor V), is daar by die MS-groep drie aanpassingsfaktore gevind (Faktore Va, Vb en Vc):

1. Faktor Va dui op 'n negatiewe gesagshouding. Die kern van hierdie faktor is geleë in gebrekkige innerlike dissipline, sowel as die onvermoë om die noodsaaklikheid van 'n mate van gesag en orde in die samelewing te aanvaar (variant 3). Dit gaan ook gepaard met ontevredenheid en ongelukkige gevoelens teenoor beperkings, of vermeende beperkings op persoonlike vryheid (variant 3).

Bogenoemde houdings kom dan ook na vore in verhoudings met gesagsfigure en tydgenote soos blyk uit wanaanpassings in gesinsverhoudings (variant 8) en skoolverhoudings (variant 9).

2. Faktor Vb dui op 'n bepaalde selfsiening, t.w. 'n innerlike gevoel van aanvaarding en erkenning deur ouers, maats en andere (variant 4), en 'n waardeskatting van werklike of vermeende persoonlike gebreke (variant 2).

Alhoewel die beladings van die ander variante met hierdie

faktor laag is, is hulle aanwesigheid in hierdie faktor verklaarbaar. So bv. is dit slegs moontlik dat 'n gevoel van aanvaarding en erkenning deur volwassenes en tydgenote in menslike verhoudings kan ontstaan (variante 8, 9 en 10). Ook kan 'n afwesigheid van 'n gevoel van aanvaarding en erkenning, sowel as 'n gebrekkige eiewaarde, gepaard gaan met simptome van sensuïteit, gespannenheid en emosionaliteit, en andersom (variante 6 en 10).

3. Faktor Vc dui op morele inslag, d.w.s. houdings t.o.v. die standarde van gedrag wat deur die maatskappy aanvaar word (variant 7).

Alhoewel die ander variante lae beladings toon, kan sommige van hulle ook in verband met Faktor Vc gebring word. So bv. dui variant 3 op die rol van innerlike dissipline sowel as die aanvaarding van 'n redelike mate van gesag en ordening in die samelewing, terwyl variant 23 betrekking het op die mate van radikalisme of konserwatisme. Die rol wat variante 9, 11 en 24 in hierdie faktor speel, is nie duidelik nie, alhoewel al drie betrekking het op menslike verhoudings.

TABEL 162

FAKTOR VI: I-E₄ FAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR VI

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading S-groep |
|-------------|-------------------|------------------------|---------------------|
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | .414 |
| 12 | " : Faktor B | Intelligensie | -.228 |
| 13 | " : Faktor C | Emosionele stabiliteit | .216 |
| 14 | " : Faktor E | Dominansie | -.426 |
| 15 | " : Faktor F | Entoesiasme | .228 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | -.428 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | -.218 |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.734 |

Hierdie faktor word net by die S-groep aangetref en is beduidend belaaï met variante 11 (Sosialiteit), 14 (Dominansie), 24 (Selfgenoegsaamheid) en 28 (Akademiese prestasie). Hierdie faktor toon ooreenkoms met die I-E₄ faktor (Faktor IX), soos gevind by die submonster as geheel. Alhoewel variant 14 (Dominansie) 'n bykomende element is by Faktor VI soos gevind by die S-groep, verander hierdie element nie die wese van die faktor soos gevind by die submonster nie. Variant 14 is eerder 'n verdere toevoeging tot die I-E₄ faktor.

'n Belangrike bevinding is dat akademiese prestasie by die S-groep 'n hoë belading op hierdie faktor toon. Hierdie belading impliseer dat goeie akademiese prestasie binne die S-groep, verband hou met afsydigheid, ingetoënheid, selfvoorsiening en selfversekerdheid, terwyl sosialiteit, groepafhanklikheid en onderwerping weer verband hou met swakker akademiese prestasie.

TABEL 163

FAKTOR VII: DEURSETTINGSVERMOEFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR VII

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading MS-groep |
|-------------|--------------------|--|-------------------|
| 6 | Aanpassingsvraelys | Simptome van senuweeagtigheid en gespannenheid | .242 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | -.220 |
| 14 | " : Faktor E | Dominansie | -.256 |
| 16 | " : Faktor G | Pliggetrouheid | .706 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | -.250 |
| 19 | " : Faktor L | Paranofede neigings | .338 |
| 25 | " : Faktor Q3 | Selfbeheersing | .320 |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.163 |

Faktor VII wat by die MS-groep geïdentifiseer is, toon ooreenkoms met Faktor V (Deursettingsvermoë) soos gevind by die submonster(p.298). By die MS-groep en die submonster, toon variant 16 (Pliggetrouheid) die hoogste belading, terwyl variante 6, 17, 19 en 25 ook by albei groepe aangetref word.

Akademiese prestasie toon n lae, onbeduidende belading met hierdie faktor.

TABEL 164

FAKTOR VIIa: DEURSETTINGSVERMOË - I-E₂ FAKTOR
BEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR VIIa

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading S-groep |
|-------------|--------------------|------------------------|------------------|
| 8 | Aanpassingsvraelys | Huislike verhoudings | -.214 |
| 13 | 16 P.F.: Faktor C | Emosionele stabiliteit | -.234 |
| 15 | " : Faktor F | Entoesiasme | -.673 |
| 16 | " : Faktor G | Pliggetrouheid | .639 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | -.351 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | .227 |
| 27 | Brown-Holtzman | Studiehoudings | .298 |
| 28 | | Akademiese prestasie | .052 |

Faktor VIIa is n bykomende faktor wat net by die S-groep geïdentifiseer word. Op grond van die bykans gelyke beladings met variant 15 (Entoesiasme) en variant 16 (Pliggetrouheid) is hierdie faktor eerder n samestelling van Faktor V (Deursettingsvermoë) en Faktor V (I-E₂), soos gevind by die submonster.

By nadere ondersoek blyk dit dat die elemente van variante 15 en 16 versoenbaar is met mekaar. So bv. word variant 15 gekenmerk deur besadigdheid, teruggetrokkenheid, erns, verstandigheid en swygsaamheid, en variant 16 dui op pliggetrouheid, deursettingsvermoë, verantwoordelikheid en emosionele rypheid.

Dit skyn logies te wees dat Studiehoudings (variant 27) ook n belading op hierdie faktor toon.

TABEL 165

FAKTOR VIIIa: I-E₂ - DOMINANSIE-SUBMISSIEFAKTOR
BEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR VIIIa

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading MS-groep |
|-------------|--------------------|----------------------------|-------------------|
| 10 | Aanpassingsvraelys | Emosionaliteit | -.239 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | .394 |
| 14 | " : Faktor E | Dominansie | .621 |
| 15 | " : Faktor F | Entoesiasme | .695 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | .483 |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | .440 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid skuldgevoelens | -.319 |
| 23 | " : Faktor Q1 | Radikalisme | .512 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | -.202 |
| 28 | " : | Akademiese prestasie | -.672 |

Hierdie faktor word net by die MS-groep geïdentifiseer.

Dit bevat variante wat aangetref word by sowel Faktor II (Dominansie-Submissie) as by Faktor VII (I-E₂) van die submonster. So bv. is variante 15 (Entoesiasme), 17 (Avontuurlustigheid) en 23 (Radikalisme) gemeenskaplik by Faktore II en VII, terwyl variant 14 (Dominansie) net by Faktor II aangetref word.

Faktor VIIIa by die MS-groep sluit dan elemente in van dominansie, en selfversekerdheid (variant 14), ongeinhibeerdeheid (variant 15), impulsiwiteit (variant 17), neigings tot projeksie (variant 19), radikalisme (variant 23) en in 'n mindere mate ook groepafhanklikheid (variant 24) en sosialiteit (variant 11).

Akademiese prestasie (variant 28) toon 'n hoër negatiewe belading op hierdie faktor. Dit beteken dat bogenoemde eienskappe binne die MS-groep 'n verband toon met swak akademiese prestasie, maar ook dat die teenoorgestelde eienskappe, nl. afhanklikheid, erns, teruggetrokkenheid, aanpasbaarheid, konserwatisme, selfgenoegsaamheid en afsydigheid, weer verband hou met beter akademiese prestasie.

Bogenoemde bevinding t.o.v. die verband wat Faktor VIIIa toon met akademiese prestasie by die MS-groep, is met een uitsondering dieselfde as wat by Faktor VI van die S-groep gevind is. Die een skynbare teenstrydigheid het betrekking op die wyse waarop variant 14 (Dominansie) 'n belading toon by die S- en MS-groep. In die geval van die S-groep is die belading met variant 14 negatief en by die MS-groep positief. By beide groepe toon akademiese prestasie egter 'n beduidende negatiewe belading met die betrokke faktor waarvan variant 14 'n element is.

Hierdie bevinding impliseer dat die akademiese prestasies van die beste akademiese prestasies van die S-groep gepaard gaan met Dominansie insluitende aspekte soos aggressiwiteit, 'n kompeterende houding, selfversekerdheid, onafhanklike denke en onkonvensionaliteit. Dieselfde elemente gaan egter gepaard met die swakste prestasies van die MS-groep.

In die geval van die akademiese suksesvolle studente oefen genoemde eienskappe moontlik 'n heilsame invloed uit op akademiese prestasie in teenstelling met die moontlike nadelige uitwerking daarvan by die akademies minder suksesvolle groep.

Genoemde eienskappe kan bv. by die MS-groep dui op kompenserende gedrag a.g.v. minderwaardigheid of 'n gebrekkige selfsiening van werklike of vermeende vermoëns. Teen so 'n agtergrond gesien, is die verband wat daar gevind is tussen genoemde eienskappe en swak akademiese prestasie voorsienbaar.

In teenstelling hiermee, kan die voorkoms van dieselfde eienskappe by suksesvolle studente hul oorsprong hê in 'n realistiese selfsiening. Die verband van hierdie eienskappe met suksesvolle akademiese prestasie skyn in hierdie geval 'n logiese gevolg te wees.

TABEL 166

FAKTOR VIIIb: KONSERWATISMEFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR VIIIb

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading S-groep |
|-------------|--------------------|-------------------------------------|------------------|
| 4 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van aanvaarding en erkenning | -.295 |
| 5 | " | Sosiale verhoudings | -.245 |
| 11 | 16 P.F.: Faktor A | Sosialiteit | .299 |
| 12 | " : Faktor B | Intelligensie | -.216 |
| 14 | " : Faktor E | Dominansie | -.334 |
| 19 | " : Faktor L | Paranoïede neigings | -.210 |
| 20 | " : Faktor M | Konvensionaliteit | .433 |
| 23 | " : Faktor Q1 | Radikalisme | -.745 |
| 24 | " : Faktor Q2 | Selfgenoegsaamheid | -.341 |
| 28 | | Akademiese prestasie | -.057 |

Faktor VIIIb is n bykomende faktor wat net by die S-groep gevind is. Dié faktor toon die hoogste beladings op variant 23 (Radikalisme) en variant 20 (Konvensionaliteit). Die negatiewe belading op variant 23 dui eintlik op Konserwatisme en hierdie element tesame met Konvensionaliteit vorm n sinvolle samevoeging.

Alhoewel variante 14, 19 en 23 ook by die Dominansie-Submissiefaktor (Faktor II van die submonster) aangetref word, is die beladings met variante 20 en 23 sowel as die gemeenskaplikheid van die twee variante genoegsame redes om die bestaan van n selfstandige faktor te regverdig.

Die faktor is onbeduidend belaaï met akademiese prestasie.

TABEL 167

FAKTOR IXa: SOFISTIKASIEFAKTORBEDUIDENDE BELADINGS MET FAKTOR IXa

| Variant no. | Toets | Beskrywing | Belading | |
|-------------|--------------------|-------------------------------------|----------|----------|
| | | | S-Groep | MS-groep |
| 3 | Aanpassingsvraelys | Gevoel van persoonlike vryheid | - | .213 |
| 4 | " | Gevoel van aanvaarding en erkenning | - | -.220 |
| 9 | " | Skoolverhoudings | .339 | - |
| 14 | 16 P.F.: Faktor E | Dominansie | .260 | .417 |
| 17 | " : Faktor H | Avontuurlustigheid | .238 | .414 |
| 18 | " : Faktor I | Emosionele sensitiwiteit | - | -.281 |
| 20 | " : Faktor M | Konvensionaliteit | -.266 | - |
| 21 | " : Faktor N | Sofistikasie | .693 | .764 |
| 22 | " : Faktor O | Vatbaarheid skuldgevoelens | - | -.229 |
| 23 | " : Faktor Q1 | Radikalisme | - | .246 |
| 28 | | Akademie se prestasie | .040 | .140 |

Hierdie bykomende faktor word by sowel die S-groep as die MS-groep aangetref, maar nie by die submonster as geheel nie.

Benewens variant 21 (Sofistikasie) wat by die S- en MS-groep hoë beladings toon, word variante 3, 14, 17, 21, 22 en 23 ook aangetref by die Dominansie-Submissiefaktor (Faktor II) soos gevind by die submonster as geheel.

Weens die lae beladings van laasgenoemde variante by die MS- en veral die S-groep, is dit hier eerder n Sofistikasiefaktor wat identifiseer kan word as n Dominansie-Submissiefaktor.

Cattell beweer dat Sofistikasie (variant 21) moontlik n vorm van intellektueel-opvoedkundige ontwikkeling is, want dit sluit ook aspekte in soos: vindingrykheid, bereidwilligheid om van standpunt te verander en bedagsaamheid i.v.m. goeie maniere, sosiale verpligtinge en die sosiale reaksies van ander persone.

Hierdie faktor toon n onbeduidende belading met akademiese prestasie.

Samevatting

Deur faktorontledings uit te voer op die interkorrelasies wat gevind is tussen die Aanpassingsvraelys, die 16 P.F.-toets, Studiehoudings en Akademiese prestasie, is nagegaan watter nie-intellektuele faktore onderliggend is by die submonster as geheel, en ook afsonderlik by die suksesvolle- en minder suksesvolle groep.

(a) Submonster as geheel

Die volgende tien faktore is by die submonster as geheel geïdentifiseer:

- Faktor I : Angs
- Faktor II : Dominansie-Submissie
- Faktor III: Algemene aanpassing
- Faktor IV : Studiehoudings
- Faktor V : Deursettingsvermoë
- Faktor VI : Introversie-Ekstraversie₁
- Faktor VII: Introversie-Ekstraversie₂
- Faktor VIII: Introversie-Ekstraversie₃
- Faktor IX : Introversie-Ekstraversie₄
- Faktor X : Verstand

Van hierdie tien faktore toon slegs die Studiehoudingsfaktor 'n beduidende belading met Akademiese prestasie.

(b) Die suksesvolle groep en die minder suksesvolle groep van die submonster

Die volgende faktore kon vir die twee groepe geïdentifiseer word:

Suksesvolle groep

Faktor I : Angs
 Faktor II : Introversie-Ekstraversie₁
 Faktor III : Introversie-Ekstraversie₃
 Faktor IV : Verstand
 Faktor V : Algemene aanpassing
 Faktor VI : Introversie-Ekstraversie₄
 Faktor VIIa: I-E₂ - Deursettingsvermoë
 Faktor VIIIb: Konserwatisme
 Faktor IXa : Sofistikasie

Minder suksesvolle groep

Faktor I : Angs
 Faktor II : Introversie-Ekstraversie₁
 Faktor III : Introversie-Ekstraversie₃
 Faktor IV : Verstand
 Faktor Va : Aanpassing₁
 Faktor Vb : Aanpassing₂
 Faktor Vc : Aanpassing₃
 Faktor VII : Deursettingsvermoë
 Faktor VIIIa: I-E₂ - Dominansie-Submissie
 Faktor IXa : Sofistikasie

Die volgende nie-intellektuele faktore het beduidende beladings met akademiese prestasie getoon:

Faktor VI: Introversie-Ekstraversie₄

Die akademiese prestasie van die S-groep toon 'n beduidende belading op hierdie faktor. Binne die S-groep gaan goeie akademiese prestasie dus gepaard met afsydigheid, ingetoënheid, selfvoorsiening en selfversekerdheid, terwyl swakker akademiese prestasie weer saamgaan met sosialiteit, groepafhanklikheid en onderwerping.

Faktor VIIIa: I-E₂- Dominansie-Submissie

By die MS-groep toon akademiese prestasie 'n beduidende negatiewe belading op hierdie faktor. Dit beteken dat die akademiese prestasies van die swakste presteerders binne hierdie groep 'n verband toon met aspekte van dominansie en selfversekerdheid, ongeinhibeerdeheid, impulsiwiteit, neigings tot projeksie, radikalisme en in 'n mindere mate ook groepafhanklikheid en sosialiteit. Daarenteen toon goeie akademiese prestasie 'n verband met afhanklikheid, erns, teruggetrokkenheid, aanpasbaarheid, konserwatisme, selfgenoegsaamheid en afsydigheid.

In die geval van Faktor VI en Faktor VIIIa, bevat beide faktore 'n element van Dominansie. Die verskil is egter dat die akademiese prestasie van die beste presteerders van die S-groep 'n verband toon met aspekte soos aggressiwiteit, 'n kompeterende houding, selfversekerdheid, onafhanklike denke en onkonvensionaliteit, terwyl dieselfde elemente ook 'n verband toon met die swakste akademiese prestasies van die MS-groep.

Volgens hierdie bevinding is dit moontlik dat genoemde eienskappe aanwesig kan wees by sowel suksesvolle- as minder suksesvolle akademiese prestasie. Die verklaring vir hierdie skynbare teenstrydigheid kan moontlik gevind word in die selfsiening van die twee groepe ten opsigte van werklike of vermeende vermoëns.

Benewens die faktorontledings is daar ook nagegaan in watter mate Angs en Introversie-Ekstraversie volgens Cattell se bevinding, by die S- en MS-groep aanwesig is.

Uit die resultate blyk dit dat beide faktore in dieselfde mate by die twee groepe aanwesig is. Beide groepe toon groter as gemiddelde Angs en Introversie. M.a.w. die mate van Angs en Introversie is nie net kenmerkend van 'n bepaalde suksesgroep nie.

.....

HOOFSTUK XDIE PERSOONLIKE ONDERHOUD

Die doel en die motivering vir die gebruik van 'n persoonlike onderhoud met elke proefpersoon in hierdie ondersoek is reeds beskryf op pp. 81-83.

Nadat besluit is oor die addisionele inligting wat nog van elke proefpersoon verlang word, is 'n tentatiewe onderhoudprosedure opgestel in samewerking met drie ander kollegas. Hierdie prosedure is uitgetoets op 10 proefpersone en met geringe wysigings is die skema gevolg soos aangetoon in Bylaag G, pp. 512-513.

Elke onderhoud het ongeveer 40 minute geduur. 'n Bandopname is van elke onderhoud gemaak en daarna getranskribeer. Die gegewens van hierdie transkripsies is gekodifiseer en op ponskaarte aangebring vir verwerking.

Voordat besluit is op 'n finale kodifiseringstelsel is 'n voorlopige skema eers op enkele onderhoude uitgetoets. Om die konstantheid van beoordeling volgens dié stelsel vas te stel, is twee kollegas gevra om onafhanklik van mekaar, dieselfde onderhoude te kodifiseer. Aangesien die beoordelings in al die gevalle dieselfde was, is die onderhoude daarvolgens gekodifiseer en op ponskaarte aangebring soos aangedui in Bylaag H, pp. 514-528.

Vir hierdie deel van die ondersoek was daar 163 proefpersone beskikbaar - 86 suksesvolle studente en 77 minder suksesvolle studente. Die 163 getranskribeerde onderhoude is weens die lengte sowel as die vertroulike aard daarvan, nie in hierdie verhandeling ingevoeg nie, maar lê ter insae by die Departement van Sielkunde, Universiteit Stellenbosch. ('n Voorbeeld van 'n onderhoud en kodifikasie word aangetoon in Bylaag I, pp. 529-532).

Sommige van die vrae wat in die gestruktureerde onderhoud gestel is, het aanleiding gegee tot 'n groot verskeidenheid van response. Om die response meer hanteerbaar te maak met die oog op vergelyking tussen die suksesvolle groep (S-groep) en minder suksesvolle groep (MS-groep), is gelyksoortige response in kategorieë saamgetrek.

Die beduidenheid van verskille tussen die response van die S-groep en die MS-groep is vasgestel deur die berekening van die beduidenheid van verskille tussen proporsies. In dié gevalle waar die getal response klein was (5 - 10), is die aanbevole korreksie in die formule aangebring en toegepas. Indien die verwagte frekwensie minder as 5 was, is die χ^2 met Yates se korreksie bereken.

Om die beduidenheid van verskille tussen die response van die S- en MS-groep te bereken, kan die totale aantal response van n bepaalde soort vergelyk word. Die veronderstelling is dan dat die response onafhanklik is van mekaar en mekaar dus uitsluit. Die feit is egter dat alle response nie noodwendig onafhanklik van mekaar is nie, aangesien dieselfde persoon meer as een respons op dieselfde vraag kan gee. Volgens 'n voorsig wat deur Cronbach (1949) gedoen is, is die enigste korrekte metode om die getal gevalle, d.w.s. persone, te vergelyk wat n bepaalde respons gee.

In hierdie ondersoek is daar gebruikgemaak van albei benaderings, d.w.s. daar is getoets vir beduidende verskille tussen die S- en MS-groep volgens:

- (a) die totale getal response van n bepaalde soort, en
- (b) die totale getal persone wat n bepaalde soort respons lewer

Soos blyk uit die berekeninge, het die twee benaderings grootliks dieselfde resultate gelewer.

Benewens die berekening van die beduidenheid van verskille tussen die response van die S- en MS-groep op elke vraag, is die nul-hipotese ook d.m.v. die χ^2 -toets ondersoek, nl.:

- (a) dat die response van die onderskeie groepe op elke vraag in gelyke mate versprei is in die verskillende kategorieë (enkel klassifikasie), en
- (b) dat die kategorie van respons onafhanklik is van die groep waaraan n proefpersoon behoort (dubbele klassifikasie).

In die verdere bespreking van die onderhoud, word by elke vraag die volgende besonderhede verstrekk:

- (a) die kategorieë waarvolgens die response ingedeel is, sowel as die response wat onder elke kategorie ressorteer;
- (b) 'n tabel waarin onderstaande gegewens vergelykenderwys vir die S- en MS-groepe aangetoon word:
 - (i) die getal response in elke kategorie, ook uitgedruk as 'n proporsie (prop.) van die totale getal response op elke vraag sowel as 'n proporsie (prop.) van die totale getal persone in elke suksesgroep;
 - (ii) die p-waardes van die verskille tussen proporsies soos gevind vir die getal response sowel as die getal persone - slegs verskille wat beduidend is op die 5%, 1% en .1%-peil word aangetoon.
- (c) 'n tabel wat die χ^2 -waardes aantoon soos bepaal volgens:
 - (i) die enkel klassifikasie-ontleding vir elke groep, en
 - (ii) die dubbel klassifikasie-ontleding.

Vraag 1: Waaraan skryf jy jou sukses of mislukking toe ?

Redes vir sukses:

- (a) Pligsbesef en selfdissipline: gereelde studie; gereelde klasbywoning; oplettendheid in klas; harde werk; balans gehou tussen studie en afleiding; goeie indeling van tyd.
- (b) Motivering: beskik oor die nodige vermoë en skolastiese agtergrond en moes dus werk om daarvolgens te presteer; het 'n beurs gehad en het dus verplig gevoel om te slaag; het hard gewerk om ouers nie teleur te stel nie; wou ouers nie teleurstel omdat hulle studiegeld verskaf; belangstelling in kursus en/of vak; het deursettingsvermoë aan die dag gelê; was gemotiveerd.
- (c) Doeltreffende studiemetodes: vasgestelde studiemetodes; het sistematies gestudeer; nie net bepaalde vrae uitgesoek en geleer nie; het werk eers probeer verstaan voordat dit geleer is.

Redes vir mislukking:

- (d) Gebrek aan inspanning en selfdissipline: het moeilik aan die leer gekom; kon nie sover kom om te gaan sit en leer nie; het nie hard genoeg gewerk nie; te veel afleiding.
- (e) Omstandighedsfaktore: omstandighede ongunstig vir studie soos bv. lawaai in koshuis; kamermaat en maats wat hinder; swak voorlesings en/of dosent se optrede; verkeerde vriende; oningelikhed i.v.m. vakke, kursus en universiteit as sodanig.
- (f) Gebrek aan motivering: geen of min belangstelling in vak of kursus; het belangstelling in vak of kursus verloor; geen motivering.
- (g) Persoonlike probleme: probleme i.v.m. aanpassing en/of interpersoonlike verhoudings.
- (h) Ondoeltreffende studiemetodes: relaas van verkeerde studiemetodes; onsistematies; weet nie hoe om te studeer nie.
- (i) Onderskatting van kursus: met sy studies het dit op skool, of in sy eerst of tweede op universiteit te maklik gegaan.

TABEL 168

Vraag 1 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---|--------------------|---------------------|--------------------------|--------------------|---------------------|--------------------------|
| | S-groep (N=124) | MS-groep (N=143) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Pligsbesef en selfdissipline | 57 .46 | 21 .15 | 5.67*** | 57 .66 | 21 .27 | 4.92*** |
| (b) Motivering | 56 .45 | 22 .15 | 5.48*** | 56 .65 | 22 .29 | 4.54*** |
| (c) Doeltreffende studiemetodes | 11 | 3 .02 | 4.84** (χ^2) | 11 .13 | 3 .04 | 3.04 (χ^2) |
| (d) Gebrek aan inspanning en selfdissipline | - | 25 .17 | 21.90*** (χ^2) | - | 25 .32 | 30.52*** (χ^2) |
| (e) Omstandigheidsfaktore | - | 9 .06 | 6.26* (χ^2) | - | 9 .12 | 8.52** (χ^2) |
| (f) Gebrek aan motivering | - | 21 .15 | 17.79*** (χ^2) | - | 21 .27 | 24.55*** (χ^2) |
| (g) Persoonlike probleme | - | 7 .05 | 4.46* (χ^2) | - | 7 .09 | 6.11* (χ^2) |
| (h) Ondoeltreffende studiemetodes | - | 5 .04 | onbed. | - | 5 .06 | onbed. |
| (i) Onderskatting van kursus | - | 30 .22 | 27.24*** (χ^2) | - | 30 .39 | 38.52*** (χ^2) |

Beduidenheidspeil: . = 5%; .. = 1%; ... = .1%

Op vraag 1 het die S-groep 124 response gelewer teenoor die 143 response van die MS-groep. Soos verwag, handel al die response van die S-groep oor redes vir sukses (kategorieë (a), (b) en (c)).

By die MS-groep is daar 46 response waarvolgens te kenne gegee is dat ten spyte van hereksamens, kursuserhaling of ander redes vir onsuksesvolle studie, daar tog redes is waaraan die mate van sukses om wel in 'n finalejaar te kan wees, toegeskryf kan word. Die res van die MS-groep se response (97) soos aangetoon in kategorieë (d) tot (i), het almal betrekking op redes vir mislukking.

Sowel die S-groep as die MS-groep voer dieselfde redes aan vir suksesvolle studie, nl. redes wat betrekking het op pligsbesef, selfdissipline, motivering en doeltreffende studiemetodes. Dit blyk dat hierdie redes beduidend meer genoem word deur die S-groep dan die MS-

groep. 'n Mate van bevestiging vir hierdie bevinding word gevind in die feit dat die afwesigheid van pligsbesef, selfdissipline, motivering en doeltreffende studiemetodes juis weer deur die MS-groep as redes vir mislukking aangevoer word, tewens niemand van die S-groep het dit as rede(s) vir mislukking genoem nie. Behalwe in die geval van studiemetodes, is die verskille tussen die ander kategorieë almal statisties beduidend.

By die MS-groep is daar ook bykomstige redes vir mislukking aangevoer, t.w. omstandigheidsfaktore, persoonlike probleme en onderskatting van kursus wat gladnie by die S-groep aangetref is nie en wat in alle gevalle beduidende verskille lewer.

Volgens die getal response word pligsbesef, selfdissipline en motivering deur sowel die S-groep as die MS-groep as die belangrikste redes vir sukses beskou.

Op grond van die MS-groep se opgawe van redes vir mislukking, is dit veral onderskatting van kursus, gebrek aan inspanning en selfdissipline en swak motivering wat as die belangrikste redes aangevoer word, terwyl omstandigheidsfaktore, persoonlike probleme en ondoeltreffende studiemetodes in 'n mindere mate genoem word.

Opmerklik is die klein getal response wat studiemetodes as rede vir sukses of mislukking aandui. Hiervolgens is studiemetodes nie so 'n deurslaggewende faktor as bv. pligsbesef, selfdissipline, motivering en onderskatting van kursus nie, d.w.s. almal aspekte wat te make het met 'n bepaalde studie-ingesteldheid.

Vraag 1 kan ook as twee aparte vrae beskou word, t.w.:
redes vir sukses en redes vir mislukking. Hierdie moontlikheid is ook ondersoek. Om die beduidenheid van verskille vas te stel, is die proporsies vir elke kategorie uit die volgende getal totale response bereken:

| | <u>Getal response</u> | |
|----------------------|-----------------------|-----------------|
| | <u>S-groep</u> | <u>MS-groep</u> |
| Redes vir sukses | 124 | 46 |
| Redes vir mislukking | - | 97 |

Aangesien die S-groep nie redes vir mislukking aangevoer het nie, is net die beduidenheid van verskille tussen proporsies vir die S- en MS-groep t.o.v. redes vir sukses bereken, soos aangetoon in Tabel 169 .

TABEL 169

Vraag 1 : Redes vir sukses - Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Verskil | |
|-----------------------------------|---------------------|---------------------|----|---------|------------------------|
| | S-groep (N= 124) | MS-groep (N= 46) | | | |
| | N | prop. | N | prop. | p |
| (a) Pliësbeseft en selfdisipliene | 57 | .46 | 21 | .46 | onbed. |
| (b) Motivering | 56 | .45 | 22 | .48 | onbed. |
| (c) Doeltreffende studiemetodes | 11 | | 3 | | onbed. (χ^2) |

Uit Tabel 169 blyk dat die S- en MS-groep nie beduidend verskil t.o.v. redes vir sukses nie.

Hierdie bevinding bring net die feit na vore dat dieselfde faktore 'n bepalende rol speel selfs in 'n wisselende mate van akademiese sukses - soos in hierdie geval waar daar 'n groep studente is wat sonder enige terugslag akademies suksesvol was (S-groep) en 'n ander groep wat ten spyte van hereksamens en herhaling van kursus (MS-groep) ook daarin geslaag het om uiteindelik suksesvol te wees.

Soos blyk uit onderstaande tabel, is bepaalde redes vir sukses betekenisvol meer aangevoer as ander redes deur beide groepe (enkel klassifikasie). Die twee klassifikasies is onafhanklik, d.w.s. daar is nie 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van dié van die MS-groep nie. (dubbele klassifikasie).

TABEL 170

Vraag 1 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 33.41*** (g.v.= 2) | .26 (g.v.= 2) |
| MS-groep | 14.92*** (g.v.= 2) | |

Vraag 2: Volgens wie se voorbeeld, invloed, aandrang of raad het jy besluit om te kom studeer ?

- (a) Dit was vanselfsprekend: daar was nooit enige twyfel hieromtrent nie; geen alternatief is oorweeg nie; na skool was dit vanselfsprekend dat hy/sy na 'n universiteit sou gaan vir verdere studie.
- (b) Dit was 'n selfstandige besluit: het heeltemal self besluit; daar was geen beïnvloeding deur ander persone nie; het eie kop gevolg; nie gedoen om ander te plesier nie.
- (c) Ouerlike besluit: was hoofsaaklik ouers se besluit; ouers het gedink dit is vir sy/haar beswil; ouers het finaal besluit, maar student wou ook graag na 'n universiteit gaan.
- (e) Met beïnvloeding: het self besluit om te kom, maar is direk of indirek beïnvloed deur ouers, familieledede, vriende en onderwysers se aanmoediging, raad, wense en verwagtinge.

TABEL 171

Vraag 2 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-------------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N=81) | MS-groep (N=77) | Verskil | S-groep (N=86) | MS-groep (N=77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Dit was vanselfsprekend | 25 .31 | 17 .22 | onbed. | 25 .29 | 17 .22 | onbed. |
| (b) Dit was 'n selfstandige besluit | 31 .38 | 28 .36 | onbed. | 31 .36 | 28 .36 | onbed. |
| (c) Ouerlike besluit | 8 .10 | 8 .10 | onbed. | 8 .09 | 8 .10 | onbed. |
| (d) Met beïnvloeding | 17 .21 | 24 .31 | onbed. | 17 .20 | 24 .31 | onbed. |

Volgens Tabel 171 is daar geen beduidende verskille gevind tussen die response van die S- en MS-groep t.o.v. vraag 2 nie.

Volgens hierdie bevinding blyk dit dus nie dat die S-groep 'n groter

mate van outonomie of selfstandigheid aan die dag gelê het i.v.m. die keuse om verder te studeer as die MS-groep nie; ook nie dat die S-groep in die neem van sodanige besluit minder onderworpe was aan eksterne druk en/of beïnvloeding as die MS-groep nie.

TABEL 172

Vraag 2 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 14.75** (g.v.= 3) | 2.78 (g.v.= 3) |
| MS-groep | 11.98** (g.v.= 3) | |

** = Beduidend op 1% peil

Volgens Tabel 172 blyk dit dat bepaalde besluite vir verdere studie beduidend meer genoem is as ander besluite binne elke groep (enkel klassifikasie). Die rangorde rangskikking volgens proporsies van die twee groepe se besluite toon dan ook geringe verskille:

| | Rangordes | |
|------------------------------------|-----------|----------|
| | S-groep | MS-groep |
| (b) Dit was n selfstandige besluit | 1 | 1 |
| (a) Dit was vanselfsprekend | 2 | 3 |
| (d) Met beïnvloeding | 3 | 2 |
| (c) Ouerlike besluit | 4 | 4 |

Uit Tabel 172 blyk ook dat die twee klassifikasies onafhanklik is, d.w.s. daar is nie n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se kategorieë verskil van dié van die MS-groep nie (dubbele klassifikasie).

Vraag 3: Wat was jou vernaamste beweegredes vir verdere studie ?

- (a) Beter vooruitsigte: dit bied beter finansiële vooruitsigte en sekuriteit; dit verleen sosiale status en het ook as gevolg beter vooruitsigte om beroepstatus te bekom; verdere studie is iets on- vervreembaar - dit kan nie van jou weggeneem word nie; die kans om 'n werk te bekom, of om bevorder te word, is beter.
- (b) Belangstelling: 'n bepaalde vak(ke) of kursus het belangstelling geprikkel; het van jongsaf daarin belang gestel.
- (c) Diensmotief: wil diens lewer na opleiding; wil van nut wees.
- (d) Tradisie en ouerlike aspirasie: dit is tradisie dat al die lede van die familie na 'n universiteit gaan; dit was die ouers se wense; dit was as gevolg van die ouers se aspirasies vir hul kinders.
- (e) Bekwaming en verryking: wou nie na matriek al gaan werk nie; het nie volwasse genoeg gevoel om net na skool te gaan werk nie; wou verder studeer om hom/haarself te ontwikkel of te verryk; wou meer weet van 'n bepaalde vak(ke); wou hom/haarself bekwaam vir 'n sekere beroep, of beter kwalifiseer om met ander te kan kompeteer op arbeidsmark; wou die vermoëns waaroor hy/sy beskik ontwikkel.
- (f) Sosiale kontak: het gekom vir die studentelewe, of vir sport-geleenthede; wou kontak maak met mense.

TABEL 173

Vraag 3 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---------------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N=164) | MS-groep (N=141) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Beter vooruit- sigte | 39 .24 | 38 .27 | onbed. | 39 .45 | 38 .49 | onbed. |
| (b) Belangstelling | 37 .23 | 23 .16 | onbed. | 37 .43 | 23 .30 | onbed. |
| (c) Diensmotief | 12 .07 | 13 .09 | onbed. | 12 .14 | 13 .17 | onbed. |
| (d) Tradisie en ouerlike aspirasie | 20 .12 | 24 .17 | onbed. | 20 .23 | 24 .31 | onbed. |
| (e) Bekwaming en verryking | 52 .32 | 40 .28 | onbed. | 52 .60 | 40 .52 | onbed. |
| (f) Sosiale kontak | 4 .02 | 3 .02 | onbed. | 4 .05 | 3 .04 | onbed. |

Volgens Tabel 173 is daar geen beduidende verskille t.o.v. beweegredes vir verdere studie tussen die twee groepe gevind nie.

Opvallend is die klein proporsie van die MS-groep wat sosiale kontak (kategorie (f) as beweegrede aangevoer het. Volgens populêre opvatting sou verwag word dat 'n groter proporsie van die MS-groep juis om sosiale redes op verdere studie besluit het. In hierdie ondersoek is net die teendeel gevind, volgens eie erkenning van die proefpersone.

'n Weerlegging word ook gevind vir die vermoedens dat 'n groter persentasie minder suksesvolle studente as suksesvolle studente net op universiteit beland het as gevolg van tradisie in die familie aangaande verdere studie, of as gevolg van ouerlike aspirasies en nie soseer as gevolg van eie begeerte, belangstelling, die hoop op beter vooruitsigte, of ander meer lofwaardige motiewe nie. By beide groepe geniet praktiese oorwegings die voorrang (kategorieë (e) en (a).

Uit Tabel 174 blyk ook dat sowel die S-groep as die MS-groep bepaalde keuses beduidend meer aangevoer het as ander keuses (enkel

klassifikasie).

Die twee klassifikasies is onafhanklik, d.w.s. die klassifikasies hou nie verband met 'n bepaalde suksesgroep nie (dubbele klassifikasie).

TABEL 174

Vraag 3 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 61.16*** (g.v.= 5) | 3.69 (g.v.= 5) |
| MS-groep | 43.13*** (g.v.= 5) | |

... = Beduidend op .1% peil

Vraag 4: Was die besluit om na die universiteit toe te kom en die kursus wat jy gevolg het jou eerste keuse ?

- (a) Eerste keuse: koms na 'n universiteit en die kursus was eerste keuses.
- (b) Ander oorwegings: daar was ander oorwegings i.v.m. die koms na 'n universiteit en die keuse van 'n kursus.

TABEL 175

Vraag 4 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|----------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N=110) | MS-groep (N= 99) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Eerste keuse | 78 .71 | 68 .69 | onbed. | 78 .90 | 68 .88 | onbed. |
| (b) Ander oorwegings | 32 .29 | 31 .31 | onbed. | 32 .37 | 31 .40 | onbed. |

Volgens Tabel 175 is daar geen beduidende verskille gevind tussen die S- en MS-groep t.o.v. kursuskeuse en die keuse van universiteitsopleiding al dan nie.

Uit hierdie bevinding blyk dit nie dat daar tussen die twee groepe 'n verskil t.o.v. die mate van (on)sekerheid bestaan het nie. Soms word beweer dat dit juis die uiteindelijke suksesvolle student is wat aanvanklik in 'n meerdere mate twyfel aan die dag lê t.o.v. die korrektheid van kursuskeuse, en dat dit die minder suksesvolle student is wat oorhaastige en selfversekerde keuses maak. Dit word nie hier bevestig nie.

Soos ook blyk uit onderstaande tabel, het sowel die S-groep as die MS-groep kategorie (a) beduidend meer aangevoer as kategorie (b), d.w.s. daar was 'n groter proporsie response wat betrekking het op kursus en koms na die universiteit as eerste keuse as dié response wat dui op die oorweging van ander moontlikhede. Die resultaat van die dubbele klassifikasie toon ook aan dat die kategorieë nie afhanklik is van 'n bepaalde suksesgroep nie.

TABEL 176

Vraag 4 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 19.24*** (g.v.= 1) | .13 |
| MS-groep | 13.82*** (g.v.= 1) | |

*** = Beduidend op .1% peil

Vraag 5: Is jy seker dat jou keuse om universiteit toe te kom en jou kursus reg was ?

- (a) Seker: Sekerheid oor kursus en koms na universiteit.
 (b) Onseker: Onsekerheid oor kursus of koms na universiteit, of albei.

TABEL 177

Vraag 5 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 88) | MS-groep (N= 93) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Seker | 67 .76 | 65 .70 | onbed. | 67 .78 | 65 .84 | onbed. |
| (b) Onseker | 21 .24 | 28 .30 | onbed. | 21 .24 | 28 .36 | onbed. |

Volgens Tabel 177 verskil die S- en MS-groep nie beduidend t.o.v. die sekerheid van kursus- en universiteitskeuse nie.

Binne elke groep word sekerheid i.v.m. kursus- en universiteitskeuse beduidend meer aangetref as onsekerheid (Tabel 178 - enkel klassifikasie). Eintlik sou verwag word dat minder suksesvolle studente met verloop van tyd 'n groter mate van twyfel sou ervaar oor die wysheid van hul oorspronklike besluit om verder te studeer, of groter onsekerheid toon of hulle die regte kursus gekies het, al dan nie.

Die twee klassifikasies is ook onafhanklik, m.a.w. die klassifikasie van die response van die twee groepe verskil nie beduidend nie.

TABEL 178

Vraag 5 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 24.04*** (g.v.= 1) | .89 (g.v.= 1) |
| MS-groep | 14.72*** (g.v.= 1) | |

... = Beduidend op .1% peil

Vraag 6: Op watter wyse stel jou ouers in jou belang t.o.v. jou studies ?

- (a) Stel baie belang: ouers stel baie belang in akademiese prestasies sowel as akademiese aangeleenthede.
- (b) Stel nie eintlik belang nie: ouers stel nie eintlik belang in student se akademiese prestasies of die werk self nie.
- (c) Stel net belang in prestasies: ouers stel net belang in die akademiese prestasies van die student. maar nie in die werk of akademiese aangeleenthede nie.

TABEL 179

Vraag 6 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|----------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 83) | MS-groep (N= 77) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Stel baie belang | 54 .65 | 50 .65 | onbed. | 54 .63 | 50 .65 | onbed. |
| (b) Stel nie eintlik belang nie | 1 .01 | 2 .03 | onbed. | 1 .01 | 2 .03 | onbed. |
| (c) Stel net belang in prestasie | 28 .34 | 25 .32 | onbed. | 28 .33 | 25 .32 | onbed. |

Volgens Tabel179 is daar geen beduidende verskille tussen die S- en MS-groep gevind t.o.v. die mate van ouerlike belangstelling in hul akademiese prestasies en die akademiese aspek van universiteitstudie nie.

Dit blyk ook dat nie een van die groepe se ouers hoofsaaklik prestasiebewus is nie, maar eerder dat daar 'n gesonde en gebalanseerde belangstelling is in sowel akademiese prestasie as akademiese aangeleenthede (kategorie (a)). Bevestiging hiervoor word gevind in Tabel 180 waaruit dit blyk dat sekere vorms van ouerlike belangstelling binne elke groep beduidend meer genoem is as ander vorms (enkel klassifikasie). Die klassifikasie van die S-groep se response verskil ook nie beduidend van dié van die MS-groep nie (dubbele klassifikasie).

TABEL 180

Vraag 6 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 50.78*** (g.v.= 2) | .44 (g.v.= 2) |
| MS-groep | 44.93*** (g.v.= 2) | |

... = Beduidend op .1% peil

Vraag 7: Wat was die aard van jou ouers se belangstelling?

- (a) Aanmoediging: ouers het student aangemoedig as dit nie goed gegaan het met die studies of die klastoetse nie.
- (b) Dreigemente en aanmanings: ouers dreig student as dit nie goed gaan nie; ouers sê student kan beter doen, wil weet hoekom hy/sy swak gedoen het en maan hom/haar aan om beter te doen.
- (c) Onbelangstellend: ouers gee nie om hoe dit met student gaan nie; staan onverskillig of afsydig teenoor student se doen en late.
- (d) Geen aanmoediging - slegs navraag: ouers moedig student nie eintlik aan nie, wil net weet hoe dit gaan op universiteit.

TABEL 181

Vraag 7: Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---------------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 44) | MS-groep (N= 40) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Aanmoediging | 34 .77 | 33 .83 | onbed. | 34 .40 | 33 .43 | onbed. |
| (b) Dreigemente en aanmaning | 8 .18 | 4 .10 | onbed. | 8 .09 | 4 .05 | onbed. |
| (c) Onbelangstellend | 1 .02 | 1 .03 | onbed. | 1 .01 | 1 .01 | onbed. |
| (d) Geen aanmoediging - slegs navraag | 1 .02 | 2 .05 | onbed. | 1 .01 | 2 .03 | onbed. |

Volgens Tabel 181 is daar geen beduidende verskil gevind tussen die S- en MS-groep t.o.v. die aard van ouerlike belangstelling in akademiese prestasie en -vordering nie. Die opvatting dat die aard van ouerlike belangstelling van suksesvolle studente verskillend is van dié van minder suksesvolle studente word hierdeur weerlê.

Soos blyk uit Tabel 182 is gevind dat sekere vorms van belangstelling binne elke groep, beduidend meer genoem is as ander vorms van belangstelling. Volgens die proporsie van response (Tabel 181), is dit veral kategorie (a), t.w. aanmoediging, wat deur beide groepe die meeste genoem is.

Die klassifikasie van die response van die twee groepe toon ook nie 'n verband met 'n bepaalde suksesgroep nie, m.a.w. die twee klassifikasies is onafhanklik (dubbele klassifikasie, Tabel 182).

TABEL 182

Vraag 7 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|--------------------------------|-----------------------|
| S-groep | 67.09 ^{...} (g.v.= 3) | 1.47 (g.v.= 3) |
| MS-groep | 71.00 ^{...} (g.v.= 3) | |

... = Beduidend op .1% peil

Vraag 8: Watter rol speel jou ouers se belangstelling in jou akademiese prestasies ?

- (a) Positiewe motiverende effek: ouers se belangstelling beteken baie vir student en student sou moontlik nie suksesvol daarsonder kon wees nie; ouers se belangstelling dien as motivering vir student.
- (b) Betekenisvol maar ontbeerlik: ouers se belangstelling beteken baie, maar student sou suksesvol kon wees daarsonder.
- (c) Betekenisloos en ontbeerlik: dit maak vir student geen verskil of ouers belangstel of nie.
- (d) Negatiewe belemmerende effek: ouers stel te veel belang en dit affekteer student se studies nadelig.

TABEL 183

Vraag 8 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|----------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 61) | MS-groep (N= 61) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Positiewe motiverende effek | 40 .66 | 40 .66 | onbed. | 40 .47 | 40 .52 | onbed. |
| (b) Betekenisvol maar ontbeerlik | 17 .28 | 16 .26 | onbed. | 17 .20 | 16 .21 | onbed. |
| (c) Betekenisloos en ontbeerlik | 2 .03 | 4 .07 | onbed. | 2 .02 | 4 .05 | onbed. |
| (d) Negatiewe belemmerende effek | 2 .03 | 1 .02 | onbed. | 2 .02 | 1 .01 | onbed. |

Volgens Tabel 183 toon die twee groepe geen beduidende verskille t.o.v. die rol wat hul ouers se belangstelling in hul akademiese prestasie gespeel het nie.

Tabel 184 p.348 , toon aan dat die kategorieë binne elke groep beduidend van mekaar verskil, d.w.s. die response in bepaalde kategorieë word betekenisvol meer genoem as dié in ander kategorieë. Hierdie

bevinding het veral betrekking op die groot proporsie response van beide groepe (.66) wat dit eens het oor die positiewe motiverende effek van hul ouers se belangstelling in hul akademiese prestasie.

Die vraag ontstaan of hierdie soort belangstelling onontbeerlik vir die betrokke groepe was, en indien wel, watter invloed en gevolge sou 'n afwesigheid daarvan gehad het.

Die rangorde van die kategorieë volgens die proporsie response is vir beide groepe dieselfde (Tabel 183). Dit is dan ook gevind (Tabel 184) dat die twee klassifikasies onafhanklik is aangesien die kategorieë nie afhanklik is van 'n bepaalde groep nie.

TABEL 184

Vraag 8 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 63.38*** (g.v.= 3) | |
| MS-groep | 61.81*** (g.v.= 3) | 1.03 (g.v.= 3) |

... = Beduidend op .1% peil

Vraag 9: Wat is jou ouers se verwagtinge i.v.m. jou akademiese prestasies ?

- (a) Te hoog: die peil wat hulle stel is te hoog.
- (b) Hoog: ouers verwag dat student goed moet presteer.
- (c) Ongekwalfiseerd: ouers stel geen peil nie; ouers verwag net dat student suksesvol moet wees en hy hoef nie hoë eksamenpunte te behaal nie; ouers is tevrede solank student sy bes doen; ouers laat peil aan student oor en ouers is tevrede met die gestelde peil
- (d) Te laag: ouers verwag te min van student.

TABEL 185

Vraag 9 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---------------------|--------------------|---------------------|----------------------------|--------------------|---------------------|----------------------------|
| | S-groep (N= 63) | MS-groep (N= 64) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Te hoog | 1 .02 | 4 .06 | onbed. | 1 .01 | 4 .05 | onbed. |
| (b) Hoog | 18 .29 | 29 .45 | 1.90 (Bed. 10% peil) | 18 .21 | 29 .38 | 2.33* |
| (c) Ongekwalfiseerd | 44 .70 | 29 .45 | 2.84** | 44 .51 | 29 .38 | 1.67 (bed. 10% peil) |
| (d) Te laag | - - | 2 .03 | onbed. | - - | 2 .03 | |

- .. Beduidend op 1% peil
- . Beduidend op 5% peil

Uit Tabel 185 blyk dit dat daar twee kategorieë is wat n beduidende verskil toon tussen die S- en MS-groep:

- (i) Die MS-groep se ouers stel in n groter mate hoë verwagtinge as die S-groep se ouers (kategorie (b));
- (ii) Meer van die S-groep voer aan dat hul ouers se verwagtinge ongekwalfiseerd is (kategorie (c)).

In die geval van n minder suksesvolle student kan hoë ouerlike verwagtinge moontlik demoraliserend inwerk, veral as die student beseft dat hy nie aan die verwagtinge kan voldoen nie, of as sy prestasies bevestiging aan hierdie vermoedens verleen. Aan die anderkant kan hoë verwagtinge juis dien as motivering tot beter prestasie.

In die geval van ongekwalfiseerde verwagtinge, neem die ouers eintlik n neutrale houding in en sodoende verkeer die student in die duister aangaande ouerlike verwagtinge. Hierdie vaagheid van ouerskant kan in sommige gevalle moontlik aanleiding gee tot gebrekkige motivering by die student, veral as dit gesien word as belangeloosheid aan die kant van die ouers.

n Houding van ongekwalifiseerde verwagtinge by die ouers van suksesvolle studente kan egter ook as gevolg hê dat groter verantwoordelikheid aan die student oorgelaat word om te presteer volgens eie aspirasies, of om n peil te bereik wat in ooreenstemming is met die student se vermoëns. Ook kan dit gesien word as n teken van vertroue deur ouers in student.

Volgens Tabel 186 kom bepaalde mates van verwagting binne elke groep betekenisvol meer voor as ander. Volgens die proporsies van response kom hoë verwagtinge (b) en ongekwalifiseerde verwagtinge (c) die meeste voor by albei groepe.

Die twee klassifikasies is afhanklik, d.w.s. daar is n beduidende neiging dat die graad van akademiese sukses, gepaard gaan met die aard van akademiese verwagting wat deur die ouers van elke groep gekoester word, of dat ouerlike verwagting by die twee groepe betekenisvol verskil.

TABEL 186

Vraag 9 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 64.80*** (g.v.= 3) | 8.45* (g.v.= 3) |
| MS-groep | 42.37*** (g.v.= 3) | |

. = Beduidend op 5% peil

... = Beduidend op .1% peil

Vraag 10: Hoe gereeld studeer jy ?

- (a) Gereeld: die student studeer sistematies en gereeld, en nie net ter voorbereiding van klastoetse nie.
- (b) Net vir toetse: die student studeer slegs ter voorbereiding van toetse.
- (c) Verskil van jaar tot jaar: gedurende studieloopbaan was daar variasies, bv. gereeld gestudeer in eerste jaar en daarna nie weer nie, óf, ongereeld gestudeer gedurende eerste paar jaar en daarna meer gereeld.

TABEL 187

Vraag 10 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Gereeld | 45 .52 | 19 .25 | 3.51*** | 45 .52 | 19 .25 | 3.51*** |
| (b) Net vir toetse | 35 .41 | 40 .52 | onbed. | 35 .41 | 40 .52 | onbed. |
| (c) Verskil van jaar tot jaar | 6 .07 | 18 .23 | 2.58** | 6 .07 | 18 .23 | 2.58** |

- . = Beduidend op 5% peil
- .. = Beduidend op 1% peil
- ... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 187 studeer die S-groep betekenisvol meer gereeld as die MS-groep. Hierdie bevinding strook met die algemene opvatting dat suksesvolle studie gewoonlik gepaard gaan met gereelde studie.

Die MS-groep toon ook beduidend n groter mate van wisselvalligheid t.o.v. gereelde studie, d.w.s. daar is geen konstante patroon van studie gedurende n bepaalde studiejaar nie, en hierdie patroon wissel ook van jaar tot jaar. Dit is denkbaar dat gedurige wisseling in studietoewyding en -benadering op die lang duur n nadelige uitwerking op akademiese prestasie kan hê.

TABEL 188

Vraag 10 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 28.64*** (g.v.= 2) | 16.43*** (g.v.= 2) |
| MS-groep | 12.03** (g.v.= 2) | |

.. = Beduidend op 1% peil
 ... = Beduidend op .1 % peil

Die response van bepaalde kategorieë binne elke groep, kom ook beduidend meer voor as dié van ander kategorieë (enkel klassifikasie, Tabel 188). By die S-groep studeer meer as die helfte gereeld (.52), teenoor dieselfde proporsie by die MS-groep wat weer net vir toetse studeer. (Tabel187 p.351)

Volgens Tabel 188 is die twee klassifikasies ook afhanklik, d.w.s. daar is 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response in bepaalde kategorieë, verskil van dié van die MS-groep. Die klassifikasie in elke groep toon dus 'n verband met die bepaalde suksesgroep.

Vraag 11: In watter mate maak jy van 'n studierooster gebruik ?

- (a) Gereeld: student studeer planmatig volgens 'n studierooster.
- (b) Net vir eksamens en klastoetse: student studeer net volgens 'n rooster ter voorbereiding van klastoetse of finale eksamens.
- (c) Gladnie: student studeer nie volgens 'n rooster nie.

TABEL 189

Vraag 11 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---------------------------------------|---------------------|----------------------|----------------------------|---------------------|----------------------|----------------------------|
| | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Gereeld | 4 .05 | 4 .05 | onbed. | 4 .05 | 4 .05 | onbed. |
| (b) Net vir eksamens en klastoetse | 17 .20 | 7 .09 | 1.68 (Bed.10%- peil) | 17 .20 | 7 .09 | 1.68 (Bed.10%- peil) |
| (c) Gladnie | 65 .76 | 66 .86 | onbed. | 65 .76 | 66 .86 | onbed. |

Volgens Tabel 189 verskil die S- en MS-groep nie beduidend t.o.v. die mate waarin van 'n studierooster gebruikgemaak word nie. Daar is egter 'n geringe aanduiding dat die S-groep in 'n meerdere mate van 'n studierooster gebruikgemaak word vir eksamens en klastoetse as die MS-groep. Die verskil is egter net beduidend op die 10% peil.

Die gebruik van 'n studierooster sou 'n moontlike aanduiding wees van 'n sistematiese studiebenadering en 'n oordeelkundige benutting van studietye. Weens die S-groep se beter akademiese prestasies, sou verwag word dat bogenoemde benaderingswyse en instelling in 'n hoër mate by hulle sou aangetref word en moontlik weerspieël sou word in die gebruikmaking van 'n studierooster. So 'n gevolgtrekking kan egter nie gemaak word op grond van die resultate van hierdie ondersoek nie.

Die feit dat daar gladnie van 'n studierooster gebruikgemaak word nie, impliseer nie noodwendig 'n gebrek aan planmatigheid nie. Die opstel en die noudesette uitvoering van die eise van 'n studierooster, lewer dikwels soveel probleme op dat die skynbare wenslikheid daarvan, oorskadu word deur die nadele daaraan verbonde.

Volgens Tabel 190 kom bepaalde kategorieë van response binne elke groep betekenisvol meer voor as ander kategorieë. By sowel die S-groep as die MS-groep blyk dit dat die grootste proporsie van

beide groepe gladnie van 'n studierooster gebruikmaak nie (kategorie (c)).
By die S-groep is daar egter ook 'n klein proporsie van response wat
aantoon dat hierdie groep wel van 'n studierooster gedurende eksamens
en klastoetse gebruikmaak (kategorie (b)).

Die twee klassifikasies is ook onafhanklik, d.w.s. die kategorieë
hou nie verband met 'n bepaalde suksesgroep nie.

TABEL 190

Vraag 11 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 72.04*** (g.v.= 2) | 3.69 (g.v.= 2) |
| MS-groep | 95.27*** (g.v.= 2) | |

Vraag 12: Hoeveel tyd per dag spandeer jy aan studie ?

- (a) Minder as 2 uur
- (b) 2 - 4 uur
- (c) 4 - 6 uur
- (d) 6 uur en meer
- (e) Varieer 0 - 8 uur
- (f) Varieer van jaar tot jaar

TABEL 191

Vraag 12: Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 66) | MS-groep (N= 59) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Minder as 2 uur | 2 .03 | 2 .03 | onbed. | 2 .03 | 2 .03 | onbed. |
| (b) 2 - 4 uur | 22 .33 | 19 .32 | onbed. | 22 .26 | 19 .25 | onbed. |
| (c) 4 - 6 uur | 20 .30 | 12 .20 | onbed. | 20 .23 | 12 .16 | onbed. |
| (d) 6 uur en meer | 7 .11 | 3 .05 | onbed. | 7 .08 | 3 .04 | onbed. |
| (e) Varieer 0 - 8 uur | 10 .15 | 12 .20 | onbed. | 10 .12 | 12 .16 | onbed. |
| (f) Varieer van jaar tot jaar | 5 .08 | 11 .19 | onbed. | 5 .06 | 11 .14 | onbed. |

Volgens Tabel 191 toon die twee groepe geen beduidende verskille t.o.v. die verskillende tydkategorieë nie. Hieruit sou dus nie kon afgelei word dat 'n bepaalde suksesgroep meer of minder as 'n ander suksesgroep van 'n bepaalde studieperiode gebruikgemaak het nie.

Alhoewel onbeduidend, kan daar tog gelet word op die verskynsel dat 'n groter proporsie van die S-groep langer per dag studeer as die MS-groep (kategorieë (c) en (d)), en dat daar minder wisseling in studietye van jaar tot jaar is by die S-groep, as wat die geval is by die MS-groep (kategorie (f)).

TABEL 192

Vraag 12 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 31.35*** (g.v.= 5) | 5.89 (g.v.= 5) |
| MS-groep | 20.64*** (g.v.= 5) | |

*** = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 192 (enkel klassifikasie), word bepaalde studieperiodes beduidend meer genoem as ander studieperiodes binne elke groep. By beide groepe kom kategorieë (b) en (c) proporsioneel die meeste voor en hiervolgens is die gemiddelde studietyd in die omgewing van 4 uur per dag. (Tabel 191, p.355).

Die klassifikasie van studieperiodes van die S-groep se response verskil nie beduidend van dié van die MS-groep nie (dubbele klassifikasie, Tabel 192).

Vraag 13: Studeer jy gedurende naweke en/of vakansies ?

- (a) Naweke en vakansies
- (b) Net vakansies
- (c) Net naweke
- (d) As werk druk - naweke en vakansies
- (e) As werk druk - ook vakansies
- (f) As werk druk - ook naweke

TABEL 193

Vraag 13: Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|--|-------------------|--------------------|---------|-------------------|--------------------|---------|
| | S-groep (N=90) | MS-groep (N=83) | Verskil | S-groep (N=86) | MS-groep (N=77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Naweke en vakansies | 23 .26 | 8 .10 | 2.43* | 23 .27 | 8 .10 | 2.56* |
| (b) Net vakansies | 7 .08 | 3 .04 | onbed. | 7 .08 | 3 .04 | onbed. |
| (c) Net naweke | 16 .18 | 18 .22 | onbed. | 16 .19 | 18 .23 | onbed. |
| (d) As werk druk - naweke en vakansies | 16 .18 | 28 .34 | 2.42* | 16 .19 | 28 .36 | 2.43* |
| (e) As werk druk - ook vakansies | 17 .19 | 16 .19 | onbed. | 17 .20 | 16 .21 | onbed. |
| (f) As werk druk - ook naweke | 11 .11 | 10 .12 | onbed. | 11 .13 | 10 .13 | onbed. |

* = Beduidend op 5% peil

Uit Tabel 193 blyk dat die S-groep beduidend meer van naweke en vakansietye gebruikmaak om in te studeer as die MS-groep. Hierdie bevinding dui moontlik op groter deursettingsvermoë, pliggetrouheid en beter benutting van die akademiese jaar t.o.v. studietye deur suksesvolle studente as wat die geval is by minder suksesvolle studente.

Die twee groepe verskil ook beduidend t.o.v. studie gedurende naweke en vakansies as die werk druk. Die MS-groep maak dan beduidend meer gebruik van hierdie tye om in te studeer, as die S-groep.

Die bogenoemde twee bevindings strook met die algemene opvatting dat suksesvolle studente oor die algemeen konstante werkers is en dat minder suksesvolle studente meesal hul studietyd gedurende die jaar onoordeelkundig benut. Dit bring mee dat die MS-groep in 'n groter mate genoodsaak word om selfs dié tye te gebruik wat hulle andersins nie as studietye beskou het nie.

TABEL 194

Vraag 13 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------|-----------------------|
| S-groep | 10.02 | (g.v.= 5) | 12.07* (g.v.= 5) |
| MS-groep | 28.12*** | (g.v.= 5) | |

. = Beduidend op 5% peil

... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 194 wyk die S-groep se response in geen kategorie beduidend af van die teoretiese frekwensies nie, d.w.s. daar is geen beduidende verskil by die S-groep gevind t.o.v. die benutting van vakansies en/of naweke as studietyd nie, óf, slegs as die werk druk.

In teenstelling hiermee kom die frekwensie van response in bepaalde kategorieë by die MS-groep beduidend meer voor as wat die geval is in ander kategorieë. Proporsioneel kom kategorie (d) die meeste voor, d.w.s. binne die MS-groep studeer die meeste van die minder suksesvolle studente slegs gedurende vakansies en naweke as die werk druk.

Volgens Tabel 194 is die twee klassifikasies ook afhanklik, d.w.s. daar is 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van dié van die MS-groep. Die frekwensies in elke klassifikasie is dus eiesoortig aan die bepaalde suksesgroep, soos ook blyk uit onderstaande rangorde-rangskikking van die kategorieë in elke groep volgens die proporsie response.

| | Rangordes | |
|--|-----------|----------|
| | S-groep | MS-groep |
| (a) Naweke en vakansies | 1 | 5 |
| (b) Net vakansies | 6 | 6 |
| (c) Net naweke | 3 | 2 |
| (d) As werk druk - naweke en vakansies | 3 | 1 |
| (e) As werk druk - ook vakansies | 2 | 3 |
| (f) As werk druk - ook naweke | 5 | 4 |

Vraag 14: Studeer jy gedurende afperiodes en/of naweke ?

(a) Afperiodes en/of namiddae: Ja

(b) Afperiodes en/of namiddae as die werk druk: Ja

TABEL 195

Vraag 14 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|--|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 78) | MS-groep (N= 59) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Afperiodes en/of namiddae | 53 .68 | 35 .59 | onbed. | 53 .62 | 35 .45 | 2.15* |
| (b) Afperiodes en/of naweke as die werk druk | 25 .32 | 24 .41 | onbed. | 25 .29 | 24 .31 | onbed. |

* = Beduidend op 5% peil

Uit Tabel 195 blyk dat indien die beduidendheid van verskille tussen die getal persone in aanmerking geneem word, daar beduidend meer suksesvolle studente is wat gedurende afperiodes en/of namiddae studeer as wat die geval is met minder suksesvolle studente.

Hierdie bevinding strook met dié i.v.m. studie gedurende naweke en vakansies (p. 357) in dié opsig dat hier ook die moontlike afleiding gemaak kan word dat suksesvolle studente oor die algemeen meer konsensieus is en die akademiese jaar doeltreffender benut en harder werk as minder suksesvolle studente.

Volgens Tabel 196, p. 360, toon net die klassifikasie binne die S-groep 'n betekenisvolle verskil met die verwagte klassifikasie, d.w.s. kategorie (a) word betekenisvol meer genoem as kategorie (b)

Die twee klassifikasies is onafhanklik, d.w.s. die klassifikasies hou nie verband met 'n bepaalde suksesgroep nie.

TABEL 196

Vraag 14 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | | Dubbele klassifikasie | |
|----------|---------------------|-----------|-----------------------|-----------|
| S-groep | 10.06** | (g.v.= 1) | 1.09 | (g.v.= 1) |
| MS-groep | 2.06 | (g.v.= 1) | | |

.. = Beduidend op 1% peil

Vraag 15: Wanneer verkies jy om te studeer ?

- (a) Saans
 (b) Soggens
 (c) Namiddae
 (d) Kombinasies: soggens en saans; namiddae en saans, ens.
 (e) Om 't ewe

TABEL 197

Vraag 15 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | | | Getal persone | | | | |
|-----------------|--------------------|-------|---------------------|-------|------------------|--------------------|-------|---------------------|-------|------------------|
| | S-groep (N= 77) | | MS-groep (N= 64) | | Verskil p | S-groep (N= 86) | | MS-groep (N= 77) | | Verskil p |
| | N | prop. | N | prop. | | N | prop. | N | prop. | |
| (a) Saans | 37 | .48 | 30 | .47 | onbed. | 37 | .43 | 30 | .39 | onbed. |
| (b) Soggens | 10 | .13 | 15 | .23 | onbed. | 10 | .12 | 15 | .19 | onbed. |
| (c) Namiddae | 7 | .09 | 1 | .02 | onbed. | 7 | .08 | 1 | .01 | onbed. |
| (d) Kombinasies | 16 | .21 | 16 | .25 | onbed. | 16 | .19 | 16 | .21 | onbed. |
| (e) Om 't ewe | 7 | .09 | 2 | .03 | onbed. | 7 | .08 | 2 | .03 | onbed. |

Volgens Tabel 197 , p.360 , is daar geen beduidende verskille gevind tussen die S- en MS-groep t.o.v. voorkeure vir bepaalde studietye gedurende die dag of nag nie. Geen studietyd is dus onderskeidend van 'n bepaalde suksesgroep nie.

So 'n bevinding is begryplik aangesien studietye deur 'n verskeidenheid van persoonlike omstandighede en voorkeure beïnvloed kan word. Om hierdie redes is dit twyfelagtig of 'n voorkeur vir bepaalde studietye ook met akademiese prestasie sal saamhang.

Soos blyk uit Tabel 198 is bepaalde studietye betekenisvol meer aangevoer as ander studietye deur beide groepe. Volgens Tabel 197 , p.360 kom kategorie (a) - studie saans - proporsioneel die meeste voor by beide groepe.

Daar is ook nie 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van dié van die MS-groep nie en dus is die twee klassifikasies onafhanklik (Tabel 198 , dubbele klassifikasie).

TABEL 198

Vraag 15 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 11.37* (g.v.= 4) | 7.89 (g.v.= 4) |
| MS-groep | 54.30*** (g.v.= 4) | |

* = Beduidend op 5% peil

*** = Beduidend op .1% peil

Vraag 16: Waar studeer jy die beste ?

- (a) In biblioteek
 (b) In eie kamer
 (c) By die huis
 (d) Om't ewe

TABEL 199

Vraag 16 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 81) | MS-groep (N= 70) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) In biblioteek | 10 .12 | 8 .11 | onbed. | 10 .12 | 8 .10 | onbed. |
| (b) In eie kamer | 55 .68 | 55 .79 | onbed. | 55 .64 | 55 .71 | onbed. |
| (c) By die huis | 3 .04 | - - | onbed. | 3 .04 | - - | onbed. |
| (d) Om't ewe | 13 .16 | 7 .10 | onbed. | 13 .15 | 7 .09 | onbed. |

Volgens Tabel 199 toon een groep nie 'n beduidende voorkeur vir 'n bepaalde studieplek bo 'n ander groep nie.

Soos blyk uit Tabel 200 is bepaalde studieplekke binne elke groep betekenisvol meer genoem as ander studieplekke. Die bekende omgewing en die plek wat gewoonlik met studie geassosieer word, t.w. die eie kamer (kategorie (b)), word proporsioneel meer genoem deur beide groepe as enige ander studieplek. Die biblioteek (kategorie (a)) en die ouerhuis⁺ (kategorie (c)) blyk minder gesogte studieplekke te wees. In beide gevalle kan dit moontlik wees dat daar ook te veel kanse vir steuringe en afleiding aanwesig is wat nie bevorderlik is vir ernstige studie nie.

Daar is nie 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van dié van die MS-groep nie.

+ Die ouerhuis is meesal nie beskikbaar vir die meeste studente nie. Wanneer wel beskikbaar, word dit ingesluit onder eie kamer.

TABEL 200

Vraag 16 : - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 82.11*** (g.v.= 3) | 4.23 (g.v.= 3) |
| MS-groep | 109.32*** (g.v.= 3) | |

... = Beduidend op .1% peil

Vraag 17: Wat is die aard van jou studie ?

- (a) Aktief (i): maak opsommings; werk vrae uit; onderstreep; skryf hoofpunte neer.
- (b) Aktief (ii): maak opsommings; onderstreep; skryf hoofpunte neer.
- (c) Aktief (iii): werk vrae uit; onderstreep; skryf hoofpunte neer.
- (d) Aktief (iv): onderstreep; skryf hoofpunte neer; maak aantekeninge.
- (e) Aktief (v): maak opsommings; werk vrae uit.
- (f) Aktief (vi): maak opsommings.
- (g) Aktief (vii): werk vrae uit.
- (h) Aktief (viii): lees werk oor en oor, maar oordink werk, of bespreek dit met iemand anders.
- (i) Passief: lees werk net oor en oor.

TABEL 201

Vraag 17 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-------------------|-------------------|--------------------|---------|-------------------|--------------------|---------|
| | S-groep (N=85) | MS-groep (N=75) | Verskil | S-groep (N=86) | MS-groep (N=77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Aktief (i) | 7 .08 | 7 .09 | onbed. | 7 .08 | 7 .09 | onbed. |
| (b) Aktief (ii) | 9 .11 | 12 .16 | onbed. | 9 .10 | 12 .16 | onbed. |
| (c) Aktief (iii) | 7 .08 | 6 .08 | onbed. | 7 .08 | 6 .08 | onbed. |
| (d) Aktief (iv) | 22 .26 | 13 .17 | onbed. | 22 .26 | 13 .17 | onbed. |
| (e) Aktief (v) | 11 .13 | 11 .15 | onbed. | 11 .13 | 11 .14 | onbed. |
| (f) Aktief (vi) | 17 .20 | 18 .24 | onbed. | 17 .20 | 18 .23 | onbed. |
| (g) Aktief (vii) | 2 .02 | 3 .04 | onbed. | 2 .02 | 3 .04 | onbed. |
| (h) Aktief (viii) | 8 .09 | 2 .03 | onbed. | 8 .09 | 2 .03 | onbed. |
| (i) Passief | 2 .02 | 3 .04 | onbed. | 2 .02 | 3 .04 | onbed. |

Volgens Tabel 201 , p.364 , is daar geen beduidende verskil tussen die S- en die MS-groep t.o.v. die aard van studie gevind nie.

Hierdie bevinding weerlê die populêre opvatting dat suksesvolle studente oor die algemeen ook van "beter" studiemetodes as minder suksesvolle studente sou gebruikmaak.[†] Verdere bevestiging vir hierdie bevinding blyk uit die feit dat die grootste proporsie van sowel die S-groep (.98) as die MS-groep (.96), die algemeen aanvaarde beter "aktiewe" studiewyse gevolg het. (Tabel 201, p.364)

TABEL 202

Vraag 17 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 36.24*** (g.v.= 8) | 6.29 (g.v.= 8) |
| MS-groep | 28.82*** (g.v.= 8) | |

... = Beduidend op .1% peil

Uit Tabel 202 blyk dat daar binne elke suksesgroep beduidende verskille tussen die verskillende kategorieë is. By die S-groep word kategorie (d) en kategorie (f) proporsioneel die meeste aangetref. So ook by die MS-groep, maar veral t.o.v. kategorie (f).

Die klassifikasie van response hou ook nie verband met 'n bepaalde suksesgroep nie (dubbele klassifikasie, Tabel 202).

+ Volgens die bevindings verkry met die Brown-Holtzman vraelys (p. 197) toon suksesvolle studente oor die algemeen wel beter studiemetodes as minder suksesvolle studente.

Vraag 18: Wat is die aard van jou studie ? (ii)

Onderstaande response het slegs betrekking op die wyse waarop met 'n nuwe stuk leerwerk begin word en die verdere deurvoering daarvan.

- (a) Lees deur (i): lees die hele gedeelte eers deur en leer dan die stuk werk in die geheel.
- (b) Lees deur (ii): lees die hele gedeelte eers deur, deel die werk en leer eers elke deel.
- (c) Lees nie deur nie (i): lees nie die hele gedeelte eers deur nie, maar leer die stuk werk in die geheel.
- (d) Lees nie deur nie (ii): lees nie die hele gedeelte eers deur nie, maar deel die werk in en leer eers elke deel.

TABEL 203

Vraag 18 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-------------------------------|-------------------|--------------------|---------|-------------------|--------------------|---------|
| | S-groep (N=27) | MS-groep (N=16) | Verskil | S-groep (N=86) | MS-groep (N=77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Lees deur (i) | 10 .37 | 6 .38 | onbed. | 10 .12 | 6 .08 | onbed. |
| (b) Lees deur (ii) | 6 .22 | 3 .19 | onbed. | 6 .07 | 3 .04 | onbed. |
| (c) Lees nie deur nie (i) | 6 .22 | 7 .44 | onbed. | 6 .07 | 7 .09 | onbed. |
| (d) Lees nie deur nie (ii) | 5 .19 | - - | Onbed. | 5 .06 | - - | onbed. |

Volgens Tabel 203 verskil die S- en die MS-groep nie beduidend t.o.v. die verskillende wyses waarop nuwe leerstof aangepak en verder aan te werk gegaan word nie.

Binne elke groep kom die response van 'n bepaalde kategorie ook nie beduidend meer voor as dié in ander kategorieë nie (Tabel 204 , p. 367)

Die klassifikasies van die twee groepe hou ook nie verband met 'n bepaalde suksesgroep nie (dubbele klassifikasie, Tabel 204).

TABEL 204

Vraag 18 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | | Dubbele klassifikasie | |
|----------|---------------------|-----------|-----------------------|-----------|
| S-groep | 2.17 | (g.v.= 3) | | |
| MS-groep | 7.50 | (g.v.= 3) | 4.56 | (g.v.= 3) |

Al die bogenoemde bevindings is in ooreenstemming met dié soos gevind by Vraag 17 (p.364) en Vraag 18 (p.366), nl. dat dit uit hierdie ondersoek duidelik blyk dat suksesvolle- en minder suksesvolle studente se studiemetodes oor die algemeen nie stelselmatig en beduidend verskil nie.

Uit die persoonlike navrae blyk geen belangrike verskille in studiemetodes wat as 'n oorsaaklike faktor in sukses beskou kan word nie. Veel eerder val die klem op die regte studiehouding of studie- ingesteldheid.

Vraag 19: Doen jy elke dag hersiening van jou werk en/of gaan jy voorbereid na lesings ?

- (a) Ja: doen elke dag hersiening en/of gaan voorbereid na lesings.
 (b) Nee: doen nie elke dag hersiening nie en gaan onvoorbereid na klasse.

TABEL 205

Vraag 19 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-----------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 73) | MS-groep (N= 58) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Ja | 48 .66 | 27 .47 | 2.21* | 48 .56 | 27 .35 | 2.66* |
| (b) Nee | 25 .34 | 31 .53 | 2.21* | 25 .29 | 31 .40 | onbed. |

* = Beduidend op 5% peil

Volgens Tabel 205 het die S-groep beduidend meer te kenne gegee dat hulle daaglik hersiening doen van gedane werk en/of voorbereid na lesings gaan as die MS-groep.

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die algemene opvatting dat suksesvolle studente oor die algemeen meer toegewyd en konsensieus is en ook meer planmatig te werk gaan met hul studie as minder suksesvolle studente. Bevestiging word ook verleen aan die bevindinge van vrae 10 (p.351), 13 (p.357) en 14 (p.359), wat handel oor gereeldheid van studie en die benutting van aperiodes, namiddae, naweke en vakansies.

Uit Tabel 206, p.369, blyk dit dat die response in kategorie (a), binne die S-groep, betekenisvol meer genoem word as dié van kategorie (b). Daar is ook 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van dié van die MS-groep.

TABEL 206

Vraag 19 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 7.24** (g.v.= 1) | 5.19* (g.v.= 2) |
| MS-groep | .26 (g.v.= 1) | |

. = Beduidend op 5% peil
.. = Beduidend op 1% peil

Vraag 20: Het jy enige ekstra leeswerk gedoen ?

- (a) Ja: doen ekstra leeswerk op eie inisiatief.
 (b) Nee: doen net verpligte en/of aanbevole leeswerk.

TABEL 207

Vraag 20: Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-----------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 81) | MS-groep (N= 74) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Ja | 45 .56 | 37 .50 | onbed. | 45 .52 | 37 .48 | onbed. |
| (b) Nee | 36 .44 | 37 .50 | onbed. | 36 .42 | 37 .48 | onbed. |

Volgens Tabel 207 is daar geen beduidende verskil gevind tussen die S- en MS-groep t.o.v. die mate van ekstra leeswerk wat gedoen is nie. Eintlik is verwag dat suksesvolle studente in 'n meerdere mate leeswerk op eie inisiatief sou doen as minder suksesvolle studente.

Volgens Tabel 208 is daar binne elke groep geen beduidende verskil gevind t.o.v. die mate waarin ekstra leeswerk gedoen is, al dan nie (enkel klassifikasie). Ook toon die rangskikking nie 'n verband met 'n bepaalde suksesgroep nie (dubbele klassifikasie).

TABEL 208

Vraag 20 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | | Dubbele klassifikasie | |
|----------|---------------------|-----------|-----------------------|-----------|
| S-groep | 1.00 | (g.v.= 1) | .48 | (g.v.= 1) |
| MS-groep | 0.00 | (g.v.= 1) | | |

Vraag 21: Verkies jy om alleen of saam met iemand te studeer ?

- (a) Verkies alleen.
- (b) Verkies saam met iemand.
- (c) Maak geen verskil nie.
- (d) Maak geen verskil nie, maar as werk druk, verkies dan alleen.

TABEL 209

Vraag 21 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---|---------------------|----------------------|---------|---------------------|----------------------|---------|
| | S-groep (N= 73) | MS-groep (N= 68) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Verkies alleen | 36 .49 | 33 .49 | onbed. | 36 .42 | 33 .43 | onbed. |
| (b) Verkies saam met iemand | 13 .18 | 13 .19 | onbed. | 13 .15 | 13 .17 | onbed. |
| (c) Maak geen verskil nie | 21 .29 | 20 .29 | onbed. | 21 .24 | 20 .26 | onbed. |
| (d) Maak geen verskil nie, maar as werk druk verkies dan alleen | 3 .04 | 2 .03 | onbed. | 3 .04 | 2 .03 | onbed. |

Volgens Tabel 209 toon die een groep nie 'n beduidende voorkeur bo die ander groep om saam met iemand, of alleen te studeer nie.

Binne elke groep is bepaalde voorkeure betekenisvol meer aangevoer as ander voorkeure (enkel klassifikasie, Tabel 210). Die grootste proporsie van beide groepe verkies om alleen te studeer (Tabel 209). Daar is ook nie 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van die van die MS-groep nie (dubbele klassifikasie, Tabel 210).

TABEL 210Vraag 21 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 31.92*** (g.v.= 3) | .189 (g.v.= 3) |
| MS-groep | 29.76*** (g.v.= 3) | |

... = Beduidend op .1% peil

Vraag 22: Bespreek jy graag jou werk met ander ?

- (a) Slegs met maats.
 (b) Slegs met dosente.
 (c) Wou met dosente, maar dosente was ontoeganklik.
 (d) Met maats en dosente.
 (e) Geen bespreking.

TABEL 211

Vraag 22 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|--|--------------------|---------------------|----------------------------|--------------------|---------------------|----------------------------|
| | S-groep (N= 81) | MS-groep (N= 74) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Slegs met maats | 29 .36 | 40 .54 | 2.22* | 29 .34 | 40 .52 | 2.28* |
| (b) Slegs met dosente | 5 .06 | 4 .05 | onbed. | 5 .06 | 4 .05 | onbed. |
| (c) Wou met dosente, maar dosente was ontoeganklik | 2 .02 | 2 .03 | onbed. | 2 .02 | 2 .03 | onbed. |
| (d) Met maats en dosente | 30 .37 | 17 .23 | 1.89 (Bed. op 10% peil) | 30 .35 | 17 .22 | 1.78 (Bed. op 10% peil) |
| (e) Geen bespreking | 15 .19 | 11 .15 | onbed. | 15 .17 | 11 .14 | onbed. |

. = Beduidend op 5% peil

Uit Tabel 211 blyk dit dat die MS-groep hul werk beduidend meer met hul maats alleen bespreek as die S-groep. Hieruit volg nie noodwendig dat die S-groep meer selfgenoegsaam is nie want as daar gelet word op kategorie (d) blyk dit dat 'n groter proporsie suksesvolle studente as minder suksesvolle studente hul werk met maats sowel as dosente bespreek. (Die verskil is egter net beduidend op die 10% peil.)

TABEL 212

Vraag 22 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 42.15*** (g.v.= 4) | 5.77 (g.v.= 4) |
| MS-groep | 23.45*** (g.v.= 4) | |

... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 212 word die responsfrekwensies in bepaalde kategorieë binne elke groep betekenisvol meer aangetref as die responsfrekwensies in ander kategorieë. Dit blyk veral kategorie (a) en (d) te wees (Tabel 211).

Die twee klassifikasies is onafhanklik, d.w.s. die klassifikasie van die S-groep se response verskil nie betekenisvol van dié van die MS-groep nie.

Vraag 23: Aan watter soort afleiding en ontspanning neem jy deel ?

- (a) Net fisiese ontspanning: Georganiseerde ontspanning soos bv. bepaalde sportsoorte en B.T.K. sowel as ongeorganiseerde ontspanning soos bv. stap, bergklim en tennis.
- (b) Net verenigings en komitees.
- (c) Fisiese ontspanning, verenigings en komitees: soos (a) en (b) hier bo genoem.
- (d) Tydverdrywende aktiwiteite: gesels graag by maats in die kamer; speel snoeker en kaart; gaan graag dorp toe of kafee toe.
- (e) Heteroseksuele verhoudings: gaan gereeld of redelik baie uit met iemand van die teenoorgestelde geslag.
- (f) Selfverrykende bedrywighede: lees graag; luister graag na musiek; bestee redelik baie tyd aan 'n stokperdjie.
- (g) Kombinasies van: heteroseksuele verhoudings, tydverdrywende en selfverrykende bedrywighede: soos (d), (e) en (f) hier bo genoem.
- (h) Bioskoop en konserte.
- (i) Bioskoop, konserte en openbare voorlesings.
- (j) Dans en partytjies.

TABEL 213

Vraag 23 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|--|---------------------|----------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 261) | MS-groep (N= 231) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Net fisiese ontspanning | 33 .13 | 31 .13 | onbed. | 33 .38 | 31 .40 | onbed. |
| (b) Net verenigings en komitees | 7 .03 | 3 .01 | onbed. | 7 .08 | 3 .04 | onbed. |
| (c) Fisiese ontspanning, verenigings en komitees | 40 .15 | 36 .16 | onbed. | 40 .47 | 36 .47 | onbed. |
| (d) Tydverdrywende aktiwiteite | 13 .05 | 21 .09 | onbed. | 13 .15 | 21 .27 | onbed. |
| (e) Heteroseksuele verhoudings | 10 .04 | 14 .06 | onbed. | 10 .12 | 14 .18 | onbed. |
| (f) Selfverrykende bedrywighede | 15 .06 | 6 .03 | onbed. | 15 .17 | 6 .22 | onbed. |
| (g) Kombinasies van: heteroseksuele verhoudings, tydverdrywende en selfverrykende bedrywighede | 23 .09 | 13 .06 | onbed. | 23 .27 | 13 .17 | onbed. |
| (h) Bioskoop en konserte | 29 .11 | 31 .13 | onbed. | 29 .34 | 31 .40 | onbed. |
| (i) Bioskoop, konserte en openbare lesings | 39 .15 | 26 .11 | onbed. | 39 .45 | 26 .34 | onbed. |
| (j) Dans en partytjies | 52 .20 | 50 .22 | onbed. | 52 .60 | 50 .65 | onbed. |

Uit Tabel 213 blyk dat daar geen beduidende verskille gevind is tussen die S- en MS-groep t.o.v. die soort afleiding en ontspanning waaraan deelgeneem is nie.

Volgens hierdie bevinding is daar nie bevestiging gevind vir die vermoede dat minder suksesvolle studente oor die algemeen meer deelneem aan bv. sport, verenigings, vermake of partytjies as suksesvolle studente nie, óf dat deelname aan sport, ens., noodsaaklik is vir sukses nie.

TABEL 214

Vraag 23 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 77.25*** (g.v.= 9) | |
| MS-groep | 82.63*** (g.v.= 9) | 11.93 (g.v.= 9) |

... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 214 word bepaalde vorms van afleiding en ontspanning binne elke groep betekenisvol meer genoem as ander vorms (enkel klassifikasie). 'n Rangorde-rangskikking van die kategorieë volgens die proporsie response is as volg:

| | Rangordes | |
|---|-----------|----------|
| | S-groep | MS-groep |
| (j) Dans en partytjies | 1 | 1 |
| (i) Bioskoop, konserte en lesings | 2 | 5 |
| (c) Fisiese ontspanning, verenigings en komitees | 2 | 2 |
| (a) Net fisiese ontspanning | 4 | 3 |
| (h) Bioskoop en konserte | 5 | 3 |
| (g) Kombinasies van : heteroseksuele verhoudings, tydverdrywende en selfverrykende bedrywighede | 6 | 6 |
| (f) Selfverrykende bedrywighede | 7 | 9 |
| (d) Tydverdrywende bedrywighede | 8 | 8 |
| (c) Heteroseksuele verhoudings | 9 | 6 |
| (b) Net verenigings en komitees | 10 | 10 |

Daar is egter nie 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van dié van die MS-groep nie.

Vraag 24: Watter faktore het jou studie belemmer ?

- (a) Aanpassing: moeilikheid met aanpassing aan universiteit: eerste maal van die huis af, moet self besluite neem, alles is vreemd; moeilikheid met aanpassing in die koshuis, veral t.o.v. medestudente; moeilikheid met aanpassing by die studie self.
- (b) Nie-akademiese bedrywighede: te veel deelname aan nie-akademiese bedrywighede, insluitende sport, het studies nadelig beïnvloed.
- (c) Persoonlike probleme: finansieel; huislik (kom nie reg met ouers, of siekte by die huis); interpersoonlike verhoudings, bv. met teenoorgestelde geslag; gesondheid; godsdiens; persoonlikheidsprobleme.
- (d) Skolastiese agtergrond: swak skolastiese agtergrond t.o.v. die basiese vakke.
- (e) Ongunstige studie-omstandighede: lawaai in koshuis; koshuisbedrywighede; ontgroening; kamermaat of maats.
- (f) Verkeerde vak/kursuskeuse: verkeerde vak/kursuskeuse; een of meer vakke verkeerd gekies; was verplig om 'n vak(ke) te neem waarvan hy/sy nie gehou het nie; was ongemotiveerd a.g.v. verkeerde vak/kursuskeuse.
- (g) Voorlesings: swak voorlesings het studie nadelig beïnvloed.
- (h) Optrede dosent: dosent se optrede het nadelig ingewerk.
- (i) Gespannenheid: baie gespanne, skryf gevolglik swak eksamen; voor 'n toets baie gespanne; raak gespanne en skryf soms in sekere vakke swak eksamen; was in eerste jaar gespanne, later nie meer nie.
- (j) Leestempo: het 'n stadige leestempo wat studies nadelig beïnvloed het.
- (k) Konsentrasie: konsentreer moeilik veral as daar ook 'n emosionele steuring is.

TABEL 215

Vraag 24 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|------------------------------------|--------------------|---------------------|----------------------------|--------------------|---------------------|----------------------------|
| | S-groep (N=237) | MS-groep (N=316) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Aanpassing | 14 .06 | 24 .08 | onbed. | 14 .16 | 24 .31 | 2.24* |
| (b) Nie-akademiese bedrywighede | 13 .05 | 29 .09 | 1.88 (Bed. op 10% peil) | 13 .15 | 29 .38 | 3.33*** |
| (c) Persoonlike probleme | 49 .21 | 53 .17 | onbed. | 49 .57 | 53 .68 | onbed. |
| (d) Skolastiese agtergrond | 28 .12 | 41 .13 | onbed. | 28 .33 | 41 .53 | 2.60** |
| (e) Ongunstige studieomstandighede | 24 .10 | 39 .12 | onbed. | 24 .28 | 39 .51 | 2.99** |
| (f) Verkeerde vak/kursuskeuse | 27 .11 | 35 .11 | onbed. | 27 .31 | 35 .45 | 1.81 (Bed. op 10% peil) |
| (g) Voorlesings | 31 .13 | 31 .10 | onbed. | 31 .36 | 31 .40 | onbed. |
| (h) Optrede dosent | 9 .04 | 14 .04 | onbed. | 9 .10 | 14 .18 | onbed. |
| (i) Gespannenheid | 18 .07 | 25 .08 | onbed. | 18 .21 | 25 .32 | onbed. |
| (j) Leestempo | 13 .05 | 11 .03 | onbed. | 13 .15 | 11 .14 | onbed. |
| (k) Konsentrasie | 11 .05 | 15 .05 | onbed. | 11 .13 | 15 .19 | onbed. |

Volgens Tabel 215 is daar op grond van die proporsie response geen beduidende verskille tussen die S- en MS-groep gevind t.o.v. faktore wat studie belemmer het nie.

Indien die proporsie persone egter in berekening gebring word, is daar beduidende verskille gevind tussen die twee groepe t.o.v. aanpassing (kategorie (a)), nie-akademiese bedrywighede (kategorie (b)), skolastiese agterstand (kategorie (d)) en ongunstige studie-omstandig-

hede (kategorie (e)). In al die gevalle het 'n beduidend groter proporsie minder suksesvolle studente genoemde redes aangevoer wat hul studie nadelig beïnvloed het as in die geval van suksesvolle studente. Met uitsondering van kategorie (d) het kategorieë (a), (b) en (e) almal betrekking op nie-intellektuele faktore wat 'n nadelige uitwerking gehad het.

Alhoewel dit nie sondermeer beweer kan word dat minder suksesvolle akademiese prestasie hoofsaaklik deur bogenoemde faktore veroorsaak is nie, kan die belangrikheid van hierdie faktore i.v.m. studie nie onderskat word nie. Dit mag wees dat, óf een hiervan, óf die gesamentlike inwerking van verskeie van hierdie faktore in individuele gevalle wel van deurslaggewende aard kan wees.

TABEL 216

Vraag 24 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 65.22*** (g.v.= 10) | 7.73 (g.v.= 10) |
| MS-groep | 55.63*** (g.v.= 10) | |

... = Beduidend op .1% peil

Soos blyk uit Tabel 216 is bepaalde faktore binne elke groep betekenisvol meer aangevoer as ander faktore. 'n Rangorde-rangskikking van die verskillende kategorieë binne elke groep (volgens Tabel 215) is as volg:

| | Rangordes | |
|-------------------------------------|-----------|----------|
| | S-groep | MS-groep |
| (c) Persoonlike probleme | 1 | 1 |
| (g) Voorlesings | 2 | 5 |
| (d) Skolastiese agtergrond | 3 | 2 |
| (f) Verkeerde vak/kursuskeuse | 4 | 4 |
| (e) Ongunstige studie-omstandighede | 5 | 3 |
| (i) Gespannenheid | 6 | 7 |
| (a) Aanpassing | 7 | 7 |
| (b) Nie-akademiese bedrywighede | 7 | 6 |
| (j) Leestempo | 9 | 11 |
| (k) Konsentrasie | 9 | 9 |
| (h) Optrede dosent | 11 | 10 |

Dit is opmerklik dat persoonlike probleme (kategorie (c)) deur beide groepe proporsioneel die meeste genoem is. Hierdie bevinding vestig die aandag op die aanwesigheid van persoonlike probleme by sowel suksesvolle as minder suksesvolle studente asook die voorrang wat dit bo ander faktore geniet, en die behoefte aan hulp in dié verband.

Die kategorie-rangordes van beide groepe toon 'n groot ooreenkoms en volgens Tabel 216, p.380, (dubbele klassifikasie) verskil die klassifikasie van die S-groep se response nie betekenisvol van dié van die MS-groep nie.

Vraag 25: Was jy van mening dat jy daartoe instaat was om suksesvol in jou kursus te wees?

- (a) Gedink hy sou kursus slaag: het in die begin en dwarsdeur die kursus gedink hy sou slaag.
- (b) Getwyfel of hy sou slaag: het in die begin en dwarsdeur die kursus getwyfel of hy sou slaag.
- (c) Begin met sekerheid, maar twyfel later: geen twyfel aan die begin nie, maar later wel.
- (d) Twyfel in begin, sekerheid later: het in die begin getwyfel of hy sou slaag, maar later nie meer nie.

TABEL 217

Vraag 25: Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---------------------------------------|--------------------|---------------------|-----------------------|--------------------|---------------------|-----------------------|
| | S-groep (N= 76) | MS-groep (N= 69) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Gedink hy sou kursus slaag | 48 .63 | 52 .75 | onbed. | 48 .56 | 52 .68 | onbed. |
| (b) Getwyfel of hy sou slaag | 10 .13 | 11 .16 | onbed. | 10 .12 | 11 .14 | onbed. |
| (c) Begin met sekerheid, twyfel later | 6 .08 | 4 .06 | onbed. | 6 .07 | 4 .05 | onbed. |
| (d) Twyfel in begin, sekerheid later | 12 .16 | 2 .03 | 5.49* (χ^2) | 12 .14 | 2 .03 | 5.31* (χ^2) |

Volgens Tabel 217 is daar 'n beduidend groter proporsie van die S-groep wat in die begin getwyfel het of hulle sou slaag, maar later nie meer nie (kategorie (d)), as wat die geval is by die MS-groep.

Die vraag ontstaan of hierdie twyfel van die S-groep voortspruit uit 'n werklike onderskatting van eie vermoëns, en of dit nie eerder 'n aanduiding is van groter behoedsaamheid nie.

Soos blyk uit Tabel 217 is daar 'n redelike groot proporsie minder suksesvolle studente (.68) wat oorspronklik gedink het dat hulle die kursus sou slaag. Dit het wel uiteindelik gebeur, maar eers na mislukkinge. Dit kan wees dat hierdie soort selfvertroue en selfgenoegsaamheid uit 'n onrealistiese selfsiening van werklike of vermeende vermoëns spruit. Moontlik is hierin ook geleë een van die basiese verskille tussen suksesvolle en minder suksesvolle studente.

TABEL 218

Vraag 25 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 59.99*** (g.v.= 3) | |
| MS-groep | 95.92*** (g.v.= 3) | 7.42 (g.v.= 3) |

... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 218 (enkel klassifikasie), word bepaalde kategorieë binne elke groep beduidend meer aangetref as ander kategorieë. Dit het veral betrekking op kategorie (a), nl. dat die grootste proporsie van suksesvolle en minder suksesvolle studente oorspronklik gedink het dat hulle 'n bepaalde kursus sou slaag.

Die twee klassifikasies is ook onafhanklik, d.w.s. die klassifikasie van response is nie afhanklik van 'n bepaalde suksesgroep nie (dubbele klassifikasie).

Vraag 26: Wat was jou mikpunt in klastoetse ?

- (a) Die hoogs moontlike punt.
- (b) n Veilige 60%.
- (c) Net slaag (50%).
- (d) Verskillend - hoog en laag.

TABEL 219

Vraag 26 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|--------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 66) | MS-groep (N= 61) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Hoogs moontlike punt | 41 .62 | 31 .51 | onbed. | 41 .51 | 31 .40 | onbed. |
| (b) Veilige 60% | 8 .12 | 15 .24 | onbed. | 8 .09 | 15 .19 | onbed. |
| (c) Net slaag - 50% | 4 .06 | 9 .15 | onbed. | 4 .05 | 9 .12 | onbed. |
| (d) Verskillend - hoog en laag | 13 .20 | 6 .10 | onbed. | 13 .15 | 6 .08 | onbed. |

Volgens Tabel 219 is daar geen beduidende verskille gevind tussen die S- en MS- groep t.o.v. die verskillende mikpunte wat in klastoetse gestel is nie.

Die grootte van proporsies van elke kategorie vir die S- en MS-groep toon 'n dalende neiging, d.w.s. die grootste proporsie studente mik na die hoogs moontlike punt in klastoetse.

Een uitsondering is dat die tweede grootste proporsie response by die S-groep in kategorie (d) aangetref word, d.w.s. dat hierdie groep wisselende mikpunte stel.

'n Moontlike verklaring hiervoor is dat hierdie groep suksesvolle studente waarskynlik beter daartoe instaat is om voor klastoetse

n realistiese waardebeplanning van hul voorbereiding te maak en dan op grond hiervan, hoë of lae mikpunte te stel. Dit mag ook wees dat die wisseling toegeskryf kan word aan meer of minder belangstelling, of volgens die belangrikheid van die betrokke toets, of vak.

TABEL 220

Vraag 26 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 50.97*** (g.v.= 3) | 7.84* (g.v. = 3) |
| MS-groep | 24.44*** (g.v.= 3) | |

. = Beduidend op 5% peil

... = Beduidend op .1% peil

Soos blyk uit Tabel 220 is bepaalde mikpunte binne elke groep beduidend meer aangevoer as ander mikpunte (enkel klassifikasie). Volgens die grootte van die proporsies (Tabel 219), is dit veral kategorie (a) by beide groepe, en kategorie (d) en (b) by die S- en MS-groep onderskeidelik, wat proporsioneel die meeste genoem is.

Volgens Tabel 220 (dubbele klassifikasie) blyk ook dat die twee klassifikasies afhanklik is, d.w.s. daar is 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van dié van die MS-groep.

Vraag 27: Was jou studie die moeite werd ?

- (a) Ja.
 (b) Tot n mate.
 (c) Nie juis nie.

TABEL 221

Vraag 27 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|------------------|-------------------|--------------------|---------|-------------------|--------------------|---------|
| | S-groep (N=83) | MS-groep (N=75) | Verskil | S-groep (N=86) | MS-groep (N=77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Ja | 72 .87 | 62 .83 | onbed. | 72 .84 | 62 .81 | onbed. |
| (b) Tot n mate | 11 .13 | 13 .16 | onbed. | 11 .13 | 13 .16 | onbed. |
| (c) Nie juis nie | - - | 1 .01 | onbed. | - - | 1 .01 | onbed. |

Volgens Tabel 221 blyk dit dat daar geen beduidende verskille is tussen die twee groepe in hoeverre hul studie die moeite werd was, al dan nie.

Op grond van die teleurstellings en terugslae wat die minder suksesvolle groep ondervind het, sou verwag word dat n kleiner proporsie van hulle bevestigend op hierdie vraag sou antwoord, as wat wel die geval is.

TABEL 222

Vraag 27 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 44.84*** (g.v.= 2) | |
| MS-groep | 32.00*** (g.v.= 2) | .52 (g.v.= 2) |

... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 222 is die response in bepaalde kategorieë betekenisvol meer aangevoer binne elke groep as dié in ander kategorieë. Die oorgrote proporsie van beide groepe het bevestigend op hierdie vraag geantwoord (kategorie (a)), terwyl 'n klein proporsie slegs gedeeltelike waarde in verdere studie gevind het (kategorie (b)).

Daar is ook nie 'n beduidende neiging dat die klassifikasie van die S-groep se response verskil van dié van die MS-groep nie.

Vraag 28: Hoekom was jou studie die moeite werd? Wat het jy blywend gekry?

- (a) Kennisverryking: kennis het verryk; algemene kennis het uitgebrei; ook mensekennis opgedoen.
- (b) Groter rypheid en selfstandigheid: het as persoon ryper en meer selfstandig geword; het pligsbesef aangeleer.
- (c) Kennisverryking, groter rypheid en selfstandigheid: (a) en (b) hierbo.
- (d) Breër uitkyk: het nou 'n breër uitkyk op die lewe a.g.v. 'n breër agtergrond.
- (e) Kennisverryking en breër uitkyk: (a) en (d) hierbo.
- (f) Beter bewaming: het hom/haarself bekwaam en beter vooruitsigte is verseker; doel met studie is bereik.
- (g) Meer insig: het meer insig gekry en geleer om self te dink.
- (h) Groter buigsaamheid en ontvanklikheid: het geleer dat ander se menings van syne kan verskil en dat hy van ander kan leer.
- (i) Ondervinding: ondervinding wat opgedoen is, is baie werd en laat 'n mens ontwikkel.
- (j) Diverse: uiteenlopende of vae antwoorde wat nie in een van bogenoemde kategorieë kon ingedeel word nie, soos bv. dit het baie beteken; dit was beslis die moeite werd, ens.

TABEL 223

Vraag 28 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | | | | | |
|--|---------------------|-------|----------------------|---------------|--------------------|----|---------------------|---------|-------|--------|
| | S-groep (N= 113) | | MS-groep (N= 105) | Verskil | S-groep (N= 86) | | MS-groep (N= 77) | Verskil | | |
| | N | prop. | N | prop. | p | N | prop. | N | prop. | p |
| (a) Kennisverryking | 27 | .24 | 27 | .26 | onbed. | 27 | .31 | 27 | .35 | onbed. |
| (b) Groter rypheid en selfstandigheid | 14 | .12 | 17 | .16 | onbed. | 14 | .16 | 17 | .22 | onbed. |
| (c) Kennisverryking, groter rypheid en selfstandigheid | 13 | .12 | 8 | .08 | onbed. | 13 | .15 | 8 | .10 | onbed. |
| (d) Breër uitkyk | 5 | .04 | 14 | .13 | 2.28* | 5 | .06 | 14 | .18 | 2.05* |
| (e) Kennisverryking en breër uitkyk | 7 | .06 | 5 | .05 | onbed. | 7 | .08 | 5 | .07 | onbed. |
| (f) Beter bekwaming | 11 | .10 | 8 | .08 | onbed. | 11 | .13 | 8 | .10 | onbed. |
| (g) Meer insig | 10 | .09 | 11 | .10 | onbed. | 10 | .12 | 11 | .14 | onbed. |
| (h) Groter buigsaamheid en ontvanklikheid | 7 | .06 | 2 | .02 | onbed. | 7 | .08 | 2 | .03 | onbed. |
| (i) Ondervinding | 9 | .08 | 6 | .06 | onbed. | 9 | .10 | 6 | .08 | onbed. |
| (j) Diverse | 10 | .09 | 7 | .07 | onbed. | 10 | .12 | 7 | .09 | onbed. |

* = Beduidend op 5% peil

Uit Tabel 223 blyk dat, met uitsondering van kategorie (d), die S- en MS-groep geen beduidende verskil toon t.o.v. die besondere waarde of betekenis wat verdere studie vir hulle gehad het nie. Volgens kategorie (d) het 'n groter proporsie minder suksesvolle studente beweer dat verdere studie aan hulle 'n breër uitkyk op die lewe verleen het as in die geval van suksesvolle studente. Daar is egter so 'n verskeidenheid van lofwaardige invloede vervat in die ander kategorieë dat dit baie onwaarskynlik is dat die bevinding i.v.m. kategorie (d) van besonder bykomstige betekenis is.

TABEL 224

Vraag 28 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 30.29*** (g.v.= 9) | 10.24 (g.v.= 9) |
| MS-groep | 44.81*** (g.v.= 9) | |

... = Beduidend op .1% peil

Volgens Tabel 224 (enkel klassifikasie) is bepaalde response binne elke groep beduidend meer genoem as ander response. Veral kategorie (a), tw. kennisverryking, word proporsioneel die meeste deur beide groepe genoem (Tabel 223, p.388). Eintlik is dit vanselfsprekend dat verdere studie normaalweg ook sal gepaard gaan met die verkryging van meer algemene-, feite- en mensekennis, ongeag die akademiese prestasie.

Die klassifikasie van response toon ook nie verband met 'n bepaalde suksesgroep nie (dubbele klassifikasie).

Vraag 29: Het jou geesdrif vir studie vermeerder of verminder ?

- (a) Vermeerder.
- (b) Verminder.
- (c) Konstant.
- (d) Gewissel.
- (e) Insinking middeljare: 'n insinking gedurende middeljare van studie-loopbaan.
- (f) Was nooit geesdriftig nie.

TABEL 225

Vraag 29 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-------------------------------|--------------------|---------------------|-----------------------|--------------------|---------------------|-----------------------|
| | S-groep (N= 61) | MS-groep (N= 54) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Vermeerder | 30 .49 | 21 .39 | onbed. | 30 .35 | 21 .27 | onbed. |
| (b) Verminder | 14 .23 | 10 .18 | onbed. | 14 .23 | 10 .18 | onbed. |
| (c) Konstant | 10 .16 | 7 .13 | onbed. | 10 .12 | 7 .09 | onbed. |
| (d) Gewissel | 4 .07 | 6 .11 | onbed. | 4 .05 | 6 .08 | onbed. |
| (e) Insinking middeljare | 2 .04 | 9 .18 | 4.49* (χ^2) | 2 .02 | 9 .12 | 4.23* (χ^2) |
| (f) Was nooit geesdriftig nie | 1 .02 | 1 .02 | onbed. | 1 .01 | 1 .01 | onbed. |

* = Beduidend op 5% peil.

Volgens Tabel 225 is daar geen beduidende verskille tussen die S- en MS-groep gevind t.o.v. die verandering van geesdrif vir studie nie, behalwe in die geval van kategorie (e). Hiervolgens beweer n

groter proporsie van die MS-groep dat daar 'n insinking in hul geesdrif vir studie was gedurende die middelste studiejare. Die tweede studiejaar word dikwels in dié verband genoem.

Volgens die onderhoude, beweer hierdie studente o.a. dat hulle hul studies te lig opgeneem het, te veel aan ander bedrywigheede deelgeneem het, belangstelling in hul kursus verloor het a.g.v. mislukkinge en swak prestasies, of dat die kursusrigting en/of vakke hulle nie meer geïnteresseer het nie. Sommige beskou dit ook as 'n reaksie op die eerstejaar van studie.

TABEL 226

Vraag 29 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 58.74*** (g.v.= 5) | 7.23 (g.v.= 5) |
| MS-groep | 24.66*** (g.v.= 5) | |

... = Beduidend op .1% peil

Uit Tabel 226 (enkel klassifikasie) blyk dat bepaalde veranderinge van geesdrif binne elke groep beduidend meer genoem is as ander veranderinge. By beide groepe beweer die grootste proporsie studente dat daar 'n vermeerdering van geesdrif was. Dit is egter opmerklik dat die tweede grootste proporsie response weer dui op vermindering van geesdrif. Die redes hiervoor is onbekend.

Die klassifikasie van die S-groep se response verskil nie beduidend van dié van die MS-groep nie (Tabel 226, dubbele klassifikasie).

Vraag 30: Het daar enige radikale veranderinge in jou beskouinge plaasgevind ?

(a) Nee.

(b) Ja.

TABEL 227

Vraag 30 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-----------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 74) | MS-groep (N= 62) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Nee | 66 .89 | 58 .94 | onbed. | 66 .77 | 58 .75 | onbed. |
| (c) Ja | 8 .11 | 4 .06 | onbed. | 8 .09 | 4 .05 | onbed. |

Volgens Tabel 227 is daar geen beduidende verskille tussen die S- en MS-groep gevind nie t.o.v. die feit of daar by hulle radikale veranderinge in hul beskouinge ingetree het, al dan nie. Hierdie beskouinge het betrekking op godsdiens, politiek en ander lewensopvattinge.

TABEL 228

Vraag 30 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 45.45*** (g.v.= 1) | .14 (g.v.= 1) |
| MS-groep | 47.04*** (g.v.= 1) | |

... = Beduidend op .1% peil

Binne elke groep het n beduidende groter proporsie, ontkennend op hierdie vraag geantwoord (Tabel 228 , enkel klassifikasie). Hierdie studente het te kenne gegee dat daar eintlik net n uitbouing en verdieping van reedsbestaande houdings en opvattings plaasgevind

het, maar daar was geensins sprake van radikale veranderinge nie.

So 'n bevinding i.v.m. die uitbouing en verdieping van reedsbestaande houdings en opvattinge is begryplik aangesien die studente nog in hul vormingsjare verkeer en hul beskouinge en begrip van baie sake te kort skiet aan diepte. Die universiteit bied 'n groot ervaringswêreld en is 'n belangrike bron van beïnvloeding, juis op 'n stadium wanneer daar groter duidelikheid omtrent 'n eie lewens- en wêreldbeskouing verkry moet word. By hierdie groep studente was daar egter nie radikale veranderinge nie, maar eerder 'n ontwikkeling in die positiewe rigting, nl. 'n uitbouing en verdieping van reedsbestaande houdings en opvattinge.

Die klassifikasie van response hou ook nie 'n verband met 'n bepaalde suksesgroep nie (dubbele klassifikasie - Tabel 228, p. 392).

Vraag 31: Het jy enige voorligting op skool ontvang ?(a) Ja: Vier tipe response is gevind:

- (i) Voorligting ontvang en baat daarby gevind - die raad gevolg.
- (ii) Voorligting ontvang wat slegs gedien het as bevestiging van eie besluite.
- (iii) Voorligting ontvang, maar het geen baat daarby gevind nie.
- (iv) Voorligting ontvang, maar geen gebruik daarvan gemaak nie.

(b) Nee.TABEL 229Vraag 31 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|-----------|---------------------|----------------------|---------|---------------------|----------------------|---------|
| | S-groep (N= 81) | MS-groep (N= 75) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Ja | 39 .48 | 42 .56 | onbed. | 39 .45 | 42 .55 | onbed. |
| (b) Nee | 42 .52 | 33 .44 | onbed. | 42 .49 | 33 .43 | onbed. |

Volgens Tabel 229 verskil die S- en MS-groep nie beduidend of hulle voorligting op skool ontvang het, of nie.

TABEL 230Vraag 31 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | | Dubbele klassifikasie | |
|----------|---------------------|-----------|-----------------------|-----------|
| S-groep | .10 | (g.v.= 1) | .96 | (g.v.= 1) |
| MS-groep | .10 | (g.v.= 1) | | |

Uit Tabel 230 blyk dit dat die "Ja"- en "Nee"-response binne elke groep nie beduidend meer voorkom as wat teoreties verwag kan word nie. Ongeveer die helfte van elke groep het voorligting ont-

vang en die ander helfte nie. So n toestand van sake kan moonlik toegeskryf word aan onvoldoende voorsiening i.v.m. skoolvoorligtingsdienste, of die ondoeltreffendheid van bestaande stelsels, met die gevolg dat te min skoliere die geleentheid gebied word om voorligting te ontvang.

n Verdere ontleding van die "Ja"-response is ook vir die S- en MS-groep gedoen. In die ontleding is die onderafdelings bereken as n persentasie van die totale getal "Ja"-response. (Tabel 229).

TABEL 231

Vraag 30: Ontleding van "Ja"-response

| | <u>S-groep</u> | | <u>MS-groep</u> | |
|--------------------------------------|----------------|-------|-----------------|-------|
| | N= 39 | | N= 42 | |
| | f | % | f | % |
| (i) Baat gevind daarby | 4 | 10.26 | 12 | 28.57 |
| (ii) Bevestiging gevind | 15 | 38.46 | 14 | 33.33 |
| (iii) Geen baat gevind nie | 14 | 35.90 | 11 | 26.19 |
| (iv) Geen gebruik daarvan gemaak nie | 6 | 15.38 | 5 | 11.90 |

Uit bogenoemde tabel blyk:

(a) dat 10.26% van die S-groep en 28.57% van die MS-groep baat gevind het by voorligting, terwyl 38.46% en 33.33% onderskeidelik, bevestiging van eie besluite gevind het;

(b) dat hierteenoor 35.9% van die S-groep en 26.19% van die MS-groep geen baat by voorligting gevind het nie en 15.38% en 11.9% onderskeidelik, nie van die verkreeë voorligting gebruikgemaak het nie.

Indien die voorligting, soos genoem in (b), as nutteloos vir die student beskou word, kom dit in werklikheid daarop neer dat hierdie studente nie beter daaraan toe was as diegene wat geen voorligting ontvang het nie.

In die lig hiervan kan slegs die %-response wat in (a) genoem is,

beskou word as 'n aanduiding van die waarde wat voorligting gehad het. Dit beteken dat 48.72% van die S-groep en 61.9% van die MS-groep voordeel uit voorligting getrek het. Die verskil is egter onbeduidend ($t = 1.17$) op die 5% peil.

As die twee groepe gesamentlik geneem word, het 55% van die studente wat voorligting ontvang het, baat daarby gevind.

Alhoewel dit in voorligtingswerk seker nie moontlik is om in alle gevalle sukses te behaal nie, is dit 'n ope vraag of 55% suksesse 'n aanduiding is van effektiewe voorligting.

Vraag 32: Wat was jou houding teenoor die eerstejaartoetse ?

- (a) Het bes probeer.
- (b) Het bes probeer, maar omstandighede ongunstig: was moeg; ongemotiveerd; nie veel belangstelling nie.
- (c) Gedoen weens verpligting: het die toetse gedoen omdat dit verpligtend was, maar het nie veel van die toetse gedink nie; was ook ongemotiveerd en/of moeg.

TABEL 232

Vraag 32 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---|---------------------|----------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N= 59) | MS-groep (N= 55) | Verskil | S-groep (N= 86) | MS-groep (N= 77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Het bes probeer | 35 .59 | 27 .49 | onbed. | 35 .41 | 27 .35 | onbed. |
| (b) Het bes probeer, maar omstandighede ongunstig | 15 .25 | 12 .22 | onbed. | 15 .17 | 12 .16 | onbed. |
| (c) Gedoen weens verpligting | 9 .15 | 16 .29 | onbed. | 9 .10 | 16 .21 | onbed. |

Volgens Tabel 232 is daar geen beduidende verskille gevind tussen die S- en MS-groep t.o.v. hul houdings teenoor die sielkundige toetsbattery wat op hulle toegepas is aan die begin van hul eerstejaar nie.

Die doel met hierdie vraag was om meer te wete te kom aangaande die twee groepe se gesindheid t.o.v. die voorligtingstoetsprogram, en wat dan ook n aanduiding kan wees van hul houding teenoor voorligting, sowel as die betroubaarheid van die verkreeë toetsresultate.

Uit Tabel 233 (p.398) blyk dat sekere houdings betekenisvol meer genoem is binne elke groep, as ander houdings. Kategorie (a) word proporsioneel die meeste genoem deur beide groepe.

TABEL 233

Vraag 32 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|--------------------------------|-----------------------|
| S-groep | 18.85 ^{...} (g.v.= 2) | |
| MS-groep | 6.59 [*] (g.v.= 2) | 3.18 (g.v.= 2) |

. = Beduidend op 5% peil
 ... = Beduidend op .1% peil

Die twee klassifikasies is ook onafhanklik, d.w.s. die klassifikasie van response hou nie verband met met 'n bepaalde sukses-groep nie.

Indien die twee groepe as een groep geneem word, dan het 54% van die totale groep wel hul bes gedoen met die toetse, 24% het ook hul bes gedoen, maar die omstandighede was ongunstig, terwyl 22% slegs die toetse gedoen het omdat hulle daartoe verplig was. (Uit Tabel 232 p.397)

Dit kom daarop neer dat die betroubaarheid van die toetsresultate in 46% van die gevalle te betwyfel is. Hierdie bevinding beklemtoon weereens die noodsaaklikheid om toetsresultate met groot versigtigheid te hanteer en nie sondermeer te aanvaar dat elke toetsling noodwendig reg en sterk gemotiveerd is nie. Die toetsresultate is in sulke gevalle onbetroubaar en voorligting wat op grond hiervan geskied, is waardeloos en foutief.

Vraag 33: Watter raad sou jy aan n eerstejaar gee ?

- (a) Gereelde studie: gereeld studeer en hard werk; klasse gereeld bywoon; hou aantekeninge op datum.
- (b) Ekstra werk: doen soveel ekstra werk, veral opleeswerk, as moontlik.
- (c) Begrip en studiemetodes: verstaan eers werk voordat dit geleer word; moet korrekte studiemetode gebruik; moet aktief leer; tyd indeel.
- (d) Balans: moet balans hou d.w.s. geneog tyd vir studie, ontspanning en slaap.
- (e) Godsdiens: moet by sy godsdiens bly.
- (f) Belangstelling: moet kursus en vakke kies waarin hy belangstel.
- (g) Vermoë: moet n kursus of vakke kies waarvoor hy die nodige vermoë en aanleg het.
- (h) Krities: moet krities staan en oop wees vir invloed; moet objektief wees.
- (i) Vriendekeuse: moet vriende versigtig kies; moet sorg dat vriende hom nie van sy werk weghou nie.

TABEL 234

Vraag 33: Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | | | | | |
|----------------------------------|--------------------|-------|---------------------|---------------|--------------------|----|---------------------|---------|-------|--------|
| | S-groep (N=159) | | MS-groep (N=138) | Verskil | S-groep (N= 86) | | MS-groep (N= 77) | Verskil | | |
| | N | prop. | N | prop. | p | N | prop. | N | prop. | p |
| (a) Gereelde studie | 66 | .42 | 58 | .42 | onbed. | 66 | .77 | 58 | .75 | onbed. |
| (b) Ekstra werk | 3 | .02 | 1 | .01 | onbed. | 3 | .04 | 1 | .01 | onbed. |
| (c) Begrip en studie- metodes | 14 | .09 | 15 | .11 | onbed. | 14 | .16 | 15 | .19 | onbed. |
| (d) Balans | 39 | .25 | 32 | .23 | onbed. | 39 | .45 | 32 | .42 | onbed. |
| (e) Godsdiens | 2 | .01 | 4 | .03 | onbed. | 2 | .02 | 4 | .05 | onbed. |
| (f) Belangstelling | 26 | .16 | 27 | .20 | onbed. | 26 | .30 | 27 | .35 | onbed. |
| (g) Vermoë | 2 | .01 | 1 | .01 | onbed. | 2 | .02 | 1 | .01 | onbed. |
| (h) Krities | 2 | .01 | - | - | onbed. | 2 | .01 | - | - | onbed. |
| (i) Vriendekeuse | 5 | .03 | - | - | Onbed. | 5 | .06 | - | - | onbed. |

Volgens Tabel 234 , p. 400 , is daar geen beduidende verskille gevind tussen die tipe raadgewing wat die S- en MS-groep aan eerstejaarstudente sou gee nie.

Daar is vermoed dat n bepaalde groep, afhange van hul akademiese sukses of mislukking, sekere raadgewings beduidend meer sou beklemtoon het as n ander groep. Indien so n beduidende verskil wel gevind is, sou dit onder andere ook n aanduiding kon wees van wat as voordelig of nadelig vir studie beskou word. Die verkreeë resultate verleen egter nie bevestiging hiervan nie.

TABEL 235

Vraag 33 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 225.73*** (g.v.= 8) | 8.78 (g.v.= 8) |
| MS-groep | 211.61*** (g.v.= 8) | |

... = Beduidend op .1% peil

Uit Tabel 235 blyk dat bepaalde raadgewinge binne elke groep beduidend meer genoem word as ander raadgewinge. n Rangordelys volgens proporsies vir die twee groepe is as volg:

| | Rangorde | |
|-----------------------------|----------|----------|
| | S-groep | MS-groep |
| (a) Gereelde studie | 1 | 1 |
| (b) Ekstra werk | 6 | 6 |
| (c) Begrip en studiemetodes | 4 | 4 |
| (d) Balans | 2 | 2 |
| (e) Godsdiens | 7 | 5 |
| (f) Belangstelling | 3 | 3 |
| (g) Vermoë | 7 | 6 |
| (h) Krities | 7 | 8 |
| (i) Vriendekeuse | 5 | 8 |

Daar is volkome ooreenkoms t.o.v. die rangordes van die hoogste vier proporsies by beide groepe, tw. gereelde studie, balans, belangstelling en begrip en studiemetodes. Hierdie resultaat is moontlik n aanduiding van die belangrikheid van die betrokke raadgewings.

Al die raadgewings is van voortreflike aard, terwyl die rangordeplasing ook dui op gesonde oordeel.

Volgens Tabel 235 , p.401, is die klassifikasies onafhanklik, d.w.s. die kategorieë hou nie verband met 'n bepaalde suksesgroep nie.

Vraag 34: Wat sou jy anders doen as jy weer kon begin ?

- (a) Sou dieselfde doen: sou alles weer dieselfde gedoen het.
- (b) Meer gereeld en harder werk: sou meer gereeld en harder gewerk het.
- (c) Beter tydindeling: sou tyd beter ingedeel het; sou genoeg tyd aan studie en ontspanning bestee het en sou moontlik nie so hard gewerk het nie.
- (d) Ander vak- of kursuskeuse: sou 'n ander kursus gekies het; is twyfelagtig of hy weer dieselfde kursus sou gekies het; sou een of meer vakke anders gekies het; was a.g.v. 'n beurstoekenning verplig om 'n bepaalde kursus te volg, maar sou liever 'n ander kursus wou volg.
- (e) Ekstra vak(ke) en leeswerk: sou een of meer vakke ekstra geneem het; sou meer ekstra opleeswerk gedoen het.
- (f) Beter studiemetodes: sou 'n beter studiemetode toegepas het; sou meer selfstandig gewerk het.

TABEL 236

Vraag 34 : Beduidenheid van verskille tussen proporsies (S- en MS-groep)

| Kategorie | Getal response | | | Getal persone | | |
|---------------------------------|--------------------|---------------------|---------|--------------------|---------------------|---------|
| | S-groep (N=70) | MS-groep (N=66) | Verskil | S-groep (N=86) | MS-groep (N=77) | Verskil |
| | N prop. | N prop. | p | N prop. | N prop. | p |
| (a) Sou dieselfde doen | 26 .37 | 17 .26 | onbed. | 26 .30 | 17 .22 | onbed. |
| (b) Meer gereeld en harder werk | 9 .13 | 15 .23 | onbed. | 9 .10 | 15 .19 | onbed. |
| (c) Beter tydindeling | 10 .14 | 8 .12 | onbed. | 10 .12 | 8 .10 | onbed. |
| (d) Ander vak- of kursuskeuse | 19 .27 | 20 .30 | onbed. | 19 .22 | 20 .26 | onbed. |
| (e) Ekstra vak(ke) en leeswerk | 3 .04 | 1 .02 | onbed. | 3 .04 | 1 .01 | onbed. |
| (f) Beter studiemetodes | 3 .04 | 5 .08 | onbed. | 3 .04 | 5 .07 | onbed. |

Volgens Tabel 236 is daar geen beduidende verskil gevind tussen die S- en MS-groep t.o.v. dit wat hulle anders sou doen indien hulle weer hul studiejare van vooraf kon begin nie. Eintlik is verwag dat die twee groepe beduidend sou verskil t.o.v. sommige kategorieë.

TABEL 237

Vraag 34 : χ^2 - Enkel- en dubbele klassifikasie

| | Enkel klassifikasie | Dubbele klassifikasie |
|----------|---------------------|-----------------------|
| S-groep | 35.97*** (g.v.= 5) | 5.01 (g.v. = 5) |
| MS-groep | 25.26*** (g.v.= 5) | |

... = Beduidend op .1% peil

Binne elke groep word bepaalde response egter beduidend meer genoem as ander (Tabel 237 , enkel klassifikasie). Die rangordes volgens proporsies (Tabel 236 , p. 403) is as volg vir die twee groepe:

| | <u>Rangordes</u> | |
|---------------------------------|------------------|-----------------|
| | <u>S-groep</u> | <u>MS-groep</u> |
| (a) Sou dieselfde doen | 1 | 2 |
| (b) Meer gereeld en harder werk | 4 | 3 |
| (c) Beter tydindeling | 3 | 5 |
| (d) Ander vak- of kursuskeuse | 2 | 1 |
| (e) Ekstra vak(ke) en leeswerk | 5 | 6 |
| (f) Beter studiemetodes | 5 | 4 |

Uit bostaande tabel blyk dit dat die grootste proporsie van die S-groep tevrede is met die verloop van sake (kategorie (a)), maar dat daar tog 'n betreklike hoë proporsie is wat sou verkies om 'n ander vak- of kursuskeuse te kon doen (kategorie (d)).

Die grootste proporsie van die MS-groep sou ander vakke of kursusse verkies het (kategorie (d)). So 'n bevinding is te wagte by studente wat almal een of ander vorm van mislukking in 'n bepaalde kursus of vak ervaar het. Tog is daar ook 'n betreklike hoë proporsie wat, ten spyte van mislukkings, dieselfde verloop van sake sou verkies het (kategorie (a)). Ongeveer dieselfde proporsie studente besef ook nou die waarde van meer gereelde en harder werk (kategorie (b)).

Ten spyte van die verskille in rangordes, hou die klassifikasie van response nie 'n verband met 'n bepaalde suksesgroep nie.

HOOFSTUK XISAMEVATTING EN OPSOMMING

Benewens die ekonomiese implikasies wat onsuksesvolle studie inhoud, is daar ook belangrike sielkundige nagevolge vir die betrokkenes.

Om die probleem van druipling en onderprestasie op universiteit die hoof te bied, is navorsing in hierdie verband o.a. gerig op die verfyning van doeltreffende keuringstegnieke vir voornemende studente. Ook word daar vergelykende studies gemaak tussen suksesvolle en onsuksesstudente t.o.v. die rol wat intellektuele en nie-intellektuele faktore in akademiese prestasie speel. Ten spyte van talryke en omvattende ondersoeke deur middel van 'n verskeidenheid van sielkundige meetinstrumente, is die finale antwoord oor die probleem van onsuksesvolle akademiese prestasie nog nie gevind nie. Die aanwesigheid en belangrikheid van 'n verskeidenheid van inwerkende faktore, tesame met die uniekheid van elke individuele geval, maak dit onmoontlik om te veralgemeen of stereotipes daar te stel.

A. Doel van ondersoek

Die doel van hierdie ondersoek was om die intellektuele en nie-intellektuele faktore na te gaan wat 'n rol speel in, en 'n bydrae lewer tot suksesvolle- en minder suksesvolle akademiese prestasie by 'n groep finalejaar-universiteitstudente. Suksesvolle akademiese studie word in hierdie ondersoek beskou as die voltooiing van 'n universiteitskursus in die voorgeskrewe tyd.

B. Metode van ondersoek

'n Groep van 1339 finalejaar studente van 1964 is as monster gebruik. Deur middel van t-toetse is nagegaan of daar beduidende verskille bestaan tussen suksesvolle- en minder suksesvolle finalejaar studente t.o.v. (a) intellektuele faktore soos: verstandelike vermoë, laer- en hoërskoolprestasies, wetenskaplike en letterkundige begrip, en syfervermoë; (b) nie-intellektuele faktore soos: aanpassing, studiehoudings en -metodes, persoonlikheidseienskappe en aanvullende persoonlike inligting soos

verskaf deur die studente self.

Die verband is ook bereken tussen genoemde veranderlikes en die akademiese prestasie van suksesvolle en minder suksesvolle studente, terwyl faktorontledings uitgevoer is om die faktore te isoleer wat bygedra het tot die verkreeë verband tussen nie-intellektuele veranderlikes en akademiese prestasie.

As meetinstrumente van intellektuele eienskappe is gebruik gemaak van laer- en hoërskoolpunte en die punte behaal op die N.S.A.G.T., en die B- en N-toets van die Universiteit van Stellenbosch, terwyl die N.B. Aanpassingsvraelys, die Brown-Holtzman vraelys oor studiehoudings en -metodes, die 16 P.F.-toets en 'n gestruktureerde onderhoud vir die vasstelling van nie-intellektuele faktore gebruik is.

(Die Allport - Vernon - Lindzey-vraelys oor waardes is ook toegepas, terwyl psigofisiologiese metings m.b.v. die poligraaf ook verkry is. Aangesien die metings van hierdie twee meetinstrumente in ander ondersoeke gebruik word, is dit nie in hierdie ondersoek ingesluit nie.)

Die rol van intellektuele faktore is nagegaan by die totale monster van 1339 studente, terwyl die rol van nie-intellektuele faktore nagegaan is by submonsters van suksesvolle studente (N=65) en minder suksesvolle studente (N=60) van die totale monster.

C. Bespreking van resultate

1. Voorkoms van die verskynsel: Minder suksesvolle studente vorm 'n redelike hoë persentasie van die finalejaar bevolking (33.39%). Selfs van die 66.61% suksesvolle studente is daar 21.63% wat een of meer hereksamens moes doen ten einde in die voorgeskrewe tyd te slaag. Dit beteken dat daar slegs 52.2% van die totale monster is wat 'n eerste graad of diploma behaal sonder om 'n hereksamen te doen of 'n jaar te herhaal. Ongeveer $\frac{1}{3}$ van die minder suksesvolle groep het selfs twee of meer addisionele jare nodig gehad het om 'n eerste graad of diploma te verwerf.

Verskille is ook aangetref in hierdie verband t.o.v. die twee geslagte en die voorkoms van die verskynsel in verskillende studierigtings.

2. Beduidende verskille tussen die suksesgroepe t.o.v. intellektuele faktore:

(a) Verstandelike vermoë: Die suksesvolle groepe behaal beduidende hoër tellings op die nie-verbale en verbale afdelings van die N.S.A.G.T. as die minder suksesvolle groepe. Dit wil egter voorkom asof die nie-verbale I.K. moontlik net by uiterste groepe enigszins 'n bepalende rol i.v.m. akademiese sukses speel, terwyl die verskille tussen verbale I.K. in 'n groter mate saamhang met verskille in akademiese prestasies

Alhoewel die verstandelik meer begaafde groepe oor die algemeen ook akademies beter presteer as diegene wat laer verstandtoetstellings behaal, is daar tog die verskynsel dat ongeveer $\frac{1}{3}$ van alle minder suksesvolle studente 'n I.K.-totaal van >130 behaal het, terwyl 12 - 36% van die suksesvolle groep 'n I.K. van <110 behaal het.

Hierdie resultate beklemtoon weereens die inwerking en rol van ander faktore in akademiese prestasie benewens intellektuele faktore soos gemeet deur die tradisionele verstandstoets.

(b) Begripvermoë: Die suksesgroepe toon beduidende verskille t.o.v. letterkundige- en natuurwetenskaplike begripvermoë. Aangesien die tipe materiaal van die B-toets betrekking het op leerstof wat in ooreenstemming is met wat op universiteit aangebied word, en daar van die toetsling vereis word om volgehoue te konsentreer onder vermoeiende omstandighede soos van toepassing op werklike studie, gee die resultate 'n aanduiding van die student se vermoë om op akademiese gebied te presteer.

Die gemiddelde prestasies van die verskillende suksesgroepe op hierdie toets is dan ook in ooreenstemming met die rangorde waarvolgens die groepe op akademiese gebied presteer.

(c) Syfervermoë: Daar bestaan wel beduidende verskille tussen die suksesgroepe t.o.v. verskillende aspekte van syfervermoë. Die verskille word egter hoofsaaklik tussen die uiterste groepe van die sukseskontinuum aangetref. Die resultate behaal op die afdeling wat oor nuwe begrippe handel en waarin van die toetsling verwag word

om nuwe stof in wiskunde selfstandig te kan lees, te begryp en toe te pas, differensieer beduidend tussen die suksesgroepe. Die beperktheid van die vermoë om feite selfstandig te abstraheer en betekenisvol in verband met gestelde probleme te bring, kan moontlik saam met ander faktore stremmend inwerk en in 'n mindere of meedere mate tot swakker akademiese prestasies bydra.

(d) Skoolprestasie: Soos blyk uit die skoolprestasies van die minder suksesvolle finalejaar-universiteitstudente kan die voorkoms van toekomstige mislukking reeds tot in die laerskool nagespoor word. Die rangorde van sukses van finalejaar-studente word reeds in hul gemiddelde skoolprestasies weerspieël. Die onderskeid tussen die skoolprestasies van die suksesgroepe is reeds in die laerskool aanwesig en duidelik gevestig aan die einde van st.X. Die skerp insinking op universiteitsvlak van baie van hierdie gevalle, is moontlik die kumulatiewe gevolg van 'n heterogene reeks belemmerende faktore van implisiete en eksplisiete aard.

Die vroeë uitkenning, diagnosering en remediëring van sulke faktore behoort 'n opvoedkundige doelstelling op skool- en universiteitsvlak te wees.

3. Die verband tussen universiteitsprestasie en enkele intellektuele faktore

Al die intellektuele veranderlikes wat in hierdie ondersoek gebruik is, toon 'n verband met universiteitsprestasie. Die gemiddelde matriekpunt blyk die die beste enkele voorspeller van universiteitsprestasie te wees, en daarna die begripstoets, die verbale I.K. en die syfertoets. Aangesien skool- en universiteitstudie 'n aaneenlopende proses is, is dit vanselfsprekend dat skoolstudie en die meegaande vaardighede 'n langtermyn invloed sal hê en dus ook op latere universiteitstudie.

Die hoogste verband is gevind tussen genoemde intellektuele veranderlikes en die gemiddelde eerstejaar predikaat, maar in 'n mindere mate met die akademiese prestasies van die daaropvolgende studiejaar.

Die afname in voorspellingseffektiwiteit van die intellektuele veranderlikes kan moontlik toegeskryf word aan die toenemende inwerking van nie-intellektuele faktore, ander akademiese vereistes wat algaande gestel word en die meer homogene aard van die groep finalejaar studente.

4. Die beduidendheid van verskille tussen die suksesgroepe t.o.v. enkele nie-intellektuele faktore:

(a) Persoonlikheidseienskappe: Volgens die 16 P.F.-toets is daar die volgende beduidende persoonlikheidsverskille tussen die suksesvolle en minder suksesvolle studente gevind:

(i) Die suksesvolste groep besit die hoogste mate van moreel, deursettingsvermoë en belangstelling.

(ii) Die suksesvolle groepe verskil onderling t.o.v. aggressiwiteit, mededinging, selfversekerdheid en onkonvensionaliteit.

Dit is veral die suksesvolste groep wat hierdie eienskappe in 'n hoër mate as die ander suksesvolle groepe besit.

Interessant genoeg is daar geen beduidende verskille tussen die uiterste groepe van suksesvolle en minder suksesvolle studente t.o.v. van bogenoemde eienskappe gevind nie. Dit laat die vermoede ontstaan dat die oorsprong van hierdie eienskappe verskillend is by die uiterste groepe, of dat die invloed daarvan by een groep heilsaam is vir akademiese prestasie, terwyl dit stremmend by 'n ander groep inwerk.

(iii) Van die suksesvolste groepe toon 'n hoër mate van deursettingsvermoë, vasberadenheid en betroubaarheid as die onsuksesvolle groep.

(iv) Die suksesvolle groepe is in 'n mindere mate manlik, prakties en realisties as die minder suksesvolle groep.

(b) 'n Vergelyking tussen 'n groep Suid-Afrikaanse en 'n groep Amerikaanse studente:

'n Vergelyking is ook getref t.o.v. persoonlikheidseienskappe tussen die groep Suid-Afrikaanse studente (N=125) in hierdie ondersoek en die normgroep Amerikaanse studente (N=165). Beduidende verskille op 9 persoonlikheidseienskappe is tussen die twee groepe gevind:

- (i) Die S.A.-student is gemiddeld minder aggressief en mededingend van aard, en meer geneig tot onderwerping as die V.S.A.-student.
- (ii) Die S.A.-groep is gemiddeld meer gehard, manlik, prakties, volwasse, realisties en selfvoorsienend as die V.S.A.-groep.
- (iii) Die S.A.-groep toon n hoër mate van innerlike spanning, is meer besorgd, en besit n hoër mate van ambisie en strewing as die V.S.A.-groep.
- (iv) Die S.A.-groep besit n hoër mate van self-sentiment vorming, d.w.s. die ontwikkelingspeil van die bewuste self-sentiment is hoër. Dit dui op die mate waarin hulle vir hulself n duidelike, vaste en sosiaal-aanvaarbare gedragskode uitgekristalliseer het waarna hulle streef om te konformeer. Saam hiermee gaan ook sosiaal-goedgekeurde karakterresponse, selfbeheersing, deursettingsvermoë, oorleg, pligsgetrouheid en bedagsaamheid teenoor andere.

Bogenoemde verskille (i - iv) word nie alleen t.o.v. roupunte gevind nie, maar blyk ook uit die opvallende stienverskille tussen die twee groepe.

Beduidende roupuntverskille is ook gevind tussen ander persoonlikheidsienskappe. Die stienverskille is egter van sodanige aard dat die verkreë verskille waarskynlik nie dui op wesentlike verskille nie. Volledigheidshalwe word die verskille egter genoem:

- (i) Die S.A.-groep is meer intelligent, pligsgetrou en toon n groter mate van gekultiveerdheid as die V.S.A.-groep.
- (ii) Die V.S.A.-groep is meer praterig, opgewek, rustig, onbekommerd en rondborstig van geaardheid, asook meer onkonvensioneel, ligsinnig en onvolwasse in praktiese oordeel.
- (iii) Die S.A.-groep is meer gesofistikeerd, vindingryk, vatbaar vir oortuiging en meer attent op maniere, sosiale verpligtinge en die sosiale reaksies van andere.
- (iv) Die V.S.A.-groep is minder geneig tot irrasionele bekommernis, gespannenheid, irriteerbaarheid, angs en verwarring.

Alhoewel daar sekere besware teen hierdie soort van vergelyking in-gebring kan word, is die bestaan van verskille tussen hierdie twee studentegroepe teoreties egter moontlik en verklaarbaar. In hierdie verband sou gespekuleer kan word oor die invloed van die wyse van opvoeding en milieu, en in besonder oor die verskille in lewens- en wêreld-beskouing van die twee volke wat uit die vergelyking blyk.

(c) Studiehoudings en -metodes: Al die suksesgroepe verskil beduidend van mekaar t.o.v. studiehoudings en -metodes, d.w.s. hoe beter die akademiese prestasie, des te hoër is die tellings behaal op die vraelys. Hierdie bevinding impliseer verder dat selfs goeie presteerders ook onderling verskil van mekaar en dat die grootte van die tellings ooreenstem met die mate van akademiese sukses.

(d) Aanpassing: Daar is geen beduidende verskille tussen suksesvolle en minder suksesvolle studente t.o.v. enige aanpassingsveld gevind nie. Die moontlikheid dat aanpassing wel 'n rol in individuele gevalle kan speel, is natuurlik nie uitgesluit nie, maar word nie in hierdie ondersoek bewys nie.

Aanpassing is egter nie staties van aard nie. 'n Andersins goed aangepaste persoon kan later sekere terugslae ervaar wat ten tyde van die beantwoording van die vraelys nie bestaan het nie, of 'n wanaangepaste persoon kan 'n verandering ten goede ondergaan. Sulke veranderinge word bv. nie weerspieël in korrelasieberekeninge tussen aanpassingstellings en latere akademiese prestasies nie.

5. Die verband tussen akademiese prestasie en enkele nie-intellektuele faktore:

(a) Persoonlikheidseienskappe: Die verband is bereken tussen persoonlikheidseienskappe en akademiese prestasie vir:

- die suksesvolle- en minder suksesvolle groepe gesamentlik;
- die suksesvolle- en minder suksesvolle groepe apart.

(In die verdere bespreking word slegs die faktorbenaming gegee. Daar moenie te veel waarde geheg word aan die enkele beskrywende benaming wat hier aangegee word nie. Die elemente van elke faktor word nie weer bespreek nie. Vergelyk Hoofstuk VIII vir vollediger bespreking.)

(i) Die suksesvolle- en minder suksesvolle groepe gesamentlik:

Die twee groepe is eers gesamentlik geneem ten einde 'n verteen-

woordigende monster van finalejaarstudente te verkry om sodoende na te gaan watter persoonlikheidseienskappe 'n verband toon met studie in die algemeen.

Die persoonlikheidsfaktore, gerangskik volgens die getal beduidende korrelasies wat gevind is met verskillende metinge van akademiese prestasie, is as volg:

Faktor B : Meer intelligent vs Minder intelligent

Faktor Q2: Selfgenoegsaamheid vs Groepafhanklikheid

Faktor A : Na buite-lewend vs Teruggetrokkenheid

Faktor C : Emosionele stabiliteit vs Emosionaliteit

Faktor F : Onbesorgdheid vs Stemmigheid

Faktor I : Sensitiwiteit vs Realisme

(Die onderstreepte pool van die betrokke faktor gaan saam met die beste akademiese prestasies.)

Bogenoemde rangskikking van faktore vestig nie alleen die aandag op die tipe persoonlikheidseienskap wat 'n verband toon met akademiese prestasie nie, maar is ook 'n moontlike aanduiding van die mate van belangrikheid in akademiese prestasie.

Daar is ook gevind dat die predikaat (jaarsyfer) oor die algemeen met meer faktore 'n verband toon as in die geval van eksamensyfers. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die klaspredikaat berus op herhaalde en wydverspreide evaluering oor 'n lang tydperk en kan dus beskou word as 'n meer betroubare weerspieëling van die meer voortdurende gehalte van prestasie as die enkel evaluering tydens 'n eksamen, wat onderhewig is aan die bepaalde omstandighede van 'n spesifieke geleentheid,^{en} dus seker meer wisselvallig is as die klaspredikaat.

(ii) Die suksesvolle en minder suksesvolle groepe apart:

Anders as in die bespreking in Hoofstuk VIII, word die verband wat gevind is tussen akademiese prestasie en persoonlikheidseienskappe vir die onderverdelings van die S-groep, nie weer hier bespreek nie. Slegs die verband wat gevind is vir die suksesvolle groep as geheel en vir die minder suksesvolle groep word opgesom. In die geval van die suksesvolle groep word dié pool van die betrokke faktor onderstreep wat saamgaan met die beste akademiese prestasies (soos aangetoon op p. 413), en in

die geval van minder suksesvolle studente, dié pool waat geassosieer is met die heel swakste akademiese prestasies van die groep. Sodoende word uiterste persoonlikheidsbeelde van die suksesvolle en minder suksesvolle studente geskep, indien daar van die neigings wat hier vasgestel is, ge-ekstrapoleer kon word na uiterstes, en indien 'n voortdurende reglynige verband aangeneem word.

| <u>Faktor</u> | <u>Suksesvolle groep</u> | <u>Minder suksesvolle groep</u> |
|---------------|---|--|
| A : | <u>Teruggetrokkenheid</u> vs Groepafhanklikheid | - |
| B : | <u>Meer intelligent</u> vs Minder intelligent | - |
| C : | - | <u>Emosionele stabiliteit</u> (eerder flegmaties) vs Emosionaliteit |
| E : | <u>Dominansie</u> vs Onderwerping | <u>Dominansie</u> vs Onderwerping |
| F : | <u>Stemmig, ernstig</u> vs Ekspressief, onbesorgd | <u>Stemmig, ernstig</u> vs <u>Ekspressief, onbesorgd</u> |
| G : | Karaktersterkte vs <u>Afwesigheid van onbuigbare innerlike standaarde</u> | - |
| H : | - | <u>Avontuurlik</u> vs Skaam, beskroomd |
| M : | - | Boheems vs <u>Konvensioneel</u> |
| O : | - | Skroomvallig vs <u>Selfversekerd</u> |
| Q1 : | - | <u>Radikalisme</u> vs Konserwatisme |
| Q2 : | <u>Selfgenoegsaam</u> vs Groepafhanklik | |
| Q4 : | - | Gespanne vs <u>Flegmaties</u> |

Soos volledig bespreek in Hoofstuk VIII, is die verskynsel gevind dat 'n bepaalde faktor bv. 'n positiewe verband met akademiese prestasie

toon, maar negatief korreleer in die geval van minder suksesvolle studente. (Vergelyk Faktor E.) Dit beteken dat goeie sowel as swak akademiese prestasies 'n + en - verband toon met dieselfde persoonlikheids-eienskappe. So 'n kromlynige verband kan moontlik verklaar word indien die aard en oorsprong van die bepaalde persoonlikheidsfaktor in aanmerking geneem word.

(b) Studiehoudings en -metodes: Studiehoudings en -metodes toon 'n positiewe verband met akademiese prestasie, d.w.s. goeie akademiese prestasies gaan gepaard met goeie studiehoudings en -metodes, en omgekeerd.

Ook is gevind dat goeie en swak studiehoudings en -metodes, selfs binne die groep goeie presteerders, ook nog 'n verband met verskillende grade van goeie akademiese prestasie toon. Dié bevinding beklemtoon die belangrikheid van goeie studiehoudings en -metodes selfs by die knapste studente.

Die hoogste verband is gevind met finalejaar-punte, moontlik a.g.v. die toepassing van die vraelys gedurende die finale jaar en die feit dat studente die vrae dus in verband gebring het met meer onlangse gebeure. Die verband is ook hoër met gemiddelde predikaat (jaarsyfer) as met gemiddelde eksamensyfer, moontlik omdat die vraelys meer betrekking het op houdings en gewoontes wat op 'n langer termyn betrekking het as op 'n enkele eksamengeleentheid.

Uit die bevindings blyk ook dat studiehoudings en -gewoontes waarskynlik van gelykwaardige belang is in akademiese studie. Hieruit volg dan dat die opknapping en remediëring van studiegewoontes alleen nie noodwendig sal lei tot beter akademiese prestasies of tot die uitskakeling van druipele nie.

(c) Aanpassing: Slegs een aanpassingsveld, t.w. 'n gevoel van persoonlike vryheid, toon 'n verband met akademiese prestasie vir die submonster as geheel. Hiervolgens toon goeie akademiese prestasie 'n verband met 'n gevoel van gelukkigheid en tevredenheid voortspruitend uit innerlike dissipline en die aanvaarding van die noodsaaklikheid

van 'n redelike mate van gesag en ordening in die samelewing. Swak akademiese prestasies daarenteen, toon 'n verband met houdings van beperkings, of vermeende beperkings op persoonlike vryheid.

Daar is net in die geval van die minder suksesvolle groep 'n positiewe verband tussen emosionaliteit en akademiese prestasie gevind. Die peil van akademiese prestasie toon dus 'n verband met die mate van emosionele rypheid.

6. Onderliggende faktore van belang by akademiese prestasie:

Faktorontledings is uitgevoer op die verkreë verband wat gevind is tussen nie-intellektuele faktore en akademiese prestasie ten einde die onderliggende faktore te isoleer wat moontlik van belang kan wees in akademiese prestasie. Faktorontledings is uitgevoer vir:

(a) die submonster as geheel, en (b) die suksesvolle- en die minder suksesvolle groep apart.

(a) Die volgende tien faktore is by die submonster as geheel geïdentifiseer:

| | | |
|-------------|---|---------------------------------------|
| Faktor I | : | Angs |
| Faktor II | : | Dominansie - Submissie |
| Faktor III | : | Algemene aanpassing |
| Faktor IV | : | Studiehoudings |
| Faktor V | : | Deursettingsvermoë |
| Faktor VI | : | Introversie-Ekstraversie ₁ |
| Faktor VII | : | Introversie-Ekstraversie ₂ |
| Faktor VIII | : | Introversie-Ekstraversie ₃ |
| Faktor IX | : | Introversie-Ekstraversie ₄ |
| Faktor X | : | Verstand |

Van hierdie tien faktore toon akademiese prestasie 'n beduidende belading slegs met Faktor IV, terwyl Faktor I (Angs), Faktor III (Algemene aanpassing), Faktor IV (Studiehoudings) en Faktor V (Deursettingsvermoë) beladings toon in studiehoudings.

(b) Die volgende faktore is by die suksesvolle en minder suksesvolle groep geïdentifiseer:

| <u>Suksesvolle groep</u> | <u>Minder suksesvolle groep</u> |
|---|--|
| Faktor I : Angs | Faktor I : Angs |
| Faktor II : Introversie-Ekstraversie ₁ | Faktor II : Introversie-Ekstraversie ₁ |
| Faktor III : Introversie-Ekstraversie ₃ | Faktor III : Introversie-Ekstraversie ₃ |
| Faktor IV : Verstand | Faktor IV : Verstand |
| Faktor V : Algemene aanpassing | Faktor Va : Aanpassing ₁ |
| Faktor VI : Introversie-Ekstraversie ₄ | Faktor Vb : Aanpassing ₂ |
| Faktor VIIa : Introversie-Ekstraversie ₂ - Deursettingsvermoë | Faktor Vc : Aanpassing ₃ |
| Faktor VIIIb : Konserwatisme | Faktor VII : Deursettingsvermoë |
| Faktor IXa : Sofistikasie | Faktor VIIIa : Introversie-Ekstraversie ₂ - Dominansie-Submissie |
| | Faktor IXa : Sofistikasie |

Slegs Faktor VI (Introversie-Ekstraversie₄) toon by die suksesvolle groep 'n beduidende belading in akademiese prestasie, terwyl Faktor VIIIa by die minder suksesvolle groep 'n beduidende belading in akademiese prestasie toon.

Faktore II, III, V, VI, en VIIa by die suksesvolle groep, en faktore I, en Va by die minder suksesvolle groep toon beladings met studiehouidings.

Die mate van Angs en Introversie-Ekstraversie is ook by die twee groepe nagegaan. Sowel die suksesvolle groep as die minder suksesvolle groep toon groter as gemiddelde Angs en Introversie.

7. Aanvullende inligting m.b.v. persoonlike onderhoude:

Die persoonlike onderhoud was in hierdie ondersoek 'n nuttige metode vir die inwin van addisionele inligting, veral t.o.v. die student se siening van sake.

Ten spyte van die gestruktureerde aard van die onderhoud, het die verwerking van die groot verskeidenheid van response sekere probleme opgelewer. Ten einde 'n vergelyking tussen die suksesvolle groep (S-groep) en minder suksesvolle groep (MS-groep) te tref, is die talle response in meer hanteerbare kategorieë geklassifiseer. So 'n prosedure

lei egter in sommige gevalle noodwendig tot veralgemenings, met die gevolg dat nie alleen die uniekheid van individuele response verlore gaan nie, maar ook die totaalbeeld verander.

Die resultate word saamgevat volgens: (a) die beduidende verskille, (b) die onbeduidende verskille en (c) ander bevindings wat van belang is.

(a) Beduidende verskille: Op grond van die verkreë resultate kan die volgende stellings i.v.m. suksesvolle en minder suksesvolle studie gemaak word, soos gevind in hierdie ondersoek:

- (i) Pligsbesef, self-dissipline, motivering en doeltreffende studiemetodes word beskou as die belangrikste redes vir sukses, terwyl onderskatting van kursus, gebrek aan inspanning en selfdissipline, swak motivering, omstandigheidsfaktore, persoonlike probleme en ondoeltreffende studiemetodes die meeste as redes vir mislukking aangevoer is.
- (ii) Die ouers van die MS-groep stel hoë verwagtinge aan hul kinders, terwyl suksesvolle studente se ouers meer ongekwalifiseerde verwagtinge stel en daardeur moontlik groter verantwoordelikheid aan die student oorlaat.
- (iii) Soos verwag, studeer die suksesvolle studente meer gereeld en benut naweke, vakansietye en aperiodes meer doeltreffend as die minder suksesvolle studente wie se pogings meer sporadies en wisselvallig is, maar in druk tye elke moontlike geleentheid wil gebruik.
- (iv) Bogenoemde verskille bring ook mee dat suksesvolle studente meer gereeld hersiening doen van gedane werk en voorbereid na lesings gaan
- (v) Die MS-groep bespreek hul werk meer met hul maats alleen terwyl die S-groep dit meer doen met maats én dosente.
- (vi) Die MS-groep is van mening dat verdere studie aan hulle veral n breër uitkyk op die lewe gegee het wat van blywende aard is. (Die vraag ontstaan of hulle nie dalk aan die begin onryper en meer onvolwasse was nie.)

Kennisverryking word egter die meeste deur die S- en MS-groep

genoem as dié aspek van blywende aard.

- (vii) Die MS-groep se geesdrif vir studie het veral gedurende die tweede studiejaar 'n insinking getoon. Hierdie feit hang moontlik saam met die mate van sukses behaal in die eerste studiejaar, óf die insinking van geesdrif was die oorsaak van druiping in die eerste jaar.
- (viii) Die MS-groep se studie is nadelig beïnvloed deur aanpassingsfaktore, nie-akademiese bedrywighede, beperkende skolastiese agtergrond, ongunstige studie-omstandighede, en in 'n mindere mate deur verkeerde vak/kursuskeuse.
- (ix) Volgens die selfsiening oor sukses het die S-groep aan die begin van hul studieloopbaan meer as die MS-groep getwyfel of hulle sou slaag.

(b) Onbeduidende verskille: Ten opsigte van die volgende aspekte is daar egter geen beduidende verskille tussen die S- en MS-groep gevind nie:

- (i) Die mate van outonomie of selfstandigheid i.v.m. die keuse om verder te studeer.
- (ii) Die beweegredes vir verdere studie.
- (iii) Die keuse om verder te studeer en die sekerheid i.v.m. die keuse.
- (iv) Die wyse, aard en rol van ouerlike belangstelling.
- (v) Die gebruik van 'n studierooster, die lengte van studie, die geskikste tyd van die dag/nag vir studie en die plek van studie.
- (vi) Die aard van studie, die wyse van nuwe werk aanpak en die benadering t.o.v. verpligte, aanbevole en selfstandige leeswerk.
- (vii) Die soort en hoeveelheid van afleiding en ontspanning.
- (viii) Die mikpunt in klastoetse en eksamens t.o.v. prestasie.
- (ix) Of studie die moeite werd was, al dan nie.
- (x) Radikale veranderinge t.o.v. politieke, godsdienstige en ander opvattinge.

- (xi) Die tipe raad aan voornemende studente.
- (xii) Die waarde van voorligting.
- (xiii) Dit wat hulle anders sou doen indien hulle weer hul studie-jare van vooraf kon begin.

(c) Ander bevindings wat van belang is:

- (i) Voorligting op skool: Ongeveer die helfte van die S- en die MS-groep het voorligting op skool ontvang. Van diegene wat wel voorligting ontvang het, het 55% baat daarby gevind, d.w.s. 27.5% van die totale submonster. Die vraag ontstaan of so 'n toestand 'n aanduiding is van effektiewe voorligting.
- (ii) Raad aan eerstejaars: Die volgende is die belangrikste raadgewings wat die S- en MS-groep aan eerstejaars sou gee: gereelde studie, balans tussen studie en ontspanning, belangstelling in studie en werk, moet werk begryp en goeie studiemetodes volg. Beide groepe heg dieselfde waarde aan bogenoemde. Ander raadgewinge sluit o.a. in: regte vriendekeuse, die waarde van studie, vak- en kursuskeuse volgens vermoë, en 'n kritiese en objektiewe instelling.

Uit hierdie ondersoek in sy geheel blyk weereens die gekompliseerde aard van die faktore wat verantwoordelik is vir suksesvolle en minder suksesvolle studie. Die uniekheid van elke geval beklemtoon die ingewikkelde wisselwerking tussen 'n verskeidenheid van faktore. Veralgemenings kan dus nie gemaak word nie en eintlik is 'n individuele benadering van elke geval, die ideale oplossing.

.....

BIBLIOGRAFIE

1. Abel, W.H. Attrition and the student who is certain. Pers. Guid. J., 1966, 44, 10, 1042-1045.
2. Ahman, J.S. & Glock, M.D. The utility of study habits and attitudes inventory in a college reading program. J. Educ. Res., 1957, 51, 297-303.
3. Ahman, J.S. et al. Predicting academic success in college by means of a study habits and attitude inventory. Educ. and Psychol. Meas., 1958, 18, 853-857.
4. Alfert, E. Housing selection, need satisfaction and drop-out from college. Psychol. Rep., 1966, 19, 1, 183-186.
5. Allport, G.W. et al. Study of values - Manual. Houghton Mifflin Co., Boston, 1960.
6. Alpert, R. & Haber, R.N. Anxiety in academic achievement situations. J. of Abn. and Soc. Psychol., 1960, 61, 207-215.
7. Altman, E.R. The effect of rank in class and size of high school on the academic achievement of Central Michigan college seniors, class of 1957. J. of Educ. Res., 1959, 52, 307-309.
8. Anderson, R.P. & Kuntz, J.E. The 'Survey of study habits and attitudes' in a college counseling center. Pers. and Guid. J., 1959, 37, 365-368.
9. Astin, A.A. Personal and environmental factors associated with college dropout among high aptitude students. J. Educ. Psych., 1964, 55, 4, 219-227.
10. Atkinson, J.W. Motivational determinants of risk-taking behaviour. Psychol. Rev., 1957, 64, 359-372.
11. Baker, R.L. & Doyle, R.P. Teacher knowledge of pupil data and marking practices at the elementary school level. Pers. and Guid. J., 1959, 37, 644-647.
12. Barry, C.A. & Jones, A.L. A study of the performance of certain freshman students. J. Educ. Res., 1959, 52, 163-166.
13. Battle, H.J. Relation between personal values and scholastic achievement. J. of Exp. Educ., 1957, 26, 27-41.
14. Beach, L.R. Sociability and academic achievement in various types of learning situations. J. of Educ. Psychol., 1960, 51, 208-212.
15. Bendig, A.W. The reliability of letter grades. Educ. and Psychol. Meas., 1953, 13, 311-321.
16. Bendig, A.W. The validity of two temperament scales in predicting student achievement in introductory psychology. J. of Educ. Res., 1957, 50, 571-580.

17. Bendig, A.W. Comparative validity of empirical temperament test keys in predicting student achievement in psychology.
J. of Educ. Res., 1958, 51, 341-348.
18. Bendig, A.W. Comparison of the validity of two temperament scales in predicting college achievement.
J. of Educ. Res., 1958, 51, 605-609.
19. Bendig, A.W. & Gluck, M.R. Concomitants of achievement test frustration in college students.
J. of Educ. Res., 1956, 49, 365-371.
20. Benson, J.K. Alienation and academic achievement: An empirical study of the reactions of college students to academic success and failure.
Diss. Abstr., 1966, 26 (12, 1), 7472.
21. Berger, E.M. Willingness to accept limitations and college achievement.
J. Couns. Psychol., 1961, 8, 140-146.
22. Berger, I.L. & Sutker, A.R. The relationship of emotional adjustment and intellectual capacity to academic achievement of college students.
Ment. Hyg., 1956, 40, 65-77.
23. Bernstein, B. Some sociological determinants of perception: An enquiry into sub-cultural differences.
Brit. J. of Soc., 1958, 9, 159-174.
24. Birney, R.C. & Taylor, M.J. Scholastic behavior and orientation to college.
J. of Educ. Psychol., 1959, 50, 266-274.
| 6.(a) (b) (c) | 26.(a) (b) (c) | 46.(a) (b) (c) | 66.(a) (b) (c) | 86.(a) (b) (c) | 106.(a) (b) (c) | 126.(a) (b) (c) | 146.(a) (b) (c) | 166.(a) (b) (c) | 186.(a) (b) (c) |
| 7.(a) (b) (c) | 27.(a) (b) (c) | 47.(a) (b) (c) | 67.(a) (b) (c) | 87.(a) (b) (c) | 107.(a) (b) (c) | 127.(a) (b) (c) | 147.(a) (b) (c) | 167.(a) (b) (c) | 187.(a) (b) (c) |
| 8.(a) (b) (c) | 28.(a) (b) (c) | 48.(a) (b) (c) | 68.(a) (b) (c) | 88.(a) (b) (c) | 108.(a) (b) (c) | 128.(a) (b) (c) | 148.(a) (b) (c) | 168.(a) (b) (c) | |
| 9.(a) (b) (c) | 29.(a) (b) (c) | 49.(a) (b) (c) | 69.(a) (b) (c) | 89.(a) (b) (c) | 109.(a) (b) (c) | 129.(a) (b) (c) | 149.(a) (b) (c) | 169.(a) (b) (c) | |
| 10.(a) (b) (c) | 30.(a) (b) (c) | 50.(a) (b) (c) | 70.(a) (b) (c) | 90.(a) (b) (c) | 110.(a) (b) (c) | 130.(a) (b) (c) | 150.(a) (b) (c) | 170.(a) (b) (c) | |
| <u>Bladysy 2</u> | <u>Bladysy 4</u> | <u>Bladysy 6</u> | <u>Bladysy 8</u> | <u>Bladysy 10</u> | <u>Bladysy 12</u> | <u>Bladysy 14</u> | <u>Bladysy 16</u> | <u>Bladysy 18</u> | |
| 11.(a) (b) (c) | 31.(a) (b) (c) | 51.(a) (b) (c) | 71.(a) (b) (c) | 91.(a) (b) (c) | 111.(a) (b) (c) | 131.(a) (b) (c) | 151.(a) (b) (c) | 171.(a) (b) (c) | |
| 12.(a) (b) (c) | 32.(a) (b) (c) | 52.(a) (b) (c) | 72.(a) (b) (c) | 92.(a) (b) (c) | 112.(a) (b) (c) | 132.(a) (b) (c) | 152.(a) (b) (c) | 172.(a) (b) (c) | |
| 13.(a) (b) (c) | 33.(a) (b) (c) | 53.(a) (b) (c) | 73.(a) (b) (c) | 93.(a) (b) (c) | 113.(a) (b) (c) | 133.(a) (b) (c) | 153.(a) (b) (c) | 173.(a) (b) (c) | |
| 14.(a) (b) (c) | 34.(a) (b) (c) | 54.(a) (b) (c) | 74.(a) (b) (c) | 94.(a) (b) (c) | 114.(a) (b) (c) | 134.(a) (b) (c) | 154.(a) (b) (c) | 174.(a) (b) (c) | |
| 15.(a) (b) (c) | 35.(a) (b) (c) | 55.(a) (b) (c) | 75.(a) (b) (c) | 95.(a) (b) (c) | 115.(a) (b) (c) | 135.(a) (b) (c) | 155.(a) (b) (c) | 175.(a) (b) (c) | |
| 16.(a) (b) (c) | 36.(a) (b) (c) | 56.(a) (b) (c) | 76.(a) (b) (c) | 96.(a) (b) (c) | 116.(a) (b) (c) | 136.(a) (b) (c) | 156.(a) (b) (c) | 176.(a) (b) (c) | |
| 17.(a) (b) (c) | 37.(a) (b) (c) | 57.(a) (b) (c) | 77.(a) (b) (c) | 97.(a) (b) (c) | 117.(a) (b) (c) | 137.(a) (b) (c) | 157.(a) (b) (c) | 177.(a) (b) (c) | |
| 18.(a) (b) (c) | 38.(a) (b) (c) | 58.(a) (b) (c) | 78.(a) (b) (c) | 98.(a) (b) (c) | 118.(a) (b) (c) | 138.(a) (b) (c) | 158.(a) (b) (c) | 178.(a) (b) (c) | |
| 19.(a) (b) (c) | 39.(a) (b) (c) | 59.(a) (b) (c) | 79.(a) (b) (c) | 99.(a) (b) (c) | 119.(a) (b) (c) | 139.(a) (b) (c) | 159.(a) (b) (c) | 179.(a) (b) (c) | |
| 20.(a) (b) (c) | 40.(a) (b) (c) | 60.(a) (b) (c) | 80.(a) (b) (c) | 100.(a) (b) (c) | 120.(a) (b) (c) | 140.(a) (b) (c) | 160.(a) (b) (c) | 180.(a) (b) (c) | |

ROUTELLINGS

| | |
|----------------|--|
| A | |
| B | |
| C | |
| E | |
| F | |
| G | |
| H | |
| I | |
| L | |
| M | |
| N | |
| O | |
| Q ₁ | |
| Q ₂ | |
| Q ₃ | |
| Q ₄ | |

ANTWOORDBLADBROWN-HOLTZMANSTUDIEGEWOONTES EN -HOUDINGS

| | | |
|-----------------------|---|---------------------|
| + Telling: | R = Selde (0 - 15% van die tyd) S = Somtyds (16 - 35% " " ") F = Dikwels (36 - 65% " " ") G = Gewoonlik (66 - 85% " " ") A = Meesal altyd (86 - 100% " " ") | Van: |
| - Telling: | | Voorname: |
| Routelling: | | Kursus: |
| Persentiel: | | Ouderdom: |
| | | Geslag: |

BYLAAG F

| Bladsy 1 | | | | |
|-------------------------|--|--|--|--|
| 1. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 2. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 3. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 4. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 5. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 6. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 7. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 8. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 9. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 10. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 11. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 12. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 13. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 14. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 15. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |

| Bladsy 2 | | | | |
|-------------------------|--|--|--|--|
| 16. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 17. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 18. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 19. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 20. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 21. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 22. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 23. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 24. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 25. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 26. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 27. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 28. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 29. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 30. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |

| Bladsy 3 | | | | |
|-------------------------|--|--|--|--|
| 31. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 32. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 33. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 34. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 35. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 36. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 37. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 38. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 39. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 40. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 41. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 42. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 43. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 44. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 45. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |

| Bladsy 4 | | | | |
|-------------------------|--|--|--|--|
| 46. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 47. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 48. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 49. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 50. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 51. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 52. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 53. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 54. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 55. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 56. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 57. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 58. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 59. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 60. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |

| Bladsy 5 | | | | |
|-------------------------|--|--|--|--|
| 61. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 62. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 63. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 64. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 65. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 66. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 67. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 68. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 69. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 70. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 71. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 72. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 73. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 74. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |
| 75. (R) (S) (F) (G) (A) | | | | |

BYLAAG G

ONDERHOUDSPROSEDURE

- A. Inleiding: Waaraan skryf jy jou akademiese sukses/mislukking toe ?
- B. Motivering: 1. Op wie se aandrang/invloed/voorbeeld/raad het jy kom studeer ?
 2. Wat was jou vernaamste beweegredes vir verdere studie:
 Beter finansiële vooruitsigte/moet iets doen na matriek/
 status aan studie of beroep verbonde/belangstelling in
 vak/diens te lewer/tradisie in familie/vir studentelewe/
 ouers se aspirasies.?
 3. Was dit jou eerste keuse ? Is jy dalk onseker of jy die
 regte ding gedoen het
 4. Hoe stel jou ouers in jou belang t.o.v. jou studie ?
 Dreig hulle/moedig hulle aan/gee nie om nie ?
 5. Wat was jou ouers se verwagtinge ? Wou hulle hê jy moes
 goed doen ?
- C. Studie: 1. Tyd: Gereeld/volgens n rooster/slegs vir toetse/hoeveel
 tyd per dag ?
 Wat van vakansies, naweke, aperiodes, namiddae ?
 Watter tyd van die dag ?
 2. Plek: Waar studeer jy die beste ? Kamer/biblioteek/huis ?
 3. Aard: Elke dag hersiening van elke vak/gaan voorbereid na
 lesings/maak opsommings/werk vrae uit/leer aktief/
 passief ?
 4. Leeswerk: (Oor vak) Verplig daartoe/aanbeveel/eie inisiatief ?
 5. Studie: Alleen/bespreek met ander/raadpleeg dosente ?
- D. Afleiding, ontspanning, rus: Slaap/sport/verenigingslewe/bioskoop/
 konserte/dans/partytjies/snoeker/kaartspel/
 teenoorgestelde geslag/klets/kafee/ rond-
 slenter in dorp ?
 Wat van vakansies/langnaweke ?
- E. Dinge wat studie belemmer het:
1. Probleme i.v.m. interpersoonlike verhoudings ?
 2. Te veel deelname aan nie-akademiese bedrywighede/te veel
 sport - as waarnemer of deelnemer/ te veel afleiding/
 invloed van maats ?
 3. Persoonlike probleme: Finansies/gesondheid/godsdiens/
 aanpassing/persoonlikheidsprobleme ?
 4. Swak skolastiese agtergrond in vakke ?
 5. Omstandighede ongunstig vir studie: lawaai in koshuis/
 kamermaat/verkeerde vak- of kursuskeuse ?

BYLAAG G (vervolg)

6. Swak voorlesings/dosente se optrede/doseermetodes ?
 7. Stadige leestempo ?
 8. Oormatige spanning by die skryf van eksamens ?
 9. Gebrekkige kennis van Engels/Nederlands ens. ?
- F. Selfsiening: Het jy gedink jy was in staat om suksesvol te wees ?
Wat was jou mikpunt in toetse ?
- G. Was studie die moeite werd ? In watter opsig ? Wat het dit blywend aan jou gebied ? Het jou geesdrif verminder of vermeerder ?
Het daar radikale veranderinge in jou beskouinge gekom ? Hoe ? Wat ?
- H. Voorligting ontvang: Ja/Nee ? Enige baat daarby gevind ?
- I. Ander: Wat sou jy op grond van jou eie ervaring en waarneming van andere aan 'n beginner sê as jy hom/haar moet raadgee ?
Wat sou jy anders doen as jy vandag weer kan begin ?

.....

BYLAAG H

KODESTELSEL VIR ONDERHOUE

- Kol. 7 : Waarom skryf jy jou akademiese sukses of mislukking toe ?
1. Gereelde studie.
 2. Gereeld klasse bygewoon.
 3. Gereelde studie en gereeld klasse bygewoon.
 4. Het die nodige vermoë en het gereeld gestudeer.
 5. Het die nodige vermoë/aanleg/skolastiese agtergrond.
 6. Het misluk omdat hy moeilik aan die leer kom.
- Kol. 8 :
1. Het n beurstoekening gehad en dus verplig gevoel dat hy moet slaag.
 2. Sukses te danke aan harde werk.
 3. Het hard gewerk omdat hy nie sy ouers wou teleurstel nie/ouers betaal sy studiegeld.
 4. Het n beurs gehad en hy wou nie sy ouers teleurstel nie.
 5. Misluk omdat hy persoonlike probleme gehad het/aanpassingsprobleme.
 6. Sukses te danke aan harde werk; mislukking a.g.v. persoonlike probleme/aanpassingsprobleme.
- Kol. 9 :
1. Het belang gestel in kursus/vak.
 2. Sterk deursettingsvermoë gehad en selfdisipline.
 3. Het belang gestel in kursus/vak en sterk deursettingsvermoë gehad.
 4. Onsuksesvol omdat hy nie in die kursus/vak belang gestel het nie/belangstelling verloor het/ongemotiveerd.
 5. Suksesvol omdat hy belang gestel het; misluk omdat hy nie belang gestel het nie/belangstelling verloor het.
 6. Suksesvol omdat hy sterk deursettingsvermoë gehad het; misluk a.g.v. gebrek aan belangstelling.
- Kol.10 :
1. Suksesvol omdat hy n vasgestelde studiemetode gehad het - nie net sekere dele gedoen nie, maar sistematies gewerk.
 2. Het die werk altyd eers probeer begryp voordat hy dit geleer het.
 3. Het n vasgestelde studiemetode gehad en die werk altyd eers probeer begryp voordat hy dit geleer het.
 4. Misluk omdat omstandighede ongunstig was vir studie, bv. lawaai, maats wat hinder, ens.
 5. Misluk: enigiets anders.
 6. Suksesvol: enigiets anders.
- Kol.11 :
1. Misluk omdat dit in 1e en/of 2e jaar te maklik gegaan het/ op skool te maklik gegaan het.
 2. Misluk omdat hy nie hard genoeg gewerk het nie, te veel afleiding.
 3. Misluk omdat dit in 1e en/of 2e jaar te maklik gegaan het en hy het nie hard genoeg gewerk nie.
 4. Misluk omdat hy die verkeerde studiemetodes gebruik het.

BYLAAG H (vervolg)

5. Misluk omdat dit in 1e en/of 2e jaar te maklik gegaan het en hy het die verkeerde studiemetodes gebruik.
 6. Misluk omdat hy nie hard genoeg gewerk het nie en die verkeerde studiemetodes gebruik het.
 7. Misluk omdat dit in 1e en/of 2e jaar te maklik gegaan het, nie hard genoeg gewerk het nie en verkeerde studiemetodes gebruik het.
- Kol.12 :
1. Suksesvol deur balans te hou tussen studie en afleiding: tyd goed ingedeel.
 2. Kan nie sê waaraan sukses toe te skryf is nie.
 3. Misluk a.g.v. swak voorlesings en/of n dosent se optrede.
 4. Verkeerde keuse van vriende het mislukking veroorsaak.
 5. Oningeligtheid aangaande universiteit en/of kursus het mislukking veroorsaak.
 6. Verkeerde keuse van vriende en oningeligtheid aangaande universiteit en/of kursus het mislukking veroorsaak.
- Kol.13 : Op wie se aandrang/voorbeeld/invloed/raad het jy besluit om te kom studeer ?
1. Heeltemal self besluit.
 2. Dit was vanselfsprekend dat hy universiteit toe sou gaan.
 3. Onderwyser of voorligter se raad gevolg - wou self ook kom.
 4. Ouers het besluit - wou self ook kom.
 5. Alleenlik ouers se besluit.
 6. Self besluit maar familielid of vriend het indirekte invloed gehad.
 7. Self besluit, maar ouers wou ook hê hy moet kom.
 8. Almal het hom aangeraai om te kom, d.w.s. onderwyser, ouers, broer, vriend, ens. - wou self ook kom.
 9. Self besluit, maar het teenstand van ouers ondervind.
- Kol.14 Wat was jou vernaamste beweegredes vir verdere studie ?
1. Beter finansiële vooruitsigte en sekuriteit.
 2. Status aan studie of beroep verbonde.
 3. Beter finansiële vooruitsigte en sekuriteit, en status aan studie of beroep verbonde.
 4. Wou n graad behaal omdat studie iets onvervreembaar is.
 5. Beter finansiële vooruitsigte en sekuriteit en studie is iets onvervreembaar.
- Kol.15
1. Belangstelling in kursus of vak.
 2. Diens te lewer.
 3. Belangstelling in kursus en vak, en diens te lewer.
 4. Wou nie na matriek gaan werk nie; kon niks anders doen na matriek nie; nie volwasse genoeg gevoel om te gaan werk nie.
 5. Belangstelling in kursus of vak en wou nie na matriek gaan werk nie; nie volwasse genoeg gevoel om te gaan werk nie.

BYLAAG H (vervolg)

- Kol. 16: 1. Tradisie in die familie.
 2. Ouers se aspirasies.
 3. Tradisie in die familie en ouers se aspirasies.
 4. Wou verder studeer omdat hy homself wou ontwikkel/verryk.
 5. Tradisie in die familie en hy wou homself ontwikkel/verryk.
- Kol. 17: 1. Wou homself bekwaam vir n sekere beroep; beter kwalifiseer; wou graag meer weet.
 2. Studentelewe, of vir sport; wou kontak maak met mense.
 3. Wou homself bekwaam vir n sekere beroep; beter kwalifiseer; wou graag meer weet en vir die studentelewe, of vir sport en wou kontak maak met mense.
 4. Hy het gevoel hy het die nodige vermoë gehad om universiteit toe te kom.
 5. Hy het die nodige vermoë gehad en hy wou homself vir n sekere beroep bekwaam.
 6. Hy het die nodige vermoë gehad en gekom vir die studentelewe.
- Kol. 18: Was die feit om na die universiteit toe te kom en die kursus wat jy gevolg het jou eerste keuse ?
 1. Koms na die universiteit was eerste keuse.
 2. Kursus was eerste keuse.
 3. Koms na die universiteit: daar was ander oorwegings.
 4. Kursuskeuse: daar was ander oorwegings.
 5. Koms na die universiteit was eerste keuse, maar ander oorwegings i.v.m. kursus.
 6. Koms na die universiteit: daar was ander oorwegings, maar kursus was eerste keuse.
 7. Koms na die universiteit en kursus was eerste keuse.
 8. Daar was ander oorwegings i.v.m. koms na die universiteit en kursuskeuse.
- Kol. 19: Is jy seker dat jou keuse om universiteit toe te kom en jou kursus reg was ?
 1. Seker oor koms na die universiteit.
 2. Seker oor kursuskeuse.
 3. Seker oor koms na die universiteit en oor kursuskeuse.
 4. Onseker oor koms na die universiteit.
 5. Onseker oor kursuskeuse, gedurende kursus, of nou, getwyfel oor kursuskeuse.
 6. Onseker oor koms na die universiteit en oor kursuskeuse.
 7. Seker oor koms na die universiteit, maar onseker oor kursuskeuse.
 8. Onseker oor koms na die universiteit, maar seker oor kursuskeuse.

BYLAAG H (vervolg)

- Kol. 20: Op watter wyse stel jou ouers in jou belang t.o.v. jou studies ?
1. Ouers stel baie belang in prestasies sowel as akademiese aangeleenthede.
 2. Ouers stel baie belang in prestasies, maar nie in akademiese aangeleenthede nie.
 3. Ouers stel redelik belang in sy prestasies, maar nie in akademiese aangeleenthede nie.
 4. Ouers stel 'n bietjie belang in sy prestasies en in akademiese aangeleenthede.
 5. Ouers stel nie eintlik belang in sy prestasies of die werk self nie.
 6. Ouers stel baie belang (nie genoem of dit slegs in die prestasies is, of ook in akademiese aangeleenthede nie.)
- Kol. 21: Wat was die aard van jou ouers se belangstelling?
1. Ouers moedig hom aan as dit nie goed gegaan het met die studies of klastoetse nie.
 2. Ouers dreig hom as dit nie goed gaan nie.
 3. Ouers gee nie om hoe dit met hom gaan nie.
 4. Ouers dreig nie, maar sê hy kan beter doen, of wil weet hoekom hy swak gedoen het.
 5. Ouers moedig nie eintlik aan nie, wil net weet hoe dit gaan.
- Kol. 22: Watter rol speel jou ouers se belangstelling in jou akademiese prestasies ?
1. Ouers se belangstelling beteken vir hom baie en hy sou moontlik nie suksesvol daarsonder kon wees nie.
 2. Ouers se belangstelling beteken baie, maar hy sou suksesvol kon wees daarsonder.
 3. Dit maak vir hom geen verskil of ouers belangstel of nie.
 4. Ouers stel te veel belang en dit affekteer sy studies nadelig.
 5. Ouers se belangstelling beteken vir hom baie en dit dien as motivering.
- Kol. 23: Wat is jou ouers se verwagtinge i.v.m. jou akademiese prestasies ?
1. Die peil wat hulle stel, is te hoog.
 2. Hulle verwag net hy moet suksesvol wees en hoef nie hoë eksamenpunte te kry nie.
 3. Hulle is tevrede solank hy sy bes probeer, al is hy nie suksesvol nie.
 4. Ouers stel geen peil nie.
 5. Ouers verwag hy moet goed presteer.
 6. Ouers laat dit aan hom oor, tevrede met die peil wat hy stel.
 7. Ouers verwag te min.

BYLAAG H (vervolg)

Kol. 24: Hoe studeer jy ?

1. Gereeld en volgens 'n rooster.
2. Gereeld; maar gebruik nie 'n rooster nie.
3. Slegs vir toetse; gebruik wel 'n rooster.
4. Slegs vir toetse; gebruik nie 'n rooster nie.
5. Gereeld; gebruik rooster slegs gedurende eksamens of toetsreeks.
6. Slegs vir toetse; gebruik rooster gedurende eksamens.
7. Verskil van jaar tot jaar; gebruik nie 'n rooster nie.
8. Verskil van jaar tot jaar; gebruik 'n rooster.

Kol. 25: Hoeveel tyd per dag spandeer jy aan studie ?

1. Minder as 2 uur per dag.
2. Van 2 tot 4 uur per dag.
3. Van 4 tot 6 uur per dag.
4. Ses uur en meer per dag.
5. Dit varieer van dag tot dag: party dae niks, ander tye tot 8 uur per dag.
6. Dit wissel vir die verskillende jare.

Kol. 26: Studeer jy gedurende naweke en/of vakansies ?

1. Naweke en vakansies.
2. Net naweke.
3. Slegs naweke as werk druk.
4. Net vakansies.
5. Slegs vakansies as werk druk.
6. Naweke en vakansies slegs as werk druk.
7. Vakansies, maar naweke slegs as werk druk.
8. Naweke, maar vakansies slegs as werk druk.

Kol. 27. Studeer jy gedurende afperiodes en/of namiddae ?

1. Afperiodes en namiddae.
2. Net afperiodes.
3. Net namiddae.
4. Afperiodes slegs as werk druk.
5. Namiddae slegs as werk druk.
6. Afperiodes en namiddae slegs as werk druk.
7. Namiddae, maar afperiodes slegs as werk druk.
8. Afperiodes, maar namiddae slegs as werk druk.

BYLAAG H (vervolg)

Kol. 28: Wanneer verkies jy om te studeer ?

1. Saans.
2. Soggens.
3. Namiddae.
4. Saans en soggens.
5. Soggens en namiddae.
6. Namiddae en saans.
7. Saans laat, d.w.s. tot na 12-uur.
8. Soggens vroeg, voor ontbyt.
9. Enige tyd ewe goed, as omstandighede reg is.
10. Soggens en saans laat.

Kol. 29: Waar studeer jy die beste ?

1. In die biblioteek.
2. In sy kamer.
3. By die huis.
4. Enige plek ewe goed- sekere tye word sekere plekke verkies.
5. Verkies sy kamer, maar wanneer daar steurnisse in die koshuis is, verkies hy die biblioteek.

Kol. 30: Wat is die aard van jou studie ?

1. Leer aktief: maak opsommings, werk vrae uit, onderstreep, skryf hoofpunte neer.
2. Leer aktief: maak opsommings, onderstreep, skryf hoofpunte neer.
3. Leer aktief: werk vrae uit, onderstreep, skryf hoofpunte neer.
4. Leer aktief: onderstreep, skryf hoofpunte neer (aantekeninge).
5. Leer aktief: maak opsommings, werk vrae uit.
6. Leer passief: lees werk net oor en oor.
7. Leer aktief: maak opsommings
8. Leer aktief: werk vrae uit.
9. Leer aktief: lees werk oor en oor, maar dink by homself oor die werk, bespreek dit met iemand.

Kol. 31:

1. Lees eers deur, leer dan stuk werk in die geheel.
2. Lees eers deur, deel werk in en leer eers elke deel.
3. Lees nie eers deur nie, deel werk in en leer stuk werk in geheel.
4. Lees nie eers deur nie, deel werk in en leer eers elke deel.
5. Leer die beste deur baie herhaling van die werk.
6. Soos no. 1 en leer die beste deur herhaling van die werk.
7. Soos no. 2 en leer die beste deur baie herhaling van die werk.
8. Soos no. 3 en leer die beste deur baie herhaling van die werk.
9. Soos no. 4 en leer die beste deur baie herhaling van die werk.

BYLAAG H (vervolg)

Kol. 32: Doen jy elke dag hersiening van jou werk en/of gaan jy voorbereid na lesings ?

1. Doen elke dag hersiening van elke vak; gaan voorbereid na lesings.
2. Doen elke dag hersiening van elke vak; gaan onvoorbereid na lesings.
3. Doen nie elke dag hersiening van elke vak nie; gaan wel voorbereid na lesings.
4. Doen nie elke dag hersiening van elke vak nie; gaan onvoorbereid na lesings.
5. Doen elke dag hersiening van elke vak; gaan soms voorbereid na lesings.
6. Doen nie elke dag hersiening van elke vak nie, gaan soms voorbereid na lesings.
7. Doen elke dag hersiening van elke vak.
8. Gaan soms voorbereid na lesings.
9. Dit het gewissel van jaar tot jaar.

Kol. 33: Het jy enige ekstra leeswerk gedoen ?

1. Doen net verpligte leeswerk.
2. Doen verpligte leeswerk en aanbevole leeswerk.
3. Doen verpligte leeswerk, aanbevole leeswerk en op eie inisiatief.
4. Doen geen ekstra leeswerk nie.
5. Doen ekstra leeswerk op eie inisiatief uit belangstelling.
6. Doen verpligte leeswerk en op eie inisiatief uit belangstelling.

Kol. 34: Verkies jy om alleen of saam met iemand te studeer ?

1. Verkies alleen.
2. Verkies saam met iemand.
3. Maak geen verskil nie.
4. Maak geen verskil nie, maar as werk druk, verkies dan alleen.

Kol. 35: Bespreek jy graag jou werk met ander ?

1. Bespreek werk met maats; raadpleeg dosente.
2. Bespreek werk net met maats.
3. Bespreek werk nie met maats nie; raadpleeg wel dosente.
4. Bespreek werk nie met maats of dosente nie.
5. Bespreek werk met maats; wou dosente raadpleeg, maar hulle was ontoeganklik, nooit op kantoor nie, of het eenmaal gegaan, maar sal nie weer gaan nie a.g.v. dosente se optrede.
6. Bespreek nie werk met maats nie; wou dosente raadpleeg soos in 5.

BYLAAG H (vervolg)

- Kol. 36: Aan watter soort afleiding en ontspanning neem jy deel ?
1. Georganiseerde ontspanning (fisies): sport, B.T.K.
 2. Ongeorganiseerde ontspanning (fisies): sport, stap, bergklim.
 3. Nos. 1 en 2.
 4. Neem aan verenigings deel en/of dien op komitees.
 5. Nos. 1 en 4.
 6. Nos. 2 en 4.
 7. Nos. 1, 2 en 4.
- Kol. 37: 1. Gesels graag by maats in die kamer; speel snoeker, kaart; gaan graag dorp toe en/of kafee toe.
2. Gaan gereeld of redelik baie uit.
 3. Lees graag; luister graag na musiek; bestee redelik baie tyd aan 'n stokperdjie.
 4. Nos. 1 en 2.
 5. Nos. 2 en 3.
 6. Nos. 1 en 3.
 7. Nos. 1, 2 en 3.
- Kol. 38: 1. Gaan gereeld na bioskoop.
2. Gaan selektief te werk met bioskoopvertonings.
 3. Woon graag konserte en/of lesings by.
 4. Nos. 1 en 3.
 5. Nos. 2 en 3.
 6. Gaan af en toe na bioskoop en konserte.
 7. Een of meer jaar gereeld na bioskoop, daarna selektief.
- Kol. 39: 1. Gaan gereeld, of baie, dans en na partytjies toe.
2. Gaan af en toe dans en na partytjies toe.
 3. Gaan selde of nooit dans of na partytjies toe.
- Kol. 40: Watter faktore het jou studie belemmer ?
1. Moeilikheid met aanpassing aan universiteit: eerste keer van die huis af, moet self besluite neem, alles is vreemd.
 2. Moeilikheid met aanpassing in die koshuis, d.w.s. met mense.
 3. Moeilikheid met aanpassing by die studies self.
 4. Nos. 1 en 2.
 5. Nos. 1 en 3.
 6. Nos. 2 en 3.
 7. Nos. 1, 2 en 3.
 8. Aanpassingsprobleme gehad, maar dit het nie die studies belemmer nie.
- Kol. 41: 1. Te veel deelname aan nie-akademiese bedrywighede en/of sport het studie nadelig beïnvloed.
2. Te min deelname aan nie-akademiese bedrywighede en/of sport het studie nadelig beïnvloed.
 3. Deelname aan nie-akademiese bedrywighede het studie nie nadelig beïnvloed nie.

BYLAAG H (vervolg)

- Kol. 42: 1. Finansiële probleme.
2. Huislike probleme: ouers, siekte.
3. Nos. 1 en 2.
4. Probleme met interpersoonlike verhoudings, bv. met die teenoorgestelde geslag.
5. Nos. 1 en 4.
6. Nos. 2 en 4.
7. Nos. 1, 2 en 4.
- Kol. 43: 1. Gesondheidsprobleme.
2. Godsdienstige probleme.
3. Nos. 1 en 2.
- Kol. 44: 1. Persoonlikheidsprobleme.
2. Enige ander persoonlike probleme.
3. Nos. 1 en 2.
- Kol. 45: 1. Swak skolastiese agtergrond; swak kennis van Engels/Nederlands.
2. Swak skolastiese agtergrond.
3. Swak kennis van Engels of Nederlands.
- Kol. 46: 1. Lawaai in koshuis, koshuisaktiwiteite, ontgroening, ens.
2. Kamermaat of maats se nadelige invloed.
3. Nos. 1 en 2.
- Kol. 47: 1. Verkeerde kursuskeuse/twyfel oor kursuskeuse.
2. Een/meer vakke verkeerd gekies; verplig om vak(ke) te neem waarvan hy nie gehou het nie.
3. Was ongemotiveerd.
4. Nos. 1 en 3.
5. Nos. 2 en 3.
- Kol. 48: 1. Swak voorlesings.
- Kol. 49: 1. Dosent se optrede.
- Kol. 50: 1. Baie gespanne, skryf gevolglik swak eksamens.
2. Voor 'n toets baie gespanne.
3. Raak gespanne en skryf soms in sekere vakke swak eksamen.
4. Was in eerste jaar gespanne, later nie meer nie.
- Kol. 51: 1. Het 'n stadige leestempo: affekteer studies nadelig.
2. Konsentreer moeilik veral as daar ook 'n emosionele steuring is.
3. Nos. 1 en 2.
- Kol. 52: Was jy van mening dat jy daartoe instaat was om suksesvol in jou kursus te wees ?
1. Begin van 1e jaar: het gedink hy kan die kursus slaag.
2. Begin van 1e jaar: het getwyfel of hy die kursus sou slaag.
3. Gedurende kursus: altyd gedink hy kan slaag.
4. Gedurende kursus: getwyfel of hy die kursus sou slaag.
5. Het in die begin van 1e jaar en dwarsdeur die kursus gedink dat hy sou slaag.

BYLAAG H (vervolg)

6. Het in die begin van 1e jaar gedink hy kan slaag; later gedurende kursus getwyfel of hy sou slaag.
7. Het in die begin van 1e jaar getwyfel of hy sou slaag; later gedurende kursus altyd gedink hy sou slaag.
8. Het in die begin van 1e jaar en dwarsdeur die kursus getwyfel of hy sou slaag.

Kol. 53: Wat was jou mikpunt in klastoetse ?

1. Om so goed as moontlik te slaag- geen spesifieke syfer nie.
2. Altyd hoog: 70/80/of hoër.
3. Gewoonlik na ongeveer n 6.
4. Net om deur te kom - n 5.
5. Verskillend vir verskillende vakke: party hoog, ander net om deur te kom.
6. Altyd hoog, maar selde mikpunt bereik.
7. Altyd na ongeveer n 6, maar gewoonlik mikpunt nie bereik nie.
8. Sekere jare hoog, ander jare net om deur te kom.
9. Verskillend vir elke vak, maar gewoonlik mikpunt nie bereik nie.

Kol. 54: Was jou studie die moeite werd ?

1. Ja.
2. Tot n mate.
3. Nie juis nie.

Kol. 55: Hoekom was jou studie die moeite werd ? Wat het jy blywend gekry ?

1. Kennis het verryk: nie net akademiese kennis nie, maar ook mensekennis en algemene kennis.
2. Het as persoon ryper en meer selfstandig geword, pligsbesef aangeleer.
3. Nos. 1 en 2.
4. Het nou n breër uitkyk op die lewe, a.g.v. n breër agtergrond.
5. Nos. 1 en 4.
6. Nos. 2 en 4.
7. Nos. 1, 2 en 4.

Kol. 56:

1. Het homself bekwaam wat gevolglik beter vooruitsigte verseker; het sy doel bereik.
2. Kon homself bekwaam, beter vooruitsigte; studie is iets onvervreembaar.
3. Enigiets anders.

Kol. 57:

1. Het meer insig gekry; geleer om meer self te dink.
2. Het geleer dat ander se menings van syne kan verskil en dat hy van ander kan leer.
3. Nos. 1 en 2.
4. Ondervinding op universiteit opgedoen was baie werd, dit laat jou ontwikkel.

BYLAAG H (vervolg)

- Kol. 58: Het jou geesdrif vir studie vermeerder of verminder ?
1. Konstant gebly.
 2. Vermeerder.
 3. Verminder.
 4. Het gewissel: by tye vermeerder, dan weer verminder.
 5. Daar was n insinking in die middeljare van studie-loopbaan.
 6. In sekere vakke het geesdrif verminder, in ander weer vermeerder.
 7. Was nooit geesdriftig vir studie nie.
- Kol. 59: Het daar enige radikale veranderinge in jou beskouinge plaasgevind ?
1. Geen radikale veranderinge nie.
 2. Geen radikale veranderinge nie, maar hy voel hy het ontwikkel.
 3. Daar het wel radikale veranderinge plaasgevind.
- Kol. 60: Het jy enige voorligting op skool ontvang ?
1. Voorligting ontvang en baat daarby gevind - die raad gevolg.
 2. Voorligting ontvang wat slegs gedien het as bevestiging van eie besluite.
 3. Voorligting ontvang, maar het geen baat daarby gevind nie.
 4. Geen voorligting ontvang nie.
 5. Voorligting ontvang, maar geen gebruik daarvan gemaak nie.
- Kol. 61: Wat was jou houding teenoor die eerstejaartoetse ?
1. Het bes probeer, maar omstandighede was ongunstig: moeg, ongemotiveerd, nie veel belangstelling nie.
 2. Het bes probeer.
 3. Het toetse beskou as tydmors.
 4. Gedoen weens verpligting, maar het nie veel van die toetse gedink nie; was ook ongemotiveerd en/of moeg.
- Kol. 62: Watter raad sou jy aan n eerstejaar gee ?
1. Gereeld studeer en hard werk.
 2. Gereeld klasse bywoon en aantekeninge op datum hou, konsentreer in klas.
 3. Nos. 1 en 2.
 4. Doen soveel ekstra werk, veral opleeswerk, as moontlik; woon lesings by en bou kulturele agtergrond op.
 5. Nos. 1 en 4.
 6. Nos. 2 en 4.
 7. Nos. 3 en 4.
- Kol. 63: 1. Sorg dat hy die werk verstaan voordat hy dit leer; moet die korrekte studiemetode gebruik: aktief leer.
2. Moet balans hou: tyd goed indeel - genoeg tyd vir studie en afleiding; moet genoeg slaap kry.
 3. Nos. 1 en 2.

BYLAAG H (vervolg)

4. Moet by sy godsdiens bly.
 5. Nos. 1 en 4.
 6. Nos. 2 en 4.
 7. Nos. 3 en 4.
- Kol. 64:
1. Moet n kursus en vakke kies waarin hy belangstel.
 2. Moet n kursus of vakke kies waarvoor hy die nodige vermoë en/of aanleg het.
 3. Nos. 1 en 2.
 4. Hy moet krities staan en oop wees vir invloed, maar moet dit objektief sien.
 5. Nos. 1 en 4.
 6. Nos. 2 en 4.
 7. Nos. 3 en 4.
 8. Moet vriende versigtig kies.
- Kol. 65: Wat sou jy anders doen as jy weer kon begin ?
1. Sou alles weer dieselfde gedoen het.
 2. Sou meer gereeld en harder gewerk het; sou meer oordeelkundig gewerk het.
 3. Sou tyd beter ingedeel het vir studie en afleiding; sou nie so hard gewerk het nie.
 4. Nos. 2 en 3.
- Kol. 66:
1. Sou n ander kursus gekies het; of is twyfelagtig, maar sou dalk n ander kursus gekies het.
 2. Sou een/meer vakke anders gekies het.
 3. Sou een/meer vakke ekstra, saam met die kursus gevolg het, of sou meer ekstra opleeswerk gedoen het.
 4. Sou n beter studiestelsel toegepas het, sou bv. meer werk op eie gedoen het.
 5. Nos. 1 en 4.
 6. Nos. 2 en 4.
 7. Nos. 3 en 4.
- Kol. 67:
1. Het n beurs gehad en was dus verplig om n sekere kursus te volg, maar sou lievers iets anders wou doen.

.....

BYLAAG I

Proefpersoon no. 1331 (man). - Slaag B.Sc. cum laude -

Huidige kursus: Honneurs B.Sc.

Hy skryf sy sukses daaraan toe dat hy hard gewerk het. Dit het seker ook te doen met 'n mens se aanleg maar hy sou dit hoofsaaklik toeskryf aan harde deeglike werk. Aanleg is 'n vereiste maar as 'n mens wil cum is harde en deeglike studie nodig. Hy het uit eie oorweging kom verder studeer omdat hy graag meer wil weet. Hy stel belang in die filosofie van die lewe - waarom dinge is soos hulle is en daarom wou hy hier graag meer daaromtrent kom leer het. 'n Verdere sterk oorweging was ook dat universiteitsopleiding 'n mens in staat stel om 'n beter betrekking te bekom. Sy ideaal is om eendag te gaan doseer en daarvoor het hy uit die aard van die saak 'n goeie opleiding nodig. Hy hou daarvan om dinge aan mense oor te dra. Finansiële oorwegings is nie vir hom van soveel belang of selfs die status daaraan verbonde nie. As hy belanggestel het in die geld kon hy in die handelswêreld ingegaan het waar hy baie meer sou kon verdien het.

Sy ouers het self nie enige opleiding gehad nie so daar is nie eintlik sprake daarvan dat dit 'n tradisie in die familie is nie. Wat sy kursuskeuse betref het hy 'n bietjie gewik en geweeg. Sy hoofdoel was om Wiskunde te loop. Dit het toe vir hom gelê tussen 'n B.A. met Wiskunde of 'n suiwer B.Sc. rigting. Aangesien hy van 'n beurs afhanklik was het dit toe uiteindelik die deurslag gegee dat hy 'n kursus in B.Sc. gevolg het aangesien hy daarvoor makliker 'n beurs kon kry. Hy is egter baie tevrede met sy keuse wat hy gemaak het. Nou in sy Honneurs-jaar loop hy 'n eerstejaars B.A.-vak by net ter verbreding. In die kursus was daar dele wat hy nie van gehou het nie - hoofsaaklik enige prakties wat daar in 'n kursus was - aangesien hy glad nie prakties aangelê is nie. Hoewel hy nie daarvan gehou het nie, het dit nie sy prestasie daarin belemmer nie aangesien hy net gevoel het dat dit tog noodsaaklik is en daarom het hy maar net skouer aan die wiel gesit en deur gebyt. Sy ouers stel belang in wat hy doen hoewel hulle nie die kennis het om te verstaan wat daar aangaan nie. Hulle het hom bv. nooit aangepor om te leer en was altyd waarderend as dit met hom goed gegaan het. Om sy ouers te plesier as hy goed vaar in sy eksamens is nie sy primêre oorweging nie. As sy ouers minder in hom belang gestel het sou dit in elk geval nie sy prestasie beïnvloed het nie. Sy ouers het ook geen verwagtinge wat hulle van hom koester nie aangesien hulle net reken dat hy verantwoordelik genoeg is om die regte ding vir homself te besluit. Dit het vir hom persoonlik baie beteken en hy voel dat dit hom baie vroeër selfstandig gemaak het as baie van sy maats. Hy is sy ouers ook baie dankbaar vir daardie optrede van hulle.

Die eerste reël wat hy vir homself stel is om as hy huiswerk gekry het, dit so gou as moontlik af te handel. As hy 'n lang stuk werk aanpak om vir 'n toets voor te berei sal hy dit die eerste keer vlugtig en vinnig deurgaans. Dit hoofsaaklik om 'n geheelbeeld^{31/1} van die stuk werk te kry, en dan ook om later as hy die werk begin leer die verband tussen die verskillende goed in te sien. Nadat hy dit die eerste keer deurgelees het sal hy dan 'n bietjie gaan sit en nadink oor wat presies die hooftrekke van die stuk werk is. Daarna sal hy dan gaan sit en die stuk werk deeglik pak. Dan leer hy hom in detail. Hy probeer ook altyd eers om te verstaan waaroor alles gaan. Nadat hy 'n stuk werk dan so deeglik deurgegaan het sou hy homself dan 'n bietjie toets om te sien of hy weet wat daar aangaan. Hy vind dat as hy 'n stuk werk so vinnig moontlik na die klas afhandel, hy eintlik baie tyd daardeur spaar aangesien alles dan nog vars in sy geheue is en hy dan die werk nog sonder veel moeite nog kan onthou.

Hy probeer deurgaans altyd om op^{32/7} datum te bly met al sy werk. Hy voel dat dit vir hom meer inspanning is om 40 bladsye te gaan leer as wat dit vir hom is om elke keer na 'n lesing 10 bladsye hersiening te gaan doen. Gewoonlik werk hy nie volgens 'n vaste rooster^{24/3} nie maar deel maar die werk van dag tot dag in. Gedurende sy graadjare sou hy sê dat hy so vier^{25/3} en 'n half tot vyf uur per dag aan studie spandeer het. Smiddae^{27/1} het hy altyd gewerk; as hy 'n aperiode gehad het sou hy dit ook altyd benut het. As dit net een oop periode was sou hy kafee toe gaan en daar gaan sit en ontspan het. As hy egter meer as een periode oop gehad het sou hy dit aan studie spandeer het. As hy nie uitgegaan het sou^{26/1} hy sy naweke ook aan studie gewy het. Vakansies (kort) het hy gewoonlik gebruik vir studie. Langvakansies wanneer hy nie gewerk het om te verdien nie het hy ook gebruik vir studie. (Kortvakansies was gewoonlik ter voorbereiding van toetse). As hy langvakansies gewerk het was dit om sy kennis te verbreed. Dan het hy probeer by werk uit boeke wat hy vir^{33/5} homself aangeskaf het. Hy het dit 'n bietjie daarteen dat 'n mens slegs van jou notas af werk en dan het hy die geleentheid benut om 'n bietjie ekstra werk by te doen. Dit het hy hoofsaaklik in Wiskunde, waarin hy die meeste belangstel gedoen.

Aan die begin was dit vir hom 'n bietjie eensaam om alleen te studeer. Toe het hy daarvan gehou om 'n kamermaat te hê. Nou egter voel hy dat hy harder moet konsentreer as hy werk en verkies hy om^{34/1} alleen te wees. Hy vind dit ook baie nuttig om die werk met iemand te gaan bespreek^{35/1} as hy dit klaar geleer het. Indien hy egter 'n boek in die hande kan kry wat die saak helder stel sal hy eerder verkies om die boek te lees. Hy het ook taamlik gereeld sy dosente geraadpleeg en met hulle dinge bespreek wat vir hom interessant was. Daarby het hy baie baat gevind. Hy het ook altyd probeer om voorbereid^{32/1} na sy lesings te gaan. As hy gestudeer het, het hy gesit en skryf so hier^{30/4} en daar, maar hy sal dit nie eintlik opsommings noem nie aangesien dit baie los was. Hy het nooit vir homself vrae uitgewerk nie.

Die enigste vereniging waaraan hy aktief deelneem is

Dit is meer politieke diskussies. In sport stel hy nie eintlik belang nie. Hy stel daarin belang maar dan meer as 'n toeskouer. Self speel hy 'n bietjie tennis. Die sport waaraan hy tog deelgeneem het was dus nie georganiseerd en hy kon dit dus beoefen het as hy die dag so gevoel het en as hy nie so gevoel het nie kon hy dit laat. Hy voel dat dit belangrik is dat 'n mens moet ontspan en dat hy eintlik te min ontspanning kry. Eintlik is daar in 'n B.Sc. rigting met al die prakties nie juis veel tyd vir enige ontspanning nie. Hy het gereeld met dieselfde meisie uitgegaan en behalwe dat hulle so eenkeer per week uitgegaan het, het hy haar omtrent altyd saans gaan besoek. Wanneer sy werk dit nie toegelaat het nie sou hy nie uitgegaan het nie.

Hy het 'n bietjie las van sy rug en dit hinder hom beslis. Dit is dikwels pynlik as hy lank moet sit en werk. Hy kom goed oor die weg met mense en het min moeilikheid met interpersoonlike verhoudings. Ook wat die teenoorgestelde geslag betref was sy verhouding met sy meisie vir hom eerder 'n aansporing as 'n struikelblok gewees. Verder het hy ook nie probleme gehad wat betref finansies ens. nie. Hy kan nie sê dat hy ooit gehinder is deur 'n lawaai in die koshuis nie. Voorlesings was party goed en andere swak. Hy dink dat dit hom beslis beïnvloed het. Hy dink dat swak lesings sy prestasie beslis ten kwade beïnvloed het. Dit het in elk geval nie sy ten opsigte van die vak belemmer nie aangesien hy nogtans altyd probeer het om sy beste te lewer. Hy dink dit is goed om notas te kry maar die notas alleen is nie genoeg nie. 'n Mens moet nog by studeer afgesien van die notas. Vir hom is die ideale metode om vooraf 'n stel goeie notas uit te gee, of as dit beskikbaar is, 'n goeie handboek. Dan moet daar vooraf gesê word wat die mense moet voorberei vir die klas en dan moet die werk in die klas bespreek word. Die dele wat die dosent dan as belangrik beskou kan hy dan die klas op uitbrei. Sodoende kan 'n mens dan op rustige manier meer werk gedoen kry. Dit baie eerder as om notas te dikteer. Hy kan nie kla van oormatige spanning gedurende eksamens nie. Hy het ook nie moeilikheid ondervind met Engels. Hy kan ook nie sê dat hy skolasties nie goed genoeg toegerus was vir universiteit nie. Hy het ook nie moeilikheid ondervind met aanpassing nie. Toe hy na die universiteit toe gekom het, het hy ook nie die minste vrees gehad dat hy miskien nie die paal sou haal nie. Nou dat hy sover gekom het was sy studie definitief vir hom die moeite werd gewees en sal hy dit vir niks wil verruil nie. Die grootste baat wat hy daarby gevind het is dat dit hom geestelik verruik het. Daarby het dit hom in staat gestel om sy lewensideaal te verwesenlik. Hy kan nie sê dat daar by hom radikale veranderinge plaasgevind het nie - daar was eerder sprake van ontwikkeling. Hy sou sê dat hy baie meer gematig geword het. Sy geesdrif vir studie het maar taamlik konstant gebly. Hy was nog maar altyd geesdriftig om dinge te leer.

Hy kan nie sê dat hy enige voorligting wat hy op skool gehad het ^{60/3} juis nuttig gevind het nie. Hy het sy keuse vir 'n beroep, op skool, meer gemaak in terme van hoe interessant die onderwyser was. In st. 8 en 9 het hy 'n baie interessante boekhou-onderwyser gehad maar die wetenskap-onderwyser was na sy mening nie so baie goed gewees nie. In matriek egter is beide van hulle weg en kry hulle toe 'n baie interessanter wetenskap-onderwyser en 'n swakker boekhou-onderwyser. Daardie man het toe vir die eerste keer die natuurwetenskappe aan hom interessant voorgestel en het hy 'n liefde daarvoor begin ontwikkel.

As hy nou vir 'n eerstejaar moet raadgee sal hy in die eerste instansie vir hom sê dat dit baie belangrik is om hom hier aan te pas. Hy moet beseef dat hy nie meer op skool is nie. In sy eerste jaar moet hy leer om onafhanklik te begin werk. Die probleem lê nie soseer in die eerste jaar as in die tweede jaar nie. Liewer as om bang te wees vir die werk en te dink dat dit te veel is, moet hy vir homself 'n breë kennis opdoen van die werk. Mens moet nie aan die begin te bekommerd wees oor detail nie. Dit kan later kom. As eerstejaar moet 'n mens jou ook nie laat afskrik van swak resultate in jou eerste toetse nie. Dit is belangrik dat 'n mens selfvertroue moet hê. Daarby moet 'n mens bereid wees ^{62/1} om hard te werk. Dit is die primêre doel waarom 'n mens hier is. Nog 'n punt wat hy sal beklemtoon is dat 'n mens moet leer dink. Daarby moet ^{64/4} 'n mens leer om met 'n oop gemoed te dink en altyd vatbaar bly vir oortuiging. Hy is nie 'n voorstander daarvan dat 'n mens later net moet werk ^{63/2} sonder om aan enige buite-aktiwiteite deel te neem nie. Aan die anderkant moet 'n mens ook nou nie weer 'n sosiale speelbal word nie. Die beste is dat die klem by 'n mens se werk lê maar dat 'n mens tog nog 'n ewewig ^{63/2} probeer handhaaf. Dit is baie goed om soveel moontlik met ander mense te gesels wat meer weet as jyself.